

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

WETSONTWERP OP BELASTINGADMINISTRASIE

(Soos by die Nasionale Vergadering ingedien (voorgestelde artikel 75); verklarende opsomming van Wetsontwerp in Staatskoerant No. 33721 van 3 November 2010 gepubliseer)
(Die Engelse teks is die amptelike vertaling van die Wetsontwerp)

(MINISTER VAN FINANSIES)

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WETSONTWERP

Om voorsiening te maak vir die effektiewe en doeltreffende invordering van belasting; om voorsiening te maak vir die inlynstelling van die administratiewe bepalings van belastingwette en die konsolidasie van die bepalings in een stuk wetgewing, tot die mate prakties moontlik; om die bevoegdhede en pligte van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en amptenare te bepaal; om voorsiening te maak vir die delegasie van bevoegdhede deur die Kommissaris; om voorsiening te maak vir die magtiging om in regsgedinge op te tree; om die bevoegdhede en pligte van die Minister van Finansies te bepaal; ten einde vir die daarstelling van die kantoor van die Belastingombud voorsiening te maak; ten einde die bevoegdhede en pligte van die Belastingombud te bepaal; ten einde vir registrasievereistes voorsiening te maak; ten einde vir die indiening van opgawes en die verpligting om rekords te hou, voorsiening te maak; ten einde vir rapporteerbare reëlings voorsiening te maak; ten einde vir die versoek om inligting voorsiening te maak; ten einde vir die uitvoer van 'n oudit of ondersoek deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens voorsiening te maak; ten einde vir ondervraging voorsiening te maak; ten einde vir bevoegdhede van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens om deursoekings en beslagleggings uit te voer, voorsiening te maak; ten einde vir die vertroulikheid van inligting voorsiening te maak; ten einde vir die uitreik van voorafbeslissings deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens voorsiening te maak; ten einde vir belastingaanslae voorsiening te maak; ten einde vir geskilbeslegting voorsiening te maak; ten einde vir die betaling van belasting voorsiening te maak; ten einde vir die invordering van belasting voorsiening te maak; ten einde voorsiening te maak vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens om rente op uitstaande belastingskulde te vorder; ten einde vir die terugbetaling van oorbetalings voorsiening te maak; ten einde vir die afskrywing of toegewing van belastingskulde voorsiening te maak; ten einde vir die oplegging of kwytstelling van administratiewe nienakomingsboetes voorsiening te maak; ten einde vir die oplegging van onderstellingsboetes voorsiening te maak; ten einde vir 'n vrywillige blootleggingsprogram voorsiening te maak; ten einde vir strafregtelike misdrywe en strawwe voorsiening te maak; ten einde vir die rapportering van onprofessionele gedrag deur belastingpraktisyns voorsiening te maak; en ten einde vir aangeleenthede wat daarmee verband hou, voorsiening te maak.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika,
soos volg:—

INDELING VAN ARTIKELS

Artikels

HOOFSTUK 1	5
WOORDOMSKRYWING	
1. Woordoms krywing	
HOOFSTUK 2	
ALGEMENE ADMINISTRATIEWE BEPALINGS	
<i>Deel A</i>	
<i>Algemene bepalings</i>	
2. Doel van Wet	
3. Administrasie van Belastingwette	
4. Toepassing van Wet	
5. Algemeen heersende praktyk	15
<i>Deel B</i>	
<i>Bevoegdhede en pligte van SAID en SAID-amptenare</i>	
6. Bevoegdhede en pligte	
7. Botsing van belange	
8. Identiteitskaarte	20
9. Beslissing of kennisgewing deur SAID	
<i>Deel C</i>	
<i>Delegasies</i>	
10. Delegasies deur die Kommissaris	
<i>Deel D</i>	
<i>Magtiging om in regsgedinge op te tree</i>	
11. Regsgedinge namens die Kommissaris	
12. Reg op verskyning in gedinge	
<i>Deel E</i>	
<i>Bevoegdhede en pligte van Minister</i>	
13. Bevoegdhede en pligte van Minister	
14. Bevoegdheid van Minister om Belastingombud aan te stel	
<i>Deel F</i>	
<i>Bevoegdhede en pligte van Belastingombud</i>	
15. Kantoor van Belastingombud	35
16. Mandaat van Belastingombud	
17. Beperkings op gesag	
18. Oorweging van klagte	
19. Verslae deur Belastingombud	
20. Oplossing en aanbevelings	40

21. Vertroulikheid

HOOFSTUK 3

REGISTRASIE

22. Registrasievereistes
 23. Kommunikasie van veranderinge in besonderhede 5
 24. Belastingpligtige-verwysingsnommer

HOOFSTUK 4

OPGAWES EN REKORDS

Deel A

Algemeen 10

25. Indien van opgawe
 26. Derdepartyopgawes
 27. Ander opgawes vereis
 28. Verklaring met betrekking tot rekeninge
 29. Plig om rekords te hou 15
 30. Vorm van rekords gehou of bewaar
 31. Inspeksie van rekords
 32. Bewaringstydperk in geval van oudit, beswaar of appèl
 33. Vertaling

Deel B 20

Rapporteerbare reëlings

34. Woordomskrywing
 35. Rapporteerbare reëlings
 36. Uitgeslote reëlings
 37. Openbaarmakingsverpligting 25
 38. Inligting wat verskaf moet word
 39. Rapporteerbare reëling verwysingsnommer

HOOFSTUK 5

VERKRYGING VAN INLIGTING

Deel A 30

Algemene reëls vir inspeksie, verifikasie, oudit en strafregtelike ondersoek

40. Keuse vir inspeksie, verifikasie of oudit
 41. Magtiging vir SAID-amptenaar om oudit of strafregtelike ondersoek uit te voer
 42. Inlig van belastingpligtige
 43. Verwysing vir strafregtelike ondersoek 35
 44. Uitvoer van strafregtelike ondersoek

Deel B

Inspeksie, aanvra van tersaaklike materiaal, oudit en strafregtelike ondersoek

45. Inspeksie
 46. Aanvra van tersaaklike materiaal 40
 47. Persoonlike voorlegging van tersaaklike materiaal
 48. Ter plaatse oudit of strafregtelike ondersoek
 49. Bystand tydens ter plaatse oudit of strafregtelike ondersoek

Deel C**Ondervragings**

50.	Magtiging vir ondervraging	
51.	Ondervragingsbevel	
52.	Ondervragingsverrigtinge	5
53.	Kennisgewing om te verskyn	
54.	Bevoegdheids van voorsittende beampte	
55.	Getuiefooie	
56.	Vertroulikheid van verrigtinge	
57.	Inkriminerende getuienis	10
58.	Ondervraging nie opgeskort weens siviele of strafregtelike verrigtinge	

Deel D**Deursoeking en beslaglegging**

59.	Aansoek om lasbrief	
60.	Uitreik van lasbrief	15
61.	Uitvoer van deursoeking	
62.	Deursoeking van perseel nie in lasbrief geïdentifiseer	
63.	Deursoeking sonder lasbrief	
64.	Regsprofessionele privilegie	
65.	Reg van persoon om inligting waarop beslag gelê is te ondersoek en afskrifte te maak	20
66.	Aansoek om teruggawe van tersaaklike materiaal waarop beslag gelê is of betaling van skade	

HOOFSTUK 6**VERTROULIKHEID VAN INLIGTING** 25

67.	Algemene verbod op openbaarmaking	
68.	SAID vertroulike inligting en openbaarmaking	
69.	Geheimhouding van belastingpligtige-inligting en algemene openbaarmaking	
70.	Openbaarmaking aan ander entiteite	
71.	Openbaarmaking in strafregtelike, openbare veiligheids-, of omgewings-aangeleenthede	30
72.	Selfinkriminerings	
73.	Openbaarmaking aan belastingpligtige van eie rekord	
74.	Publikasie van name van oortreders	

HOOFSTUK 7 35**VOORAFBESLISSINGS**

75.	Woordoms krywing	
76.	Doel van voorafbeslissings	
77.	Omvang van voorafbeslissings	
78.	Privaatbeslissings en klasbeslissings	40
79.	Aansoeke om voorafbeslissings	
80.	Verwerping van aansoek om voorafbeslissing	
81.	Foie vir voorafbeslissings	
82.	Bindende effek van voorafbeslissings	
83.	Toepassing van voorafbeslissings	45
84.	Beslissings nietig gemaak	
85.	Latere veranderinge in belastingreg	
86.	Terugtrekking of wysiging van voorafbeslissings	
87.	Publikasie van voorafbeslissings	
88.	Nie-bindende privaatmenings	50
89.	Bindende algemene beslissings	
90.	Prosedures en riglyne vir voorafbeslissings	

HOOFSTUK 8**AANSLAE**

91.	Oorspronklike aanslae	
92.	Addisionele aanslae	
93.	Verminderde aanslae	5
94.	Risiko-aanslae	
95.	Beraming van aanslae	
96.	Kennisgewing van aanslag	
97.	Rekordhouding van aanslae	
98.	Terugtrekking van aanslae	10
99.	Tydperk van beperking op uitreik van aanslae	
100.	Finaliteit van aanslag of beslissing	

HOOFSTUK 9**GESKILBESLEGTING*****Deel A*** 15***Algemeen***

- 101. Woordomskrywing
- 102. Bewyslas
- 103. Reëls vir geskilbeslegting

Deel B 20***Beswaar en appèl***

- 104. Beswaar teen aanslag of beslissing
- 105. Forum vir betwis van aanslag of beslissing
- 106. Beslissing van beswaar
- 107. Appèl teen aanslag of beslissing

Deel C***Belastingraad***

- 108. Instelling van belastingraad
- 109. Jurisdiksie van belastingraad
- 110. Samestelling van belastingraad
- 111. Aanstelling van voorsitters
- 112. Klerk van belastingraad
- 113. Belastingraad prosedure
- 114. Beslissing van belastingraad
- 115. Verwysing van appèl na belastinghof

Deel D***Belastinghof***

- 116. Instelling van belastinghof
- 117. Jurisdiksie van belastinghof
- 118. Samestelling van belastinghof
- 119. Benoeming van president van belastinghof
- 120. Aanstelling van paneel van lede van belastinghof
- 121. Griffier van belastinghof
- 122. Botsing van belange van lede van belastinghof
- 123. Dood, aftrede of onvermoë van regter of lid
- 124. Sitting van belastinghof nie openbaar
- 125. Verskyning by verhoor van belastinghof

126.	Dagvaardiging van getuies na belastinghof	
127.	Nie-bywoning van getuie of versuim om getuienis te lewer	
128.	Minagting van belastinghof	
129.	Beslissing deur belastinghof	
130.	Kostebevel deur belastinghof	5
131.	Griffier moet partye oor uitspraak van belastinghof inlig	
132.	Publikasie van uitspraak van belastinghof	

Deel E

Appèl teen beslissing van belastinghof

133.	Appèl teen beslissing van belastinghof	10
134.	Kennisgewing van voorneme om te appelleer teen beslissing van belastinghof	
135.	Verlof om na Hoogste Hof van Appèl te appelleer teen beslissing van belastinghof	
136.	Versuim om kennisgewing te gee van voorneme om teen beslissing van belastinghof te appelleer	15
137.	Kennisgewing deur griffier van tydperk vir appèl teen beslissing van belastinghof	
138.	Kennisgewing van appèl na Hoogste Hof van Appèl teen beslissing van belastinghof	
139.	Kennisgewing van teenappèl teen beslissing van belastinghof	20
140.	Rekord van appèl van beslissing van belastinghof	
141.	Afstanddoening van uitspraak	

Deel F

Skikking van geskil

142.	Woordomskrywing	25
143.	Doel van deel	
144.	Instelling van skikkingsprosedure	
145.	Omstandighede waar skikking onvanpas is	
146.	Omstandighede waar skikking gepas is	
147.	Prosedure vir skikking	30
148.	Finaliteit van skikkingsooreenkoms	
149.	Register van skikkings en verslagdoening	
150.	Wysiging van aanslag of beslissing oor skikking	

HOOFTUK 10

BELASTINGAANSPREEKLIKHEID EN BETALING 35

Deel A

Belastingpligtiges

151.	Belastingpligtige	
152.	Persoon aanspreeklik vir belasting	
153.	Verteenwoordigende belastingpligtige	40
154.	Aanspreeklikheid van verteenwoordigende belastingpligtige	
155.	Persoonlike aanspreeklikheid van verteenwoordigende belastingpligtige	
156.	Terughoudingsagent	
157.	Persoonlike aanspreeklikheid van terughoudingsagent	
158.	Verantwoordelike derde party	45
159.	Persoonlike aanspreeklikheid van verantwoordelike derde party	
160.	Verhaalsreg van belastingpligtige	
161.	Sekuriteit deur belastingpligtige	

Deel B**Betaling van belasting**

162. Vaststelling van tyd en wyse van betaling van belasting
 163. Bewaringsbevel
 164. Betaling van belasting hangende beswaar of appèl 5

Deel C**Belastingpligtigerekening en toedeling van betalings**

165. Belastingpligtigerekening
 166. Toedeling van betalings

Deel D

10

Uitstel van betaling

167. Afbetalingsooreenkoms
 168. Kriteria vir afbetalingsooreenkoms

HOOFTUK 11**VORDERING VAN BELASTING**

15

Deel A**Algemeen**

169. Skuld aan SAID verskuldig
 170. Bewys van aanslag
 171. Tydperk van beperking op invordering van belasting 20

Deel B**Vonnisprosedure**

172. Aansoek om siviele vonnis vir invordering van belasting
 173. Jurisdiksie van landdroshof in vonnisprosedure
 174. Effek van verklaring by klerk of griffier ingedien 25
 175. Wysiging van verklaring by klerk of griffier ingedien
 176. Terugtrekking van verklaring en herinstelling van verrigtinge

Deel C**Sekwestrasie, likwidasie- en deregistrasiestappe**

177. Instelling van sekwestrasie, likwidasie- of deregistrasiestappe 30
 178. Jurisdiksie van hof in sekwestrasie, likwidasie- of deregistrasiestappe

Deel D**Invordering van belastingskulde van derde partye**

179. Aanspreeklikheid van derde party aangestel om belastingskulde te betaal
 180. Aanspreeklikheid van finansiële bestuur vir belastingskulde 35
 181. Aanspreeklikheid van aandeelhouders vir belastingskulde
 182. Aanspreeklikheid van oordragnemer vir belastingskulde
 183. Aanspreeklikheid van persoon wat bystand verleen met die verkwisting van bates
 184. Invordering van belastingskulde vanaf verantwoordelike derde partye 40

Deel E***Bystand aan buitelandse regerings***

185. Invordering van belasting namens buitelandse regerings

Deel F***Regsmiddels met betrekking tot buitelandse bates***

5

186. Verpligte repatriasie van buitelandse bates van belastingpligtige

HOOFSUK 12**RENTE**

187. Algemene rente reëls
 188. Tydperk waartydens rente oploop 10
 189. Koers waarteen rente gehef word

HOOFSUK 13**TERUGBETALINGS**

190. Terugbetalings van oorbetalings
 191. Terugbetalings onderhewig aan verrekening en uitstel 15

HOOFSUK 14**AFSKRYF OF TOEGEWING VAN BELASTINGSKULDE****Deel A*****Algemene bepalinge***

192. Woordomskrywing 20
 193. Doel van Hoofstuk
 194. Toepassing van Hoofstuk

Deel B***Tydlike afskrywing van belastingskuld***

195. Tydelike afskrywing van belastingskuld 25
 196. Belastingskuld onekonomies om voort te sit

Deel C***Permanente afskrywing van belastingskuld***

197. Permanente afskrywing van belastingskuld
 198. Belastingskuld regtens oninvorderbaar 30
 199. Prosedure vir afskrywing van belastingskuld

Deel D***Toegewing van belastingskuld***

200. Toegewing van belastingskuld
 201. Versoek deur skuldenaar om belastingskuld toe te gee 35
 202. Oorweging van versoek om belastingskuld toe te gee
 203. Omstandighede waar toegewing van belastingskuld nie toepaslik is nie
 204. Prosedure vir toegewing van belastingskuld
 205. SAID nie gebonde deur toegewing van belastingskuld

*Deel E**Rekords en verslagdoening*

206. Register van belastingskulde afgeskryf of toegegee
 207. Verslagdoening deur Kommissaris oor belastingskulde afgeskryf of toegegee

HOOFSTUK 15 5**ADMINISTRATIEWE NIENAKOMINGSBOETES***Deel A**Algemeen*

208. Woordomskrying
 209. Doel van Hoofstuk 10

*Deel B**Vastebedragboetes*

210. Nienakoming onderhewig aan boete
 211. Vastebedragboetetabel
 212. Rapporteerbare reëling boete 15

*Deel C**Persentasiegebaseerde boete*

213. Oplegging van persentasiegebaseerde boete

*Deel D**Prosedure* 20

214. Prosedures vir oplegging van boete
 215. Prosedure vir versoek om kwytskelding van boete

*Deel E**Regsmiddels*

216. Kwytskelding van boete vir versuim om te registreer 25
 217. Kwytskelding van boete vir geringe of eerste geval van nienakoming
 218. Kwytskelding van boete in buitengewone omstandighede
 219. Boete foutiewelik aangeslaan
 220. Beswaar en appèl teen besluit om boete nie kwyt te skeld nie

HOOFSTUK 16 30**ONDERSTELLINGSBOETE***Deel A**Oplegging van onderstellingsboete*

221. Woordomskrywing
 222. Onderstellingsboete 35
 223. Onderstellingsboete persentasietabel
 224. Beswaar en appèl teen besluit om onderstellingsboete nie kwyt te skeld nie

Deel B**Vrywillige blootleggingsprogram**

225.	Woordomskrywing	
226.	Kwalifiserende persoon vir vrywillige blootlegging	
227.	Vereistes vir geldige vrywillige blootlegging	5
228.	Naamlose vrywillige blootlegging	
229.	Vrywillige blootleggingsverligting	
230.	Vrywillige blootleggingsooreenkoms	
231.	Terugtrek van vrywillige blootleggingsverligting	
232.	Aanslag of beslissing om uitvoering aan ooreenkoms te gee	10
233.	Verslagdoening oor vrywillige blootleggingsooreenkomste	

HOOFSTUK 17**STRAFREGTELIKE MISDRYWE**

234.	Strafregtelike misdrywe betreffende nienakoming van Belastingwette	
235.	Strafregtelike misdrywe betreffende belastingvermyding	15
236.	Strafregtelike misdrywe betreffende geheimhoudingsbepalings	
237.	Strafregtelike misdrywe betreffende indiening van opgawe sonder magtiging	
238.	Jurisdiksie van howe in strafregtelike aangeleenthede	

HOOFSTUK 18**RAPPORTERING VAN ONPROFESSIONELE GEDRAG 20**

239.	Woordomskrywing	
240.	Registrasie van belastingpraktisyn	
241.	Klagte aan beheerliggaam van belastingpraktisyn	
242.	Openbaarmaking van inligting aangaande klagte en regsmiddels van belastingpligtige	25
243.	Oorweging van klagte deur beheerliggaam	

HOOFSTUK 19**ALGEMENE BEPALINGS**

244.	Spertye	
245.	Bevoegdheid van Minister om datum vir indien van opgawes en betaling van belasting te bepaal	30
246.	Openbare amptenare van maatskappye	
247.	Maatskappyadres vir kennisgewings en dokumente	
248.	Openbare amptenaar in geval van likwidasië of beëindiging	
249.	Versuim om openbare amptenaar aan te stel of adres vir kennisgewings of dokumente te verskaf	35
250.	Waarmerk van dokumente	
251.	Lewering van dokumente aan persone anders as maatskappye	
252.	Lewering van dokumente aan maatskappye	
253.	Dokumente gelewer geag ontvang te wees	40
254.	Fout beïnvloed nie geldigheid	
255.	Reëls vir elektroniese kommunikasie	
256.	Belastingklaringsertifikaat	
257.	Regulasies deur Minister	

HOOFSTUK 20 45**OORGANGSBEPALINGS**

258.	Nuwe belastingpligtige-verwysingsnommer	
259.	Aanstelling van Belastingombud	
260.	Bepalings rakende geheimhouding	

261.	Openbare amptenaar voorheen aangestel	
262.	Aanstelling van voorsitters van belastingraad	
263.	Aanstelling van lede van belastinghof	
264.	Voortdoring van belastingraad, belastinghof en hofreëls	
265.	Voortdoring van aanstelling in 'n pos of amp of delegasie deur Kommissaris	5
266.	Voortdoring van magtiging om te oudit	
267.	Uitvoer van ondervraging en deursoek- en beslaglegginglasbriewe	
268.	Toepassing van Hoofstuk 15	
269.	Voortdoring van magtiging, regte en verpligtinge	
270.	Toepassing van Wet op vorige of voortgesette handeling	10
271.	Wysiging van wetgewing	
272.	Kort titel en inwerkingtreding	

HOOFSTUK 1

WOORDOMSKRYWING

Woordomskrywing 15

1. In hierdie Wet, tensy dit uit die konteks andersins blyk, het 'n uitdrukking waaraan 'n betekenis ingevolge 'n ander Belastingwet geheg is, daardie betekenis, en het die volgende uitdrukkings die volgende betekenis:

- “**aandeelhouer**” ’n persoon wat ’n voordelige belang besit in ’n aandeel in ’n maatskappy soos in die Inkomstebelastingwet omskryf; 20
- “**aanslag**” die vasstelling van die bedrag van ’n belastingaanspreeklikheid of terugbetaling, deur middel van selfaanslag deur die belastingpligtige of aanslag deur SAID;
- “**addisionele aanslag**” is ’n aanslag soos in artikel 92 bedoel;
- “**administratiewe nienakomingsboete**” het die betekenis soos in artikel 208 daaraan geheg; 25
- “**administrasie van ’n Belastingwet**” het die betekenis soos in artikel 3(2) daaraan geheg;
- “**algemeen heersende praktyk**” het die betekenis soos in artikel 5 daaraan geheg;
- “**amptelike publikasie**” beteken ’n bindende algemene beslissing, interpretasienota, praktyknota of openbare kennisgewing deur ’n senior SAID-amptenaar of die Kommissaris uitgereik; 30
- “**belasting**”, vir doeleindes van administrasie ingevolge hierdie Wet, ook ’n belasting, reg, heffing, tantième, fooi, bydrae, boete, rente en enige ander bedrag kragtens ’n Belastingwet gehef; 35
- “**belasbare gebeurtenis**” ’n gebeurtenis wat ’n persoon se aanspreeklikheid vir belasting raak of kan raak;
- “**Belastingwet**” hierdie Wet of ’n Wet, of gedeelte van ’n Wet, bedoel in artikel 4 van die SAID-Wet, uitgesluit die Doeane- en Aksynswet;
- “**belastinghof**” ’n hof kragtens artikel 116 ingestel; 40
- “**belastingpligtige**” het die betekenis in artikel 151 daaraan geheg;
- “**Belastingombud**” is die persoon deur die Minister kragtens artikel 14 aangestel;
- “**belastingmisdryf**” ’n misdryf ingevolge ’n Belastingwet of enige ander misdryf wat bedrog teen SAID of teen ’n SAID-amptenaar uitmaak, wat verband hou met die administrasie van ’n Belastingwet; 45
- “**belastingraad**” ’n belastingraad ingevolge artikel 108 ingestel;
- “**belastingeskuld**” ’n bedrag van belasting wat ingevolge ’n Belastingwet deur ’n persoon verskuldig is;
- “**belastingtydperk**” met betrekking tot—
 - (a) inkomstebelasting, ’n jaar van aanslag soos in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet omskryf; 50
 - (b) voorlopige belasting of werknemersbelasting, “skills development levies” soos in artikel 3 van die “Skills Development Levies Act” bepaal, en bydraes soos in artikel 6 van die “Unemployment Insurance Contributions Act” bepaal, die tydperk ten opsigte waarvan die bedrag belasting betaalbaar moet word; 55
 - (c) belasting op toegevoegde waarde, ’n belastingtydperk kragtens artikel 27 van die Wet op Belasting van Toegevoegde Waarde bepaal of die tydperk of datum

- van die belasbare gebeurtenis ten opsigte waarvan die bedrag belasting betaalbaar kragtens daardie Wet bepaal moet word;
- (d) tantième betaalbaar op die oordrag van “mineral en petroleum resources”, ’n “year of assessment” soos in artikel 1 van die “Mineral and Petroleum Resources Royalty (Administration) Act”, omskryf; 5
- (e) die heffing op diamantuitvoere kragtens artikel 2 van die “Diamond Export Levy Act” bepaal, die “assessment period” bedoel in artikel 1 van die “Diamond Export Levy (Administration) Act”;
- (f) belasting op oordrag van sekuriteite, die tydperk verwys na in artikel 3 van die Wet op Administrasie van Belasting op Oordrag van Sekuriteite; 10
- (g) enige ander belasting, die tydperk of datum van die belasbare gebeurtenis ten opsigte waarvan die bedrag belasting betaalbaar kragtens ’n Belastingwet, bepaal moet word; of
- (h) ’n risiko aanslag, die tydperk ingevolge hierdie Wet bepaal;
- “belastingpligtige inligting”** het die betekenis in artikel 67(1)(b) toegeskryf; 15
- “belastingpligtige-verwysingsnommer”** is die nommer in artikel 24 bedoel;
- “besigheidsdag”** ’n dag wat nie ’n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is nie, en vir doeleindes van die vastelling van die dae of ’n tydperk toegestaan om aan die bepalings van Hoofstuk 9 te voldoen, word die dae tussen 16 Desember van elke jaar en 15 Januarie van die daaropvolgende jaar, beide dae ingesluit, uitgesluit; 20
- “billike markwaarde”** die prys wat met die verkoop van ’n bate tussen ’n gewillige koper en ’n gewillige verkoper wat onder uiterste voorwaardes in ’n ope mark beding, verkry kan word;
- “biometriese inligting”** biometriese data gebruik om die identiteit van ’n natuurlike persoon te bevestig, by wyse van— 25
- (a) gesigsherkenning;
- (b) vingerafdrukherkenning;
- (c) stemherkenning;
- (d) iris- of retina-herkenning; en
- (e) enige minder ingrypende biologiese data, soos deur die Minister voorgeskryf by regulasie kragtens artikel 257 uitgereik; 30
- “Boedelbelastingwet”** beteken die Boedelbelastingwet, 1955 (Wet No. 45 van 1955);
- “datum van aanslag”**—
- (a) in die geval van ’n aanslag deur SAID, die datum van die uitreik van die kennisgewing van aanslag; of 35
- (b) in die geval van ’n selfaanslag deur die belastingpligtige—
- (i) indien ’n opgawe vereis word, die datum waarop die opgawe ingedien is; of
- (ii) indien geen opgawe vereis word nie, die datum van die laaste betaling van die belasting vir die belastingtydperk of, indien geen betaling ten opsigte van die belasting vir die belastingtydperk gemaak is nie, die effektiewe datum; 40
- “datum van sekwestrasie”**—
- (a) die datum van vrywillige oorgawe van ’n boedel, indien deur ’n hof aanvaar; of 45
- (b) die datum van voorlopige sekwestrasie van ’n boedel, indien ’n finale sekwestrasiebevel deur ’n hof toegestaan word;
- “Diamond Export Levy Act”** die “Diamond Export Levy Act, 2007” (Wet No. 15 van 2007); 50
- “Diamond Export Levy (Administration) Act”** die “Diamond Export Levy (Administration) Act, 2007” (Wet No. 14 van 2007);
- “Doeane- en Aksynswet”** die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964);
- “dokument”** enigiets wat ’n skriftelike, klank- of fotografiese rekord , of enige ander rekord van inligting bevat, of dit in ’n fisiese of elektroniese formaat is al dan nie; 55
- “effektiewe datum”** die datum in artikel 187(3), (4) en (5) beskryf;
- “ernstige belastingmisdryf”** ’n belastingmisdryf waarvoor ’n persoon by skuldigebevinding strafbaar is met gevangenisstraf van meer as twee jaar sonder die keuse van ’n boete of met ’n boete van ’n bedrag wat die ekwivalente bedrag oorskry van ’n boete wat kragtens die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991 (Wet No. 101 van 1991) opgelê kan word; 60

“goed” ook ’n liggaamlike of nie-liggaamlike saak;	
“hierdie Wet” ook die regulasies en ’n openbare kennisgewing kragtens hierdie Wet uitgereik;	
“inkomstebelasting” normale belasting bedoel in artikel 5 van die Inkomstebelastingwet;	5
“Inkomstebelastingwet” die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962);	
“inligting” ook inligting op enige wyse voortgebring, opgeneem, gestuur, ontvang, gestoor of ten toon gestel;	
“internasionale belastingooreenkoms” ’n ooreenkoms ingevolge ’n Belastingwet met die regering van ’n ander land, aangegaan;	10
“Kommissaris” die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ingevolge artikel 6 van die SAID-Wet aangestel of die Waarnemende Kommissaris ingevolge artikel 7 van daardie Wet aangewys;	
“Landdros” ’n ’n regterlike amptenaar soos ingevolge artikel 1 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944) omskryf, in kamers of andersins;	15
“maatskappy” dieselfde as die betekenis wat in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet daaraan geheg word;	
“Mineral and Petroleum Resources Royalty (Administration) Act” die “Mineral and Petroleum Resources Royalty (Administration) Act, 2008” (Wet No. 29 van 2008);	20
“Minister” die Minister van Finansies;	
“onderstellingsboete” ’n boete opgelê deur SAID ooreenkomstig Deel A van Hoofstuk 16;	
“openbare amptenaar” ’n amptenaar bedoel in artikel 246(1), (2) en (3);	
“opgawe” ’n vorm, verklaring, dokument of ander manier om inligting aan SAID te verskaf wat ’n selfaanslag insluit, of die grondslag vorm waarvolgens ’n aanslag deur SAID uitgereik word;	25
“oorspronklike aanslag” ’n aanslag bedoel in artikel 91;	
“perseel” sluit in ’n gebou, vliegtuig, voertuig, vaartuig of plek;	
“openbare kennisgewing” ’n kennisgewing in die <i>Staatskoerant</i> gepubliseer;	30
“rapporteerbare reëling” die betekenis soos in artikel 35 daaraan geheg;	
“regter” ’n regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika, hetsy in kamers of andersins;	
“risiko-aanslag” ’n aanslag bedoel in artikel 94;	
“SAID” beteken die Suid-Afrikaanse Inkomstediens kragtens die SAID-Wet ingestel;	35
“SAID-amptenaar”—	
(a) die Kommissaris,	
(b) ’n werknemer van SAID; of	
(c) ’n persoon deur SAID gekontrakteer vir die doeleindes van die administrasie van ’n Belastingwet en wat die bepalinge van ’n Belastingwet uitvoer onder die beheer, leiding of toesig van die Kommissaris;	40
“SAID vertroulike inligting” die betekenis ingevolge artikel 68(1) daaraan geheg;	
“SAID-Wet” die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 1997 (Wet No. 34 van 1997);	45
“selfaanslag” die vasstelling deur ’n belastingpligtige van die bedrag belasting betaalbaar kragtens ’n Belastingwet en—	
(a) die indiening van ’n opgawe wat die vasstelling van die belasting bevat; of	
(b) indien geen opgawe vereis word nie, die maak van ’n betaling van die belasting;	50
“senior SAID-amptenaar” ’n SAID-amptenaar verwys na in artikel 6(3);	
“Skills Development Levies Act” die “Skills Development Levies Act, 1999” (Wet No. 9 van 1999);	
“tersaaklike materiaal” enige inligting, dokument of goed wat voorsienbaar tersaaklik is vir die oorweging van ’n belastingrisiko, of die aanslag van belasting, of die invordering van belasting, wat op die nienakoming van ’n verpligting kragtens ’n Belastingwet dui of daarop dui dat ’n belastingmisdryf gepleeg is;	55
“terughoudingsagent” die betekenis in artikel 156 daaraan geheg.	
“Unemployment Insurance Contributions Act” die “Unemployment Insurance Contributions Act, 2002” (Wet No. 4 van 2002);	60
“verantwoordelike derde party” die betekenis in artikel 158 daaraan geheg;	
“verbonde persoon” ’n verbonde persoon soos omskryf in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet;	

- “**vermindere aanslag**” is ’n aanslag bedoel in artikel 93;
 “**verteenwoordigende beplastingpligtige**” die betekenis in artikel 153(1), daaraan geheg;
 “**voorgeskrewe koers**” die betekenis in artikel 189(3) daaraan geheg;
 “**voorsittende beampte**” die persoon bedoel in artikel 50(1); 5
 “**Wet op Belasting op Oordrag van Sekuriteit**” die Wet op Belasting op Oordrag van Sekuriteit, 2007 (Wet No. 25 van 2007);
 “**Wet op Belasting van Toegevoegde Waarde**” die Wet op Belasting van Toegevoegde Waarde, 1991 (Wet No. 89 van 1991);
 “**Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting**” die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000); 10
 “**Wet op die Administrasie van Belasting op Oordrag van Sekuriteit**” die Wet op die Administrasie van Belasting op Oordrag van Sekuriteit, 2007 (Wet No. 26 van 2007); en
 “**Wet op Hereregte**” die Wet op Hereregte, 1949 (Wet No. 40 van 1949). 15

HOOFSTUK 2

ALGEMENE ADMINISTRASIE BEPALINGS

Deel A

Algemene bepalings

Doel van Wet 20

2. Die doel van hierdie Wet is om die effektiewe en doeltreffende invordering van belasting te verseker, deur—
- (a) die administrasie van die Belastingwette sover, prakties moontlik, in ooreenstemming met mekaar te bring;
 - (b) die regte en verpligtinge van belastingpligtiges en ander persone op wie hierdie Wet van toepassing is, te bepaal; 25
 - (c) die bevoegdhede en pligte van persone betrokke by die administrasie van ’n Belastingwet, te bepaal; en
 - (d) oor die algemeen uitvoering te gee aan die oogmerke en doelstellings van belastingadministrasie. 30

Administrasie van Belastingwette

3. (1) SAID is verantwoordelik vir die administrasie van hierdie Wet onder die beheer en leiding van die Kommissaris.
- (2) Administrasie van ’n Belastingwet beteken om—
- (a) volledige inligting te verkry met betrekking tot— 35
 - (i) enigiets wat die aanspreeklikheid van ’n persoon vir belasting ten opsigte van ’n vorige, huidige of toekomstige belastingtydperk kan beïnvloed;
 - (ii) ’n belasbare gebeurtenis; of
 - (iii) die verpligting van ’n persoon (hetsy persoonlik of namens ’n ander persoon) om die bepalings van ’n Belastingwet na te kom; 40
 - (b) vas te stel of ’n persoon die korrekte opgawes, inligting of dokumente ter nakoming van die bepalings van ’n Belastingwet ingedien of verskaf het;
 - (c) die identiteit van ’n persoon vas te stel vir die doeleindes van die bepaling van aanspreeklikheid vir belasting;
 - (d) die aanspreeklikheid van ’n persoon vir belasting te bepaal; 45
 - (e) belasting in te vorder en belasting wat te veel betaal is, terug te betaal;
 - (f) ondersoek in te stel of ’n misdryf ingevolge ’n Belastingwet gepleeg is, en, indien wel—
 - (i) om strafregtelike aanklagte in te bring; en
 - (ii) om die bystand te verleen wat redelikerwys benodig word vir die 50
 - ondersoek en vervolging van belastingmisdrywe of verbandhoudende gemeenregtelike misdrywe;
 - (g) SAID se bevoegdhede en pligte kragtens ’n Belastingwet af te dwing om te verseker dat ’n verpligting deur of kragtens ’n Belastingwet opgelê, nagekom word; 55

- (h) enige ander administratiewe funksie te verrig wat nodig is om die bepalings van 'n Belastingwet uit te voer; en
 - (i) uitvoering te gee aan die verpligting van die Republiek om bystand te verleen kragtens 'n internasionale belastingooreenkoms.
- (3) Indien SAID ingevolge 'n internasionale belastingooreenkoms 'n versoek ontvang het vir— 5
- (a) inligting, kan SAID die inligting aangevra verkry vir versending aan die bevoegde gesag van die ander land asof dit tersaaklike materiaal is benodig vir die doeleindes van 'n Belastingwet en moet die inligting verkry hanteer word asof dit belastingpligtige-inligting is; 10
 - (b) die bewaring of die invordering van 'n bedrag beweer verskuldig te wees deur 'n persoon kragtens belastingwette van die versoekende land, kan SAID met die versoek kragtens die bepalings van artikel 185 handel; of
 - (c) die betekening van 'n dokument wat van die versoekende land afkomstig is, kan SAID betekening van die dokument uitvoer asof dit 'n kennisgewing, dokument of ander kommunikasie is wat kragtens 'n Belastingwet deur SAID uitgereik, gegee, gestuur of beteken moet word. 15

Toepassing van Wet

4. (1) Hierdie Wet is van toepassing op elke persoon wat verantwoordelik is om 'n bepaling van 'n Belastingwet (hetsy persoonlik of namens 'n ander persoon) na te kom en bind SAID. 20
- (2) Indien hierdie Wet nie met die administrasie van 'n Belastingwet handel nie en daar word spesifiek daarvoor voorsiening gemaak in die betrokke Belastingwet, geld die bepalings van daardie Belastingwet.
- (3) In geval van enige teenstrydigheid tussen hierdie Wet en 'n ander Belastingwet, geld die ander Wet. 25

Algemeen heersende praktyk

5. (1) 'n Algemeen heersende praktyk is 'n praktyk uiteengesit in 'n amptelike publikasie aangaande die toepassing of uitleg van 'n Belastingwet.
- (2) Ondanks enige andersluidende bepalings vervat in 'n Belastingwet, hou 'n algemeen heersende praktyk uiteengesit in 'n amptelike publikasie, uitgesonderd 'n bindende algemene beslissing, op om 'n algemeen heersende praktyk te wees indien— 30
- (a) die bepaling in die Belastingwet, wat die onderwerp is van die amptelike publikasie herroep of gewysig word in 'n mate weselik tot die praktyk, vanaf die datum waarop die herroepping of wysiging in werking tree; 35
 - (b) 'n hof die uitleg van die Belastingwet wat die onderwerp van die amptelike publikasie is, in 'n mate wesentlik tot die praktyk, omverwerp of wysig, vanaf die datum van uitspraak, tensy—
 - (i) die besluit onder appèl is;
 - (ii) die besluit feite spesifiek is en die algemene uitleg waarop die amptelike publikasie gebaseer is, onaangetas is; of 40
 - (iii) die verwysiging na die uitleg waarop die amptelike publikasie gebaseer is *obiter dicta* was; of
 - (c) die amptelike publikasie deur die Kommissaris teruggetrek of gewysig word, vanaf die datum van die amptelike publikasie van die terugtrekking of wysiging. 45
- (3) 'n Bindende algemene beslissing hou op om 'n algemeen heersende praktyk te wees onder die omstandighede beskryf in artikel 85 of 86.

Deel B

Bevoegdhede en pligte van SAID en SAID-amptenare

50

Bevoegdhede en pligte

6. (1) Die bevoegdhede en pligte van SAID kragtens hierdie Wet kan uitgeoefen word vir die doeleindes van die administrasie van 'n Belastingwet.

- (2) Die bevoegdheids en pligte wat by hierdie Wet aan die Kommissaris opgedra word, moet deur die Kommissaris persoonlik uitgeoefen word, maar hy of sy kan sodanige bevoegdheids en pligte ingevolge artikel 10 delegeer.
- (3) Die bevoegdheids en pligte wat deur 'n senior SAID-amptenaar uitgeoefen moet word ingevolge hierdie Wet, moet uitgeoefen word deur— 5
- (a) die Kommissaris;
 - (b) 'n SAID-amptenaar wat spesifieke geskrewe magtiging van die Kommissaris het om dit te doen; of
 - (c) 'n SAID-amptenaar wat 'n amp beklee deur die Kommissaris vir hierdie doel aangewys. 10
- (4) Die uitvoer van 'n taak aanvullend tot 'n bevoegdheid of plig kragtens subartikel (2) of (3) kan gedoen word deur—
- (a) 'n amptenaar onder beheer van die Kommissaris of 'n senior SAID-amptenaar; of
 - (b) die bekleër van 'n spesifieke pos onder beheer van die Kommissaris of 'n senior SAID-amptenaar. 15
- (5) Bevoegdheids en pligte wat nie spesifiek ingevolge hierdie Wet deur die Kommissaris of 'n senior SAID-amptenaar uitgeoefen hoef te word nie, kan uitgeoefen word deur 'n SAID-amptenaar aangestel of gekontrakteer om die bevoegdheids of pligte uit te oefen of uit te voer vir die doeleindes van die administrasie van 'n Belastingwet. 20
- (6) Die Kommissaris kan deur openbare kennisgewing bepaal dat 'n bevoegdheid of plig in 'n Belastingwet anders as hierdie Wet deur die Kommissaris persoonlik of 'n senior SAID-amptenaar uitgeoefen moet word.

Botsing van belange

7. Die Kommissaris of 'n SAID-amptenaar kan nie 'n bevoegdheid uitoefen of betrokke raak by 'n aangeleentheid rakende die administrasie van 'n Belastingwet nie, indien— 25
- (a) die bevoegdheid of aangeleentheid met 'n belastingpligtige verband hou ten opsigte waarvan die Kommissaris of die amptenaar in die voorafgaande drie jaar, 'n persoonlike, familie-, sosiale, besigheids-, professionele, werks- of finansiële verhouding het of gehad het, wat 'n botsing van belange uitmaak; 30
 - (b) ander omstandighede 'n botsing van belange uitmaak, wat redelikerwys beskou kan word tot partydigheid te lei.

Identiteitskaart

8. (1) SAID moet 'n identiteitskaart uitreik aan elke SAID-amptenaar wat bevoegdheids en pligte vir die doeleindes van die administrasie van 'n Belastingwet uitoefen of uitvoer. 35
- (2) Wanneer 'n SAID-amptenaar 'n bevoegdheid of plig uitoefen of uitvoer vir doeleindes van die administrasie van 'n Belastingwet, moet die amptenaar die identiteitskaart op versoek van 'n lid van die publiek, voorlê. 40
- (3) Indien die amptenaar nie die identiteitskaart voorlê nie, is 'n lid van die publiek geregtig om aan te neem dat die persoon nie 'n SAID-amptenaar is nie.

Beslissing of kennisgewing deur SAID

9. (1) 'n Beslissing deur 'n SAID-amptenaar gemaak en 'n kennisgewing deur SAID aan 'n spesifieke persoon uitgereik, uitgesonderd 'n beslissing waaraan uitvoering gegee is in 'n aanslag of kennisgewing van aanslag— 45
- (a) word beskou deur 'n SAID-amptenaar, daartoe gemagtig, gemaak te wees of behoorlik deur SAID uitgereik, tensy die teendeel bewys word; en
 - (b) kan in die diskresie van 'n SAID-amptenaar in subparagrafe (i) tot (iii) beskryf, of op versoek van die tersaaklike persoon, teruggetrek of gewysig word deur— 50
 - (i) die SAID-amptenaar;
 - (ii) 'n SAID-amptenaar aan wie die SAID-amptenaar verslag doen; of
 - (iii) 'n senior SAID-amptenaar.
- (2) Indien al die wesenlike feite aan die SAID-amptenaar bekend was ten tyde van die maak van die beslissing, kan 'n beslissing of kennisgewing bedoel in subartikel (1) nie

met terugwerkende krag teruggetrek of gewysig word nie, ná drie jaar van die latere van—

- (a) die datum van die skriftelike kennisgewing van daardie beslissing; of
- (b) die datum van aanslag of die kennisgewing van aanslag wat uitvoering gee aan die beslissing (indien van toepassing). 5

Deel C

Delegasies

Delegasies deur die Kommissaris

- 10.** (1) 'n Delegasie deur die Kommissaris kragtens artikel 6(2)—
- (a) moet op skrif wees; 10
 - (b) geld slegs wanneer dit deur die persoon aan wie die delegasie gemaak is, geteken is;
 - (c) is onderhewig aan die beperkinge en voorwaardes wat die Kommissaris bepaal wanneer die delegasie gemaak word;
 - (d) kan gemaak word aan— 15
 - (i) 'n spesifieke individu; of
 - (ii) die bekleër van 'n spesifieke pos; en
 - (e) kan deur die Kommissaris gewysig of teruggetrek word.
- (2) 'n Delegasie onthef die Kommissaris nie van die verantwoordelikheid vir die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdheid of die uitvoering van die gedelegeerde plig nie. 20

Deel D

Magtiging om in regsgedinge op te tree

Regsgedinge namens die Kommissaris

- 11.** (1) Geen SAID-amptenaar anders as die Kommissaris of 'n SAID-amptenaar 25
behoorlik deur die Kommissaris gemagtig, mag siviele stappe namens die Kommissaris instel of verdedig nie.
- (2) Vir die doeleindes van subartikel (1), word 'n SAID-amptenaar wie regsgedinge namens die Kommissaris instel of handeling uitvoer waarop die Kommissaris in regsgedinge staatmaak, beskou as behoorlik daartoe gemagtig te wees, tensy die teendeel 30
bewys word.
- (3) 'n Senior SAID-amptenaar kan 'n strafregtelike klag lê wat met 'n belastingmisdryf beskryf in artikel 235 verband hou.

Reg op verskyning in gedinge

- 12.** (1) Ondanks enige andersluidende bepaling in enige ander wet, kan 'n senior 35
SAID-amptenaar namens SAID of die Kommissaris in gedinge in 'n Belastingwet bedoel, *ex parte* in 'n regter se kamers in die belastinghof of in enige Hoë Hof, verskyn.
- (2) 'n Senior SAID-amptenaar mag slegs in die belastinghof of Hoë Hof verskyn, indien die persoon—
- (a) 'n advokaat is, behoorlik toegelaat kragtens— 40
 - (i) die Wet op die Toelating van Advokate, 1964 (Wet No. 74 van 1964); of
 - (ii) 'n Wet wat vir die toelating van advokate in 'n gebied in die Republiek voorsiening maak wat van krag gebly het uit hoofde van paragraaf 2 van Bylae 6 by die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996; of
 - (b) 'n prokureur is, behoortlik toegelaat en geregistreer is kragtens— 45
 - (i) die Wet op Prokureurs, 1979 (Wet No. 53 van 1979); of
 - (ii) 'n wet wat vir die toelating van prokureurs in 'n gebied in die Republiek voorsiening maak wat van krag gebly het uit hoofde van paragraaf 2 van Bylae 6 by die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

*Deel E**Bevoegdhede en pligte van Minister***Bevoegdhede en pligte van Minister**

- 13.** (1) Die bevoegdhede verleen en pligte opgelê aan die Minister deur of kragtens die bepalings van 'n Belastingwet kan— 5
- (a) deur die Minister persoonlik uitgeoefen of uitgevoer word; en
 - (b) behalwe vir die bevoegdhede kragtens artikels 14 en 257, deur die Minister aan die Adjunkminister of Direkteur-generaal van die Nasionale Tesourie, delegeer word.
- (2) Die Direkteur-generaal kan op sy of haar beurt die bevoegdhede en pligte deur die Minister aan die Direkteur-generaal gedelegeer aan 'n persoon onder die beheer, leiding en toesig van die Direkteur-generaal, delegeer. 10

Bevoegdheid van Minister om Belastingombud aan te stel

- 14.** (1) Die Minister moet 'n persoon as Belastingombud aanstel— 15
- (a) vir 'n termyn van drie jaar, welke termyn hernu kan word; en
 - (b) onderhewig aan die voorwaardes rakende vergoeding en toelaes deur die Minister bepaal.
- (2) Die persoon kragtens subartikel (1) of (3) aangestel, kan deur die Minister as gevolg van wangedrag, ongeskiktheid of onbevoegdheid verwyder word.
- (3) Gedurende 'n vakature in die amp van Belastingombud, kan die Minister 'n persoon in die amp van Belastingombud aanwys om as Belastingombud op te tree. 20
- (4) Geen persoon mag ingevolge subartikel (3) aangewys word om as waarnemende Belastingombud op te tree vir 'n tydperk langer as 90 dae op 'n slag nie.
- (5) 'n Persoon as Belastingombud aangestel— 25
- (a) is aanspreeklik teenoor die Minister;
 - (b) moet oor 'n goeie agtergrond in verbruikersdiens sowel as belastingreg beskik; en
 - (c) mag nie op enige tydstip gedurende die voorafgaande vyf jaar (hetsy in die Republiek of elders) skuldig bevind gewees het nie aan— 30
 - (i) diefstal, bedrog, vervalsing of uitgifte van 'n vervalsde dokument, meined, 'n misdryf kragtens die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004); of
 - (ii) enige ander misdryf wat met oneerlikheid verband hou, waarvoor die persoon tot gevangenisstraf gevonnies is vir 'n tydperk van meer as twee jaar, sonder die keuse van 'n boete, of 'n boete opgelê is wat die bedrag soos voorgeskryf ingevolge die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991 (Wet No. 101 van 1991), oorskry. 35

*Deel F**Bevoegdhede en pligte van Belastingombud***Kantoor van Belastingombud** 40

- 15.** (1) Die personeel van die kantoor van die Belastingombud moet ingevolge die SAID-Wet aangestel word en in oorleg met die Kommissaris aan die kantoor van die Belastingombud gesekondeer word.
- (2) Wanneer die Belastingombud afwesig is of anders nie in staat is om die werksaamhede van die amp te verrig nie, kan die Belastingombud 'n ander persoon in die kantoor van die Belastingombud aanwys as waarnemende Belastingombud. 45
- (3) Geen persoon mag ingevolge subartikel (2) vir 'n tydperk langer as 90 dae op 'n slag as waarnemende Belastingombud aangewys word nie.
- (4) Die uitgawes wat met die werksaamhede van die amp van die Belastingombud verband hou, word uit die fondse van SAID betaal. 50

Mandaat van Belastingombud

16. (1) Die mandaat van die Belastingombud is om enige klagte deur 'n belastingpligtige aangaande 'n diensaangeleentheid of 'n prosedure- of administratiewe aangeleentheid wat voortspruit uit die toepassing van die bepalings van 'n Belastingwet deur SAID, te oorweeg te beregger. 5

- (2) In die uitvoering van sy of haar mandaat, moet die Belastingombud—
- (a) 'n klagte oorweeg en, indien nodig, dit deur bemiddeling of versoening oplos;
 - (b) onafhanklik optree in die oplossing van 'n klagte;
 - (c) informele, regverdige en kostedoeltreffende prosedures volg in die oplossing van die klagte; 10
 - (d) inligting aan die belastingpligtige voorsien aangaande die mandaat van die Belastingombud en die prosedures om 'n klagte voort te sit;
 - (e) toegang deur belastingpligtiges tot klagte oplossingsmeganismes binne SAID, om klagtes te beregger, vergemaklik; en
 - (f) sistemiese kwessies en kwessies wat opduik wat op diensaangeleenthede betrekking het of die toepassing van die bepalings van hierdie Wet of prosedure- of administratiewe bepalings van 'n Belastingwet wat negatief op belastingpligtiges inwerk, identifiseer en oorweeg. 15

Beperkings op gesag

- 17.** Die Belastingombud mag nie— 20
- (a) wetgewing of belastingbeleid;
 - (b) SAID-beleid of algemeen heersende belastingpraktyk, uitgesonderd in die mate waarin dit betrekking het op 'n diensaangeleentheid of 'n prosedure- of administratiewe aangeleentheid wat ontstaan uit die toepassing van die bepalings van 'n Belastingwet deur SAID; 25
 - (c) 'n aangeleentheid onderhewig aan beswaar en appèl kragtens 'n Belastingwet, behalwe 'n administratiewe aangeleentheid wat met daardie beswaar of appèl verband hou; of
 - (d) 'n beslissing van, stappe in of 'n aangeleentheid voor die belastinghof, oorweeg nie. 30

Oorweging van klagte

- 18.** (1) Die Belastingombud kan enige kwessie binne die Belastingombud se mandaat oorweeg by ontvangs van 'n versoek deur 'n belastingpligte.
- (2) Die Belastingombud kan— 35
- (a) bepaal hoe 'n ondersoek moet plaasvind; en
 - (b) bepaal of 'n ondersoek gestaak moet word voor voltooiing.
- (3) In die uitoefening van die diskresie in subartikel (2) uiteengesit, moet die Belastingombud sekere faktore soos— 40
- (a) die ouderdom van die versoek of kwessie;
 - (b) die hoeveelheid tyd wat verloop het sedert die versoeker van die kwessie bewus geword het;
 - (c) die aard en erns van die kwessie;
 - (d) die vraag of die versoek te goeder trou gemaak is; en
 - (e) die bevindinge van ander verligtingsmeganismes met betrekking tot die versoek, 45
- in ag neem.
- (4) Die Belastingombud kan slegs 'n versoek oorweeg indien die versoeker al die beskikbare klagte oplossingsmeganismes in SAID gebruik het, tensy daar gebiedende omstandighede is om dit nie te doen nie.
- (5) Om te bepaal of daar gebiedende omstandighede bestaan, moet die Belastingombud faktore in ag neem soos of— 50
- (a) die versoek sistemiese kwessies aantoon;
 - (b) om die klagte-oplossingsmeganismes te gebruik oormatige ontbering vir die versoeker sal veroorsaak; of
 - (c) dit onwaarskynlik is dat die gebruik van die klagte-oplossingsmeganismes 'n resultaat tot gevolg sal hê binne 'n tydperk wat die Belastingombud as redelik beskou. 55

(6) Die Belastingombud moet die versoeker inlig oor die uitkoms van die ondersoek of enige stappe geneem in reaksie op die versoek, maar op die tyd en op die wyse soos deur die Belastingombud gekies.

Verslae deur Belastingombud

- 19.** (1) Die Belastingombud moet— 5
- (a) direk aan die Minister verslag doen;
 - (b) binne vyf maande na die einde van SAID se finansiële jaar, 'n jaarverslag aan die Minister voorlê; en
 - (c) driemaandeliks of binne die ander tussenposes soos ooreengekom, 'n verslag aan die Kommissaris voorlê. 10
- (2) Die verslae moet—
- (a) 'n opsomming bevat van ten minste tien van die mees ernstigste kwessies ondervind deur belastingpligtiges en geïdentifiseerde sistemiese en kwessies wat opduik soos bedoel in artikel 16(2)(f), ingesluit 'n beskrywing van die aard van die kwessies; 15
 - (b) 'n inventaris bevat van die kwessies beskryf in subparagraaf (a) ten opsigte waarvan—
 - (i) stappe geneem is en die uitkoms van sodanige stappe;
 - (ii) stappe nog voltooi moet word en die tydperk waartydens elke item op sodanige inventaris gebly het; of 20
 - (iii) geen stappe geneem is nie, die tydperk waartydens elke item op sodanige inventaris gebly het en die redes vir die gebrek aan stappe; en
 - (c) aanbevelings bevat vir die administratiewe stappe wat toepaslik is om probleme deur belastingpligtiges ondervind, op te los.
- (3) Die Minister moet die jaarverslag van die Belastingombud in die Nasionale Vergadering, ter tafel lê. 25

Oplossing en aanbevelings

- 20.** (1) Die Belastingombud moet probeer om alle kwessies binne die Belastingombud se mandaat op te los, op die vlak waar dit op die effektiëste en doeltreffendste wyse opgelos kan word en moet ter uitvoering daarvan kommunikeer met die SAID- amptenare aangewys deur SAID. 30
- (2) Die Belastingombud se aanbevelings is nie op belastingpligtiges of SAID bindend nie.

Vertroulikheid

- 21.** (1) Die bepalings van Hoofstuk 6 is met die veranderinge deur die konteks vereis vir die doeleinde van hierdie Deel, van toepassing. 35
- (2) SAID moet die Belastingombud toegang tot inligting in SAID se besit verleen insover dit op die bevoegdhede en pligte van die Belastingombud kragtens hierdie Wet betrekking het.
- (3) Die Belastingombud en enige persoon wat namens die Belastingombud optree mag nie inligting van enige aard wat deur of namens die Belastingombud verkry is, of saamgestel is uit inligting deur of namens die Belastingombud verkry, aan SAID openbaar nie, behalwe in die mate nodig vir die doeleindes van die uitvoering van die werksaamhede en pligte kragtens hierdie Deel. 40

HOOFSTUK 3 45

REGISTRASIE

Registrasievereistes

- 22.** (1) 'n Persoon wat—
- (a) verplig is om aansoek te doen om by SAID te registreer; of
 - (b) vrywilliglik by SAID kan registreer, 50
- kragtens 'n Belastingwet, moet so maak ingevolge die vereistes van hierdie Hoofstuk of, indien van toepassing, die tersaaklike Belastingwet.
- (2) 'n Persoon bedoel in subartikel (1) moet—

- (a) aansoek doen vir registrasie binne die tydperk waarvoor in 'n Belastingwet voorsiening gemaak word of, indien geen sodanige tydperk bepaal word nie, binne 21 besigheidsdae nadat die persoon sodanig verplig word of binne die verdere tydperk deur SAID goedgekeur in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse; 5
- (b) aansoek doen vir registrasie vir een of meer belastings in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse; en
- (c) SAID voorsien van die verdere besonderhede en enige dokumente deur SAID vereis met die doel om die persoon te registreer vir die belasting of belastings. 10
- (3) 'n Persoon wat geregistreer is of aansoek doen om registrasie kragtens 'n Belastingwet kan vereis word om biometriese inligting in die voorgeskrewe vorm en wyse te voor te lê, indien die inligting vereis word om—
- (a) behoorlike identifikasie van die persoon; of
- (b) die teenwerk van identiteitvervalsing of bedrog, 15
- te verseker.
- (4) 'n Persoon wat ingevolge hierdie Hoofstuk vir registrasie aansoek doen en nie al die besonderhede en dokumente deur SAID vereis, verskaf het nie, kan beskou word as nie vir registrasie aansoek te gedoen het nie totdat al die besonderhede en dokumente aan SAID verskaf is.
- (5) Indien 'n belastingpligtige wat kragtens 'n Belastingwet verplig is om by SAID te registreer, versuim om so te maak, kan SAID die belastingpligtige vir een of meer belastingtipes, soos toepaslik onder die omstandighede, registreer. 20

Kommunikasie van veranderinge in besonderhede

23. 'n Persoon wat kragtens artikel 22 geregistreer is, moet binne 21 besigheidsdae enige veranderinge met betrekking tot— 25
- (a) posadres;
- (b) fisiese adres;
- (c) verteenwoordigende belastingpligtige;
- (d) bankbesonderhede wat vir transaksies met SAID gebruik word;
- (e) elektroniese adres gebruik vir kommunikasie met SAID; of 30
- (f) sodanige ander besonderhede wat die Kommissaris by openbare kennisgewing vereis, aan SAID oordra.

Belastingpligtige-verwysingsnommer

24. (1) SAID kan 'n belastingpligtige-verwysingsnommer ten opsigte van een of meer belastings toeken aan elke persoon wat geregistreer is kragtens 'n Belastingwet of hierdie Hoofstuk. 35
- (2) SAID kan 'n persoon wat nie geregistreer is nie, registreer en aan die persoon 'n belastingpligtige-verwysingsnommer toeken.
- (3) 'n Persoon aan wie 'n belastingpligtige-verwysingsnommer deur SAID toegeken is, moet die tersaaklike verwysingsnommer insluit in alle opgawes en ander dokumente by SAID ingedien. 40
- (4) SAID kan 'n opgawe of ander dokument deur 'n persoon ingedien as ongeldig beskou indien dit nie die verwysingsnommer in subartikel (3) bedoel, bevat nie en moet, indien prakties moontlik, die persoon diensooreenkomstig in kennis stel. 45

HOOFSTUK 4

OPGAWES EN REKORDS

Deel A

Algemeen

Indien van opgawe 50

25. (1) 'n Persoon wat kragtens 'n Belastingwet verplig is om 'n opgawe in te dien of wat vrywilliglik 'n opgawe indien, moet dit doen—
- (a) in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse; en

- (b) teen die datum in die Belastingwet vermeld of, by afwesigheid daarvan, teen die datum deur die Kommissaris aangedui in die openbare kennisgewing wat die indiening vereis.
- (2) 'n Opgawe moet die inligting bevat wat deur 'n Belastingwet of deur die Kommissaris voorgeskryf is en 'n volledige en korrekte opgawe wees. 5
- (3) 'n Opgawe moet deur die belastingpligtige of deur die belastingpligtige se behoorlik gemagtigde verteenwoordiger geteken wees, en die persoon wat die opgawe teken, word vir alle doeleindes wat met 'n Belastingwet verband hou, beskou as vertrouwd te wees met die verklarings in die opgawe gemaak.
- (4) Nie-ontvangs deur 'n persoon van 'n opgawevorm raak nie die verpligting om 'n opgawe in te dien nie. 10
- (5) SAID kan, voor die uitreik van 'n oorspronklike aanslag deur SAID, 'n persoon versoek om 'n gewysigde opgawe in te dien om 'n fout wat nie in geskil is nie reg te stel.
- (6) SAID kan die tydperk vir die indiening van 'n opgawe in 'n spesifieke geval verleng in ooreenstemming met beleidsprosedure en kriteria deur die Kommissaris gepubliseer. 15
- (7) Die Kommissaris kan ook die spertye vir indiening oor die algemeen, of vir spesifieke klasse persone, by openbare kennisgewing verleng.
- (8) 'n Verlenging kragtens subartikel (6) of (7) raak nie die spertyd vir betaling van die belasting nie. 20

Derdepartyopgawes

26. Die Kommissaris kan by openbare kennisgewing vereis dat 'n persoon wat iemand in diens neem of bedrae betaal aan of ontvang namens 'n ander persoon of andersins met 'n ander persoon 'n transaksie aangaan, of beheer oor die bates van 'n ander persoon het, 'n opgawe indien met die vereiste inligting in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse en teen die datum in die kennisgewing bepaal. 25

Ander opgawes vereis

27. SAID kan vereis dat 'n persoon verdere of meer volledige opgawes indien aangaande enige aangeleentheid waarvoor 'n opgawe ingevolge 'n Belastingwet vereis of voorgeskryf word. 30

Verklaring met betrekking tot rekeninge

28. (1) SAID kan vereis dat 'n persoon wat finansiële state of rekeninge indien wat deur 'n ander persoon opgestel is ter stawing van daardie persoon se ingediende opgawe, 'n sertifikaat of verklaring deur die ander persoon indien, wat die besonderhede uiteensit van— 35

(a) die omvang van die ander persoon se ondersoek van die rekeningkundige rekeninge en van die dokumente waarvan die rekeningkundige rekeninge bygehou is; en

(b) die vraag of die inskrywings in die rekeningkundige rekeninge en dokumente die ware aard van die transaksies, ontvangste, toevallings, betalings of debiete, vir soverre deur daardie ondersoek vasgestel, weergee al dan nie. 40

(2) 'n Persoon wat finansiële state of rekeninge vir 'n ander persoon opstel, moet op versoek van die ander persoon, aan die ander persoon 'n afskrif voorlê van die sertifikaat of verklaring in subartikel (1) bedoel.

Plig om rekords te hou 45

29. (1) 'n Persoon moet rekords, rekeningkundige rekeninge of dokumente hou wat—

(a) die persoon in staat stel om die vereistes van 'n Belastingwet na te kom;

(b) uitdruklik kragtens 'n Belastingwet vereis word; en

(c) SAID in staat te stel om oortuig te wees dat die persoon hierdie vereistes nagekom het. 50

(2) Die vereistes van hierdie Wet om rekords vir 'n belastingtydperk te hou is van toepassing op 'n persoon—

(a) wat 'n opgawe ingedien het vir die belastingtydperk;

- (b) wat vereis word om 'n opgawe in te dien vir die belastingtydperk en wat nie 'n opgawe vir die belastingtydperk ingedien het nie; of
- (c) van wie nie vereis word om 'n opgawe in te dien nie, maar wie gedurende die belastingtydperk, inkomste ontvang het, 'n kapitaalwins of kapitaalverlies gehad het, of by enige ander aktiwiteit betrokke was wat onderhewig is aan belasting of onderhewig aan belasting sou gewees het sou dit nie wees vir die toepassing van 'n belastingdrempel of vrystelling nie. 5
- (3) Rekords hoef nie behou te word nie deur die persoon beskryf in—
 - (a) subartikel (2)(a), na 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum van indiening van die opgawe; en 10
 - (b) subartikel (2)(c), na 'n tydperk van vyf jaar vanaf die einde van die tersaaklike belastingtydperk.

Vorm van rekords gehou of bewaar

- 30.** (1) Die rekords, rekeningkundige rekeninge, en dokumente bedoel in artikel 29 moet gehou of bewaar word— 15
- (a) in hulle oorspronklike vorm in 'n ordelike wyse en in 'n veilige plek;
 - (b) in die vorm, ingesluit elektroniese vorm, wat die Kommissaris by openbare kennisgewing voorskryf; of
 - (c) in 'n vorm spesifiek deur 'n senior SAID-amptenaar ingevolge subartikel (2) gemagtig. 20
- (2) 'n Senior SAID-amptenaar kan, onderhewig aan die voorwaardes wat die amptenaar bepaal, die bewaring magtig van inligting vervat in rekords, rekeningkundige rekeninge of dokumente bedoel in artikel 29 in 'n vorm wat vir die amptenaar aanvaarbaar is.

Inspeksie van rekords 25

- 31.** Die rekords, rekeningkundige rekeninge en dokumente bedoel in artikel 29, hetsy in die vorm bedoel in artikel 30(1) of in 'n vorm gemagtig kragtens artikel 30(2), moet te alle redelike tye gedurende die vereiste tydperke kragtens artikel 29, oop wees vir inspeksie deur 'n SAID-amptenaar in die Republiek vir die doeleindes van—
- (a) die vasstelling van nakoming van die vereistes van artikels 29 en 30; of 30
 - (b) 'n inspeksie, oudit of ondersoek kragtens Hoofstuk 5.

Bewaringstydperk in geval van oudit, beswaar of appèl

- 32.** Ondanks artikel 29(3), indien—
- (a) rekords tersaaklik is vir 'n oudit of ondersoek kragtens Hoofstuk 5 waarvan die persoon onderworpe aan die oudit of ondersoek van in kennis gestel is of bewus is van; of 35
 - (b) 'n persoon 'n beswaar of appèl teen 'n aanslag of beslissing kragtens artikel 104(2) ingedien het,
- moet die persoon die rekords tersaaklik vir die oudit, beswaar of appèl bewaar totdat die oudit afgehandel is of die aanslag of beslissing finaal word. 40

Vertaling

- 33.** (1) In die geval van inligting wat nie in een van die amptelike tale van die Republiek is nie, kan 'n senior SAID-amptenaar by kennisgewing vereis dat 'n persoon wat die inligting aan SAID moet verstrek, 'n vertaling in een van die amptelike tale bepaal deur die amptenaar, binne 'n redelike tydperk voorlê. 45
- (2) 'n Vertaling bedoel in subartikel (1) moet—
- (a) verskaf word op 'n tyd en by die plek in die kennisgewing bepaal; en
 - (b) indien deur SAID vereis word, voorberei en gesertifiseer word deur 'n geswore en geakkrediteerde vertaler of 'n ander persoon deur die senior SAID-amptenaar goedgekeur. 50

*Deel B**Rapporteerbare reëlings***Woordoms krywing**

- 34.** In hierdie Deel en in artikel 212, indien tussen aanhalingstekens gebruik en tensy uit die konteks anders blyk, beteken— 5
- ‘**belastingvoordeel**’ ook vermyding, uitstel of vermindering van ’n aanspreeklikheid vir belasting;
- ‘**deelnemer**’ met betrekking tot ’n ‘reëling’,—
- (a) ’n ‘promotor’; of
- (b) ’n maatskappy of trust wat uit hoofde van ’n ‘reëling’ direk of indirek ’n ‘belastingvoordeel’ of ‘finansiële voordeel’ verkry of veronderstel te verkry; 10
- ‘**finansiële verslagdoeningstandaarde**’ in die geval van ’n maatskappy wat ingevolge die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008), verplig is om finansiële state in te dien, finansiële verslagdoeningstandaarde deur daardie Wet voorgeskryf, of, in enige ander geval, die Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige 15
- Praktyk of toepaslike finansiële verslagdoeningstandaarde wat ’n redelike aanbieding van die finansiële resultate en stand van die belastingpligtige verskaf;
- ‘**finansiële voordeel**’ ’n vermindering in die koste van finansiering, ingesluit rente, finansieringskoste, koste, fooie en diskonto’s op ’n aflossingsbedrag;
- ‘**promotor**’, met betrekking tot ’n ‘reëling’, ’n persoon wat hoofsaaklik 20
- verantwoordelik is vir die organisasie, ontwerp, verkoop, finansiering of bestuur van die ‘reëling’;
- ‘**reëling**’ enige transaksie, handeling, skema, ooreenkoms of verstandhouding (hetsy afdwingbaar of nie); en
- ‘**voorbelaastingwins**’ met betrekking tot ’n ‘reëling’, die wins van ’n ‘deelnemer’ 25
- wat uit daardie ‘reëling’ voortspruit voor aftrekking van normale belasting, welke wins ooreenkomstig ‘finansiële verslagdoeningstandaarde’ bepaal moet word na inagneming van alle koste en uitgawes deur die ‘deelnemer’ in verband met die ‘reëling’ aangegaan en na aftrekking van enige buitelandse belastings deur die ‘deelnemer’ in verband met die ‘reëling’ betaal of betaalbaar. 30

Rapporteerbare reëlings

- 35.** (1) ’n ‘Reëling’ is ’n rapporteerbare reëling indien dit ingevolge subartikel (2) gelys word of indien ’n ‘belastingvoordeel’ deur ’n ‘deelnemer’ verkry word of verkry sal word of veronderstel word verkry sal word uit hoofde van daardie ‘reëling’ en die ‘reëling’— 35
- (a) bepalinge bevat ingevolge waarvan die berekening van rente soos omskryf in artikel 24J van die Inkomstebelastingwet, finansieringskoste, fooie of enige ander heffings in geheel of gedeeltelik van die veronderstellings met betrekking tot die belastinghantering van daardie ‘reëling’ (behalwe as gevolg van ’n verandering in die bepalinge van ’n Belastingwet) afhanklik is; 40
- (b) enige van die eienskappe beoog in artikel 80C(2)(b) van die Inkomstebelastingwet, of eienskappe bevat wat wesenlik soortgelyk is;
- (c) ’n bedrag tot gevolg het wat deur enige ‘deelnemer’ geopenbaar word of sal word gedurende enige jaar van aanslag of gedurende die termyn van die ‘reëling’ as— 45
- (i) ’n aftrekking vir die doeleindes van die Inkomstebelastingwet maar nie as ’n uitgawe vir die doeleindes van ‘finansiële verslagdoeningstandaarde’ nie; of
- (ii) inkomste vir die doeleindes van ‘finansiële verslagdoeningstandaarde’ maar nie as bruto inkomste vir doeleindes van die Inkomstebelastingwet nie; 50
- (d) nie ’n redelike verwagting van ’n ‘voorbelaastingwins’ vir enige ‘deelnemer’ tot gevolg het nie; of
- (e) ’n redelike verwagting van ’n ‘voorbelaastingwins’ vir enige ‘deelnemer’ tot gevolg het wat minder is as die waarde van daardie ‘belastingvoordeel’ vir daardie ‘deelnemer’, indien beide aan die einde van die eerste jaar van aanslag waarin daardie ‘belastingvoordeel’ verkry word of verkry sal word of 55

veronderstel word verkry te word na 'n huidige waarde verdiskonteer word, deur die gebruik van konsekwente veronderstellings en 'n redelike verdiskonteringskoers vir daardie 'deelnemer'.

(2) Die Kommissaris kan 'n 'reëling' deur openbare kennisgewing lys, indien tevrede dat die 'reëling' tot 'n onbehoorlike 'belastingvoordeel' aanleiding kan gee. 5

(3) Hierdie artikel is nie van toepassing nie op enige uitgeslote 'reëling' bedoel in artikel 36.

Uitgeslote reëlings

36. (1) 'n 'Reëling' is 'n uitgeslote 'reëling' indien dit— 10

(a) 'n lening, voorskot of skuld is ingevolge waarvan—

(i) die lener 'n bedrag in kontant ontvang of sal ontvang en onderneem om minstens dieselfde bedrag kontant op 'n bepaalbare toekomstige datum aan die uitlener terug te betaal; of

(ii) die lener 'n vermengbare bate ontvang of sal ontvang en onderneem om 'n bate van dieselfde soort en van dieselfde of gelyke hoeveelheid en gehalte op 'n bepaalbare toekomstige datum aan die uitlener terug te lewer; 15

(b) 'n huurooreenkoms is;

(c) 'n transaksie is wat aangegaan is deur middel van 'n beurs wat ingevolge die "Securities Services Act, 2004" (Wet No. 36 van 2004), gereguleer word; of 20

(d) 'n transaksie is in deelnemende belange in 'n skema wat ingevolge die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 2002 (Wet No. 45 van 2002), gereguleer word.

(2) Subartikel (1) is slegs van toepassing op 'n 'reëling' wat—

(a) op 'n alleenstaande grondslag aangegaan word en nie direk of indirek verbind is aan enige ander 'reëling' nie (hetsy tussen dieselfde of verskillende partye aangegaan); of 25

(b) sou gekwalifiseer het as aangegaan te gewees het op 'n alleenstaande grondslag soos deur paragraaf (a) vereis, indien dit nie was vir 'n verwante 'reëling' wat aangegaan word met die uitsluitlike doel om sekuriteit te verskaf nie en indien geen 'belastingvoordeel' verkry of bevorder word uit hoofde van die sekuriteits-'reëling' nie. 30

(3) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op 'n 'reëling' wat aangegaan word—

(a) met die hoofdoel of een van die hoofdoelwitte om 'n 'belastingvoordeel' te verkry of te bevorder; of 35

(b) op 'n spesifieke wyse of in 'n spesifieke vorm wat 'n 'belastingvoordeel' bevorder of sal bevorder.

(4) Die Kommissaris kan by openbare kennisgewing bepaal dat 'n 'reëling' 'n uitgeslote 'reëling' is, indien tevrede dat die 'reëling' nie waarskynlik tot 'n onbehoorlike 'belastingvoordeel' aanleiding sal gee nie. 40

Openbaarmakingsverpligting

37. (1) Die 'promotor' moet die inligting soos bedoel in artikel 38 ten opsigte van 'n rapporteerbare reëling openbaar maak.

(2) Indien daar geen 'promotor' met betrekking tot 'n 'reëling' is nie of indien die 'promotor' nie 'n inwoner is nie, moet alle ander 'deelnemers' die inligting openbaar maak. 45

(3) 'n 'Deelnemer' hoef nie die inligting ten opsigte van die 'reëling' openbaar te maak nie indien die 'deelnemer' 'n skriftelike verklaring verkry van—

(a) die 'promotor' dat die 'promotor' die 'reëling' openbaar gemaak het; of

(b) enige ander 'deelnemer', indien subartikel (2) van toepassing is, dat die ander 'deelnemer' die 'reëling' geopenbaar het. 50

(4) Die 'reëling' moet openbaar gemaak word binne 45 besigheidsdae na 'n bedrag vir die eerste keer ontvang word deur of toegeval het aan 'n 'deelnemer' of vir die eerste keer betaal word of werklik aangegaan is deur 'n 'deelnemer' ingevolge die 'reëling'.

(5) SAID kan uitstel verleen vir die openbaarmaking vir 'n verdere 45 besigheidsdae, 55 indien redelike gronde vir die uitstel bestaan.

Inligting wat verskaf moet word

- 38.** Die ‘promotor’ of ‘deelnemer’, moet met betrekking tot ’n rapporteerbare reëling, in die voorgeskrewe vorm, op die voorgeskrewe wyse en teen die datum—
- (a) ’n gedetailleerde beskrywing voorlê van al die stappe en hoofeienskappe, ingesluit, in die geval van ’n ‘reëling’ wat ’n stap of deel van ’n groter ‘reëling’ uitmaak, al die stappe en hoofeienskappe van die groter ‘reëling’; 5
 - (b) ’n gedetailleerde beskrywing voorlê van die veronderstelde ‘belastingvoordele’ vir al die ‘deelnemers’, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, belastingaftrekkings en uitgestelde inkomste;
 - (c) die name, registrasienommers en geregistreerde adresse van al die ‘deelnemers’ voorlê; 10
 - (d) ’n lys van al sy ooreenkomste voorlê; en
 - (e) enige finansiële model voorlê wat sy beraamde belastinghantering insluit.

Rapporteerbare reëling verwysingsnommer

- 39.** SAID moet, na ontvangs van die inligting in artikel 38 beoog, aan elke ‘deelnemer’ ’n rapporteerbare reëling verwysingsnommer uitreik, slegs vir administratiewe doeleindes. 15

HOOFSTUK 5**VERKRYGING VAN INLIGTING***Deel A*

20

*Algemene reëls vir inspeksie, verifikasie, oudit en strafregtelike ondersoek***Keuse vir inspeksie, verifikasie of oudit**

- 40.** SAID kan ’n persoon vir inspeksie, verifikasie of oudit kies op die grondslag van enige oorweging tersaaklik vir die behoorlike administrasie van ’n Belastingwet, ingesluit op ’n willekeurige of risiko-oorweginggrondslag. 25

Magtiging vir SAID-amptenaar om oudit of strafregtelike ondersoek uit te voer

- 41.** (1) ’n Senior SAID-amptenaar kan aan ’n SAID-amptenaar skriftelike magtiging verleen om ’n ter plaatse oudit of strafregtelike ondersoek bedoel in Deel B, uit te voer.
- (2) Wanneer ’n SAID-amptenaar kragtens ’n Belastingwet persoonlik ’n bevoegdheid uitoefen of ’n plig uitvoer, moet die amptenaar die magtiging toon. 30
- (3) Indien die amptenaar nie die magtiging toon nie, is ’n lid van die publiek geregtig om aan te neem dat die amptenaar nie ’n aldus gemagtigde SAID-amptenaar is nie.

Inlig van belastingpligtige

- 42.** (1) ’n SAID-amptenaar betrokke by of verantwoordelik vir ’n oudit kragtens hierdie Deel moet, in die vorm en op die wyse deur die Kommissaris by openbare kennisgewing voorgeskryf, die belastingpligtige van ’n verslag voorsien, wat die stadium van voltooiing van die oudit aandui. 35
- (2) By voltooiing van die oudit of ’n strafregtelike ondersoek, en waar—
- (a) die oudit of ondersoek onbeslis was, moet SAID die belastingpligtige binne 21 besigheidsdae dienooreenkomstig inlig; of 40
 - (b) die oudit potensiële aanpassings van ’n wesenlike aard geïdentifiseer het, moet SAID die belastingpligtige binne 21 besigheidsdae, of die verdere tydperk wat nodig mag word gebaseer op die ingewikkeldheid van die oudit, voorsien van ’n dokument wat die uitkoms van die oudit, met inbegrip van gronde van die voorgestelde aanslag of beslissing bedoel in artikel 104(2). 45
- (3) By ontvangs van die dokument in subartikel (2)(b) beskryf moet die belastingpligtige binne 21 besigheidsdae vanaf lewering van die dokument, of die verdere tydperk deur die belastingpligtige versoek of wat deur SAID toegestaan kan word gebaseer op die ingewikkeldheid van die oudit, skriftelik antwoord op die feite en gevolgtrekkings uiteengesit in die dokument. 50

- (4) Die belastingpligtige mag afstand doen van die reg om die dokument te ontvang.
- (5) Subartikels (1) en (2)(b) is nie van toepassing nie indien 'n senior SAID-amptenaar redelikerwys glo dat nakoming van daardie subartikels die doel, vordering of uitkoms van die oudit sal verhinder of benadeel.
- (6) SAID kan onder die omstandighede in subartikel (5) beskryf, die aanslag uitreik of die beslissing bedoel in artikel 104(2) maak voortspruitend uit die oudit en die gronde vir die aanslag moet aan die belastingpligtige verskaf word binne 21 besigheidsdae vanaf die aanslag of beslissing bedoel in artikel 104(2) of die verdere tydperk wat vereis word gebaseer op die ingewikkeldheid van die oudit.

Verwysiging vir strafregtelike ondersoek 10

43. (1) Indien dit op enige tyd voor of gedurende 'n oudit blyk dat 'n persoon moontlik 'n ernstige belastingmisdryf gepleeg het, moet die ondersoek van die misdryf na 'n senior SAID-amptenaar verantwoordelik vir strafregtelike ondersoeke verwys word vir 'n besluit of 'n strafregtelike ondersoek onderneem moet word.
- (2) Tersaaklike materiaal gedurende 'n oudit maar ná die verwysing verkry moet apart gehou word van die strafregtelike ondersoek en kan nie in strafregtelike gedinge met betrekking tot die misdryf ingestel, gebruik word nie.
- (3) Indien 'n ondersoek kragtens subartikel (1) verwys word, moet die tersaaklike materiaal en lêers wat met die saak verband hou aan die SAID-amptenaar verantwoordelik vir die oudit terugbesorg word, indien—
- (a) daar besluit word om nie 'n strafregtelike ondersoek voort te sit nie;
 - (b) daar besluit word om die ondersoek te beëindig; of
 - (c) ná verwysing van die saak vir vervolging, 'n besluit geneem word om nie te vervolg nie.

Uitvoer van strafregtelike ondersoek 25

44. (1) Gedurende 'n strafregtelike ondersoek, moet SAID die bevoegdhede om inligting te verkry ingevolge hierdie Hoofstuk uitoefen, met behoorlike erkenning van die belastingpligtige se grondwetlike regte as 'n verdagte in 'n strafregtelike ondersoek.
- (2) Ingeval 'n besluit geneem word om die strafregtelike ondersoek van 'n ernstige belastingmisdryf voort te sit, kan SAID gebruik maak van die tersaaklike materiaal verkry voor die verwysing bedoel in artikel 43.
- (3) Tersaaklike inligting verkry gedurende 'n strafregtelike ondersoek kan vir die doeleindes van oudit sowel as in daaropvolgende siviele of strafregtelike gedinge gebruik word.

Deel B 35

Inspeksie, aanvra van tersaaklike materiaal, oudit en strafregtelike ondersoek

Inspeksie

45. (1) 'n SAID-amptenaar kan, vir die doeleindes van die administrasie van 'n Belastingwet en sonder vooraf kennisgewing, by 'n perseel opdaag waar die SAID-amptenaar 'n redelike vermoede het 'n bedryf of onderneming beoefen word en 'n inspeksie uitvoer om slegs te bepaal—
- (a) wat die identiteit is van die persoon wat die perseel beset;
 - (b) of die persoon wat die perseel beset vir belasting geregistreer is; of
 - (c) of die persoon die bepalinge van artikels 29 en 30 nakom.
- (2) 'n SAID-amptenaar mag nie kragtens hierdie artikel 'n woonhuis of woonperseel, behalwe enige deel daarvan wat vir bedryfsdoeleindes gebruik word, sonder die toestemming van die bewoner betree nie.

Aanvra van tersaaklike materiaal

46. (1) SAID kan, vir die doeleindes van die administrasie van 'n Belastingwet met betrekking tot 'n belastingpligtige, hetsy geïdentifiseer by name of andersins objektief identifiseerbaar, van die belastingpligtige of 'n ander persoon vereis om binne 'n redelike tyd tersaaklike materiaal (hetsy mondelings of skriftelik) deur SAID vereis, te verskaf.

(2) 'n Senior SAID-amptenaar kan tersaaklike materiaal ingevolge subartikel (1) vereis, met betrekking tot belastingpligtiges in 'n objektief identifiseerbare klas van belastingpligtiges.

(3) 'n Versoek deur SAID vir die tersaaklike materiaal van 'n persoon anders as die belastingpligtige word beperk tot die rekords met betrekking tot die belastingpligtige bygehou, of wat redelikerwys deur sodanige persoon bygehou behoort te word. 5

(4) 'n Persoon wat 'n versoek om tersaaklike materiaal kragtens hierdie artikel van SAID ontvang moet die tersaaklike materiaal aan SAID verskaf by die plek en binne die tyd in die versoek vermeld.

(5) SAID kan die tydperk waarbinne die tersaaklike materiaal verskaf moet word 10 verleng indien daar goeie redes bestaan.

(6) Tersaaklike materiaal deur SAID ingevolge hierdie artikel vereis, moet met redelike noukeurigheid na verwys word in die versoek.

(7) 'n Senior SAID-amptenaar kan bepaal dat tersaaklike materiaal onder eed of plegtige verklaring verskaf word. 15

(8) 'n Senior SAID-amptenaar kan tersaaklike materiaal aanvra wat 'n persoon beskikbaar het vir die doeleindes van belastinginkomsteraming.

Persoonlike voorlegging van tersaaklike materiaal

47. (1) 'n Senior SAID-amptenaar kan, by kennisgewing, vereis dat 'n persoon, ongeag of daardie persoon onderhewig is aan belasting al dan nie, persoonlik verskyn op 20 die tyd en plek in die kennisgewing bepaal, met die doel om deur 'n SAID-amptenaar ondervra te word aangaande die belastingsake van die persoon, indien die onderhoud—

(a) ten doel het om aangeleenthede waaroor SAID besorg is op te klaar ten einde verdere verifikasie of oudit onnodig te maak; en

(b) nie vir die doeleindes van 'n strafregtelike ondersoek is nie. 25

(2) Die senior SAID-amptenaar wat die kennisgewing uitreik, kan vereis dat die persoon wat ondervra word relevante materiaal onder die beheer van die persoon tydens die onderhoud moet voorlê.

(3) Tersaaklike materiaal deur SAID kragtens subartikel (2) vereis moet met redelike noukeurigheid na verwys word in die versoek. 30

(4) 'n Persoon kan weier om 'n onderhoud by te woon indien die afstand tussen die plek in die kennisgewing bepaal en die gewone besigheids- of woonplek van die persoon groter is as die afstand by openbare kennisgewing deur die Kommissaris voorgeskryf.

Ter plaatse oudit of strafregtelike ondersoek

48. (1) 'n SAID-amptenaar vermeld in 'n magtiging bedoel in artikel 41 kan deur 35 voorafkennisgewing van ten minste 10 besigheidsdae, vereis dat 'n persoon by die persoon se perseel in die kennisgewing vermeld tersaaklike materiaal beskikbaar stel wat die amptenaar benodig om 'n oudit of strafregtelike ondersoek uit te voer in verband met die administrasie van 'n Belastingwet met betrekking tot die persoon of 'n ander persoon. 40

(2) Die kennisgewing bedoel in subartikel (1) moet—

(a) die plek waar en die datum en tyd wat die oudit of ondersoek 'n aanvang moet neem (wat gedurende normale besigheidsure moet wees) meld; en

(b) die aanvanklike grondslag en omvang van die oudit of ondersoek aandui.

(3) Daar word nie vereis dat SAID die kennisgewing gee indien die persoon afstand 45 doen van die reg om die kennisgewing te ontvang nie.

(4) Indien 'n persoon te minste vyf besigheidsdae voor die datum in die kennisgewing bepaal, redelike gronde vir wysiging van die kennisgewing aanvoer, kan SAID die kennisgewing dienooreenkomstig wysig, onderhewig aan voorwaardes wat SAID kan 50 oplê met betrekking tot voorbereidingsmaatreëls vir die oudit of ondersoek.

(5) 'n SAID-amptenaar mag nie kragtens hierdie artikel 'n woonhuis of woonperseel, behalwe enige deel daarvan wat vir bedryfsdoeleindes gebruik word, sonder die toestemming van die bewoner betree nie.

Bystand tydens ter plaatse oudit of strafregtelike ondersoek

49. (1) Die persoon op wie se perseel 'n oudit of strafregtelike ondersoek plaasvind 55 moet die redelike bystand verskaf soos wat deur SAID vereis word ten einde die oudit of ondersoek uit te voer, insluitend om—

- (a) gepaste fasiliteite beskikbaar te stel, in die mate waarin sodanige fasiliteite beskikbaar is;
 - (b) vrae wat met die oudit of ondersoek verband hou, te beantwoord; en
 - (c) tersaaklike materiaal soos vereis, te verskaf.
- (2) Geen persoon mag sonder gegronde rede— 5
- (a) 'n SAID-amptenaar weerhou daarvan om die oudit of ondersoek uit te voer nie; of
 - (b) weier om toegang of bystand te verleen soos kragtens subartikel (1) vereis word nie.
- (3) Die persoon kan, na afhandeling van die oudit (of, op die persoon se versoek, op 'n maandelikse grondslag) die kostes vir die gebruik van fotokopiëringfasiliteite van SAID verhaal in ooreenstemming met die gelde wat in artikel 92(1)(b) van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting voorgeskryf word. 10

Deel C

Ondervragings 15

Magtiging vir ondervraging

- 50.** (1) 'n Regter kan, ingevolge 'n *ex parte* aansoek deur 'n senior SAID-amptenaar 'n bevel uitvaardig ingevolge waarvan 'n persoon in artikel 51(3) beskryf, aangewys word om as voorsittende beampte op te tree by die ondervraging na verwys in hierdie artikel. 20
- (2) 'n Aansoek kragtens subartikel (1) moet ondersteun word deur inligting onder eed of plegtige verklaring verskaf, wat die feite vasstel waarop die aansoek gebaseer is.
- (3) 'n Senior SAID-amptenaar kan 'n persoon magtig om 'n ondervraging vir doeleindes van die administrasie van 'n Belastingwet te doen.

Ondervragingsbevel 25

- 51.** (1) 'n Regter kan die bevel bedoel in artikel 50(2), toestaan indien tevrede dat daar redelike gronde bestaan om te glo dat—
- (a) 'n persoon—
 - (i) versuim het 'n verpligting opgelê kragtens 'n Belastingwet na te kom; of
 - (ii) 'n belastingmisdryf gepleeg het; en 30
 - (b) tersaaklike materiaal waarskynlik openbaar sal word tydens die ondervraging wat bewys kan lewer van die nienakoming of die pleeg van die misdryf.
- (2) Die bevel bedoel in subartikel (1) moet—
- (a) die voorsittende beampte voor wie die ondervraging gehou sal word, aanwys;
 - (b) die persoon bedoel in subartikel (1)(a) identifiseer; 35
 - (c) verwys na die beweerde nienakoming of misdryf waaroor ondervra gaan word;
 - (d) redelik spesifiek wees ten aansien van die omvang van die ondervraging; en
 - (e) aan die voorsittende beampte voorsien word.
- (3) 'n Voorsittende beampte moet 'n persoon wees wat aangestel is op die paneel in artikel 111 beskryf. 40

Ondervragingsverrigtinge

- 52.** (1) Die voorsittende beampte bepaal die verrigtinge van die ondervraging soos wat die voorsittende beampte goeddunk.
- (2) Die voorsittende beampte moet verseker dat die opname van die verrigtinge en bewyse by die ondervragings van so 'n standaard is dat dit sal voldoen aan die standaard wat in 'n geregshof vir verrigtinge en bewys vereis word. 45
- (3) 'n Persoon het die reg om 'n verteenwoordiger teenwoordig te hê wanneer daardie persoon as 'n getuie voor die voorsittende beampte verskyn.

Kennisgewing om te verskyn 50

- 53.** (1) Die voorsittende beampte kan, by skriftelike kennisgewing van 'n persoon, ongeag of die persoon aan belasting onderhewig is al dan nie, vereis om—

- (a) voor die ondervraging te verskyn, op die tyd en plek in die kennisgewing aangewys, ten einde onder eed of plegtige verklaring ondervra te word; en
- (b) enige tersaaklike materiaal in die besit van die persoon te verskaf.
- (2) Indien die kennisgewing die verskaffing van tersaaklike materiaal vereis, is dit voldoende indien in die kennisgewing met redelike noukeurigheid na die tersaaklike materiaal verwys word. 5

Bevoegdhede van voorsittende beampte

54. Die voorsittende beampte het dieselfde bevoegdhede aangaande getuies by die ondervraging as wat vestig in die president van die belastinghof kragtens artikels 127 en 128. 10

Getuiefooie

55. Die voorsittende beampte kan bepaal dat 'n persoon, ten einde 'n ondervraging by te woon, getuiefooie ontvang in ooreenstemming met die tariewe voorgeskryf ingevolge artikel 51*bis* van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944).

Vertroulikheid van verrigtinge 15

56. (1) 'n Ondervraging kragtens hierdie Deel is privaat en vertroulik.
- (2) Die voorsittende beampte kan, op versoek, 'n persoon uitsluit van die ondervraging indien die persoon se teenwoordigheid nadelig is vir die ondervraging.
- (3) Artikel 69 is met die nodige veranderinge van toepassing op persone teenwoordig by die ondervraging van 'n persoon, ingesluit die persoon wat ondervra word. 20
- (4) Behoudens artikel 57(2), kan SAID bewysmateriaal deur 'n persoon onder eed of plegtige verklaring by 'n ondervraging gegee, in daaropvolgende verrigtinge gebruik wat met die persoon of 'n ander persoon verband hou.

Inkriminerende getuienis

57. (1) 'n Persoon mag nie weier om tydens 'n ondervraging 'n vraag te beantwoord 25 op grond daarvan dat dit die persoon kan inkrimineer nie.
- (2) Inkriminerende getuienis kragtens hierdie artikel verkry, is nie toelaatbaar in strafregtelike verrigtinge teen die persoon wat die getuienis aflê nie, tensy die verrigtinge verband hou met—
- (a) die aflê of neem van 'n eed of die aflê of maak van 'n plegtige verklaring; 30
- (b) die gee van vals getuienis of die aflê van 'n vals verklaring; of
- (c) die versuim om vrae regtens aan die persoon gestel volledig en bevredigend te beantwoord.

Ondervraging nie opgeskort weens siviele of strafregtelike verrigtinge

58. Tensy 'n hof andersins beveel, moet 'n ondervraging wat verband hou met 'n 35 persoon bedoel in artikel 51(1)(a) voortgaan ondanks die feit dat 'n siviele of strafregtelike geding hangende is of beoog word teen die persoon of betrekking het op die persoon, 'n getuie of potensiële getuie in die ondervraging, of 'n ander persoon wie se sake in die loop van die ondervraging ondersoek kan word.

Deel D 40

Deursoeking en beslaglegging

Aansoek om lasbrief

59. (1) 'n Senior SAID-amptenaar kan, indien nodig of van pas vir die administrasie van 'n Belastingwet 'n aansoek vir 'n lasbrief magtig waarkragtens SAID 'n perseel mag betree waar tersaaklike materiaal gehou word ten einde die perseel te deursoek en enige 45 persoon teenwoordig op die perseel te deursoek en op tersaaklike materiaal beslag te lê.
- (2) SAID moet *ex parte* by 'n regter aansoek doen vir die lasbrief, welke aansoek ondersteun moet word deur inligting onder eed of plegtige verklaring verskaf, wat die feite waarop die aansoek gebaseer word vasstel.

(3) Ondanks subartikel (2), kan SAID by 'n landdros aansoek doen vir die lasbrief bedoel in subartikel (1) en op die wyse bedoel in subartikel (2) indien die aangeleentheid met 'n audit of ondersoek verband hou waar die geraamde belasting in geskil nie die bedrag bepaal in die kennisgewing kragtens artikel 109(1)(a), oorskry nie.

Uitreik van lasbrief

5

60. (1) 'n Regter of landdros kan die lasbrief bedoel in artikel 59(1) uitreik indien tevrede dat daar redelike gronde bestaan om te glo dat—

- (a) 'n persoon versuim het om 'n verpligting kragtens 'n Belastingwet opgelê, na te kom, of 'n belastingmisdryf gepleeg het; en
- (b) tersaaklike materiaal wat waarskynlik op die perseel in die aansoek vermeld, gevind kan word, bewys kan lewer van die nienakoming of pleeg van die misdryf.

(2) 'n Lasbrief kragtens subartikel (1) uitgereik, moet die volgende bevat:

- (a) die beweerde nienakoming of misdryf wat die grondslag van die aansoek vorm; 15
- (b) die persoon wat na bewering versuim het om te voldoen of die misdryf gepleeg het;
- (c) die perseel wat deursoek gaan word; en
- (d) die feit dat tersaaklike materiaal soos in artikel 1 omskryf waarskynlik op die perseel gevind kan word. 20

(3) Die lasbrief moet uitgevoer word binne 45 besigheidsdae of die verdere tydperk wat 'n regter of landdros nodig ag by die aanvoer van goeie redes.

Uitvoer van deursoeking

61. (1) 'n SAID-amptenaar wat 'n bevoegdheid kragtens 'n lasbrief bedoel in artikel 60 uitoefen, moet die lasbrief toon. 25

(2) Behoudens artikel 63 is 'n persoon geregtig om toegang aan 'n SAID-amptenaar te weier sou die amptenaar versuim om 'n lasbrief te toon.

(3) Die SAID-amptenaar mag—

- (a) in die uitvoering van 'n deursoeking, enigiets wat die amptenaar vermoed tersaaklike materiaal bevat, oopmaak of laat oopmaak of verwyder. 30
- (b) beslag lê op tersaaklike materiaal;
- (c) op 'n rekenaar of stoormeganisme waarop tersaaklike materiaal gestoor word beslag lê en hou vir solank dit nodig is om 'n afskrif van die verlangde materiaal te maak;
- (d) uittreksels of afdrukke maak van tersaaklike materiaal, en 'n verduideliking 35 van tersaaklike materiaal van 'n persoon vereis; en
- (e) indien die perseel in die lasbrief gemeld 'n vaartuig, vliegtuig of voertuig is, dit stop en aan boord die vaartuig, vliegtuig of voertuig gaan, die vaartuig, vliegtuig of voertuig of 'n persoon wat op die vaartuig, vliegtuig of voertuig is deursoek, en die persoon ondervra ten opsigte van 'n aangeleentheid 40 waarmee in 'n Belastingwet gehandel word.

(4) Die SAID-amptenaar moet 'n inventaris opstel van die tersaaklike materiaal op beslag gelê, in die vorm, op die wyse en binne die tyd wat redelik is onder die omstandighede, en 'n afskrif daarvan aan die persoon verskaf.

(5) Die SAID-amptenaar moet die deursoeking met streng inagneming van ordentlikheid en orde uitoefen, en kan 'n persoon deursoek mits die amptenaar van dieselfde geslag is as die persoon wat deursoek word. 35

(6) Die SAID-amptenaar kan te enige tyd sodanige bystand wat die amptenaar redelikerwys nodig ag, van 'n polisiebeampte versoek en die polisiebeampte moet die bystand verleen. 50

(7) Geen persoon mag 'n SAID-amptenaar of 'n polisiebeampte verhinder om die lasbrief uit te voer of sonder redelike verskoning weier om die bystand te verleen wat redelikerwys benodig word in die uitvoering van die lasbrief nie.

(8) Indien die SAID-amptenaar op tersaaklike materiaal beslag lê, moet die amptenaar verseker dat die tersaaklike materiaal waarop beslag gelê is, behou en bewaar word totdat dit nie langer benodig word nie vir— 55

- (a) die ondersoek na die nienakoming of die misdryf kragtens artikel 60(1)(a) beskryf; of

- (b) die afhandeling van enige regsgedinge kragtens 'n Belastingwet of straf-regtelike stappe waarin dit benodig word.

Deursoeking van perseel nie in lasbrief geïdentifiseer

- 62.** (1) Indien 'n senior SAID-amptenaar redelike gronde het om te glo dat—
- (a) die tersaaklike materiaal bedoel in artikel 60(1)(b) en wat by 'n lasbrief ingesluit is, by 'n perseel is wat nie in die lasbrief geïdentifiseer is nie, en dat dit verwyder of vernietig kan word; 5
 - (b) 'n lasbrief nie betyds verkry kan word om die verwydering of vernietiging van die tersaaklike materiaal te verhoed nie; en
 - (c) die vertraging in die verkryging van 'n lasbrief die doel van die deursoeking en beslaglegging sal verydel, 10
- kan 'n SAID-amptenaar die perseel betree en deursoek en die bevoegdheede ingevolge hierdie Deel verleen, uitoefen, asof die perseel in die lasbrief geïdentifiseer was.
- (2) 'n SAID-amptenaar mag nie ingevolge hierdie artikel sonder die toestemming van die bewoner, 'n woonhuis of woonperseel betree nie, behalwe enige deel daarvan wat vir bedryfsdoeleindes gebruik word. 15

Deursoeking sonder lasbrief

- 63.** (1) 'n Senior SAID-amptenaar kan die bevoegdheede bedoel in artikel 61(3) sonder 'n lasbrief uitoefen—
- (a) indien die eenaar of persoon in beheer van die perseel skriftelik daartoe toestem; of 20
 - (b) indien die senior SAID-amptenaar op redelike gronde tevrede is dat—
 - (i) daar 'n dreigende verwydering of vernietiging van tersaaklike materiaal kan wees wat waarskynlik op die perseel gevind sal word;
 - (ii) indien SAID aansoek doen vir 'n deursoekingslasbrief kragtens artikel 59, 'n deursoekingslasbrief uitgereik sal word; en 25
 - (iii) die vertraging in verkryging van 'n lasbrief die doel van die deursoeking en beslaglegging sal verydel.
- (2) 'n SAID-amptenaar moet voor die uitvoering van die deursoeking, die eenaar of persoon in beheer van die perseel in kennis stel— 30
- (a) dat die deursoeking kragtens hierdie artikel plaasvind; en
 - (b) van die beweerde versuim om 'n verpligting kragtens 'n Belastingwet opgelê na te kom of belastingmisdryf wat die grondslag van die deursoeking is.
- (3) Artikel 61(4) tot (9) is op 'n deursoeking kragtens hierdie artikel uitgevoer van toepassing. 35
- (4) 'n SAID-amptenaar mag nie ingevolge hierdie artikel, sonder die toestemming van die bewoner, 'n woonhuis of 'n woonperseel betree nie, behalwe enige deel daarvan wat vir bedryfsdoeleindes gebruik word.

Regsprofessionele privilegie

- 64.** (1) Indien SAID die nodigheid voorsien om tersaaklike materiaal te deursoek en daarop beslag te lê, wat beweer kan word onderhewig te wees aan regsprofessionele privilegie, moet SAID reël dat 'n prokureur van die paneel aangestel kragtens artikel 111, teenwoordig moet wees tydens die uitvoer van die lasbrief. 40
- (2) 'n Prokureur met wie SAID 'n reëling ingevolge subartikel (1) gemaak het, kan 'n plaasvervangerprokureur aanstel om namens die aanstellende prokureur teenwoordig te wees tydens die uitvoer van die lasbrief. 45
- (3) Indien, tydens die uitvoer van 'n deursoeking en beslaglegging deur SAID, 'n persoon die bestaan van regsprofessionele privilegie ten opsigte van tersaaklike materiaal aanvoer en 'n prokureur nie kragtens subartikel (1) of (2) teenwoordig is nie, moet SAID die materiaal verseël, reëlings tref met 'n prokureur van die paneel aangestel ingevolge artikel 111 om ontvangs van die materiaal te neem en so spoedig as rederlikerwys moontlik die materiaal aan die prokureur oorhandig. 50
- (4) 'n Prokureur bedoel in subartikels (1), (2) en (3)—
- (a) word nie geag namens enige van die partye op te tree nie; en
 - (b) moet persoonlik verantwoordelikheid neem— 55
 - (i) in die geval van 'n lasbrief kragtens artikel 60 uitgereik, vir die verwydering van die perseel van tersaaklike materiaal ten opsigte waarvan regsprofessionele privilegie beweer word;

- (ii) in die geval van 'n deursoeking en beslaglegging kragtens artikel 63 uitgevoer, vir die ontvangs van die verseëld inligting; en
- (iii) indien 'n plaasvervangerprokureur ingevolge subartikel (2), vir die lewering van die inligting aan die aanstellende prokureur vir die doeleindes van die maak van 'n beslissing bedoel in subartikel (5). 5

(5) Die prokureur bedoel in subartikel (1) of (3) moet binne 21 besigheidsdae 'n beslissing maak of die privilegie van toepassing is en kan dit doen op die wyse wat die prokureur goedvind, insluitende inagneming van voorleggings deur die partye gemaak.

(6) Indien 'n beslissing of die privilegie van toepassing is al dan nie, nie kragtens subartikel (5) gemaak word nie of indien 'n party nie tevrede is met die beslissing nie, moet die prokureur die tersaaklike materiaal hou, hangende die finale beslegting van die geskil deur die partye of 'n hofbevel. 10

(7) Die prokureur van die paneel kragtens artikel 111 aangestel en enige prokureur wat optree namens die prokureur bedoel in subartikel (1) moet vergoed word op dieselfde wyse asof hy of sy as voorsitter van die belastingraad optree. 15

Reg van persoon om inligting waarop beslag gelê is te ondersoek en afskrifte te maak

65. (1) Die persoon op wie se sake enige tersaaklike materiaal waarop beslag gelê is, betrekking het, kan sodanige materiaal ondersoek en afdrukke maak.

(2) Onderzoek en afdrukke moet gemaak word— 20

(a) op die persoon se koste in ooreenstemming met die fooie voorgeskryf kragtens artikel 92(1)(b) van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting;

(b) gedurende normale besigheidsure; en

(c) onder die toesig deur 'n senior SAID-amptenaar bepaal. 25

Aansoek om teruggawe van tersaaklike materiaal waarop beslag gelê is of betaling van skade

66. (1) 'n Persoon kan SAID versoek om—

(a) sekere of alle materiaal waarop beslag gelê is, terug te gee; en

(b) die koste van fisiese skade veroorsaak tydens die uitvoering van 'n deursoeking en beslaglegging te betaal. 30

(2) Indien SAID die versoek weier, kan die persoon by 'n Hoë Hof aansoek doen vir die teruggawe van die materiaal waarop beslag gelê is of betaling van vergoeding vir fisiese skade veroorsaak tydens die uitvoering van die deursoeking en beslaglegging.

(3) Die hof kan, indien daar goeie redes bestaan, die bevel maak wat dit goeddink. 35

(4) Indien die hof die lasbrief uitgereik ingevolge artikel 60(1) tersydestel of die teruggawe beveel van die materiaal waarop beslag gelê is, kan die hof nogtans SAID magtig om die oorspronklike of 'n afskrif van enige tersaaklike materiaal te behou in die belang van geregtigheid.

HOOFSTUK 6 40

VERTROUOLIKHEID VAN INLIGTING

Algemene verbod op openbaarmaking

67. (1) Hierdie Hoofstuk is van toepassing op—

(a) SAID vertroulike inligting soos bedoel in artikel 68(1); en

(b) belastingpligtige-inligting, wat beteken enige inligting deur 'n belastingpligtige verskaf of deur SAID met betrekking tot die belastingpligtige verkry, ingesluit biometriese inligting. 45

(2) 'n Onderneming onder eed of plegtige verklaring om die vereistes van hierdie Hoofstuk na te kom, moet in die voorgeskrewe vorm voor 'n landdros, 'n vrederegter of kommissaris van ede afgelê word deur— 50

(a) 'n SAID-amptenaar en die Belastingombud voordat daar met pligte begin word of enige bevoegdhede kragtens 'n Belastingwet uitgeoefen word; en

(b) 'n persoon bedoel in artikel 70 wat enige werksaamheid bedoel in daardie artikel verrig, voordat die openbaarmaking in daardie artikel beskryf, gedoen kan word. 55

(3) In die geval van die openbaarmaking van SAID vertroulike inligting of belastingpligtige-inligting strydig met hierdie Hoofstuk, mag die persoon aan wie dit

aldus geopenbaar is, dit nie op enige wyse bekendmaak, publiseer of dit aan enige persoon bekendmaak wat nie 'n SAID-amptenaar is nie.

(4) 'n Persoon wie inligting ingevolge artikel 68, 69, 70 of 71 ontvang, moet die geheimhouding van die inligting bewaar en mag slegs die inligting aan 'n ander persoon openbaar maak indien die openbaarmaking nodig is om die werksaamhede uiteengesit in daardie artikels, te verrig. 5

(5) Die Kommissaris kan, met die doel om die integriteit en reputasie van SAID as 'n organisasie te beskerm en nadat die belastingpligtige ten minste 24 uur kennis gegee is, belastingpligtige-inligting verskaf in die mate nodig om vals aantygings of inligting deur die belastingpligtige, die belastingpligtige se behoorlik gevolmagtigde agent of enige ander persoon wat in opdrag van die belastingpligtige optree en in die media of op enige ander wyse gepubliseer word, teen te spreek of te weerlê. 10

SAID vertroulike inligting en openbaarmaking

68. (1) SAID vertroulike inligting beteken inligting ter sake vir die administrasie van 'n Belastingwet en is— 15

- (a) persoonlike inligting van 'n huidige of voormalige SAID-amptenaar, hetsy oorlede of nie;
 - (b) inligting onderhewig aan regsprofessionele privilegie wat in SAID vestig;
 - (c) inligting wat vertroulik deur 'n derde party aan SAID verskaf is, waarvan die bekendmaking redelijkerwys verwag kan word om die toekomstige verskaffing van soortgelyke inligting, of inligting van dieselfde bron, te benadeel; 20
 - (d) inligting wat verband hou met ondersoek en vervolgings in artikel 39 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting beskryf;
 - (e) inligting wat met die werksaamhede van SAID verband hou, ingesluit 'n mening, advies, verslag, aanbeveling of rekord van 'n konsultasie, bespreking of beraadslaging wat plaasgevind het, indien— 25
 - (i) die inligting verskaf word, verkry of voorberei is deur of vir SAID met die doel om te help met die formulering van 'n beleid of om 'n besluit te neem in die uitoefening van 'n bevoegdheid of uitvoering van 'n plig regtens verleen of opgelê; en 30
 - (ii) redelikerwys verwag kan word dat die openbaarmaking van die inligting die proses van beraadslaging in SAID of tussen SAID en ander staatsorgane sal verydel deur—
 - (aa) die openlike kommunikasie van 'n mening, advies, verslag of aanbeveling of hou van 'n konsultasie, bespreking of beraadslaging, te beperk; of 35
 - (bb) die sukses van 'n beleid of beoogde beleid te verydel deur die voortydige openbaarmaking daarvan;
 - (f) inligting aangaande navorsing wat uitgevoer word of uitgevoer gaan word deur of namens SAID, die openbaarmaking waarvan die uitkoms van die navorsing waarskynlik sal benadeel; 40
 - (g) inligting, die bekendmaking waarvan redelijkerwys verwag kan word die ekonomiese belange of finansiële welstand van die Republiek of die vermoë van die regering sal benadeel om die ekonomie van die Republiek effektief in die beste belang van die Republiek te bestuur, ingesluit 'n beoogde verandering of besluit om 'n belasting of 'n reg, heffing, boete of rente en soortgelyke gelde gehef kragtens 'n Belastingwet of die Doeane- en Aksynswet te verander. 45
 - (h) inligting wat vertroulik deur of namens 'n ander staat of 'n internasionale organisasie aan SAID verskaf is; 50
 - (i) 'n rekenaarprogram, soos omskryf in artikel 1(1) van die Wet op Outeursreg, 1978 (Wet No. 98 van 1978), in SAID se besit; en
 - (j) inligting aangaande die sekuriteit van SAID geboue, eiendom, strukture of stelsels. 55
- (2) 'n Persoon wat 'n huidige of voormalige SAID-amptenaar is—
- (a) mag nie SAID vertroulike inligting aan 'n persoon wat nie 'n SAID-amptenaar is nie, bekend maak nie;
 - (b) mag nie SAID vertroulike inligting bekendmaak aan 'n SAID-amptenaar wat nie magtiging het om toegang tot die inligting te hê nie; en 60

- (c) moet die voorsorgmaatreëls tref, wat deur die Kommissaris vereis kan word ten einde te voorkom dat 'n persoon bedoel in paragraaf (a) of (b) toegang tot die inligting verkry.
- (3) 'n Persoon wat 'n SAID-amptenaar of voormalige SAID-amptenaar is kan SAID vertroulike inligting bekend maak, indien— 5
- (a) die inligting openbare inligting is;
- (b) dit deur die Kommissaris gemagtig is;
- (c) openbaarmaking gemagtig is kragtens enige ander Wet, wat uitdruklik vir die openbaarmaking van die inligting, ondanks die bepalings van hierdie Hoofstuk, voorsiening maak; 10
- (d) toegang vir die openbaarmaking van die inligting ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting verleen is; of
- (e) dit deur 'n bevel van 'n Hoë Hof vereis word.

Geheimhouding van belastingpligtige-inligting en algemene openbaarmaking

69. (1) 'n Persoon wie 'n huidige of voormalige SAID-amptenaar is, moet die geheimhouding van belastingpligtige-inligting bewaar en mag nie belastingpligtige-inligting aan enige persoon wat nie 'n SAID-amptenaar is, openbaar nie. 15
- (2) Subartikel (1) verbied nie die openbaarmaking van belastingpligtige-inligting deur 'n persoon wat 'n huidige of voormalige SAID-amptenaar is—
- (a) vir doeleindes van die uitvoering van pligte kragtens 'n Belastingwet, 20
ingesluit—
- (i) aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens of die Nasionale Vervolgingsgesag, indien die inligting verband hou met, of wesenlike inligting uitmaak vir die bewys van, 'n belastingmisdryf;
- (ii) as 'n getuie in siviele of strafregtelike gedinge kragtens 'n Belastingwet; 25
of
- (iii) die belastingpligtige-inligting nodig om 'n persoon in staat te stel om die inligting te verskaf as wat deur SAID van daardie persoon vereis word;
- (b) ingevolge enige ander Wet wat uitdruklik vir die openbaarmaking van die inligting voorsiening maak ondanks die bepalings van hierdie Hoofstuk; 30
- (c) ingevolge 'n bevel van 'n Hoë Hof; of
- (d) indien die inligting openbare inligting is.
- (3) 'n Aansoek by die Hoë Hof vir die bevel bedoel in subartikel (2)(c) vereis vooraf kennisgewing aan SAID van ten minste 15 besigheidsdae tensy die hof, op grond van dringendheid, 'n korter tydperk toelaat. 35
- (4) SAID kan die aansoek teenstaan op die grondslag dat die openbaarmaking die betrokke belastingpligtige ernstig kan benadeel of 'n siviele of strafregtelike belastingondersoek deur SAID kan belemmer.
- (5) Die Hof mag nie die bevel toestaan nie tensy die Hof tevrede is dat die volgende omstandighede geld: 40
- (a) die inligting kan nêrens anders verkry word nie;
- (b) die primêre meganismes vir die verkryging van bewyse kragtens 'n Wet of hofreël sal geen resultate oplewer nie of sal teleurstellende resultate oplewer of het sodanige resultate opgelewer;
- (c) die inligting sentraal is tot die saak; en 45
- (d) die inligting nie biometriese inligting is nie.
- (6) Subartikel (1) verhoed nie die openbaarmaking van inligting—
- (a) aan die belastingpligtige nie; of
- (b) aan 'n ander persoon, met die skriftelike toestemming van die belastingpligtige nie. 50
- (7) Biometriese inligting van 'n belastingpligtige mag nie deur SAID openbaar gemaak word nie, behalwe in die omstandighede in subartikel (2)(a)(i) beskryf.
- (8) Die Kommissaris kan, ondanks die bepalings van hierdie artikel—
- (a) die naam en belastingpligtige-verwysingsnommer van 'n belastingpligtige; en
- (b) 'n lys van goedgekeurde openbare weldaadsorganisasies vir die doeleindes 55
van die bepalings van artikels 18A en 30 van die Inkomstebelastingwet,
publiseer.

Openbaarmaking aan ander entiteite

- 70.** (1) 'n Senior SAID-amptenaar kan aan die Direkteur-generaal van die Nasionale Tesourie belastingpligtige-inligting of SAID vertroulike inligting verskaf ten opsigte van—
- (a) 'n belastingpligtige wat 'n— 5
 - (i) instelling bedoel in artikel 3(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), is; of
 - (ii) 'n entiteit bedoel in artikel 3 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003), is, 10

in die mate wat dit nodig is vir die Direkteur-generaal om die werksaamhede te verrig en bevoegdhede uit te oefen van die Nasionale Tesourie, kragtens daardie Wette; en
 - (b) 'n klas belastingpligtiges in die mate waarin dit vir doeleindes van die opstel van belastingbeleid of in beraming van belastinginkomste benodig word.
- (2) 'n Senior SAID-amptenaar kan openbaar maak aan— 15
- (a) die Statistikus-generaal die belastingpligtige-inligting wat benodig mag word vir die doeleindes van die uitvoering van die Statistikus-generaal se pligte om statistieke in 'n naamlose vorm te publiseer;
 - (b) die voorsitter van die Raad wat die Nasionale Skema vir Finansiële Bystand vir Studente administreer, die naam en adres van die werkgewer van 'n 20

persoon aan wie 'n lening of beurs kragtens daardie skema toegeken is, vir gebruik in die uitvoering van die voorsitter se werksaamhede kragtens die Wet op Nasionale Skema vir Finansiële Bystand vir Studente, 1999 (Wet No. 56 van 1999);
 - (c) 'n Kommissie van Onderzoek deur die President van die Republiek van 25

Suid-Afrika kragtens 'n wet van die Republiek ingestel, die inligting waartoe die Kommissie regtens gemagtig word tot toegang; en
 - (d) aan 'n werkgewer (soos in die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet 30

omskryf) van 'n werknemer (soos in die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet omskryf), maar slegs die inkomstebelasting-verwysingsnommer, identiteitsnommer, fisiese- of posadres van daardie werknemer en enige ander nie-finansiële inligting met betrekking tot daardie werknemer wat deur die werkgewer benodig word om sy verpligtinge ingevolge 'n Belastingwet na te kom;
- (3) 'n Senior SAID-amptenaar kan openbaar maak aan— 35
- (a) die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank of enige ander persoon 40

aan wie bevoegdhede, werksaamhede en pligte deur die Minister gedelegeer is kragtens die Deviesebeheerregulasies, 1961, uitgereik ingevolge artikel 9 van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, 1933 (Wet No. 9 van 1933), die inligting wat nodig is om 'n bevoegdheid uit te oefen, 'n werksaamheid te verrig of 'n plig uit te voer kragtens die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1989 (Wet No. 90 van 1989), of daardie Regulasies;
 - (b) die Raad op Finansiële Dienste, die inligting wat benodig word vir doeleindes 45

van die uitvoering van die Raad se pligte en verrigting van sy werksaamhede kragtens die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, 1990 (Wet No. 97 van 1990);
 - (c) die Finansiële Intelligensiesentrum, die inligting wat benodig word vir 50

doeleindes van die uitvoering van die Sentrum se pligte en verrigting van sy werksaamhede kragtens die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 (Wet No. 38 van 2001); en
 - (d) die “National Credit Regulator”, die inligting wat benodig word vir die 55

doeleindes van die uitvoering van die “Regulator” se pligte en verrigting van sy werksaamhede kragtens die “National Credit Act”, 2005 (Wet No. 34 van 2005).
- (4) 'n Senior SAID-amptenaar kan aan 'n staatsorgaan of instelling gelys in 'n 55

regulasie deur die Minister kragtens artikel 257 uitgevaardig, inligting openbaar maak waartoe die staatsorgaan of instelling andersins regtens geregtig is en slegs met die oog daarop om die korrektheid van die volgende besonderhede van 'n belastingpligtige te bevestig:

 - (a) naam en belastingpligtige-verwysingsnommer; 60
 - (b) enige identifiserende nommer;
 - (c) fisiese en posadres en ander kontakbesonderhede;

- (d) werkgewer se naam, adres en kontakbesonderhede; en
- (e) ander nie-finansiële inligting wat die staatsorgaan of instelling benodig vir die doeleindes van bevestiging van paragrawe (a) tot (d).
- (5) Die inligting kragtens subartikel (2) of (3) geopenbaar, mag slegs deur SAID of die persone of instellings in subartikel (2) of (3) openbaar word tot die mate wat dit— 5
- (a) nodig is vir die doeleindes van die uitoefening van 'n bevoegdheid of uitvoering van 'n voorgeskrewe werksaamheid of plig kragtens die wetgewing bedoel in subartikel (2) of (3); en
- (b) tersaaklik en eweredig is tot wat die openbaarmaking bedoel is om te bereik soos kragtens die wetgewing bepaal. 10
- (6) SAID moet die Ouditeur-generaal toegang tot inligting in die besit van SAID toelaat wat met die uitvoering van die Ouditeur-generaal se pligte kragtens artikel 4 van die Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004) verband hou.
- (7) Ondanks subartikels (1) tot (5), mag 'n senior SAID-amptenaar nie inligting kragtens hierdie artikel openbaarmaak indien tevrede dat die openbaarmaking 'n siviele of strafregtelike belastingondersoek ernstig sal belemmer nie. 15

Openbaarmaking in strafregtelike, openbare veiligheids- of omgewingsaangeleenthede

- 71.** (1) Indien aldus bevel deur 'n regter kragtens hierdie artikel, moet 'n senior SAID-amptenaar die inligting in subartikel (2) beskryf openbaarmaak aan— 20
- (a) die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens bedoel in artikel 6(1) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995); of
- (b) die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings bedoel in artikel 5(2)(a) van die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag, 1998 (Wet No. 32 van 1998). 25
- (2) Subartikel (1) is van toepassing op inligting wat bewyse kan openbaar—
- (a) dat 'n misdryf (anders as 'n belastingmisdryf) gepleeg is of gepleeg kan word ten opsigte waarvan 'n hof 'n vonnis van gevangenisstraf van langer as vyf jaar kan oplê;
- (b) wat tersaaklik mag wees by die ondersoek of vervolging van die misdryf; of 30
- (c) van 'n dreigende en ernstige openbare veiligheids- of omgewingsrisiko.
- (3) 'n Senior SAID-amptenaar kan, indien van mening dat—
- (a) SAID inligting bedoel in subartikel (2) besit;
- (b) die inligting waarskynlik deurslaggewend sal wees met betrekking tot die vervolging van die misdryf of die vermyding van die risiko; en 35
- (c) die openbaarmaking van die inligting nie 'n siviele of strafregtelike belastingondersoek ernstig sal benadeel nie,
- 'n *ex parte* aansoek tot 'n regter in kamers bring vir 'n bevel om SAID te magtig om die inligting kragtens subartikel (1) te openbaar.
- (4) Die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings of 'n persoon wat onder hulle onderskeidelike leiding en beheer optree, kan indien— 40
- (a) 'n ondersoek wat verband hou met 'n misdryf of 'n openbare veiligheids- of omgewingsrisiko bedoel in subartikel (2) uitgevoer word; en
- (b) van mening dat SAID inligting mag hê wat tersaaklik tot daardie ondersoek is, 'n *ex parte* aansoek tot 'n regter in kamers bring vir 'n bevel om aan SAID te vereis om die inligting bedoel in subartikel (2) te openbaar. 45
- (5) SAID moet vooraf kennisgewing van 'n aansoek kragtens subartikel (4) van ten minste 10 besigheidsdae kry tensy die regter, gegrond op dringendheid, 'n korter tydperk toelaat en SAID kan die aansoek teenstaan op die grondslag dat die openbaarmaking 'n siviele of 'n strafregtelike belastingondersoek of ander afdwinging van 'n Belastingwet deur SAID, ernstig sal belemmer of benadeel. 50

Selfinkriminerings

- 72.** (1) 'n Belastingpligtige mag nie weier om sy of haar verpligtinge ingevolge wetgewing om 'n opgawe of aansoek te voltooi en in te dien na te kom nie op die grondslag dat deur dit te doen hy of sy geïnkrimineer kan word, en 'n erkenning deur die belastingpligtige bevat in 'n opgawe, aansoek, of enige ander dokument deur 'n belastingpligtige aan SAID verskaf, is toelaatbaar in strafregtelike gedinge teen die belastingpligtige vir 'n misdryf kragtens 'n Belastingwet, tensy 'n bevoegde hof andersins bepaal. 55 60

(2) 'n Erkenning deur die belastingpligtige van die pleeg van 'n misdryf kragtens 'n Belastingwet, verkry van 'n belastingpligtige kragtens Hoofstuk 5, is nie toelaatbaar in strafregtelike gedinge teen die belastingpligtige nie, tensy 'n bevoegde hof andersins bepaal.

Openbaarmaking aan belastingpligtige van eie rekord 5

73. (1) 'n Belastingpligtige of die belastingpligtige se behoorlik gevolgmagtigde verteenwoordiger is geregtig om—

(a) 'n afskrif, deur SAID gesertifiseer, van die aangetekende besonderhede van 'n aanslag of beslissing na verwys in artikel 104(2) met betrekking tot die belastingpligtige; 10

(b) toegang tot inligting deur die belastingpligtige of deur 'n persoon namens die belastingpligtige aan SAID verskaf; en

(c) ander inligting wat met die belastingssake van die belastingpligtige verband hou,

te verkry. 15

(2) 'n Versoek om inligting kragtens subartikel (1)(c) moet kragtens die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting gemaak word.

(3) Daar kan van 'n persoon wat inligting kragtens subartikel (1)(c) versoek vereis word om te betaal vir die koste van afskrifte, ooreenkomstig die gelde voorgeskryf in artikel 92(1)(b) van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting. 20

Publikasie van name van oortreders

74. (1) Die Kommissaris kan vir algemene inligting die besonderhede in subartikel (2) vermeld, wat betrekking het op 'n belastingmisdryf deur 'n persoon gepleeg, publiseer indien—

(a) die persoon aan die misdryf skuldig bevind is; en 25

(b) alle appèl- of hersieningsverrigtinge met betrekking tot die misdryf afgehandel is of nie binne die tydperk daarvoor toegelaat, ingestel is nie.

(2) Die publikasie bedoel in subartikel (1) kan—

(a) die naam van die oortreder en gebied waarin die oortreder woonagtig is;

(b) die besonderhede van die misdryf wat die Kommissaris goetvind; en 30

(c) die besonderhede van die boete of vonnis opgelê, vermeld.

HOOFSTUK 7

VOORAFBESLISSINGS

Woordoms krywing 35

75. In hierdie Hoofstuk, tensy uit die konteks andersins blyk, en indien in enkel aanhalingstekens, beteken:

'aansoek' 'n aansoek om 'n 'bindende privaatbeslissing' of 'n 'bindende klasbeslissing';

'aansoeker' 'n persoon wat om 'n 'bindende privaatbeslissing' of 'n 'bindende klasbeslissing' aansoek doen; 40

'bindende algemene beslissing' 'n skriftelike verklaring uitgereik kragtens artikel 89 deur 'n senior SAID-amptenaar, aangaande die vertolking van 'n Belastingwet of die toepassing van 'n Belastingwet op die vermelde feite en omstandighede;

'bindende effek' die vereiste dat SAID die toepaslike Belastingwet ooreenkomstig 'n 'voorafbeslissing' kragtens artikel 82, vertolk of toepas; 45

'bindende klasbeslissing' 'n skriftelike verklaring deur SAID uitgereik aangaande die toepassing van 'n Belastingwet op 'n spesifieke 'klas' van persone ten opsigte van 'n 'voorgestelde transaksie';

'bindende privaatbeslissing' 'n skriftelike verklaring deur SAID uitgereik aangaande die toepassing van 'n Belastingwet op een of meer partye tot 'n 'voorgestelde transaksie', ten opsigte van die 'transaksie'; 50

'klas'—

(a) aandeelhouders, lede, begunstigdes of soortgelyke persone ten opsigte van 'n maatskappy, vereniging, pensioenfonds, trust, of iets soortgelyks; of 55

(b) 'n groep persone, wat nie verwant hoef te wees nie—

- (i) soortgelyk beïnvloed word deur die toepassing van 'n Belastingwet op 'n 'voorgestelde transaksie'; en
 - (ii) toestem om deur 'n 'aansoeker' verteenwoordig te word;
- 'lid van 'n klas'** en **'lede van 'n klas'** 'n lid of lede van die 'klas' waarop 'n 'bindende klasbeslissing' van toepassing is; 5
- 'nie-bindende privaatmening'** informele leiding deur SAID uitgereik ten opsigte van die belastinghantering van 'n spesifieke stel feite en omstandighede of 'transaksie', maar wat nie 'n 'bindende effek' het soos in artikel 88 bedoel nie;
- 'transaksie'** enige transaksie, handel, besigheid, reëling, handeling of skema en sluit 'n reeks van transaksies in; 10
- 'voorafbeslissing'** 'n 'bindende algemene beslissing', 'n 'bindende privaatbeslissing' of 'n 'bindende klasbeslissing'; en
- 'voorgestelde transaksie'** 'n 'transaksie' wat 'n 'aansoeker' van voornemens is om aan te gaan, maar nog nie ooreengekom het om aan te gaan nie, anders as by wyse van 'n ooreenkoms wat onderhewig is aan 'n opskortende voorwaarde of anders nie afdwingbaar is nie. 15

Doel van voorafbeslissings

76. Die doel van die 'voorafbeslissing'-stelsel is om duidelikheid, eenvormigheid en sekerheid met betrekking tot die vertolking en toepassing van 'n Belastingwet te bevorder, deur 'n raamwerk vir die uitreik van 'voorafbeslissings' te vestig. 20

Omvang van voorafbeslissings

77. SAID kan 'n 'voorafbeslissing' ten opsigte van enige bepaling van 'n Belastingwet maak.

Privaatbeslissings en klasbeslissings

78. (1) SAID kan by 'aansoek' deur 'n persoon ingevolge artikel 79, 'n 'bindende privaatbeslissing' uitreik. 25

(2) SAID kan by 'aansoek' deur 'n persoon ingevolge artikel 79, 'n 'bindende klasbeslissing' uitreik.

(3) SAID kan 'n 'bindende privaatbeslissing' of 'bindende klasbeslissing' uitreik onderhewig aan die voorwaardes en veronderstellings wat in die beslissing voorgeskryf mag word. 30

(4) SAID moet die beslissing aan die 'aansoeker' uitreik by die adres soos aangedui in die 'aansoek' tensy die 'aansoeker' skriftelik ander instruksies gee, alvorens die beslissing uitgereik word.

(5) 'n 'Bindende privaatbeslissing' of 'bindende klasbeslissing' kan in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse uitgereik word, moet deur 'n senior SAID-amptenaar geteken word en moet die volgende bevat: 35

- (a) 'n verklaring wat aantoon dat dit is 'n 'bindende privaatbeslissing' of 'n 'bindende klasbeslissing' is wat kragtens hierdie artikel uitgereik word;
- (b) die naam, belastingverwysingsnommer (indien van toepassing) en posadres van die 'aansoeker'; 40
- (c) in die geval van 'n 'bindende klasbeslissing', 'n lys of 'n beskrywing van die 'lede van 'n klas' wat geraak word;
- (d) die tersaaklike wetlike bepalings of regsaspekte;
- (e) 'n beskrywing van die 'voorgestelde transaksie'; 45
- (f) enige veronderstellings gemaak of voorwaardes deur SAID opgelê met betrekking tot die geldigheid van die beslissing;
- (g) die spesifieke beslissing gemaak; en
- (h) die tydperk waartydens die beslissing geldig is.

(6) In die geval van 'n 'bindende klasbeslissing' is die 'aansoeker' alleen verantwoordelik om die 'lede van 'n klas' wat geraak word in te lig oor die 'aansoek' vir die beslissing, die uitreik, terugtrekking of wysiging van die beslissing, of enige ander inligting of aangeleentheid wat op die beslissing betrekking het. 50

Aansoeke om voorafbeslissings

79. (1) 'n 'Aansoek' moet in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse gemaak word.
- (2) 'n 'Aansoek' om 'n 'bindende privaatbeslissing' kan deur een persoon wat 'n party tot 'n 'voorgestelde transaksie' is, of deur twee of meer partye tot 'n 'voorgestelde transaksie' as mede-aansoekers, gemaak word, en indien daar meer as een 'aansoeker' is, moet elke 'aansoeker' gesamentlik een 'aansoeker' as die hoofaansoeker aanwys, om die ander te verteenwoordig. 5
- (3) 'n 'Aansoek' om 'n 'bindende klasbeslissing' kan deur 'n persoon namens 'n 'klas' gemaak word. 10
- (4) 'n 'Aansoek' moet die volgende minimum inligting bevat:
- (a) die 'aansoeker' se naam, toepaslike identifikasie of belastingverwysingsnommer, posadres, e-posadres en telefoonnommer;
 - (b) die naam, posadres, e-posadres en telefoonnommer van die 'aansoeker' se verteenwoordiger, indien enige; 15
 - (c) 'n volledige beskrywing van die 'voorgestelde transaksie' ten opsigte waarvan die beslissing verlang word, ingesluit die finansiële implikasies daarvan;
 - (d) 'n volledige beskrywing van die impak wat die 'voorgestelde transaksie' op die belastingaanspreeklikheid van die 'aansoeker' of enige 'lid van 'n klas' kan hê of, indien van toepassing, enige verbonde persoon met betrekking tot die 'aansoeker' of enige 'lid van 'n klas'; 20
 - (e) 'n volledige beskrywing van enige 'transaksie' aangegaan deur die 'aansoeker' of 'lid van 'n klas' voor die 'aansoek' ingedien is of wat onderneem kan word nadat die 'voorgestelde transaksie' afgehandel is wat 'n invloed op die belastinggevolge van die 'voorgestelde transaksie' kan hê of wat beskou kan word deel te wees van 'n reeks 'transaksies' wat die 'voorgestelde transaksie' insluit; 25
 - (f) die voorgestelde beslissing wat verlang word, ingesluit 'n konsep van die beslissing;
 - (g) die tersaaklike statutêre bepalings of regsaspekte; 30
 - (h) die redes waarom die 'aansoeker' glo dat die voorgestelde beslissing toegestaan moet word;
 - (i) 'n verklaring van die 'aansoeker' se vertolking van die tersaaklike statutêre bepalings of regsaspekte, sowel as 'n ontleding van tersaaklike gesag hetsy deur die 'aansoeker' oorweeg of waarvan die 'aansoeker' bewus is, of daardie gesag die voorgestelde beslissing wat versoek word ondersteun of in stryd is daarmee; 35
 - (j) 'n verklaring na die beste van die 'aansoeker' se kennis, of die aangevraagde beslissing in artikel 80 bedoel word;
 - (k) 'n beskrywing van die inligting wat die 'aansoeker' glo uit die finale beslissing weggelaat moet word voor publikasie ten einde die 'aansoeker' of 'lede van 'n klas' se vertroulikheid te beskerm; 40
 - (l) die 'aansoeker' se toestemming tot die publikasie van die beslissing deur SAID ooreenkomstig artikel 87; en
 - (m) in die geval van 'n 'aansoek' om 'n 'bindende klasbeslissing'— 45
 - (i) 'n beskrywing van die 'lede van 'n klas'; en
 - (ii) die impak wat die 'voorgestelde transaksie' op die belastingaanspreeklikheid van die 'lede van 'n klas' kan hê, of indien van toepassing, enige verbonde persoon met betrekking tot die 'aansoeker' of enige 'lid van 'n klas'. 50
- (5) SAID kan op enige tydstip verdere inligting van 'n 'aansoeker' versoek.
- (6) 'n 'Aansoek' moet vergesel wees van die aansoekfooi voorgeskryf kragtens artikel 81.
- (7) SAID moet 'n 'aansoeker' van 'n redelike geleentheid voorsien om voorleggings te maak indien, gebaseer op die 'aansoek' en enige verdere inligting ontvang, dit blyk dat die inhoud van die beslissing wat gemaak staan te word wesenlik sal verskil van die voorgestelde beslissing deur die 'aansoeker' verlang. 55
- (8) 'n 'Aansoeker' kan 'n 'aansoek' om 'n beslissing te enige tyd terugtrek.
- (9) 'n Mede-aansoeker tot 'n 'bindende privaatbeslissing' bedoel in subartikel (2) kan te enige tyd aan 'n 'aansoek' onttrek. 60
- (10) 'n Terugtrekking raak nie die verpligting om fooie kragtens artikel 81 te betaal nie.

Verwerping van aansoek om voorafbeslissing

- 80.** (1) SAID kan 'n 'aansoek' om 'n 'voorafbeslissing' verwerp indien die 'aansoek'—
- (a) die uitspraak van 'n mening, afleiding of vasstelling versoek of vereis rakende— 5
 - (i) die markwaarde van 'n bate;
 - (ii) die toepassing of vertolking van die wette van 'n ander land;
 - (iii) die prysvasstelling van goedere of dienste aan 'n verbonde persoon met betrekking tot die 'aansoeker' of 'n lid van 'n klas' voorsien of gelewer;
 - (iv) die grondwetlikheid van 'n Belastingwet; 10
 - (v) 'n 'voorgestelde transaksie' wat hipoteties is of nie ernstig oorweeg word nie;
 - (vi) 'n aangeleentheid wat deur SAID opgelos kan word deur 'n aanwysing kragtens die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet uit te reik;
 - (vii) of 'n persoon 'n onafhanklike kontrakteur, arbeidsmakelaar of persoonlike diensverskaffer is; of 15
 - (viii) 'n aangeleentheid wat vir akademiese redes ingedien is;
 - (b) handel met—
 - (i) 'n beuselagtige of kwelsugtige aangeleentheid;
 - (ii) alternatiewe handelwyses deur die 'aansoeker' of 'n 'lid van 'n klas' wat nie ernstig oorweeg word nie; 20
 - (iii) 'n aangeleentheid wat dieselfde is as of wesenlik soortgelyk is aan 'n aangeleentheid wat—
 - (aa) tans voor SAID is met betrekking tot 'n oudit, ondersoek of ander verrigting waarby die 'aansoeker' of 'n 'lid van 'n klas' of 'n verbonde persoon met betrekking tot die 'aansoeker' of 'n 'lid van 'n klas' betrokke is; 25
 - (bb) die onderwerp is van 'n beleidsdokument of konsepwetgewing wat gepubliseer is; of
 - (cc) onderhewig is aan geskilbeslegting kragtens Hoofstuk 9; 30
 - (c) die toepassing of vertolking van 'n algemene of spesifieke teenvermydingsbepaling of -leerstelling behels.
 - (d) 'n aangeleentheid behels—
 - (i) wat van 'n feitelike aard is;
 - (ii) waarvan die oplossing sou afhang van die veronderstellings wat gemaak moet word met betrekking tot 'n toekomstige gebeurtenis of ander aangeleenthede wat nie redelikerwys op die tydstip van die 'aansoek' bepaal kan word nie; 35
 - (iii) wat meer toepaslik hanteer kan word deur die bevoegde gesag van die partye tot 'n ooreenkoms vir die vermyding van dubbelbelasting; 40
 - (iv) waar die belastinghantering van die 'aansoeker' afhanklik is van die belastinghantering van 'n ander party tot die 'voorgestelde transaksie' wie nie vir 'n beslissing aansoek gedoen het nie;
 - (v) ten opsigte van 'n 'transaksie' wat deel is van 'n ander 'transaksie' wat betrekking het op die aangeleentheid, waarvan die besonderhede nie geopenbaar is nie; of 45
 - (vi) wat dieselfde of wesenlik soortgelyk is aan 'n aangeleentheid waaroor die 'aansoeker' reeds 'n ongunstige beslissing ontvang het;
 - (e) 'n aangeleentheid behels waarvan die oplossing uitermatig tydrawend of hulpbron intensief sou wees; of 50
 - (f) SAID versoek om te beslis oor die wese van 'n 'transaksie' en die vorm daarvan te verontagsaam.
- (2) Die Kommissaris kan by wyse van openbare kennisgewing 'n lys van verdere oorwegings publiseer ten opsigte waarvan die Kommissaris 'n 'aansoek' kan afkeur.
- (3) Indien SAID verdere inligting ten opsigte van 'n 'aansoek' versoek en die 'aansoeker' versuim of weier om die inligting te verskaf, kan SAID die 'aansoek' afkeur sonder 'n terugbetaling of korting van enige fooie kragtens artikel 81 gehef. 55

Foie vir voorafbeslissings

- 81.** (1) Ten einde die koste van die ‘voorafbeslissings’-stelsel te dek, kan die Kommissaris, by wyse van openbare kennisgewing, foie voorskryf vir die uitreik van ’n ‘bindende privaatbeslissing’ of ‘bindende klasbeslissing’, insluitend—
- (a) ’n aansoekfooi; en 5
 - (b) ’n kosteverhalingsfooi.
- (2) Na aanvaarding van ’n ‘aansoek’, moet SAID, indien versoek, die ‘aansoeker’ van ’n beraming van die verwagte kosteverhalingsfooi met betrekking tot die ‘aansoek’ voorsien en moet die ‘aansoeker’ in kennis stel indien dit daarna blyk dat die beraming oorskry sal word. 10
- (3) Die foie kragtens hierdie artikel gehê maak foie uit wat deur SAID opgelê word ooreenkomstig artikel 5(1)(h) van die SAID-Wet, en maak deel uit van fondse van SAID ooreenkomstig artikel 24 van daardie Wet.
- (4) Indien daar meer as een ‘aansoeker’ vir ’n beslissing ten opsigte van ’n ‘voorgestelde transaksie’ is, kan SAID, indien deur die ‘aansoekers’ versoek, ’n enkele voorgeskrewe fooi ten opsigte van die ‘aansoek’ hef. 15

Bindende effek van voorafbeslissings

- 82.** (1) Indien ’n ‘voorafbeslissing’ ooreenkomstig artikel 83 op ’n persoon van toepassing is, moet SAID die toepaslike Belastingwet op daardie persoon vertolk of toepas ooreenkomstig die beslissing. 20
- (2) ’n ‘Voorafbeslissing’ het nie ‘bindende effek’ op SAID ten opsigte van ’n persoon nie tensy dit op die persoon van toepassing is ooreenkomstig artikel 83.
- (3) ’n ‘Bindende algemene beslissing’ kan deur SAID of ’n persoon in enige verrigtinge, ingesluit hofverrigtinge, aangehaal word.
- (4) ’n ‘Bindende privaatbeslissing’ of ‘bindende klasbeslissing’ mag nie aangehaal word in enige verrigting nie, ingesluit hofverrigtinge, andersins as ’n verrigting wat met ’n ‘aansoeker’ of ’n ‘lid van ’n klas’, na gelang van die geval, verband hou. 25
- (5) ’n Publikasie of ander skriftelike verklaring deur SAID uitgereik het nie ‘bindende effek’ nie, tensy dit ’n ‘voorafbeslissing’ is.

Toepassing van voorafbeslissings

- 83.** ’n ‘Bindende privaatbeslissing’ of ‘bindende klasbeslissing’ is slegs van toepassing op ’n persoon indien—
- (a) die betrokke bepaling of bepalings van die Wet die onderwerp van die ‘voorafbeslissing’ is;
 - (b) die stel feite of die ‘transaksie’ van die persoon dieselfde is as die bepaalde stel feite of ‘transaksie’ wat in die beslissing vermeld word; 35
 - (c) die persoon se stel feite of ‘transaksie’ in geheel binne die effektiewe tydperk van die beslissing val;
 - (d) enige veronderstellings gemaak of voorwaardes opgelê deur SAID met betrekking tot die geldigheid van die beslissing nagekom of uitgevoer is; 40
 - (e) in die geval van ’n ‘bindende privaatbeslissing’, die persoon ’n ‘aansoeker’ geïdentifiseer in die beslissing is; en
 - (f) in die geval van ’n ‘bindende klasbeslissing’, die persoon ’n ‘lid van ’n klas’ geïdentifiseer in die beslissing is.

Beslissings nietig gemaak

- 84.** (1) ’n ‘Bindende privaatbeslissing’ of ‘bindende klasbeslissing’ is *ab initio* nietig indien—
- (a) die ‘voorgestelde transaksie’ in die beslissing beskryf wesenlik verskil van die ‘transaksie’ werklik uitgevoer;
 - (b) daar bedrog, wanvoorstelling of nie-openbaring van ’n wesenlike feit is; of 50
 - (c) ’n veronderstelling of voorwaarde vereis deur SAID nie aan voldoen of uitgevoer is nie.
- (2) By die toepassing van hierdie artikel word ’n feit beskryf in subartikel (1) geag wesenlik te wees indien dit tot ’n verskillende beslissing sou gelei het as SAID daarvan bewus was toe die oorspronklike beslissing gegee is. 55

Latere veranderinge in belastingreg

- 85.** (1) Ondanks enige bepaling tot die teendeel bevat in 'n Belastingwet, is 'n 'voorafbeslissing' nie langer van krag nie indien—
- (a) 'n bepaling van die Belastingwet wat die onderwerp van die 'voorafbeslissing' was, herroep of op 'n manier gewysig word wat die 'voorafbeslissing' wesenlik raak, in welke geval die 'voorafbeslissing' ophou om van krag te wees vanaf die datum waarop die herroeping of wysiging in werking tree; of
 - (b) 'n hof 'n vertolking van die Belastingwet waarop die 'voorafbeslissing' gebaseer is, omkeer of wysig, in welke geval die 'voorafbeslissing' ophou om van krag te wees vanaf die datum van die uitspraak, tensy—
 - (i) die uitspraak onder appèl is;
 - (ii) die uitspraak feite-spesifiek is en die algemene vertolking waarop die 'voorafbeslissing' gebaseer is, onaangeraak bly; of
 - (iii) die verwysing na die vertolking waarop die 'voorafbeslissing' gebaseer, *obiter dicta* was.
- (2) 'n 'Voorafbeslissing' hou op om van krag te wees wanneer enige van die omstandighede in subartikel (1) beskryf voorkom, ongeag of SAID 'n kennisgewing van terugtrekking of wysiging publiseer al dan nie.

Terugtrekking of wysiging van voorafbeslissings 20

- 86.** (1) SAID kan 'n 'voorafbeslissing' op enige tydstip terugtrek of wysig.
- (2) Indien die 'voorafbeslissing' 'n 'bindende privaatbeslissing' of 'bindende klasbeslissing' is, moet SAID eers aan die 'aansoeker' kennis gee van die voorgestelde terugtrekking of wysiging en 'n redelike geleentheid gee om teen die besluit beswaar aan te teken.
- (3) SAID moet die datum waarop die besluit om die 'voorafbeslissing' terug te trek of te wysig in werking tree aandui, welke datum nie vroeër mag wees as—
- (a) die datum waarop die besluit aan die 'aansoeker' gelewer word, tensy die omstandighede in subartikel (4) van toepassing is; of
 - (b) in die geval van 'n 'bindende algemene beslissing', die datum waarop die beslissing gepubliseer word.
- (4) SAID kan 'n 'bindende privaatbeslissing' of 'n 'bindende klasbeslissing' terugwerkend terugtrek of wysig indien die beslissing verkeerdelik gemaak is en indien—
- (a) die 'aansoeker' of 'lid van 'n klas' nog nie met die 'voorgestelde transaksie' begin het nie of nog nie noemenswaardige kostes ten opsigte van die transaksie aangegaan het nie;
 - (b) 'n persoon anders as die 'aansoeker' of 'lid van 'n klas' aansienlike belastingnadeel sal ervaar indien die beslissing nie terugwerkend teruggetrek of gewysig word nie en die 'aansoeker' in vergelyking minder sal ly indien die beslissing met terugwerkende krag teruggetrek of gewysig word; of
 - (c) die uitwerking van die beslissing die Suid-Afrikaanse belastingbasis wesenlik sal erodeer en dit in die openbare belang is om die beslissing terugwerkend terug te trek of te wysig.

Publikasie van voorafbeslissings 45

- 87.** (1) 'n Persoon wat vir 'n 'bindende privaatbeslissing' of 'bindende klasbeslissing' aansoek doen moet toestem tot die publikasie van die beslissing ooreenkomstig hierdie artikel.
- (2) 'n 'Bindende privaatbeslissing' of 'bindende klasbeslissing' moet deur SAID vir algemene inligting gepubliseer word op die wyse en in die vorm wat die Kommissaris voorskryf, maar wat nie die identiteit openbaar van 'n 'aansoeker' of 'lid van 'n klas' of ander persoon in die beslissing geïdentifiseer of bedoel nie.
- (3) Voor publikasie moet SAID die 'aansoeker' van 'n konsepaafskrif van die gewysigde beslissing voorsien vir oorweging en kommentaar.
- (4) SAID moet voor publikasie enige kommentaar en voorgestelde veranderings en skrapings deur die 'aansoeker' verskaf, oorweeg, maar is nie verplig om dit te aanvaar nie.

- (5) 'n 'Aansoeker' om 'n 'bindende klasbeslissing' kan skriftelik toestem tot die insluiting van inligting wat dit of die 'voorgestelde transaksie' identifiseer ten einde kommunikasie met die 'lede van 'n klas' te bevorder.
- (6) Die toepassing of vertolking van die tersaaklike Belastingwet ten opsigte van 'n 'transaksie' maak nie inligting uit wat die identiteit van 'n 'aansoeker', 'lid van 'n klas' of ander persoon in die beslissing geïdentifiseer of bedoel, openbaar nie. 5
- (7) SAID moet die publikasie van die terugtrekking of wysiging van 'n 'bindende privaatbeslissing' of 'bindende klasbeslissing' op dieselfde wyse en onderhewig aan dieselfde vereistes as die publikasie van die oorspronklike beslissing hanteer.
- (8) Subartikel (2)— 10
- (a) vereis nie die publikasie van 'n beslissing wat wesenlik dieselfde is as 'n beslissing wat reeds gepubliseer is nie; of
- (b) is nie van toepassing op 'n beslissing wat teruggetrek is voordat SAID 'n geleentheid gehad het om dit te publiseer nie.
- (9) Indien 'n 'voorafbeslissing' gepubliseer is, moet kennisgewing van die terugtrekking of wysiging daarvan gepubliseer word op die wyse en in die media, wat die Kommissaris toepaslik ag. 15

Nie-bindende privaatmenings

- 88.** (1) 'n 'Nie-bindende privaatmening' het nie 'bindende effek' op SAID nie.
- (2) 'n 'Nie-bindende privaatmening' mag nie in enige verrigtinge, insluitende hofverrigtinge, aangehaal word nie behalwe in verrigtinge waarby die persoon aan wie die mening uitgereik is, betrek word. 20

Bindende algemene beslissings

- 89.** (1) 'n Senior SAID-amptenaar kan 'n 'bindende algemene beslissing' uitreik wat geldig is vir— 25
- (a) 'n bepaalde belastingtydperk of ander bepaalde tydperk; of
- (b) 'n onbepaalde tydperk.
- (2) 'n 'Bindende algemene beslissing' moet—
- (a) meld dat dit 'n 'bindende algemene beslissing' is wat kragtens hierdie artikel uitgereik is; 30
- (b) die bepalings van 'n Belastingwet vermeld wat die onderwerp van die 'bindende algemene beslissing' is; en
- (c) óf— 35
- (i) die belastingtydperk of ander bepaalde tydperk vermeld ten opsigte waarvan dit van toepassing is; óf
- (ii) in die geval van 'n 'bindende algemene beslissing' vir 'n onbepaalde tydperk, meld dat dit vir 'n onbepaalde tydperk geld en die datum of belastingtydperk van wanneer af dit van toepassing is.
- (3) 'n 'Bindende algemene beslissing' kan uitgereik word as 'n interpretasienota of in 'n ander vorm en kan uitgereik word op die wyse deur die Kommissaris voorgeskryf. 40
- (4) 'n Publikasie of ander skriftelike verklaring is nie 'n 'bindende algemene beslissing' nie en mag nie beskou of behandel word as 'n 'bindende algemene beslissing' nie, tensy dit die inligting bevat in subartikel (2) voorgeskryf.

Prosedures en riglyne vir voorafbeslissings

- 90.** Die Kommissaris kan prosedures en riglyne, in die vorm van 'bindende algemene beslissings' uitreik, vir die implementering en werking van die 'voorafbeslissing'-stelsel. 45

HOOFSTUK 8

AANSLAE

Oorspronklike aanslae 50

- 91.** (1) Indien 'n Belastingwet vereis dat 'n belastingpligtige 'n opgawe moet indien, wat nie die vasstelling van die bedrag van 'n belastingaanspreeklikheid bevat nie, moet SAID 'n oorspronklike aanslag maak gebaseer op die opgawe ingedien deur die

belastingpligtige of ander inligting beskikbaar of verkry ten opsigte van die belastingpligtige.

(2) Indien 'n Belastingwet vereis dat 'n belastingpligtige 'n opgawe moet indien, wat 'n vasstelling van die bedrag van 'n belastingaanspreeklikheid bevat, is die indien van die opgawe 'n oorspronklike selfaanslag van die belastingaanspreeklikheid. 5

(3) Indien 'n Belastingwet vereis dat 'n belastingpligtige 'n vasstelling moet maak van die bedrag van 'n belastingaanspreeklikheid en geen opgawe word vereis nie, is die betaling van die bedrag belasting verskuldig 'n oorspronklike aanslag.

(4) Indien 'n belastingpligtige nie 'n opgawe indien of indien daar nie van 'n belastingpligtig vereis word om 'n opgawe in te dien nie, kan SAID 'n aanslag maak gebaseer op 'n beraming kragtens artikel 95 indien daardie belastingpligtige versuim om die belasting kragtens 'n Belastingwet vereis, te betaal. 10

(5) Indien 'n Belastingwet van 'n belastingpligte vereis om 'n opgawe in te dien—

(a) doen die maak van 'n aanslag kragtens subartikel (4) nie afbreuk aan die verpligting om 'n opgawe in te dien nie; en 15

(b) mag die belastingpligtige ten opsigte van wie die aanslag uitgereik is, binne die tydperk in artikel 104 beskryf, SAID versoek om 'n verminderde aanslag of addisionele aanslag uit te reik deur 'n volledige en korrekte opgawe in te dien.

Addisionele aanslae 20

92. Indien SAID op enige tydstip oortuig is dat 'n aanslag nie die korrekte toepassing van 'n Belastingwet weerspieël nie, tot die nadeel van SAID of die *fiskus*, moet SAID 'n addisionele aanslag maak ten einde die benadeling reg te stel.

Verminderde aanslae

93. (1) SAID kan 'n verminderde aanslag maak indien— 25

(a) die belastingpligtige die aanslag suksesvol betwis het kragtens Hoofstuk 9;

(b) dit noodsaaklik is om uitvoering te gee aan 'n skikking kragtens artikel 149;

(c) dit noodsaaklik is om uitvoering te gee aan 'n hofuitspraak ooreenkomstig 'n appèl kragtens Deel E van Hoofstuk 9 en daar geen reg tot verdere appèl bestaan nie; of 30

(d) SAID oortuig is dat daar 'n fout in die aanslag is as gevolg van 'n onbetwiste fout deur—

(i) SAID; of

(ii) die belastingpligtige in 'n opgawe.

(2) SAID kan 'n aanslag verminder ongeag die feit dat geen beswaar ingedien of appèl aangeteken is nie. 35

Risiko-aanslae

94. (1) SAID kan 'n risiko-aanslag maak, voor die datum waarop die opgawe normaalweg ingedien moet word, indien die Kommissaris oortuig is dat dit nodig is om die invordering van belasting te verseker, wat andersins aan risiko onderworpe sou wees. 40

(2) Bykomend tot enige regte kragtens Hoofstuk 9, kan 'n hersieningsaansoek teen 'n aanslag ingevolge hierdie artikel gemaak na die Hoë Hof gebring word op die gronde dat—

(a) die bedrag buitensporig is; of 45

(b) omstandighede wat 'n risiko-aanslag regverdig nie bestaan nie.

(3) In gedinge kragtens subartikel (2) dra SAID die bewyslas om te bewys dat die maak van die risiko-aanslag onder die omstandighede redelik is.

Beraming van aanslae

95. (1) SAID kan 'n oorspronklike, addisionele, verminderde of risiko-aanslag maak, geheel of gedeeltelik gebaseer op 'n beraming, indien die belastingpligtige— 50

(a) versuim om 'n opgawe soos vereis, in te dien; of

(b) 'n opgawe of inligting indien wat verkeerd of onvoldoende is.

(2) SAID moet die beraming baseer op inligting wat gereedelik beskikbaar is.

(3) Indien die belastingpligtige nie in staat is om 'n korrekte opgawe in te dien nie, kan 'n senior SAID-amptenaar skriftelik met die belastingpligtige ooreenkom oor die bedrag belasting wat gehef word en 'n aanslag dienooreenkomstig uitreik, welke aanslag nie aan beswaar of appèl onderhewig is nie.

Kennisgewing van aanslag

5

96. (1) SAID moet aan 'n aangeslane belastingpligtige 'n kennisgewing uitreik van die aanslag deur SAID gemaak, wat—

- (a) die naam van die belastingpligtige meld;
- (b) die belastingpligtige se belastingpligtige-verwysingsnommer, of indien 'n nommer nie toegeken is nie, enige ander vorm van identifikasie meld; 10
- (c) die datum van die aanslag meld;
- (d) die bedrag van die aanslag meld;
- (e) die belastingtydperk meld met betrekking waartoe die aanslag gemaak is;
- (f) die datum vir betaling van die bedrag aangeslaan meld; en
- (g) 'n opsomming meld van die prosedures vir die aantekene van 'n beswaar teen 15 die aanslag.

(2) Bykomend tot die inligting ingevolge subartikel (1) verskaf moet SAID aan die aangeslane persoon gee—

- (a) in die geval van 'n aanslag in artikel 95 beskryf of 'n aanslag wat nie geheel en al op 'n opgawe deur die belastingpligtige ingedien, gebaseer is nie, 'n 20 uiteensetting van die gronde vir die aanslag verskaf; en
- (b) in die geval van 'n risiko-aanslag, die gronde verskaf waarop die oortuiging dat die belasting andersins aan risiko onderworpe sou wees, gebaseer is.

Rekordhouding van aanslae

97. (1) Die besonderhede van 'n aanslag en die bedrag belasting ingevolge daarvan 25 betaalbaar moet deur SAID opgeteken en bewaar word.

(2) 'n Kennisgewing van aanslag deur SAID uitgereik, word beskou as deur 'n SAID-amptenaar behoorlik gemagtig daartoe gemaak te gewees het of behoorlik deur SAID uitgereik, totdat die teendeel bewys word.

(3) Die rekord van 'n aanslag is nie oop vir openbare insae nie. 30

(4) Die rekord van 'n aanslag, hetsy in elektroniese formaat of andersins, kan deur SAID na vyf jaar vanaf die datum van aanslag of die verstryking van 'n verdere tydperk soos deur die Ouditeur-generaal vereis word, vernietig word.

Terugtrekking van aanslae

98. (1) SAID kan, ondanks die feit dat geen beswaar ingedien of appèl aangeteken is 35 nie, 'n aanslag terugtrek, wat—

- (a) aan die verkeerde belastingpligtige uitgereik is;
- (b) ten opsigte van die verkeerde belastingtydperk uitgereik is; of
- (c) uitgereik is as gevolg van 'n foutiewe betalingstoedeling.

(2) 'n Aanslag wat kragtens hierdie artikel teruggetrek is, word beskou as nie 40 uitgereik te wees nie.

Tydperk van beperking op uitreik van aanslae

99. (1) SAID mag nie 'n aanslag ingevolge hierdie Hoofstuk maak nie—

- (a) na drie jaar na die datum van aanslag van 'n oorspronklike aanslag deur SAID;
- (b) in die geval van selfaanslag waarvoor 'n opgawe vereis word, na vyf jaar na 45 die datum van aanslag van 'n oorspronklike aanslag—
 - (i) by wyse van selfaanslag deur die belastingpligtige; of
 - (ii) indien geen opgawe ontvang word nie, deur SAID;
- (c) in die geval van 'n selfaanslag waarvoor geen opgawe vereis word nie, na 50 verstryking van vyf jaar vanaf die—
 - (i) datum van die laaste betaling van die belasting vir die belastingtydperk; of
 - (ii) effektiewe datum, indien geen betaling ten opsigte van die belasting vir die belastingtydperk gemaak is nie;

- (d) in die geval van—
- (i) 'n addisionele aanslag indien die—
 - (aa) bedrag wat aan belasting onderhewig moes wees ingevolge die voorafgaande aanslag, in ooreenstemming met die algemeen heersende praktyk van toepassing op die datum van aanslag, nie aangeslaan is nie; of 5
 - (bb) volle bedrag belasting wat aangeslaan moes wees ingevolge die voorafgaande aanslag, in ooreenstemming met die praktyk, nie aangeslaan is nie;
 - (ii) 'n verminderde aanslag, indien die voorafgaande aanslag gemaak is in ooreenstemming met die algemeen heersende praktyk van toepassing op die datum van daardie aanslag; of 10
 - (iii) 'n belasting waarvoor geen opgawe vereis word nie, indien die betaling gemaak is in ooreenstemming met die algemeen heersende praktyk van toepassing op die datum van daardie betaling; of 15
- (e) ten opsigte van 'n geskil wat kragtens Hoofstuk 9 besleg is.
- (2) Subartikel (1) is nie van toepassing in die mate waarin—
- (a) in die geval van 'n aanslag deur SAID, die feit dat die volle bedrag belasting hefbaar nie aangeslaan was nie, die gevolg was van—
 - (i) bedrog; 20
 - (ii) wanvoorstelling; of
 - (iii) nie-openbaring van wesenlike feite;
 - (b) in die geval van selfaanslag, die feit dat die volle bedrag belasting hefbaar nie aangeslaan is nie, die gevolg was van—
 - (i) bedrog; 25
 - (ii) opsetlike of nalatige wanvoorstelling;
 - (iii) opsetlike of nalatige nie-openbaring van wesenlike feite; of
 - (iv) versuim om 'n opgawe in te dien of, indien geen opgawe vereis word nie, versuim om die vereiste betaling van belasting te maak;
 - (c) SAID en die belastingpligtige aldus ooreenkom voor die verstryking van die beperkingstydperk; of 30
 - (d) dit nodig is om uitvoering te gee aan—
 - (i) die beslegting van 'n geskil kragtens Hoofstuk 9; of
 - (ii) 'n hofuitspraak ooreenkomstig 'n appèl kragtens Deel E van Hoofstuk 9 en daar geen verdere reg tot verdere appèl is nie. 35

Finaliteit van aanslag of beslissing

- 100.** (1) 'n Aanslag of beslissing bedoel in artikel 104(2) is finaal indien, met betrekking tot die aanslag of beslissing—
- (a) dit 'n aanslag is soos beskryf—
 - (i) in artikel 95(1) en geen opgawe in artikel 91(5)(b) beskryf deur SAID ontvang is nie; of 40
 - (ii) in artikel 95(3);
 - (b) geen beswaar gemaak is nie, of 'n beswaar teruggetrek is;
 - (c) na beslissing van 'n beswaar, geen kennisgewing van appèl ingedien is nie;
 - (d) die geskil kragtens Deel F van Hoofstuk 9 geskik is; 45
 - (e) 'n appèl deur die belastingraad beslis is en daar is geen verwysing na die belastinghof kragtens artikel 115 nie;
 - (f) 'n appèl deur die belastinghof beslis is en daar is geen reg op verdere appèl nie; of
 - (g) 'n appèl deur 'n hoër hof beslis is en daar geen reg op verdere appèl is nie. 50
- (2) Subartikel (1) verhinder SAID nie om 'n addisionele aanslag te maak nie, maar ten opsigte van 'n bedrag belasting waarmee gehandel is in 'n betwiste aanslag bedoel in—
- (a) subartikel (1)(d), (e) en (f), mag SAID slegs 'n addisionele aanslag maak onder die omstandighede in artikel 99(2)(a) en (b) bedoel; en
 - (b) subartikel (1)(g), mag SAID nie 'n addisionele aanslag maak nie. 55

HOOFSTUK 9

GESKILBESLEGTING

Deel A

Algemeen

Woordomskrywing 5

101. In hierdie Hoofstuk, tensy dit uit die konteks andersins blyk, en in enkel aanhalingstekens, beteken:

- ‘**appellant**’, behalwe in Deel E van hierdie Hoofstuk, ’n persoon wat ’n appèl teen ’n aanslag of ’beslissing’ kragtens artikel 107, aanteken het;
- ‘**beslissing**’ ’n beslissing bedoel in artikel 104(2); 10
- ‘**griffier**’ die griffier van die belastinghof; en
- ‘**reëls**’ die reëls kragtens artikel 103 gemaak.

Bewyslas

102. (1) ’n Belastingpligte dra die bewyslas om te bewys—

- (a) dat ’n bedrag, transaksie, gebeurtenis of item vrygestel is of nie andersins belasbaar is nie; 15
- (b) dat ’n bedrag of item aftrekbaar is of verreken kan word;
- (c) wat die belastingkoers van toepassing op ’n transaksie, gebeurtenis, item of klas belastingpligtige is;
- (d) dat ’n bedrag as ’n vermindering van belasting betaalbaar kwalifiseer; 20
- (e) dat ’n waardasie korrek is; of
- (f) of ’n ‘beslissing’ wat aan beswaar en appèl kragtens ’n Belastingwet onderhewig is, verkeerd is.

(2) Die bewyslas dat ’n beraming kragtens artikel 95 redelik is of van die feite waarop SAID die heffing van ’n onderstellingsboete kragtens Hoofstuk 16 gebaseer het, is op SAID. 25

Reëls vir beslegting

103. (1) Die Minister kan, na oorlegpleging met die Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling, by openbare kennisgewing ‘reëls’ maak wat die prosedures voorskryf wat gevolg moet word met die indiening van ’n beswaar en die aantekening van appèl teen ’n aanslag of ‘beslissing’, en die uitvoer en die verhoor van ’n appèl voor ’n belastingraad of belastinghof. 30

(2) Die ‘reëls’ kan vir alternatiewe geskilbeslegtingsprosedures voorsiening maak waarkragtens SAID en die persoon wat deur ’n aanslag of ‘beslissing’ veronreg word, ’n geskil kan besleg. 35

Deel B

Beswaar en appèl

Beswaar teen aanslag of beslissing

104. (1) ’n Belastingpligtige wat veronreg word deur ’n aanslag gemaak ten opsigte van die belastingpligtige, kan beswaar maak teen die aanslag. 40

(2) Daar kan teen die volgende beslissings beswaar gemaak en appèl aangeteken word op dieselfde wyse as teen ’n aanslag:

- (a) ’n beslissing kragtens subartikel (4) om nie die tydperk vir indiening van ’n beswaar te verleng nie;
- (b) ’n beslissing kragtens artikel 107(2) om nie die tydperk vir die aantekening van ’n appèl te verleng nie; en 45
- (c) enige ander beslissing waarteen beswaar gemaak of appèl aangeteken kan word kragtens ’n Belastingwet.

- (3) 'n Belastingpligtige wat geregtig is om beswaar te maak teen 'n aanslag of 'beslissing' moet 'n beswaar indien op die wyse, kragtens die voorwaardes, en binne die tydperk in die 'reëls' voorgeskryf.
- (4) 'n Senior SAID-amptenaar kan die tydperk in die 'reëls' voorgeskryf waarbinne besware gemaak moet word, verleng, indien oortuig dat redelike gronde bestaan vir die vertraging met die indiening van die beswaar. 5
- (5) Die tydperk vir beswaar mag nie aldus verleng word nie—
- (a) vir 'n tydperk wat 21 besigheidsdae oorskry, tensy 'n senior SAID-amptenaar oortuig is dat buitengewone omstandighede bestaan wat aanleiding gegee het tot die vertraging met die indiening van die beswaar; 10
- (b) indien meer as drie jaar verloop het vanaf die datum van aanslag of die 'beslissing'; of
- (c) indien die gronde van beswaar in geheel of hoofsaaklik gebaseer is op 'n verandering in 'n algemeen heersende praktyk wat van toepassing was op die datum van aanslag of die 'beslissing'. 15

Forum vir betwis van aanslag of beslissing

105. 'n Belastingpligtige mag nie 'n aanslag of 'beslissing' in artikel 104 beskryf, in enige hof of ander verrigtinge betwis nie, behalwe in verrigtinge kragtens hierdie Hoofstuk of by aansoek na die Hoë Hof vir hersiening.

Beslissing van beswaar 20

106. (1) SAID moet 'n geldige beswaar oorweeg op die wyse en binne die tydperk kragtens hierdie Wet en die 'reëls' voorgeskryf.
- (2) SAID kan die beswaar van die hand wys of dit in geheel of gedeeltelik toestaan.
- (3) Indien die beswaar óf in geheel óf gedeeltelik toegestaan word, moet die aanslag of 'beslissing' dienooreenkomstig gewysig word. 25
- (4) SAID moet by wyse van kennisgewing die belastingpligtige wat beswaar gemaak het of die belastingpligtige se verteenwoordiger van die beslissing bedoel in subartikel (2) in kennis stel tensy die beswaar ingevolge subartikel (6) uitgestel word, in welke geval kennisgewing hiervan ooreenkomstig die 'reëls' gegee moet word.
- (5) Die kennisgewing moet die grondslag vir die besluit en 'n opsomming van die prosedures vir appèl uiteensit. 30
- (6) Indien 'n senior SAID-amptenaar van mening is dat die beslissing van die beswaar of 'n appèl bedoel in artikel 107, hetsy slegs op 'n regspraak of beide 'n feitelike vraag en 'n regspraak, waarskynlik bepalend sal wees van al die of 'n wesenlike getal van die aangeleentheid betrokke by een of meer ander besware of appèlle, mag die amptenaar— 35
- (a) daardie beswaar of appèl aanwys as 'n toetszaak; en
- (b) die ander besware of appèlle uitstel vanweë die neem van 'n toetszaak op 'n soortgelyke beswaar of appèl voor die belastinghof, op die wyse, op die voorwaardes, en binne die tydperke in die 'reëls' voorgeskryf.

Appèl teen aanslag of beslissing 40

107. (1) Na lewering van die kennisgewing van die beslissing bedoel in artikel 106(4), kan 'n belastingpligtige wat teen 'n aanslag of 'beslissing' beswaar gemaak het, appèl aanteken teen die aanslag of 'beslissing' na die belastingraad of belastinghof op die wyse, op die voorwaardes en binne die tydperk in hierdie Wet en die 'reëls' voorgeskryf.
- (2) 'n Senior SAID-amptenaar kan die tydperk waarbinne 'n appèl aangeteken moet word verleng vir— 45
- (a) 21 besigheidsdae, indien tevrede dat redelike gronde vir die vertraging bestaan; of
- (b) tot 45 besigheidsdae, indien buitengewone omstandighede bestaan wat 'n verlenging van langer as 21 dae regverdig. 50
- (3) 'n Kennisgewing van appèl wat nie aan die vereistes van subartikel (1) voldoen nie, is nie geldig nie.
- (4) Indien 'n aanslag of 'beslissing' kragtens artikel 106(3) gewysig is, is die gewysigde aanslag of 'beslissing' die aanslag of 'beslissing' waarteen appèl aangeteken word. 55

(5) Deur onderlinge ooreenkoms, kan SAID en die belastingpligtige wat die appèl aanteken, poog om die geskil te besleg deur middel van alternatiewe geskilbeslegting kragtens prosedures in die 'reëls' uiteengesit.

(6) Appèlverrigtinge word opgeskort terwyl die alternatiewe geskilbeslegtings-prosedure aan die gang is.

5

Deel C

Belastingraad

Instelling van belastingraad

108. (1) Die Minister kan by openbare kennisgewing—

(a) 'n belastingraad of -rade instel vir gebiede wat die Minister goeddink; en 10

(b) 'n bestaande belastingraad ontbind of 'n addisionele belastingraad instel wat deur die omstandighede vereis word.

(2) Belastingrade word kragtens subartikel (1) ingestel om appèlle bedoel in artikel 107 te verhoor op die wyse bepaal in hierdie Deel.

Jurisdiksie van belastingraad

15

109. (1) 'n Appèl teen 'n aanslag of 'beslissing' moet in die eerste instansie verhoor word deur 'n belastingraad indien—

(a) die belasting wat betwis word nie die bedrag bepaal deur die Minister deur openbare kennisgewing oorskry nie; en

(b) 'n senior SAID-amptenaar en die 'appellant' so ooreenkom. 20

(2) SAID moet die plekke aanwys waar belastingrade appèlle aanhoor.

(3) Die belastingraad moet 'n appèl aanhoor op die plek bedoel in subartikel (2) wat die naaste aan die 'appellant' se woonplek of plek van besigheid is, tensy die 'appellant' en SAID ooreenkom dat die appèl op 'n ander plek aangehoor word.

(4) By die neem van 'n besluit kragtens subartikel (1)(b), moet 'n senior SAID-amptenaar oorweeg of die gronde van die geskil of regsbeginsels wat met die appèl verband hou eerder deur die belastinghof verhoor moet word. 25

(5) Indien die voorsitter voor of tydens die verhoor, met inagneming van die gronde van die geskil of die regsbeginsels wat met die appèl verband hou, van mening is dat die appèl eerder deur die belastinghof as die belastingraad verhoor moet word, kan die voorsitter gelas dat die appèl *de novo* voor die belastinghof vir verhoor ter rolle geplaas word. 30

Samestelling van belastingraad

110. (1) 'n Belastingraad bestaan uit—

(a) die voorsitter, wat 'n advokaat of prokureur moet wees uit die paneel aangestel kragtens artikel 111; en 35

(b) indien die voorsitter, 'n senior SAID-amptenaar of die belastingpligtige dit nodig ag—

(i) 'n rekenmeester wat 'n lid is van die paneel bedoel in artikel 120; en

(ii) 'n verteenwoordiger van die handelsgemeenskap wat 'n lid is van die paneel bedoel in artikel 120. 40

(2) Artikels 122, 123, 124, 126, 127 en 128 is van toepassing, met die nodige veranderinge, en kragtens prosedures bepaal in die 'reëls', op die belastingraad en die voorsitter.

Aanstelling van voorsitters

45

111. (1) Die Minister moet, in oorleg met die Regter-president van die Afdeling van die Hoë Hof binne wie se regsgebied die belastingraad moet sit, by openbare kennisgewing advokate en prokureurs op 'n paneel aanstel, waaruit 'n voorsitter van die belastingraad van tyd tot tyd benoem moet word.

(2) Die persone kragtens subartikel (1) aangestel— 50

(a) beklee hul amp vir vyf jaar vanaf die datum waarop die kennisgewing van aanstelling in die openbare kennisgewing gepubliseer word; en

(b) is beskikbaar vir heraanstelling indien die Minister dit goeddink.

- (3) Die Minister kan 'n aanstelling kragtens hierdie artikel gemaak te enige tyd beëindig weens wangedrag, ongeskiktheid of onbevoegdheid.
- (4) 'n Lid van die paneel moet as voorsitter van 'n belastingraad aangestel word.
- (5) 'n Voorsitter sal nie uitsluitlik vanweë sy of haar aanspreeklikheid vir belasting beskou word as 'n persoonlike belang of botsing van belange te hê in enige aangeleentheid waaroor hy of sy gevra word om te beslis nie. 5
- (6) 'n Voorsitter moet van die verrigtinge onttrek sodra die voorsitter bewus word van 'n botsing van belange, wat tot vooroordeel kan aanleiding gee, wat die voorsitter kan ervaar met die betrokke saak of ander omstandighede wat die voorsitter se vermoë om objektief te bly vir die duur van die saak, kan beïnvloed. 10
- (7) Enige party kan vra vir die onttrekking van die voorsitter op die grondslag van 'n botsing van belange of ander aanduidings van vooroordeel, kragtens prosedures bepaal in die 'reëls'.

Klerk van belastingraad

- 112.** (1) Die Kommissaris moet 'n klerk van die belastingraad aanstel. 15
- (2) Die klerk tree as sameroeper van die belastingraad op.
- (3) Indien geen voorsitter beskikbaar is in die regsgebied waarin die belastingraad saamgeroep moet word nie, kan die klerk die belastingraad saamroep met 'n voorsitter van 'n ander regsgebied.
- (4) Die klerk van die belastingraad moet, binne die tydperk en op die wyse in die 'reëls' voorgeskryf, aan die lede van die belastingraad en die 'appellant' 'n kennisgewing voorlê waarin die tyd en plek vir die verhoor vermeld word. 20

Belastingraad prosedure

- 113.** (1) Behoudens die prosedure bepaal in die 'reëls', bepaal die voorsitter die prosedures tydens die verhoor van 'n appèl na sy of haar goëddunke, en moet elke party die geleentheid hê om die party se saak aan die belastingraad te stel. 25
- (2) Daar word nie van die belastingraad vereis om sy verrigtinge aan te teken nie.
- (3) Die voorsitter kan, wanneer die verrigtinge begin, die geskilpunte in die appèl formuleer.
- (4) Die voorsitter kan die verhoor van 'n appèl uitstel na 'n gepaste tyd en plek. 30
- (5) 'n Senior SAID-amptenaar moet by die verhoor van die appèl verskyn ter ondersteuning van die aanslag of 'beslissing'.
- (6) By die verhoor van die appèl moet die 'appellant'—
- (a) in die geval van 'n natuurlike persoon, persoonlik verskyn; of
- (b) in enige ander geval, deur die verteenwoordigende belastingpligtige 35 verteenwoordig word.
- (7) Indien 'n derde party die 'appellant' se opgawe betrokke by die aanslag of 'beslissing', voorberei het, kan daardie derde party namens die 'appellant' verskyn.
- (8) Die 'appellant' kan, tesame met die kennisgewing van appèl, of binne die verdere tydperk wat die voorsitter toelaat, toestemming vra om by die verhoor verteenwoordig te word op 'n ander wyse as bedoel in subartikel (6). 40
- (9) As nòg die 'appellant' nòg enigeen gemagtig om namens die 'appellant' te verskyn voor die belastingraad verskyn op die tyd en plek vir die verhoor vasgestel, kan die belastingraad die aanslag of 'beslissing' ten opsigte waarvan die appèl ingedien is, bekragtig— 45
- (a) op versoek van die SAID-verteenwoordiger; en
- (b) by bewys dat die kennisgewing van die sitting van die belastingraad aan die 'appellant' verstrekk is.
- (10) Indien die belastingraad 'n aanslag of 'beslissing' kragtens subartikel (9) bekragtig, mag die 'appellant' nie daarna versoek dat die appèl kragtens artikel 115 na die belastinghof verwys word nie. 50
- (11) Indien die senior SAID-amptenaar versuim om voor die belastingraad te verskyn op die tyd en plek vir die verhoor vasgestel, kan die belastingraad op versoek van die 'appellant' die 'appellant' se appèl toestaan.
- (12) Indien die belastingraad die appèl kragtens subartikel (11) toestaan, mag SAID 55 nie daarna die appèl ingevolge artikel 115 na die belastinghof verwys nie.
- (13) Subartikels (9), (10), (11) en (12) is nie van toepassing nie indien die voorsitter oortuig is dat goeie redes vir die nie-verskyning bestaan en die redes deur die 'appellant' of SAID binne 10 besigheidsdae na die datum vasgestel vir die verhoor of die langer

tydperk wat in buitengewone omstandighede toegelaat word, aan die klerk van die belastingraad gelewer word.

Beslissing van belastingraad

114. (1) Die belastingraad moet, na die aanhoor van die ‘appellant’ se appèl teen ’n aanslag of ‘beslissing’, die aangeleentheid beslis in ooreenstemming met hierdie Hoofstuk. 5

(2) Die voorsitter moet ’n skriftelike verklaring van die belastingraad se beslissing voorberei wat insluit die belastingraad se bevinding van die feite van die saak en die redes vir die beslissing, binne 60 besigheidsdae na afloop van die verhoor.

(3) Die klerk moet by wyse van skriftelike kennisgewing ’n afskrif van die belastingraad se beslissing aan SAID en die ‘appellant’ voorlê. 10

Verwysing van appèl na belastinghof

115. (1) Indien die ‘appellant’ of SAID ontevrede is met die beslissing van die belastingraad of die voorsitter versuim om die beslissing kragtens artikel 114(2) binne die voorgeskrewe tydperk van 60 besigheidsdae te lewer, kan die ‘appellant’ of SAID binne 21 besigheidsdae, of die verdere tydperk wat die voorsitter by die aanvoer van goeie redes toelaat, na die datum van die kennisgewing bedoel in artikel 114(3) of die verstryking van die tydperk bedoel in artikel 114(2), skriftelik vereis dat die appèl vir verhoor na die belastinghof verwys word. 15

(2) Die belastinghof moet ’n verwysing van ’n appèl teen die belastingraad se beslissing, *de novo* verhoor kragtens subartikel (1). 20

Deel D

Belastinghof

Instelling van belastinghof

116. (1) Die President van die Republiek kan by proklamasie in die *Staatskoerant* ’n belastinghof of addisionele belastinghove instel vir gebiede wat die President goeddink en kan ’n bestaande belastinghof afskaf indien die omstandighede dit vereis. 25

(2) Die belastinghof is ’n hof van rekord.

Jurisdiksie van belastinghof

117. (1) Vir die doeleindes van hierdie Hoofstuk het die belastinghof jurisdiksie oor belastingappèlle aangeteken kragtens artikel 107. 30

(2) Die plek waar ’n appèl aangehoor word, word bepaal deur die ‘reëls’.

(3) Die hof kan ’n tussentydse aansoek wat met ’n beswaar of appèl verband hou aanhoor en kan oor ’n kwessie van prosedure beslis op die wyse bepaal in die ‘reëls’.

Samestelling van belastinghof 35

118. (1) ’n Belastinghof kragtens hierdie Wet ingestel, bestaan uit—

(a) ’n regter of ’n waarnemende regter van die Hoë Hof, wat die president van die belastinghof is;

(b) ’n rekenmeester verkies uit die paneel van lede aangestel ingevolge artikel 120; en 40

(c) ’n verteenwoordiger van die handelsgemeenskap verkies uit die paneel van lede aangestel ingevolge artikel 120.

(2) Indien die president van die belastinghof, ’n senior SAID-amptenaar of die ‘appellant’ aldus versoek, moet die verteenwoordiger van die handelsgemeenskap bedoel in subartikel 1(c)— 45

(a) indien die appèl met die besigheid van mynbou verband hou, ’n geregistreerde myningenieur wees; of

(b) indien die appèl met die waardasie van bates verband hou, ’n geswore waardeerder wees.

(3) Indien 'n appèl voor die belastinghof slegs 'n regsangeleentheid behels of 'n aansoek vir kwytstelling is of 'n tussentydse aansoek is, moet die president van die hof die appèl alleen beslis.

(4) Die president van die hof besluit alleen of 'n aangeleentheid waarvoor beslis moet word 'n feitevraag of 'n regsvraag behels. 5

(5) Die Regter-president van die Afdeling van die Hoë Hof met regsbevoegdheid in die gebied waar die tersaaklike belastinghof gesetel is, mag gelas dat die belastinghof uit drie regters of waarnemende regters van die Hoë Hof (van wie een die president van die belastinghof is) bestaan en, indien nodig, die lede van die hof na verwys in subartikels (1)(b) en (c) en (2), indien— 10

(a) die bedrag in geskil R50 miljoen oorskry; of

(b) SAID en die 'appellant' gesamentlik by die Regter-president aansoek doen.

Benoeming van president van belastinghof

119. (1) Die Regter-president van die Algemene Afdeling van die Hoë Hof met regsbevoegdheid in die gebied waarvoor 'n belastinghof ingestel is moet 'n regter of 'n waarnemende regter van die Afdeling benoem en sekondeer om die president van daardie belastinghof te wees. 15

(2) Die Regter-president moet bepaal of die sekondering bedoel in subartikel (1) vir 'n tydperk of vir die verhoor van 'n spesifieke saak geld.

(3) 'n Regter word nie uitsluitlik vanweë sy of haar aanspreeklikheid vir belasting geag 'n persoonlike belang of botsing van belange te hê in enige aangeleentheid waarvoor hy of sy gevra mag word om te beslis nie. 20

Aanstelling van paneel van lede van belastinghof

120. (1) Die President van die Republiek moet by proklamasie in die *Staatskoerant* die paneel van lede van 'n belastinghof vir die doeleindes van artikel 118(1)(b) en (c) aanstel vir 'n ampstermyn van vyf jaar vanaf die datum van die tersaaklike proklamasie. 25

(2) 'n Persoon aangestel ingevolge subartikel (1) moet 'n persoon van goeie naam wees wie toepaslike ondervinding het.

(3) 'n Persoon aangestel ingevolge subartikel (1) kan heraangestel word vir 'n verdere tydperk of tydperke wat die President van die Republiek goedvind. 30

(4) Die President van die Republiek kan die aanstelling van 'n lid kragtens hierdie artikel te enige tyd beëindig as gevolg van wangedrag, ongeskiktheid of onbevoegdheid.

(5) 'n Lid se aanstelling verval in die geval waar die belastinghof afgeskaf word kragtens artikel 116(1).

(6) 'n Lid van die belastinghof moet die lid se werksaamhede onafhanklik, onpartydig en sonder vrees, guns of vooroordeel verrig. 35

Griffier van belastinghof

121. (1) Die Kommissaris stel die 'griffier' van die belastinghof aan.

(2) 'n Persoon aangestel as 'griffier' en die persone aangestel in die 'griffier' se kantoor is werknemers van SAID. 40

(3) Die 'griffier' en ander persone bedoel in subartikel (2) moet hulle werksaamhede kragtens hierdie Wet en die 'reëls' onafhanklik, onpartydig en sonder vrees, guns of vooroordeel uitvoer.

Botsing van belange van lede van belastinghof

122. (1) 'n Lid van die hof moet van die verrigtinge onttrek sodra die lid bewus word van 'n botsing van belange, wat tot vooroordeel kan aanleiding gee, wat die lid mag ervaar met die betrokke saak of ander omstandighede wat die lid se vermoë om objektief te bly vir die duur van die saak, kan beïnvloed. 45

(2) Enige party kan vra vir die ontrekking van 'n lid op grond van 'n botsing van belange of ander aanduidings van vooroordeel, kragtens prosedures bepaal in die 'reëls'. 50

(3) 'n Lid van die hof word nie uitsluitlik vanweë sy of haar aanspreeklikheid vir belasting geag word 'n persoonlike belang of 'n botsing van belange in die saak te hê nie.

Dood, aftrede of onvermoë van regter of lid

123. (1) Indien in enige stadium tydens die verhoor van 'n appèl, of ná die verhoor van die appèl maar voor uitspraak gelewer is, een van die regters te sterwe kom, aftree of andersins onbevoeg raak om in daardie hoedanigheid op te tree, moet die verhoor van 'n appèl *de novo* aangehoor word. 5

(2) Indien die belastinghof ingevolge artikel 118(5) saamgestel is, moet die verhoor van die appèl bedoel in subartikel (1) voor die oorblywende regters en lede voortgaan, indien die oorblywende regters die meerderheid regters uitmaak voor wie die verhoor begin het.

(3) Indien in enige stadium tydens of na die verhoor van 'n appèl maar voor uitspraak gelewer is, 'n lid van die belastinghof te sterwe kom, aftree of andersins onbevoeg raak om in daardie hoedanigheid op te tree, moet die verhoor van die appèl voortgesit word voor die president van die belastinghof, enige ander regters, die oorblywende lid, en, indien die president dit nodig af, 'n vervangende lid. 10

(4) Die uitspraak van die oorblywende regters en lede bedoel in subartikel (1) of (3) is die uitspraak van die hof. 15

Sitting van belastinghof nie openbaar

124. (1) Die sittings van die belastinghof vir die doeleindes van die verhoor van 'n appèl kragtens artikel 107 is nie vir die publiek toeganklik nie.

(2) Die president van die belastinghof kan in buitengewone omstandighede, op versoek van enige persoon, daardie persoon of enige ander persoon toelaat om die sitting by te woon, maar mag slegs dit doen na inagneming van enige vertoë wat die 'appellant' en 'n senior SAID-amptenaar, bedoel in artikel 12 wat ter ondersteuning van die aanslag of 'beslissing' verskyn, wil rig ten opsigte van die versoek. 20

Verskyning by verhoor van belastinghof 25

125. (1) 'n Senior SAID-amptenaar bedoel in artikel 12 kan ter ondersteuning van die aanslag of 'beslissing' by die verhoor van 'n appèl verskyn.

(2) Die 'appellant' of die 'appellant' se verteenwoordiger kan by die verhoor van die appèl verskyn ter ondersteuning van die appèl.

Dagvaardiging van getuies na belastinghof 30

126. SAID, die 'appellant' of die president van 'n belastinghof kan enige getuie dagvaar op die wyse in die 'reëls' voorgeskryf, ongeag of daardie getuie binne die regsgebied van die belastinghof woonagtig is al dan nie.

Nie-bywoning van getuie of versuim om getuienis te lewer

127. (1) 'n Persoon gedagvaar kragtens artikel 126 is aanspreeklik vir 'n boete of gevangenisstraf vermeld in subartikel (2), indien die persoon sonder goeie rede versuim om— 35

- (a) getuienis by die verhoor van 'n appèl af te lê;
- (b) tensy deur die president verskoon, aanwesig te bly solank die verrigtinge van die belastinghof duur; of 40
- (c) 'n dokument of voorwerp in die persoon se besit of onder die persoon se beheer ooreenkomstig die dagvaardiging te lewer.

(2) Die president van die belastinghof kan 'n boete of by wanbetaling gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande op 'n persoon beskryf in subartikel (1) oplê indien tevrede, by wyse van— 45

- (a) 'n eed of plegtige verklaring; of
- (b) die relaas van die persoon wat die dagvaardiging beteken het,

dat die persoon behoorlik gedagvaar is en dat die persoon se redelike uitgawes betaal of aangebied is.

(3) Die president van die belastinghof kan, bykomend tot die oplê van 'n boete of gevangenisstraf kragtens subartikel (2), 'n lasbrief uitreik vir die persoon se inhegtenisname en om gebring te word om getuienis af te lê of om die dokument of voorwerp te lewer ooreenkomstig die dagvaardiging. 50

(4) 'n Boete kragtens subartikel (2) opgelê is afdwingbaar asof dit 'n boete is wat deur 'n Hoë Hof in soortgelyke omstandighede opgelê is en enige wetsbepalings van toepassing ten opsigte van 'n boete opgelê deur 'n Hoë Hof is van toepassing, met die nodige veranderinge, ten opsigte van die boete.

(5) Die president van die belastinghof kan, by aanvoering van gegronde redes, die geheel of 'n gedeelte van die boete of gevangenisstraf opgelê ingevolge subartikel (2), kwytsteld. 5

(6) Die president van die belastinghof kan beveel dat die koste van 'n uitstel of verdaging wat deur die nie-verskyning van 'n getuie veroorsaak is, of 'n gedeelte van die koste, betaal word uit 'n boete opgelê kragtens subartikel (2). 10

Minagting van belastinghof

128. (1) Indien 'n persoon tydens die sitting van 'n belastinghof—

- (a) opsetlik 'n regter of lid van die belastinghof beledig;
- (b) opsetlik die verrigtinge van die belastinghof onderbreek; of
- (c) op 'n ander wyse hom of haar wangedra in die plek waar die verhoor gehou word, 15

kan die president van die belastinghof daardie persoon 'n boete of by wanbetaling gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande oplê.

(2) 'n Bevel gemaak kragtens subartikel (1) moet uitgevoer word asof dit 'n bevel is wat deur 'n landdroshof onder soortgelyke omstandighede gemaak is, en die wetsbepalings van toepassing op so 'n bevel gemaak deur 'n landdroshof is van toepassing, met die nodige veranderinge, op 'n bevel gemaak kragtens subartikel (1). 20

Beslissing deur belastinghof

129. (1) Die belastinghof moet, na aanhoor van die 'appellant' se appèl aangeteken kragtens artikel 107 teen 'n aanslag of 'beslissing', die aangeleentheid beslis op die grondslag dat die bewyslas beskryf in artikel 102 op die belastingpligtige rus. 25

(2) In die geval van 'n aanslag of 'beslissing' onder appèl, kan die belastinghof—

- (a) die aanslag of 'beslissing' bekragtig;
- (b) beveel dat die aanslag of 'beslissing' gewysig word; of
- (c) die aanslag terugverwys na SAID vir verdere ondersoek en aanslag. 30

(3) In die geval van 'n appèl teen 'n onderstellingsboete deur SAID kragtens 'n Belastingwet opgelê, moet die belastinghof die aangeleentheid beslis op die grondslag dat die bewyslas op SAID is en kan die hof die onderstellingsboete aldus opgelê verminder, bekragtig of vermeerder.

(4) Indien SAID 'n aanslag wysig as gevolg van 'n verwysing kragtens subartikel (2)(c), is die aanslag aan beswaar en appèl onderhewig. 35

Kostebevel deur belastinghof

130. (1) Die belastinghof kan, in die hantering van 'n appèl kragtens hierdie Hoofstuk en op aansoek van 'n verontregte party, 'n kostebevel maak ten gunste van die party, indien— 40

- (a) SAID-gronde van aanslag of 'beslissing' as onredelik bevind word;
- (b) die 'appellant'se gronde van appèl as onredelik bevind word;
- (c) die beslissing van die belastingraad wesenlik bekragtig word;
- (d) die verhoor van die appèl op versoek van die ander party uitgestel word; of
- (e) die appèl teruggetrek of toegegee word deur die ander party nadat 'n datum vir verhoor deur die 'griffier' toegeken is. 45

(2) Die kostes na verwys in subartikel (1) moet bepaal word ooreenkomstig die fooie deur die reëls van die Hoë Hof voorgeskryf.

(3) 'n Kostebevel in SAID se guns vorm deel van SAID se fondse, binne die betekenis van artikel 24 van die SAID-Wet. 50

Griffier moet partye oor uitspraak van belastinghof inlig

131. Die 'griffier' moet die 'appellant' en SAID binne 21 besigheidsdae na lewering van die geskrewe uitspraak van die hofuitspraak in kennis stel.

Publikasie van uitspraak van belastinghof

132. 'n Uitspraak van die belastinghof wat met 'n appèl kragtens hierdie Hoofstuk handel, moet vir algemene inligting gepubliseer word en, tensy die sitting van die belastinghof openbaar was ingevolge die omstandighede bedoel in artikel 124(2), in 'n vorm wat nie die identiteit van die 'appellant' openbaar nie. 5

Deel E

Appèl teen beslissing van belastinghof

Appèl teen beslissing van belastinghof

133. (1) Die belastingpligtige of SAID kan op die wyse in hierdie Wet voorgeskryf kragtens artikels 129 en 130, teen 'n beslissing van die belastinghof appelleer. 10
- (2) 'n Appèl teen 'n beslissing van die belastinghof is ontvanklik—
- (a) deur die volbank van die Provinsiale Afdeling van die Hoë Hof wat regsbevoegdheid het in die gebied waarin die sitting van die belastinghof plaasvind; of
 - (b) deur die Hoogste Hof van Appèl, sonder 'n tussenappèl na die Provinsiale Afdeling, indien—
 - (i) die president van die belastinghof kragtens die 'reëls' verlof toegestaan het; of
 - (ii) die appèl verhoor is deur die belastinghof saamgestel kragtens artikel 118(5). 20

Kennisgewing van voorneme om te appelleer teen beslissing van belastinghof

134. (1) 'n Party wat van voorneme is om 'n appèl teen 'n beslissing van die belastinghof in te dien (hierna in hierdie Deel genoem as die appellant) moet, binne 21 besigheidsdae na die datum van die kennisgewing deur die 'griffier' waarin die partye van die belastinghof se beslissing in kennis gestel word kragtens artikel 131, of binne 'n verdere tydperk wat die president van die belastinghof by die aanvoer van goeie redes kan toelaat, by die 'griffier' en die teenparty of die teenparty se prokureur of agent 'n kennisgewing beteken van voorneme om teen die beslissing te appelleer. 25
- (2) 'n Kennisgewing van voorneme om te appelleer, moet vermeld—
- (a) in welke afdeling van die Hoë Hof die appellant verlang dat die appèl verhoor word; 30
 - (b) of teen die hele of slegs 'n gedeelte van die uitspraak geappelleer gaan word (indien slegs teen 'n gedeelte, watter gedeelte), en die gronde van die voorgename appèl, met 'n aanduiding van die feitebevindings of regsbeslissings waarteen geappelleer gaan word; en 35
 - (c) of die appellant, ten einde die rekord vir appèl voor te berei, 'n transkripsie verlang van die getuienis gelewer by die belastinghof se verhoor van die saak (of indien slegs 'n gedeelte van die getuienis verlang word, watter gedeelte).
- (3) Indien die appellant die belastingpligtige is en 'n—
- (a) transkripsie van die getuienis of 'n gedeelte daarvan van die 'griffier' vereis, moet die appellant die fooie betaal deur die Kommissaris by openbare kennisgewing voorgeskryf; of 40
 - (b) afskrif van die opname van die getuienis of 'n gedeelte daarvan van die 'griffier' vereis vir die doeleindes van private transkripsie, moet die appellant die fooie betaal deur die Kommissaris by openbare kennisgewing voorgeskryf. 45
- (4) 'n Fooi betaal kragtens subartikel (3) vorm deel van SAID se fondse binne die betekenis van artikel 24 van die SAID-Wet.

Verlof om na Hoogste Hof van Appèl te appelleer teen beslissing van belastinghof

135. (1) Indien 'n voornemende appellant verlang om te appelleer teen 'n beslissing van die belastinghof moet die 'griffier' die kennisgewing van voorneme om te appelleer wat kragtens artikel 134(1) ingedien is, aan die president van die belastinghof voorlê, wat 'n bevel moet uitreik waarin verlof tot appèl toegestaan of geweier word met 50

inagneming van die gronde van die voorgenome appèl soos in die kennisgewing aangedui.

(2) Indien die president van die belastinghof nie vir die doeleindes van hierdie artikel in daardie hoedanigheid kan optree nie of dit ongeleë is vir die president om in daardie hoedanigheid op te tree, kan die Regter-president van die tersaaklike Afdeling van die Hoë Hof 'n ander regter of waarnemende regter benoem en sekondeer om as president van die belastinghof vir daardie doel waar te neem. 5

(3) Behoudens die reg om by wyse van petisie aansoek te doen by die Hoofregter vir verlof om na die Hoogste Hof van Appèl te appelleer ingevolge artikel 21 van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959), is 'n bevel gemaak deur die president van die belastinghof kragtens subartikel (1) finaal. 10

Versuim om kennis te gee van voorneme om teen beslissing van belastinghof te appelleer

136. (1) 'n Persoon wat geregtig is om teen 'n beslissing van die belastinghof te appelleer, wat nie 'n kennisgewing van voorneme om teen die beslissing te appelleer ingedien het nie, binne die tyd en op die wyse deur artikel 134 vereis, doen afstand van die reg om teen die beslissing te appelleer, onderhewig aan enige reg om 'n teenappèl aan te teken. 15

(2) 'n Persoon wat kragtens artikel 134 'n kennisgewing van voorneme om teen 'n beslissing van die belastinghof te appelleer ingedien het, maar wat daarna die kennisgewing teruggetrek het, doen afstand van die reg om 'n appèl of teenappèl teen die beslissing aan te teken. 20

Kennisgewing deur griffier van tydperk vir appèl teen beslissing van belastinghof

137. (1) Na verstryking van die tyd kragtens artikel 134(1) toegelaat vir die indiening van 'n kennisgewing van voorneme om te appelleer, moet die 'griffier'— 25

(a) kennis gee aan 'n persoon wat 'n kennisgewing van voorneme om te appelleer ingedien het wat nie teruggetrek is nie, dat indien die persoon besluit om te appelleer, die appèl binne 21 besigheidsdae na die datum van die 'griffier' se kennisgewing aangeteken moet word; en

(b) aan die persoon bedoel in paragraaf (a), 'n gesertifiseerde afskrif verskaf van 'n bevel deur die president van die belastinghof uitgereik ingevolge artikel 135 wat die onderwerp van die voorgenome appèl is. 30

(2) Die 'griffier' mag nie kennis gee kragtens subartikel (1)(a) totdat die bevel gemaak of die transkripsie voltooi is nie, indien—

(a) dit blyk dat die president van die belastinghof 'n bevel kragtens artikel 135 sal uitgereik; of 35

(b) 'n voornemende appellant 'n transkripsie vereis van die getuienis gelewer by die belastinghof se verhoor van die saak soos in artikel 134(2)(c) beoog.

(3) Indien die teenparty nie ook 'n voornemende appellant in dieselfde saak is nie, moet die 'griffier' die teenparty voorsien van afskrifte van die kennisgewing en enige bevel bedoel in subartikel (1)(a) en (b). 40

Kennisgewing van appèl na Hoogste Hof van Appèl teen beslissing van belastinghof

138. (1) Indien 'n persoon—

(a) na die Hoogste Hof van Appèl geappelleer het vanaf 'n hof ingestel kragtens artikel 118(5); 45

(b) verlof verleen is om na die Hoogste Hof van Appèl te appelleer kragtens artikel 135; of

(c) suksesvol was met 'n versoek na die Hoogste Hof van Appèl vir verlof om te appelleer,

moet die appèl wat 'n party teen 'n beslissing in die tersaaklike saak moet aanteken, na daardie Hof aangeteken word. 50

(2) Indien die kennisgewing van voorneme om te appelleer na die Hoë Hof aangeteken is of verlof om te appelleer na die Hoogste Hof van Appèl geweier is kragtens artikel 135, moet die party wat die kennisgewing van voorneme om te appelleer ingedien het, 'n appèl na die gepaste Provinsiale Afdeling van die Hoë Hof aanteken. 55

(3) Die kennisgewing van appèl moet aangeteken word binne die tydperk bedoel in artikel 137(1)(a) of binne 'n langer tydperk wat kragtens die reëls van die hof waar die appèl aangeteken word, toegelaat word.

(4) 'n Kennisgewing van appèl moet in ooreenstemming wees met die vereistes in die reëls van die tersaaklike hoër hof.

5

Kennisgewing van teenappèl teen beslissing van belastinghof

139. (1) 'n Teenappèl teen 'n beslissing van die belastinghof in die geval waar 'n appèl aangeteken is kragtens artikel 138, moet aangeteken word deur 'n skriftelike kennisgewing van teenappèl by die 'griffier' in te dien, dit te beteken op die teenparty of die teenparty se prokureur en in te dien by die griffier van die hof waarna die teenappèl aangeteken word.

10

(2) Die kennisgewing van teenappèl moet aangeteken word binne 21 besigheidsdae na die datum waarop die appèl kragtens artikel 138 aangeteken is of binne 'n langer tydperk wat toegelaat word kragtens die reëls van die hof waarna die teenappèl aangeteken is.

15

(3) 'n Kennisgewing van teenappèl moet vermeld—

(a) of teen die hele of slegs 'n gedeelte van die uitspraak geappelleer word, en indien 'n gedeelte, watter gedeelte;

(b) die gronde van teenappèl, met vermelding van die feitebevindings of regsbeslissings waarteen geappelleer word; en

20

(c) enige verdere besonderhede wat vereis word kragtens die reëls van die hof waarna die teenappèl aangeteken is.

Rekord van appèl van beslissing van belastinghof

140. (1) Die rekord wat by 'n hof waarna 'n appèl teen 'n beslissing van 'n belastinghof ingedien word, sluit in alle dokumente wat kragtens die 'reëls' aan die belastinghof voorgelê is.

25

(2) Dokumente ingedien in die belastinghof wat nie betrekking het op die geskilpunte in die appèl nie kan met die instemming van die partye van die rekord uitgesluit word.

Afstanddoening van uitspraak

141. (1) 'n Party kan met skriftelike kennisgewing ingedien by die 'griffier' en die teenparty of die teenparty se prokureur of agent afstand doen van die geheel of 'n gedeelte van 'n uitspraak in die party se guns.

30

(2) 'n Kennisgewing van afstanddoening word deel van die rekord.

Deel F

Skikking van geskil

35

Woordomskrywing

142. In hierdie Deel, tensy dit uit die konteks andersins blyk, en indien in enkel aanhalingstekens, beteken:

'**geskil**' 'n verskil oor die vertolking van óf die tersaaklike feite wat betrokke is óf die reg wat daarop van toepassing is, of oor beide die feite en die reg, wat ontstaan het na aanleiding van die uitreik van 'n aanslag of die maak van 'n 'beslissing'; en
'**skik**' om na die aanteken van 'n appèl kragtens hierdie Hoofstuk, 'n 'geskil' op te los deur 'n aanspreeklikheid wat betwis word toe te gee, anders as by wyse van die aanvaarding deur óf SAID óf die betrokke persoon van die ander party se vertolking van die feite of die reg van toepassing op daardie feite of van beide die feite en die reg, en '**skikking**' en '**geskik**' moet dienooreenkomstig uitgelê word.

40

45

Doel van Deel

143. (1) Die basiese beginsel in belastingreg is dat dit die plig van SAID is om belasting ingevolge die wette deur Parlement verorden aan te slaan en te vorder en om nie belasting behoorlik hefbaar en betaalbaar is, op te sê nie.

50

(2) Omstandighede mag vereis dat die strengheid en onbuigsamheid van hierdie basiese beginsel versag word, indien sodanige buigsamheid tot die beste voordeel van die Staat sal wees.

(3) Die doel van hierdie Deel is om die omstandighede voor te skryf waaronder dit vir SAID gepas is om die basiese beginsel te versag en 'n 'geskil' te 'skik'. 5

Instelling van skikkingsprosedure

144. (1) Enige party tot 'n 'geskil' kan 'n 'skikkings'-prosedure instel deur met die ander party te kommunikeer.

(2) Nóg SAID nóg die belastingpligtige het die reg om te vereis dat die ander party in 'n 'skikkings'-prosedure betrokke raak. 10

Omstandighede waar skikking onvanpas is

145. Dit is onvanpas en nie tot die beste voordeel van die Staat om 'n 'geskil' te 'skik' nie indien, na die mening van SAID—

- (a) geen omstandighede in artikel 146 beoog teenwoordig is nie en—
 - (i) die optrede deur die betrokke persoon wat met die 'geskil' verband hou, opsetlike belastingontduiking of bedrog uitmaak; 15
 - (ii) die 'skikking' strydig sal wees met die reg of 'n algemeen heersende praktyk en geen buitengewone omstandighede bestaan om 'n afwyking van die reg of praktyk te regverdig nie; of
 - (iii) die betrokke persoon nie aan die bepalings van 'n Belastingwet voldoen het nie en die nienakoming van 'n ernstige aard is; 20
- (b) dit in die openbare belang is om geregtelike opklaring van die aangeleentheid te verkry en die saak gepas is vir dié doel; of
- (c) die voortsetting van die aangeleentheid deur die howe nakoming van 'n Belastingwet deur belastingpligtiges wesenlik sal bevorder en die saak gepas is vir dié doel. 25

Omstandighede waar skikking gepas is

146. Die Kommissaris kan, indien dit tot die beste voordeel van die staat is, 'n 'geskil' in geheel of gedeeltelik 'skik', op 'n grondslag wat regverdig en billik vir beide die betrokke persoon en SAID is, na inagneming van— 30

- (a) die vraag of die 'skikking' in die belang van goeie bestuur van die belastingstelsel, algemene billikheid en die beste aanwending van SAID se hulpbronne sal wees;
- (b) SAID se koste van litigasie in verhouding tot die moontlike voordele met verwysing na— 35
 - (i) die kans op sukses in 'n hof;
 - (ii) die kans vir invordering van die bedrae verskuldig; en
 - (iii) die koste wat met invordering verband hou;
- (c) die vraag of daar enige— 40
 - (i) ingewikkelde feitelike kwessies in geskil is; of
 - (ii) bewysregtelike probleme bestaan, wat voldoende is om die saak se uitkoms problematies of ongeskik vir beslegting deur middel van die alternatiewe geskilbeslegting prosedures of die howe te maak;
- (d) 'n geval waar 'n deelnemer of 'n groep deelnemers in 'n belastingvermydings-reëling SAID se standpunt in die 'geskil' aanvaar het, in welke geval die 'skikking' onderhandel kan word op 'n gepaste wyse wat nodig om bestaande strukture en reëlings te ontbind; of 45
- (e) die vraag of 'skikking' van die 'geskil' nakoming van 'n Belastingwet deur die betrokke persoon of 'n groep belastingpligtiges op 'n koste-effektiewe wyse sal bevorder. 50

Prosedure vir skikking

147. (1) 'n Persoon wat aan 'n skikkingsprosedure deelneem moet alle tersaaklike feite openbaar tydens die besprekingsfase van die proses om 'n 'geskil' te 'skik'.

- (2) 'n 'Skikking' is voorwaardelik daarop dat wesenlike feite wat op die tydstip van 'skikking' aan die betrokke persoon bekend is, ten volle geopenbaar word.
- (3) 'n 'Geskil' in geheel of gedeeltelik 'geskik' moet gestaaf word deur 'n skriftelike ooreenkoms tussen die partye, in die voorgeskrewe formaat en moet besonderhede bevat van— 5
- (a) hoe elke spesifieke geskilpunt 'geskik' is;
 - (b) tersaaklike ondernemings deur die partye;
 - (c) hantering van die aangeleentheid in toekomstige jare;
 - (d) terugtrekking van besware en appèlle; en
 - (e) reëlins vir betaling. 10
- (4) Die ooreenkoms moet deur 'n senior SAID-amptenaar onderteken word.
- (5) SAID moet, indien die 'geskil' nie uiteindelik 'geskik' word nie, die verdere regte van beswaar en appèl aan die betrokke persoon verduidelik.
- (6) Die ooreenkoms en voorwaardes van die skikkingsooreenkoms moet vertroulik bly, tensy die openbaarmaking daarvan regtens gemagtig word of SAID en die betrokke persoon andersins ooreenkom. 15

Finaliteit van skikkingsooreenkoms

- 148.** (1) Die skikkingsooreenkoms verteenwoordig die finale ooreengekome posisie tussen die partye en is in volle en finale 'skikking' van alle of die vermelde aspekte van die 'geskil' ter sprake tussen die partye. 20
- (2) SAID moet aan die voorwaardes van die ooreenkoms voldoen, tensy wesenlike feite vereis ingevolge artikel 147(1) nie geopenbaar is nie of indien daar bedrog of wanvoorstelling van die feite was.
- (3) Indien die betrokke persoon versuim om die bedrag verskuldig ooreenkomstig die ooreenkoms te betaal of andersins versuim om die ooreenkoms na te kom, kan 'n senior SAID-amptenaar— 25
- (a) die ooreenkoms as nietig beskou en voortgaan met die aangeleentheid ten opsigte van die aanvanklik betwiste bedrag; of
 - (b) invordering van skikkingsbedrag afdwing kragtens die invorderingsbepalings van hierdie Wet as volle en finale 'skikking' van die 'geskil'. 30

Register van skikkings en verslagdoening

- 149.** (1) SAID moet—
- (a) 'n register byhou van alle 'geskille' wat ingevolge hierdie Deel 'geskik' word; en
 - (b) die proses waarkragtens elke 'geskil' 'geskik' word dokumenteer. 35
- (2) Die Kommissaris moet 'n jaarlikse opsomming van 'skikkings' aan die Ouditeur-generaal en die Minister voorsien.
- (3) Die opsomming bedoel in subartikel (2) moet ingedien word teen nie later nie as die datum waarop SAID se jaarlikse verslag vir die jaar by die Parlement ingedien word en moet— 40
- (a) in 'n formaat wees wat, behoudens artikel 70(5), nie die identiteit van die betrokke persoon openbaar maak nie; en
 - (b) besonderhede bevat van die aantal 'skikkings', die bedrag aan belasting verbeur, en die beraamde bedrag van besparing in litigasiekoste, aangedui in hoofklasse belastingpligtiges of gedeeltes van die publiek. 45

Wysiging van aanslag of beslissing oor skikking

- 150.** (1) Indien 'n 'geskil' tussen SAID en die persoon veronreg deur 'n aanslag of 'beslissing' kragtens hierdie Deel geskik word, kan SAID, ondanks enige andersluidende bepalings in 'n Belastingwet, die aanslag of 'beslissing' wysig ten einde gevolg te gee aan die 'skikking'. 50
- (2) 'n Gewysigde aanslag of 'beslissing' bedoel in subartikel (1) is nie aan beswaar en appèl onderhewig nie.

HOOFTUK 10

BELASTINGAANSPREEKLIKHEID EN BETALING

Deel A *Belastingpligtiges*

Belastingpligtige 5

- 151.** In hierdie Wet, beteken belastingpligtige—
- (a) 'n persoon aanspreeklik vir belasting;
 - (b) 'n verteenwoordigende belastingpligtige;
 - (c) 'n terughoudingsagent;
 - (d) 'n verantwoordelike derde party; of 10
 - (e) 'n persoon wat die onderwerp is van 'n versoek om bystand te lewer kragtens 'n internasionale belastingooreenkoms.

Persoon aanspreeklik vir belasting

152. 'n Persoon aanspreeklik vir belasting is 'n persoon op wie die verpligting vir belasting verskuldig kragtens 'n Belastingwet opgelê word en wat persoonlik vir die belasting aanspreeklik is. 15

Verteenwoordigende belastingpligtige

153. (1) In hierdie Wet beteken 'n verteenwoordigende belastingpligtige 'n persoon wat verantwoordelik is om die belastingaanspreeklikheid van 'n ander persoon as 'n agent te betaal, uitgesonderd 'n terughoudingsagent, en sluit 'n persoon in wat— 20

- (a) 'n verteenwoordigende belastingpligtige ingevolge die Inkomstebelastingwet is;
- (b) 'n verteenwoordigende werkgewer ingevolge die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet is; of
- (c) 'n verteenwoordigende ondernemer ingevolge artikel 46 van die Wet op 25 Belasting van Toegevoegde Waarde is.

(2) Elke persoon wat 'n verteenwoordigende belastingpligtige word of ophou om te wees (behalwe 'n openbare amptenaar van 'n maatskappy) kragtens 'n Belastingwet, moet SAID dienooreenkomstig inlig in die vorm deur die Kommissaris voorgeskryf binne 21 besigheidsdae nadat daardie persoon 'n verteenwoordigende belastingpligtige 30 geword het of ophou om een te wees, na gelang van die geval.

(3) 'n Belastingpligtige word nie onthef van enige aanspreeklikheid, verantwoordelikheid of verpligting opgelê kragtens 'n Belastingwet opgelê nie, uit hoofde van die feit dat die belastingpligtige se verteenwoordiger—

- (a) versuim het om sodanige verantwoordelikhede of verpligtinge uit te voer nie; 35 of
- (b) aanspreeklik is vir die belasting deur die belastingpligtige betaalbaar.

Aanspreeklikheid van verteenwoordigende belastingpligtige

154. (1) 'n Verteenwoordigende belastingpligtige is, met betrekking tot—

- (a) die inkomste waarop die verteenwoordigende belastingpligtige geregtig is; 40
- (b) gelde waarop die verteenwoordigende belastingpligtige geregtig is of waaroor hy of sy die bestuur of beheer het;
- (c) transaksies deur die verteenwoordigende belastingpligtige aangegaan; en
- (d) enigiets anders deur die verteenwoordigende belastingpligtige gedoen, 45 in sodanige hoedanigheid—
 - (i) onderhewig aan die pligte, verantwoordelikhede en aanspreeklikhede van die belastingpligtige wat verteenwoordig word;
 - (ii) geregtig op enige korting, aftrekking, vrystelling, reg om 'n verlies te verreken, en ander items wat deur die persoon wat verteenwoordig word, geëis kan word; en 50
 - (iii) aanspreeklik vir die bedrag belasting in 'n Belastingwet aangedui.

(2) 'n Verteenwoordigende belastingpligtige kan ten opsigte van enige belasting kragtens subartikel (1) aangeslaan word, maar sodanige aanslag word beskou as op die verteenwoordigende belastingpligtige in sodanige hoedanigheid alleen gedoen te word.

Persoonlike aanspreeklikheid van verteenwoordigende belastingpligtige

155. 'n Verteenwoordigende belastingpligtige is persoonlik aanspreeklik vir belasting in die verteenwoordigende belastingpligtige se verteenwoordigende hoedanigheid betaalbaar, indien, solank dit onbetaal bly—

- (a) die verteenwoordigende belastingpligtige die bedrae ten opsigte waarvan die belasting hefbaar is vervreem, beswaar of verhandel; of
- (b) die verteenwoordigende belastingpligtige fondse of gelde wat in die verteenwoordigende belastingpligtige se besit is of na die verteenwoordigende belastingpligtige toe kom nadat die belasting betaalbaar word, vervreem of opgee, indien die belasting wettiglik met of uit die fondse of gelde betaal kon word.

Terughoudingsagent

156. In hierdie Wet beteken terughoudingsagent 'n persoon wat kragtens 'n Belastingwet, 'n bedrag aan belasting moet terughou en dit aan SAID moet oorbetaal.

Persoonlike aanspreeklikheid van terughoudingsagent

157. (1) 'n Terughoudingsagent is persoonlik aanspreeklik vir 'n bedrag belasting—

- (a) teruggehou en nie aan SAID oorbetaal nie; of
- (b) wat kragtens 'n Belastingwet teruggehou moes word maar nie aldus teruggehou is nie.

(2) 'n Bedrag betaal of verhaal van 'n terughoudingsagent ingevolge subartikel (1) is 'n bedrag belasting wat namens die tersaaklike belastingpligtige betaal is ten opsigte van sy of haar aanspreeklikheid kragtens die tersaaklike Belastingwet.

Verantwoordelike derde party

158. In hierdie Wet beteken verantwoordelike derde party 'n persoon wat andersins aanspreeklik word vir die belastingaanspreeklikheid van 'n ander persoon, anders as 'n verteenwoordigende belastingpligtige of as 'n terughoudingsagent, hetsy in 'n persoonlike of verteenwoordigende hoedanigheid.

Persoonlike aanspreeklikheid van verantwoordelike derde party

159. 'n Verantwoordelike derdeparty is persoonlik aanspreeklik in die mate in Deel D van Hoofstuk 11 beskryf.

Verhaalsreg van belastingpligtige

160. (1) 'n Verteenwoordigende belastingpligtige, terughoudingsagent of verantwoordelike derde party wat, in dié hoedanigheid, 'n belasting betaal is geregtig—

- (a) om die bedrag aldus betaal te verhaal van die persoon namens wie dit betaal word; of
- (b) om 'n bedrag gelyk aan die bedrag aldus betaal terug te hou uit gelde of bates in daardie persoon se besit of wat na daardie persoon kom in daardie verteenwoordigende hoedanigheid.

(2) Tensy andersins in 'n Belastingwet bepaal, is 'n belastingpligtige namens wie 'n bedrag afgetrek of teruggehou en aan SAID betaal is deur 'n terughoudingsagent nie geregtig om die bedrag aldus afgetrek of teruggehou van die terughoudingsagent te verhaal nie.

Sekuriteit deur belastingpligtige

161. (1) 'n Senior SAID-amptenaar kan sekuriteit van 'n belastingpligtige vereis om die invordering van belasting deur SAID te verseker, indien die belastingpligtige—

- (a) 'n verteenwoordigende belastingpligtige, terughoudingsagent of verantwoordelike derdeparty is wat voorheen in die belastingpligtige se persoonlike hoedanigheid kragtens 'n Belastingwet aanspreeklik gehou is;
- (b) skuldig bevind is aan belastingmisdryf;
- (c) dikwels versuim het om bedrae aan belasting verskuldig te betaal; 5
- (d) dikwels versuim het om ander verpligtinge kragtens enige Belastingwet opgelê, na te kom, wat nienakoming bedoel in Hoofstuk 15 uitmaak; of
- (e) onder die bestuur of beheer is van 'n persoon wat 'n persoon in paragrawe (a) tot (d) beoog, was of is.
- (2) Indien sekuriteit vereis word, moet SAID by skriftelike kennisgewing aan die belastingpligtige van die belastingpligtige vereis om, binne die tydperk wat SAID mag toelaat, aan of by SAID sekuriteit te verskaf of deponer vir die betaling van enige belasting wat ingevolge enige Belastingwet deur die belastingpligtige betaalbaar geword het of betaalbaar kan word.
- (3) Die sekuriteit moet van die aard, vir die bedrag en in die vorm wees wat die senior SAID-amptenaar gelas. 15
- (4) Indien die sekuriteit in die vorm van 'n kontantdeposito is en die belastingpligtige versuim om sodanige deposito te maak, kan dit—
- (a) ingevorder word asof dit 'n belastingskuld van die belastingpligtige is wat kragtens hierdie Wet ingevorder kan word; of 20
- (b) verreken word teen enige terugbetaling aan die belastingpligtige verskuldig.
- (5) 'n Senior SAID-amptenaar kan, in die geval van 'n belastingpligtige wat nie 'n natuurlike persoon is nie en nie die sekuriteit kragtens subartikel (1) vereis word kan verskaf nie, van enige of al die lede, aandeelhouers of trustees wat beheer het of betrokke is by die bestuur van die belastingpligtige, vereis om 'n kontrak vir borgskap aan te gaan ten opsigte van die belastingpligtige se belastingaanspreeklikheid wat van tyd tot tyd kan ontstaan. 25

Deel B

Betaling van belasting

Vasstelling van tyd en wyse van betaling van belasting 30

- 162.** (1) Belasting moet teen die dag en op die plek betaal word deur SAID bekend gemaak of soos in 'n Belastingwet bepaal, en moet as 'n enkelbedrag of ingevolge 'n afbetalingsooreenkoms kragtens artikel 167 betaal word.
- (2) SAID kan die wyse van betaling van belasting, ingesluit elektronies, voorskryf.
- (3) Ondanks artikels 96(1)(f) en 167 kan 'n senior SAID-amptenaar, indien daar 35 redelike gronde bestaan om te glo dat—
- (a) 'n belastingpligtige nie die volle bedrag belasting sal betaal nie;
- (b) 'n belastingpligtige die belastingpligtige se bates sal verkwis; of
- (c) dat invordering in die toekoms moeilik mag word,
- vereis dat die belastingpligtige— 40
- (i) die volle bedrag onmiddellik betaal by ontvangs van die kennisgewing van aanslag of 'n kennisgewing in artikel 167(6) beskryf of binne die tydperk wat die amptenaar onder die omstandighede gepas ag; of
- (ii) die sekuriteit verskaf wat die amptenaar nodig ag.

Bewaringsbevel 45

- 163.** (1) 'n Senior SAID-amptenaar kan 'n *ex parte* aansoek na die Hoë Hof vir 'n bevel vir die bewaring van enige bates van 'n belastingpligtige of ander persoon magtig, ingevolge waarvan enige persoon verbied word om, onderhewig aan die voorwaardes en uitsonderings wat in die bewaringsbevel uiteengesit word, op enige wyse te handel met die bates waarmee die bevel verband hou. 50
- (2) (a) SAID kan, in afwagting van die aansoek en ten einde te voorkom dat enige realiseerbare bates vervreem of verwyder word wat die invordering van die volle bedrag belasting verskuldig kan verrydel, op die bates beslag lê hangende die uitkoms van die aansoek vir 'n bewaringsbevel, welke aansoek moet begin binne 24 uur vanaf die tydstip van beslaglegging van die bates of die verdere tydperk waarop SAID en die 55 belastingpligtige of ander persoon mag ooreenkom.

- (b) Tot tyd en wyl 'n bewaringsbevel uitgereik is ten opsigte van die bates waarop beslag gelê is, moet SAID redelike stappe neem om die bates te bewaar en te beskerm.
- (3) 'n Bewaringsbevel kan gemaak word indien nodig om die invordering van belasting te verseker en ten opsigte van—
- (a) realiseerbare bates deur SAID kragtens subartikel (2) op beslag gelê; 5
 - (b) die realiseerbare bates wat in die bevel vermeld word en wat gehou word deur die persoon teen wie die bewaringsbevel gemaak word;
 - (c) alle realiseerbare bates deur die persoon gehou, ongeag of dit in die bevel vermeld word is al dan nie; of
 - (d) alle bates wat, indien dit aan die persoon oorgedra word na die maak van die bewaringsbevel, realiseerbare bates sal wees. 10
- (4) Die hof waarna 'n aansoek om 'n bewaringsbevel gemaak word, kan—
- (a) 'n voorlopige bewaringsbevel met onmiddellike uitwerking, uitvaardig;
 - (b) gelyktydig 'n reël *nisi* toestaan wat 'n beroep op die belastingpligtige of ander persoon doen om op 'n besigheidsdag in die reël vermeld te verskyn en redes te verskaf waarom die bewaringsbevel nie finaal gemaak moet word nie; en 15
 - (c) op aansoek deur die belastingpligtige of ander persoon, die keurdatum vervroeg vir die doeleindes van die opheffing van die voorlopige bewaringsbevel indien 24 uur kennis van die aansoek aan SAID gegee is.
- (5) 'n Bewaringsbevel moet voorsiening maak dat kennis gegee word aan die belastingpligtige en 'n persoon van wie die bates beslag op gelê word. 20
- (6) Vir die doeleindes van die kennisgewing of reël vereis kragtens subartikel (4)(b) of (5), indien die belastingpligtige of ander persoon vir 'n tydperk van 21 besigheidsdae afwesig was van sy of haar gewone woonplek of besigheid binne die Republiek, kan die hof gelas dat dit voldoende betekening van daardie kennisgewing of reël is indien 'n afskrif daarvan aan of naby die buitedeur van die gebou waar die hof sit aangebring is en in die *Staatskoerant* gepubliseer is, tensy die hof 'n ander wyse van betekening gelas. 25
- (7) Die hof kan, in die toestaan van 'n bewaringsbevel, enige aanvullende bevels maak oor hoe met die bates mee gehandel moet word, ingesluit—
- (a) die magtiging van die beslaglegging van alle roerende bates; 30
 - (b) die aanstelling van 'n *curator bonis* in wie die bates van daardie belastingpligtige of ander persoon aanspreeklik vir belasting vestig;
 - (c) die realisering van die bates ter betaling van die belastingskuld;
 - (d) om die voorsiening te maak soos die hof goeddink vir die redelike lewensuitgawes van 'n persoon teen wie die bewaringsbevel gemaak word en sy of haar wettige afhanklikes, indien die hof oortuig is dat die persoon onder eed alle direkte en indirekte belange in bates onderhewig aan die bevel verklaar het en dat die persoon nie die betrokke uitgawes kan dek uit sy of haar bates wat nie beperk word nie; of 35
 - (e) enige ander bevel wat die hof nodig ag vir die behoorlike, regverdige en effektiewe uitvoer van die bevel. 40
- (8) Die hof wat 'n bewaringsbevel maak, kan ook die verdere bevel maak ten opsigte van die blootlegging van enige feite, ingesluit feite wat verband hou met enige bate waaroor die belastingpligtige of ander persoon effektiewe beheer mag hê, en die ligging van die bates, soos die hof nodig of raadsaam ag met die doel om die oogmerke van die bewaringsbevel te bereik. 45
- (9) Die hof wat 'n bewaringsbevel gemaak het kan op aansoek deur 'n persoon deur daardie bevel geraak, die bevel of 'n bevel wat die beslaglegging van die betrokke bates magtig of 'n ander aanvullende bevel wysig of intrek indien die hof oortuig is dat—
- (a) die werking van die betrokke bevel oormatige ontbering vir die aansoeker sal veroorsaak; en 50
 - (b) die ontbering wat die aansoeker sal ervaar as gevolg van die bevel van groter belang is as die risiko dat die betrokke bates vernietig, verloor, beskadig, versteek of oorgedra kan word.
- (10) 'n Bewaringsbevel bly van krag— 55
- (a) hangende die tersydestelling daarvan op appèl, indien enige, teen die bewaringsbevel; of
 - (b) todat die bates onderhewig aan die bewaringsbevel nie meer vir die doeleindes van die betaling van die belastingskuld benodig word nie.
- (11) Ten einde te voorkom dat enige realiseerbare bates waarop nie ingevolge subartikel (2) op beslag gelê is nie, vervreem of verwyder word teenstrydig met 'n bewaringsbevel kragtens hierdie artikel, kan 'n senior SAID-amptenaar op die bates

beslag lê indien die amptenaar redelike gronde het om te glo dat die bates aldus vervreem of verwyder sal word.

(12) Daar moet met bates waarop kragtens hierdie artikel beslag gelê is gehandel word ooreenkomstig die voorskrifte van die Hoë Hof wat die tersaaklike bewaringsbevel gemaak het.

5

Betaling van belasting hangende beswaar of appèl

164. (1) Tensy 'n senior SAID-amptenaar ingevolge subartikel (3) andersins bepaal, sal die—

- (a) verpligting om belasting te betaal; en
- (b) die reg van SAID om belasting te ontvang en in te vorder, 10
nie deur 'n beswaar of appèl of hangende die uitspraak van 'n geregshof ooreenkomstig 'n appèl kragtens artikel 133 opgeskort word nie.

(2) 'n Belastingpligtige kan 'n senior SAID-amptenaar versoek om die betaling van belasting of 'n gedeelte daarvan kragtens 'n aanslag verskuldig, op te skort, indien die belastingpligtige kragtens Hoofstuk 9 die verpligting om daardie belasting te betaal 15 betwis of van voorneme is om dit te betwis.

(3) 'n Senior SAID-amptenaar kan betaling van die belasting wat betwis word opskort, na inagneming van—

- (a) die nakomingsgeskiedenis van die belastingpligtige;
- (b) die bedrag belasting ter sprake; 20
- (c) die risiko dat die betrokke belastingpligtige bates sal verkwis gedurende die tydperk wat die opskorting geld;
- (d) die vraag of die belastingpligtige in staat is om voldoende sekuriteit vir die betaling van die bedrag betrokke te verskaf;
- (e) die vraag of betaling van die betrokke bedrag 'n onherstelbare finansiële 25 ontbering vir die belastingpligtige tot gevolg sal hê;
- (f) die vraag of sekwestrasie- of likwidasië prosedures dreigend is;
- (g) die vraag of bedrog betrokke is by die ontstaan van die geskil; of
- (h) die vraag of die belastingpligtige nagelaat het om inligting te verstrek wat kragtens hierdie Wet, vir die doeleindes van 'n beslissing kragtens hierdie 30 artikel versoek is.

(4) Indien die betaling van belasting wat die belastingpligtige voornemens was om te betwis kragtens subartikel (3) opgeskort is en daarna—

- (a) geen beswaar ingedien word nie;
- (b) 'n beswaar van die hand gewys word en geen appèl ingedien word nie; of 35
- (c) 'n appèl na die belastingraad of hof onsuksesvol was en geen verdere appèl aangeteken word nie,

word die opskorting met onmiddellike uitwerking herroep vanaf die datum van die verstryking van die tersaaklike voorgeskrewe tydperk of enige uitstel van die tersaaklike tydperk kragtens hierdie Wet. 40

(5) 'n Senior SAID-amptenaar kan weier om 'n versoek ingevolge subartikel (2) toe te staan of 'n besluit om betaling ingevolge daardie subartikel te op te skort met onmiddellike uitwerking herroep, indien oortuig—

- (a) ná indiening van die beswaar of appèl, dat die beswaar of appèl beuselagtig of kwelsugtig is; 45
- (b) dat die belastingpligtige verdragingsaktieë in die hantering van die beswaar of appèl gebruik;
- (c) ná verdere oorweging van die faktore bedoel in subartikel (3), dat die opskorting nie toegestaan moes word nie; of
- (d) dat daar 'n wesenlike verandering is van enige van die faktore bedoel in 50 subartikel (3), waarop die besluit om die betaling van die bedrag ter sprake op te skort, gebaseer was.

(6) Gedurende die tydperk wat begin op die dag waarop—

- (a) SAID 'n versoek vir opskorting kragtens subartikel (2) ontvang; of
- (b) 'n opskorting kragtens subartikel (5) herroep word, 55

en wat eindig 10 besigheidsdae nadat kennisgewing van SAID se beslissing of herroeping aan die belastingpligtige uitgereik is, mag geen invorderingstappe geneem word nie, tensy SAID redelikerwys glo dat daar 'n risiko is van verkwisting van bates deur die betrokke persoon.

(7) Indien 'n aanslag of beslissing bedoel in artikel 104(2), ooreenkomstig— 60

- (a) 'n beswaar of appèl;

- (b) 'n uitspraak van 'n geregshof ooreenkomstig 'n appèl kragtens artikel 133; of
- (c) 'n beslissing deur SAID om die appèl na die belastingraad of die belastinghof of ander geregshof toe te gee,

gewysig word, moet 'n gepaste aansuiwering gemaak word, bedrae wat te veel betaal is terugbetaal word met rente teen die voorgeskrewe koers bereken vanaf die datum waarop daardie oorskot deur SAID ontvang is, tot die datum waarop die terugbetaalde belasting betaal word, en is bedrae wat te min betaal is met rente, bereken soos voorgeskryf ingevolge artikel 187(1), verhaalbaar. 5

(8) Die bepalinge van artikel 191 is, met die nodige veranderinge, van toepassing ten opsigte van 'n bedrag terugbetaalbaar en van rente deur SAID betaalbaar kragtens hierdie artikel. 10

Deel C

Belastingpligtigerekening en toedeling van betalings

Belastingpligtigerekening

165. (1) SAID moet een of meer belastingpligtigerekeninge vir elke belastingpligtige byhou. 15

(2) Die belastingpligtigerekening moet die belasting verskuldig aantoon ten opsigte van elke tipe belasting by die rekening ingesluit.

(3) Die belastingpligtigerekening moet rekord hou van besonderhede vir alle belastingtydperke van— 20

- (a) die belasting verskuldig;
- (b) enige boete opgelê;
- (c) die rente betaalbaar op uitstaande bedrae verskuldig;
- (d) enige ander bedrag verskuldig;
- (e) belastingbetalings deur of namens die belastingpligtige gemaak; en 25
- (f) enige krediet vir bedrae betaal wat die belastingpligtige geregtig is om teen die belastingaanspreeklikheid te verreken.

(4) Van tyd tot tyd, of indien deur die belastingpligtige versoek, moet SAID 'n rekening aan die belastingpligtige stuur, wat die bedrae tans verskuldig toon en die besonderhede wat SAID toepaslik ag. 30

Toedeling van betalings

166. (1) Ondanks enige andersluidende bepaling vervat in 'n Belastingwet, kan SAID enige betaling ingevolge 'n Belastingwet gemaak, toeken aan die oudste bedrag van belasting uitstaande op die tydstip van die betaling, behalwe bedrae— 35

- (a) waarvoor betaling kragtens hierdie Wet opgekort is; of
- (b) wat ingevolge 'n paaiementafbetalingsooreenkoms kragtens artikel 167 betaalbaar is.

(2) SAID kan die eerste-in-eerste-uit beginsel beskryf in subartikel (1) ten opsigte van 'n spesifieke belastingtipe of 'n groep belastingtipes toepas op die wyse wat deur die Kommissaris by openbare kennisgewing voorgeskryf word. 40

(3) In die geval waar 'n betaling in subartikel (1) onvoldoende is om alle belastingskulde van dieselfde ouderdom te vereffen, kan die bedrag van die betaling onder daardie belastingskulde toegedeel word op die wyse deur die Kommissaris by openbare kennisgewing voorgeskryf.

(4) Die ouderdom van 'n belastingskuld vir die doeleindes van subartikel (1) word bepaal in ooreenstemming met die tydsverloop vanaf die datum waarop die skuld betaalbaar geword het ingevolge die toepaslike Wet. 45

Deel D

Uitstel van betaling

Afbetalingsooreenkoms 50

167. (1) 'n Senior SAID-amptenaar kan 'n ooreenkoms in die voorgeskrewe vorm met 'n belastingpligtige aangaan waarkragtens die belastingpligtige toegelaat word om,

- binne die ooreengekome tydperk, 'n belastingskuld in een bedrag of in paaiemente te betaal, indien oortuig dat—
- (a) kriteria of risiko's wat die Kommissaris by openbare kennisgewing kan voorskryf, behoorlik in ag geneem is; en
 - (b) die ooreenkoms die invordering van die skuld vergemaklik. 5
- (2) Die ooreenkoms kan die voorwaardes bevat wat SAID nodig ag om die invordering van belasting te verseker.
- (3) Behalwe soos ingevolge subartikels (4) en (5) bepaal, bly die ooreenkoms van krag vir die termyn van die ooreenkoms.
- (4) SAID kan 'n afbetalingsooreenkoms beëindig indien die belastingpligtige 10 versuim om 'n paaiement te betaal of om andersins die voorwaardes daarvan na te kom en 'n betaling voor die beëindiging van die ooreenkoms moet as 'n gedeeltelike betaling van die belastingskuld beskou word.
- (5) 'n Senior SAID-amptenaar kan 'n afbetalingsooreenkoms wysig of beëindig 15 indien oortuig dat—
- (a) die invordering van belasting aan risiko onderworpe is;
 - (b) die belastingpligtige wesenlike foutiewe inligting verstrek het in die aansoek om die ooreenkoms; of
 - (c) die finansiële posisie van die belastingpligtige wesenlik verander het.
- (6) 'n Beëindiging of wysiging— 20
- (a) bedoel in subartikel (4) of (5)(a) tree in werking op die datum vermeld in die kennisgewing van beëindiging of wysiging aan die belastingpligtige gestuur; en
 - (b) bedoel in subartikel (5)(b) of (c) tree in werking 21 besigheidsdae nadat 'n kennisgewing van die beëindiging of wysiging aan die belastingpligtige 25 gestuur is.

Kriteria vir afbetalingsooreenkoms

- 168.** 'n Senior SAID-amptenaar mag 'n afbetalingsooreenkoms aangaan slegs 30 indien—
- (a) die belastingpligtige aan 'n gebrek van bates of likwiditeit ly, wat met redelike sekerheid in die toekoms reggestel sal word;
 - (b) die belastingpligtige inkomste of ander ontvangste verwag wat aangewend kan word om die belastingskuld te betaal;
 - (c) vooruitsigte vir onmiddellike invorderingsaktiwiteite sleg of onekonomies is, 35 maar waarskynlik in die toekoms sal verbeter;
 - (d) invorderingsaktiwiteite in die spesifieke geval ongevoelig sal wees en onwaarskynlik is dat die uitstel of afbetalingsooreenkoms die invordering van belasting sal benadeel; of
 - (e) die belastingpligtige die sekuriteit verskaf wat deur die amptenaar vereis kan 40 word.

HOOFSTUK 11

VORDERING VAN BELASTING

Deel A

Algemeen

Skuld aan SAID verskuldig 45

- 169.** (1) 'n Bedrag belasting verskuldig of betaalbaar ingevolge 'n Belastingwet, is 'n belastingskuld verskuldig aan SAID tot voordeel van die Nasionale Inkomstefonds.
- (2) 'n Belastingskuld aan SAID verskuldig, is deur SAID ingevolge hierdie Hoofstuk invorderbaar, en is invorderbaar van—
- (a) in die geval van 'n verteenwoordigende belastingpligtige wat nie kragtens 50 artikel 155 persoonlik aanspreeklik is nie, enige bates wat aan die persoon wat verteenwoordig word behoort wat in die verteenwoordigende belastingpligtige se besit of onder sy of haar bestuur of beheer is; of
 - (b) in enige ander geval, enige bates van die belastingpligtige.

(3) SAID word as krediteur beskou vir die doeleindes van 'n bedrag bedoel in subartikel (1) sowel as enige ander bedrag indien SAID 'n ooreenkoms aangegaan het kragtens artikel 4(1)(a)(ii) van die SAID-Wet, ingevolge waarvan SAID die krediteur vir die Staat of die betrokke staatsorgaan of instelling is.

(4) SAID hoef nie 'n bedrag kragtens hierdie Hoofstuk in te vorder nie indien die bedrag minder is as R100 of enige ander bedrag wat die Kommissaris by openbare kennisgewing kan bepaal, maar die bedrag moet in die tersaaklike belastingpligtige-rekening oorgedra word. 5

Bewys van aanslag

170. Die voorlegging van 'n dokument deur SAID uitgereik wat na bewering 'n afskrif van of uittreksel uit 'n aanslag is, is afdoende bewys— 10

(a) dat so 'n aanslag gedoen is; en

(b) behalwe in die geval van verrigtinge op appèl teen die aanslag, dat al die besonderhede van die aanslag korrek is.

Tydperk van beperking op invordering van belasting 15

171. Stappe vir die invordering van 'n belastingskuld mag nie ingestel word nie na verloop van 15 jaar vanaf die datum wat die aanslag van belasting of 'n beslissing bedoel in artikel 104(2), wat tot 'n belastingaanspreeklikheid aanleiding gee, finaal word.

Deel B

Vonnisprosedure 20

Aansoek om siviele vonnis vir invordering van belasting

172. (1) Indien 'n persoon versuim om belasting te betaal wanneer dit betaalbaar is, kan SAID, nadat die persoon ten minste 10 besigheidsdae kennis gegee is, by die klerk of griffier van 'n bevoegde hof 'n gewaarmerkte verklaring indien waarin die bedrag aan belasting betaalbaar uiteengesit word en deur SAID as korrek verklaar is. 25

(2) SAID kan die verklaring indien ongeag of die bedrag van belasting aan beswaar of appèl kragtens Hoofstuk 9 onderhewig is al dan nie, tensy die verpligting om die bedrag te betaal kragtens artikel 164 opgeskort is.

(3) SAID word nie verplig om die belastingpligtige vooraf kennisgewing kragtens subartikel (1) te gee nie indien SAID oortuig is dat vooraf kennisgewing die invordering van die belasting sal benadeel. 30

Jurisdiksie van landdroshof in vonnisprosedure

173. Ondanks andersluidende bepalings in die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), kan die gewaarmerkte verklaring bedoel in artikel 172 ingedien word by die klerk van die landdroshof wat regsbevoegdheid het oor die persoon in die verklaring vermeld. 35

Effek van verklaring by klerk of griffier ingedien

174. 'n Gewaarmerkte verklaring kragtens artikel 172 ingedien, moet beskou word as 'n siviele vonnis regtens uitgereik in die tersaaklike hof, in SAID se guns vir 'n likiede skuld vir die bedrag in die verklaring vermeld. 40

Wysiging van verklaring by klerk of griffier ingedien

175. (1) SAID kan die bedrag aan verskuldigde belasting vermeld in die verklaring ingedien kragtens artikel 172 wysig, indien SAID van mening is dat die bedrag in die verklaring verkeerd is.

(2) Die wysiging van die verklaring is nie van krag nie totdat dit deur die klerk of griffier van die betrokke hof geparafeer is. 45

Terugtrekking van verklaring en herinstelling van verrigtinge

176. (1) SAID kan 'n gewaarmerkte verklaring kragtens artikel 172 ingedien, terugtrek, deur 'n kennisgewing van terugtrekking aan die tersaaklike klerk of griffier te stuur waarna die verklaring ophou om van krag te wees.

(2) SAID kan 'n nuwe verklaring kragtens artikel 172 indien wat belasting ingesluit in 'n teruggetrekte verklaring uiteensit. 5

Deel C

Sekwestrasie-, likwidasië- en deregistrasiestappe

Instelling van sekwestrasie-, likwidasië- of deregistrasiestappe

177. (1) SAID kan stappe instel vir die sekwestrasie, likwidasië of deregistrasië van 'n persoon vir 'n belastingskuld. 10

(2) SAID kan die stappe instel ongeag of die persoon—

(a) in die Republiek teenwoordig is al dan nie; of

(b) bates in die Republiek het al dan nie.

(3) Indien die belastingskuld kragtens Hoofstuk 9 aan beswaar of appèl onderhewig is of aan 'n verdere appèl teen 'n uitspraak van die belastinghof kragtens artikel 129, kan die stappe eers ingestel word met verlof van die hof waarvoor die stappe gebring word. 15

Jurisdiksie van hof in sekwestrasie-, likwidasië- of deregistrasiestappe

178. Ondanks enige andersluidende bepalings in enige wet, kan stappe bedoel in artikel 177 ingestel word in enige bevoegde hof en kan daardie hof 'n bevel versoek deur SAID uitreik, ongeag of die belastingpligtige geregistreer is, 'n inwoner is of gedomisilieer is, of 'n plek van effektiewe bestuur of 'n plek van besigheid in die Republiek het, al dan nie. 20

Deel D

Invordering van belastingskuld van derde partye 25

Aanspreeklikheid van derde party aangestel om belastingskulde te betaal

179. (1) 'n Senior SAID-amptenaar kan by kennisgewing aan 'n persoon wat enige gelde, ingesluit 'n pensioen, salaris, loon of ander besoldiging vir of aan 'n belastingpligtige hou, skuld of sal hou of sal skuld, van die persoon vereis om die geld aan SAID te betaal ter betaling van die belastingpligtige se belastingskuld. 30

(2) 'n Persoon wat nie in staat is om aan 'n vereiste van die kennisgewing te voldoen nie, moet die senior SAID-amptenaar inlig oor die redes vir die onvermoë om daarom te voldoen binne die tydperk in die kennisgewing vermeld en die amptenaar kan die kennisgewing terugtrek of wysig soos toepaslik onder die omstandighede.

(3) 'n Persoon wat die kennisgewing ontvang, moet die geld in ooreenstemming met die kennisgewing betaal en, indien die persoon die geld opgee strydig met die kennisgewing, is die persoon persoonlik vir die geld aanspreeklik. 35

(4) SAID kan, op versoek van 'n persoon wat deur die kennisgewing geraak word, die kennisgewing wysig deur die verlenging van die tydperk waarbinne die bedrag aan SAID betaal moet word ten einde die belastingpligtige toe te laat om die basiese lewensuitgawes van die belastingpligtige en sy of haar afhanklikes te betaal. 40

Aanspreeklikheid van finansiële bestuur vir belastingskulde

180. 'n Persoon is persoonlik aanspreeklik vir enige belastingskuld van die belastingpligtige in die mate waarin die persoon se nalatigheid of bedrog die versuim om die belastingskuld te betaal tot gevolg gehad het indien— 45

(a) die persoon die finansiële sake in die geheel van 'n belastingpligtige beheer of gereeld betrokke is by die bestuur daarvan; en

(b) 'n senior SAID-amptenaar oortuig is dat die persoon nalatig of oneerlik is of was met betrekking tot die betaling van die belastingskulde van die belastingpligtige. 50

Aanspreeklikheid van aandeelhouders vir belastingsskulde

181. (1) Hierdie artikel is van toepassing indien 'n maatskappy beëindig word anders as by wyse van 'n vrywillige likwidasië sonder om sy belastingsskuld te vereffen, ingesluit sy aanspreeklikheid as verantwoordelike derde party, terughoudingsagent, of 'n verteenwoordigende belastingpligtige, werkgewer of ondernemer. 5

(2) Die persone wat aandeelhouders van die maatskappy is binne een jaar voor sy beëindiging is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik om die onbetaalde belasting te betaal in die mate waarin—

(a) hulle bates van die maatskappy in hulle hoedanigheid as aandeelhouders binne een jaar voor die beëindiging ontvang het; en 10

(b) die belastingsskuld ten tyde van die ontvangs van die bates bestaan het of sou bestaan het indien die maatskappy sy verpligtinge kragtens 'n Belastingwet nagekom het.

(3) Die aanspreeklikheid van die aandeelhouders is ondergeskik aan die aanspreeklikheid van die maatskappy. 15

(4) Persone wat kragtens hierdie artikel vir die belasting van 'n maatskappy aanspreeklik is, kan aanspraak maak op enige regte teen SAID wat aan die maatskappy beskikbaar sou wees.

(5) Hierdie artikel is nie van toepassing nie—

(a) ten opsigte van 'n "genoteerde maatskappy" volgens die betekenis van die Inkomstebelastingwet; of 20

(b) ten opsigte van 'n aandeelhouer van 'n maatskappy bedoel in paragraaf (a).

Aanspreeklikheid van oordragnemer vir belastingsskulde

182. (1) 'n Persoon (genoem as die oordragnemer) wat 'n bate sonder vergoeding of vir vergoeding minder as die billike markwaarde van die bate ontvang van 'n belastingpligtige wat 'n verbonde persoon met betrekking tot die oordragnemer is, is vir die belastingsskuld van die belastingpligtige aanspreeklik. 25

(2) Die aanspreeklikheid is beperk tot die minste van—

(a) die belastingsskuld wat ten tyde van die ontvangs van die bate bestaan het of sou bestaan het, indien die oordragnemer die oordragnemer se verpligtinge kragtens 'n Belastingwet nagekom het; en 30

(b) die billike markwaarde van die bate ten tyde van die oordrag, verminder deur die billike markwaarde van enige vergoeding betaal, ten tyde van betaling.

(3) Subartikel (1) is slegs van toepassing op 'n bate deur die oordragnemer ontvang binne een jaar voordat SAID die oordragnemer van aanspreeklikheid kragtens hierdie artikel in kennis stel. 35

Aanspreeklikheid van persoon wat bystand verleen met die verkwisting van bates

183. Indien 'n persoon bewustelik bystand verleen met die verkwisting van 'n belastingpligtige se bates ten einde die invordering van 'n belastingsskuld van die belastingpligtige te belemmer, is die persoon gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik met die belastingpligtige vir die belastingsskuld in die mate waarin die persoon se bystand die bates beskikbaar om die belastingpligtige se belastingsskuld te betaal, verminder. 40

Invordering van belastingsskulde vanaf verantwoordelike derde partye

184. (1) SAID het dieselfde bevoegdhede van invordering teenoor die bates van 'n persoon bedoel in hierdie Deel wat SAID teenoor die bates van die belastingpligtige het en die persoon het dieselfde regte en regsmiddels as wat die belastingpligtige teen sodanige invorderingsbevoegdhede het. 45

(2) SAID moet 'n verantwoordelike derde party 'n geleentheid bied vir verhoë—

(a) voordat die verantwoordelike derde party ingevolge artikel 180, 181, 182 of 183 aanspreeklik gehou word vir die belastingsskuld van die belastingpligtige, indien dit nie die invordering van belasting aan risiko's sal onderwerp nie; of 50

(b) so gou as prakties moontlik na die verantwoordelike derde party ingevolge artikel 180, 181, 182 of 183 vir die belastingsskuld van die belastingpligtige aanspreeklik gehou word. 55

*Deel E**Bystand aan buitelandse regerings***Invordering van belasting namens buitelandse regerings**

- 185.** (1) Indien SAID, ooreenkomstig 'n internasionale belastingooreenkoms, 'n versoek ontvang het— 5
- (a) vir die bewaring van 'n bedrag wat na bewering kragtens die belastingwette van die ander land deur 'n persoon verskuldig is, indien daar 'n risiko van verkwisting of verberging van bates deur die persoon bestaan, kan 'n senior SAID-amptenaar vir 'n bewaringsbevel kragtens artikel 163 aansoek doen asof die bedrag 'n belasting betaalbaar deur die persoon kragtens 'n Belastingwet was; of 10
- (b) om van 'n persoon 'n bedrag in te vorder wat na bewering kragtens die belastingwette van die ander land deur die persoon verskuldig is, kan 'n senior SAID-amptenaar die persoon by skriftelike kennisgewing aansê om binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld te verklaar of die persoon aanspreeklikheid vir die bedrag of vir 'n mindere bedrag erken al dan nie. 15
- (2) 'n Versoek in subartikel (1) beskryf moet in die voorgeskrewe vorm wees en 'n formele sertifikaat bevat, deur die bevoegde owerheid van die ander land uitgereik, wat—
- (a) die bedrag van die belasting verskuldig vermeld; 20
- (b) meld of die aanspreeklikheid vir die bedrag ingevolge die wette van die ander land betwis word;
- (c) indien die aanspreeklikheid vir die bedrag aldus betwis word, of sodanige geskil alleenlik verklaar is om die invordering van die bedrag wat na bewering verskuldig is, te vertraag of te verydel; en 25
- (d) meld of daar 'n risiko bestaan dat die persoon die bates kan verkwis of verberg.
- (3) In enige stappe is 'n sertifikaat bedoel in subartikel (2)—
- (a) afdoende bewys van die bestaan van die beweerde aanspreeklikheid; en
- (b) *prima facie* bewys van die ander stellings daarin vervat. 30
- (4) Indien die persoon, in reaksie op die kennisgewing uitgereik ingevolge subartikel (1)(b)—
- (a) aanspreeklikheid erken;
- (b) versuim om op die kennisgewing te reageer; of
- (c) aanspreeklikheid ontken, maar 'n senior SAID-amptenaar, gebaseer op die stellings in die sertifikaat beskryf in subartikel (2) of, indien nodig, na oorleg met die bevoegde gesag van die ander land, oortuig is dat— 35
- (i) die aanspreeklikheid vir die bedrag nie betwis word ingevolge die wette van die ander land nie;
- (ii) alhoewel die aanspreeklikheid vir die bedrag betwis word ingevolge die wette van die ander land, sodanige geskil alleenlik verklaar is om die invordering van die bedrag wat na bewering verskuldig is, te vertraag of te verydel; of 40
- (iii) daar 'n risiko bestaan dat die persoon die bates kan verkwis of verberg, kan die amptenaar, by kennisgewing, die persoon vereis om die bedrag waarvoor die persoon aanspreeklikheid van erken het of die bedrag vermeld, op 'n datum vermeld te betaal vir versending aan die bevoegde gesag in die ander land. 45
- (5) Indien die persoon versuim om aan die kennisgewing kragtens subartikel (4) te voldoen, kan SAID die bedrag in die sertifikaat vir versending aan die buitelandse gesag verhaal asof dit 'n belasting is wat kragtens 'n Belastingwet deur die persoon betaalbaar is. 50
- (6) Geen stappe geneem ter ondersteuning van invordering deur enige ander land kragtens 'n internasionale belastingooreenkoms vir die invordering van 'n bedrag wat na bewering kragtens 'n Belastingwet deur 'n persoon verskuldig is, ingesluit 'n vonnis wat in die ander land teen die persoon vir die bedrag gegee is na aanleiding van die ooreenkoms, kan daardie persoon se reg om die aanspreeklikheid vir die bedrag ooreenkomstig die toepaslike reg in die Republiek te laat bepaal, raak nie. 55

Deel F**Regsmiddels met betrekking tot buitelandse bates****Verpligte repatriasie van buitelandse bates van belastingpligtige**

- 186.** (1) Ten einde 'n belastingskuld in te vorder, kan 'n senior SAID-amptenaar vir 'n bevel bedoel in subartikel (2) aansoek doen, indien— 5
- (a) die betrokke belastingpligtige nie voldoende bates geleë in die Republiek het om die belastingskuld ten volle te vereffen nie; en
 - (b) die senior SAID-amptenaar van mening is dat die belastingpligtige—
 - (i) bates buite die Republiek besit; of
 - (ii) bates oorgedra het buite die Republiek teen geen vergoeding of teen vergoeding wat minder as die billike markwaarde van daardie bates is, wat die belastingskuld ten volle of gedeeltelik kan betaal.
- (2) 'n Senior SAID-amptenaar kan 'n aansoek na die Hoë Hof bring vir 'n bevel om die belastingpligtige te verplig om bates buite die Republiek geleë te repatrieer, binne 'n tydperk deur die hof bepaal, ten einde die belastingskuld te betaal. 15
- (3) Bykomend tot die uitreik van die bevel beskryf in subartikel (2), kan die hof—
- (a) die belastingpligtige se reg om buite die Republiek te reis beperk en van die belastingpligtige vereis om sy of haar paspoort aan SAID te oorhandig;
 - (b) indien van toepassing, 'n belastingpligtige se magtiging om besigheid in die Republiek te bedryf intrek; 20
 - (c) van die belastingpligtige vereis om die beoefening van 'n bedryf te staak; of
 - (d) enige ander bevel uitreik wat dit goeddink.
- (4) 'n Bevel uitgereik kragtens subartikel (2) geld totdat die belastingskuld vereffen is of die bates gerepatrieer is en aangewend is om die belastingskuld te betaal.

HOOFSUK 12 25**RENTE****Algemene rente reëls**

- 187.** (1) Indien 'n belastingskuld of terugbetaling deur SAID betaalbaar nie ten volle teen die effektiewe datum betaal is nie, word rente op die bedrag van die uitstaande saldo van die belastingskuld of terugbetaling gehef— 30
- (a) teen die koers kragtens artikel 189 bepaal; en
 - (b) vir die tydperk kragtens artikel 188 bepaal.
- (2) Rente betaalbaar kragtens 'n Belastingwet word bereken op die daaglikse saldo verskuldig en maandeliks saamgestel, en die Kommissaris kan by openbare kennisgewing voorskryf vanaf watter datum hierdie metode om rente te bereken op 'n belastingtipe van toepassing sal wees. 35
- (3) Die effektiewe datum vir die doeleindes van die berekening van rente met betrekking tot—
- (a) belasting anders as inkomstebelasting of boedelbelasting vir enige belastingtydperk, is die datum teen wanneer belasting vir die belastingtydperk kragtens 'n Belastingwet verskuldig en betaalbaar is; 40
 - (b) inkomstebelasting vir enige jaar van aanslag, is die datum wat sewe maande na die laaste dag van daardie jaar val in die geval van 'n belastingpligtige met 'n jaar van aanslag wat op die laaste dag van Februarie eindig, en ses maande in enige ander geval; 45
 - (c) boedelbelasting vir enige tydperk, is die vroegste van die datum van aanslag of 12 maande na die datum van afsterwe;
 - (d) vastebedragboete bedoel in artikel 210, is die datum vir betaling vermeld in die kennisgewing van aanslag van die boete, en met betrekking tot 'n verhoging van die boete kragtens artikel 211(2), die datum van die verhoging; 50
 - (e) 'n persentasie gebaseerde boete bedoel in artikel 213, is die datum teen wanneer belasting vir die belastingtydperk betaal moes wees; en
 - (f) 'n onderstellingsboete, is die effektiewe datum vir die belasting ondergestel.
- (4) Die effektiewe datum met betrekking tot 'n addisionele aanslag of verminderde aanslag is die effektiewe datum met betrekking tot die belasting betaalbaar kragtens die oorspronklike aanslag. 55

(5) Die effektiewe datum met betrekking tot 'n risiko-aanslag is die datum vir betaling vermeld in die risiko-aanslag.

(6) Indien 'n senior SAID-amptenaar tevrede is dat rente betaalbaar deur 'n belastingpligtige kragtens subartikel (1), betaalbaar is as gevolg van omstandighede buite die belastingpligtige se beheer, kan die amptenaar, tensy verbied deur 'n Belastingwet, gelas dat soveel van die rente wat te wyte is aan die omstandighede nie deur die belastingpligtige betaalbaar is nie. 5

(7) Die omstandighede bedoel in subartikel (6) word beperk tot—

- (a) 'n natuurlike of mensgemaakte ramp;
- (b) 'n openbare oproer of ontwrigting van dienste; of 10
- (c) 'n ernstige siekte of ongeluk.

Tydperk waartydens rente ooploop

188. (1) Tensy andersins in 'n Belastingwet bepaal, word rente betaalbaar kragtens artikel 187 gehef vir die tydperk vanaf die effektiewe datum van die belasting tot die datum waarop die belasting betaal word. 15

(2) Rente betaalbaar ten opsigte van die—

- (a) eerste betaling van voorlopige belasting, word gehef vanaf die effektiewe datum vir die eerste betaling van voorlopige belasting tot die vroeëre van die datum waarop die betaling gemaak is of die effektiewe datum vir die tweede betaling van voorlopige belasting; en 20
- (b) tweede betaling van voorlopige belasting, word gehef vanaf die effektiewe datum vir die tweede betaling van voorlopige belasting tot die vroeëre van die datum waarop die betaling gemaak word of die effektiewe datum vir inkomstebelasting vir die tersaaklike jaar van aanslag.

(3) Tensy kragtens 'n Belastingwet andersins bepaal word— 25

- (a) word rente op 'n bedrag terugbetaalbaar kragtens artikel 190 bereken vanaf die latere van die effektiewe datum of die datum waarop die bedrag te veel betaal deur SAID ontvang word, tot en met die datum waarop die terugbetaalde belasting betaal word; en
- (b) vir die doeleindes hiervan, indien 'n terugbetaling teenoor 'n aanspreeklikheid van die belastingpligtige kragtens artikel 191, verreken word, die datum waarop die verrekening in werking gestel word, beskou as die datum van betaling van die terugbetaling. 30

Koers waarteen rente gehef word

189. (1) Die koers waarteen rente kragtens artikel 187 betaalbaar is, is die voorgeskrewe koers. 35

(2) In die geval van rente betaalbaar ten opsigte van terugbetalings met aanslag van voorlopige belasting en werknemersbelasting betaal vir die tersaaklike jaar van aanslag, is die koers betaalbaar deur SAID vier persentasiepunte onder die voorgeskrewe koers.

(3) Die voorgeskrewe koers is die rentekoers wat die Minister van tyd tot tyd kragtens artikel 80(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), by kennisgewing in die *Staatskoerant* vasstel. 40

(4) Indien die Minister 'n ander rentekoers bedoel in subartikel (3) vasstel, tree die nuwe koers in werking op die eerste dag van die tweede maand wat volg op die maand waarin die nuwe koers in werking tree vir die doeleindes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999. 45

(5) Indien rente kragtens hierdie Hoofstuk betaalbaar is en die koers waarteen die rente betaalbaar is verander is vanaf 'n sekere datum, en die rente betaalbaar is ten opsigte van enige belastingtydperk of gedeelte daarvan wat voor die genoemde datum begin het, moet die rente wat bereken moet word ten opsigte van— 50

- (a) die belastingtydperk of gedeelte daarvan wat onmiddellik voor genoemde datum geëindig het; of
- (b) die gedeelte van die belastingtydperk wat voor die genoemde datum voltooi is, 55

bereken word asof die koers nie verander het nie.

HOOFTUK 13

TERUGBETALINGS

Terugbetalings van oorbetalings

- 190.** (1) 'n Persoon is geregtig op 'n terugbetaling van—
- (a) 'n bedrag behoorlik terugbetaalbaar kragtens 'n Belastingwet en indien dit aldus in 'n aanslag aangetoon word; of
 - (b) die bedrag verkeerdelik ten opsigte van 'n aanslag betaal wat meer is as die bedrag betaalbaar ingevolge die aanslag.
- (2) SAID hoef nie 'n terugbetaling bedoel in subartikel (1) te magtig nie totdat 'n verifikasie, inspeksie of oudit van die terugbetaling in ooreenstemming met Hoofstuk 5 afgehandel is.
- (3) SAID moet die betaling van 'n terugbetaling magtig voor die afhandeling van die verifikasie, inspeksie of oudit indien sekuriteit, in 'n vorm wat vir 'n senior SAID-amptenaar aanvaarbaar is, deur die belastingpligtige verskaf is.
- (4) 'n Persoon is slegs geregtig op 'n terugbetaling kragtens subartikel (1)(b) indien die terugbetaling deur die persoon geëis word, in die geval van 'n aanslag deur SAID, binne drie jaar of, in die geval van selfaanslag, vyf jaar, vanaf die datum van die aanslag.
- (5) Indien SAID 'n bedrag as 'n terugbetaling aan 'n persoon betaal wat nie behoorlik kragtens 'n Belastingwet aan die persoon betaalbaar is nie, word die bedrag beskou as belasting te wees wat deur die persoon aan SAID betaalbaar is vanaf die datum waarop dit aan die persoon betaal is.
- (6) 'n Beslissing om nie 'n terugbetaling kragtens hierdie artikel te magtig nie is aan beswaar en appèl onderhewig.

Terugbetalings onderhewig aan verrekening en uitstel

- 191.** (1) Indien 'n belastingpligtige 'n uitstaande belastingskuld het, moet 'n bedrag wat kragtens artikel 190 terugbetaalbaar is, ingesluit rente daarop kragtens artikel 188(3)(a), beskou word as 'n betaling deur die belastingpligtige wat in die belastingpligtige se rekening aangeteken word kragtens artikel 165 tot soveel as die uitstaande bedrag, en enige oorblywende bedrag moet verreken word teen enige uitstaande skuld kragtens die Doeane- en Aksynswet.
- (2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op 'n belastingskuld—
- (a) wat kragtens Hoofstuk 9 betwis word en waarvoor opskorting van betaling kragtens artikel 164 bestaan; of
 - (b) ten opsigte waarvan 'n afbetalingsooreenkoms kragtens artikel 167 of 'n toegewingooreenkoms kragtens artikel 204 van toepassing is.
- (3) 'n Bedrag is nie terugbetaalbaar nie indien die bedrag minder is as R100 of enige ander bedrag wat die Kommissaris by openbare kennisgewing bepaal, maar die bedrag moet oorgedra word in die belastingpligtigerekening.

HOOFTUK 14

AFSKRYF OF TOEGEWING VAN BELASTINGSKULDE

Deel A

Algemene bepalings

Woordoms krywing

- 192.** In hierdie Hoofstuk, tensy uit die konteks andersins blyk, indien in enkel aanhalingstekens, beteken:
- 'af te skryf' of 'afgeskryf' of 'afskrywing' om 'n belastingskuld geheel of gedeeltelik terug te skryf;
 - 'bate' ook—
 - (a) eiendom van welke aard ook al, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik; en
 - (b) 'n reg of belang van welke aard ook al tot of in die eiendom;

- ‘Maatskappywet’** die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);
‘skuldenaar’ ’n belastingpligtige met ’n uitstaande belastingskuld; en
‘toegewing’ of **‘toegegee’** ’n ooreenkoms aangeaan tussen SAID en ’n
 ‘skuldenaar’ ingevolge waarvan—
- (a) die ‘skuldenaar’ onderneem om ’n bedrag te betaal (ooreenkomstig ’n 5
 toegewingsooreenkoms kragtens artikel 204) wat minder is as die volle
 bedrag van die belastingskuld verskuldig deur daardie ‘skuldenaar’ in volle
 vereffening van die belastingskuld; en
- (b) SAID onderneem om die oorblywende gedeelte van die belastingskuld 10
 permanent ‘af te skryf’, op voorwaarde dat die ‘skuldenaar’ die onderneming
 bedoel in paragraaf (a) en enige verdere voorwaardes deur SAID opgelê,
 nakom.

Doel van Hoofstuk

193. (1) As ’n algemene reël, is dit die plig van SAID om alle belastingskulde aan te 15
 slaan en in te vorder ooreenkomstig ’n Belastingwet, en om nie enige belastingskulde op
 te gee nie.

(2) SAID kan, waar omstandighede dit vereis, afwyk van die strengheid en
 onbuigszaamheid van die algemene reël bedoel in subartikel (1), indien dit tot die beste
 voordeel van die Staat sal wees.

(3) Die doel van hierdie Hoofstuk is om die omstandighede voor te skryf waaronder 20
 SAID van die algemene reël kan afwyk en ’n besluit neem om ’n belastingskuld ‘af te
 skryf’ of om nie die invordering daarvan voort te sit nie.

Toepassing van Hoofstuk

194. Hierdie Hoofstuk is slegs van toepassing op ’n belastingskuld verskuldig deur ’n 25
 ‘skuldenaar’ indien die aanspreeklikheid om die belastingskuld te betaal nie deur die
 ‘skuldenaar’ betwis word nie.

Deel B

Tydlike afskrywing van belastingskuld

Tydlike afskrywing van belastingskuld

195. (1) ’n Senior SAID-amptenaar kan besluit om ’n bedrag belastingskuld tydelik 30
 ‘af te skryf’ indien oortuig dat die invordering van die belastingskuld op daardie tyd
 on ekonomies is om voort te sit soos in artikel 196 beskryf.

(2) ’n Besluit deur die senior SAID-amptenaar om ’n bedrag belastingskuld tydelik
 ‘af te skryf’ skeld nie die ‘skuldenaar’ kwyt van die aanspreeklikheid vir daardie 35
 belastingskuld nie.

(3) ’n Senior SAID-amptenaar kan te enige tyd die besluit om ’n bedrag
 belastingskuld tydelik ‘af te skryf’ terugtrek, indien oortuig dat die invordering van die
 belastingskuld nie meer on ekonomies is om voort te sit soos bedoel in artikel 196 nie en
 dat die besluit om tydelik ‘af te skryf’ die algemene poging om belasting in te vorder,
 sou benadeel. 40

Belastingskuld on ekonomies om voort te sit

196. (1) Die invordering van ’n belastingskuld is on ekonomies om voort te sit indien 45
 ’n senior SAID-amptenaar oortuig is dat die totale koste van invordering van daardie
 belastingskuld na alle waarskynlikheid die verwagte bedrag wat ingevorder sal word ten
 opsigte van die uitstaande belastingskuld, sal oorskry.

(2) Om te bepaal of die koste van invordering waarskynlik die verwagte bedrag wat
 ingevorder sal word, soos bedoel in subartikel (1), sal oorskry, moet ’n senior SAID-
 amptenaar—

- (a) die bedrag van die belastingskuld; 50
 (b) die tydperk wat die belastingskuld reeds uitstaande is;
 (c) die stappe geneem tot op datum om die belastingskuld in te vorder en die koste
 verbonde aan sodanige stappe, ingesluit stappe geneem om die ‘skuldenaar’ te
 vind of op te spoor;

- (d) die waarskynlike koste van voortgesette aksie om die belastingskuld in te vorder en die verwagte opbrengs uit daardie aksie, ingesluit die waarskynlike verhaling van koste wat aan SAID toegeken mag word;
 - (e) die finansiële posisie van die 'skuldenaar', ingesluit daardie 'skuldenaar' se 'bates' en laste, kontantvloei, en moontlike toekomstige inkomstestrome; en 5
 - (f) enige ander beskikbare inligting met betrekking tot die invorderbaarheid van die belastingskuld,
- in ag neem.

Deel C

Permanente afskrywing van belastingskuld 10

Permanente afskrywing van belastingskuld

- 197.** (1) 'n Senior SAID-amptenaar kan die permanente 'afskrywing' van 'n bedrag belastingskuld magtig—
- (a) in die mate waarin die amptenaar oortuig is dat die belastingskuld regtens oninvorderbaar is soos bedoel in artikel 198; of 15
 - (b) indien die skuld 'toegegee' is ingevolge Deel D.
- (2) SAID moet die 'skuldenaar' skriftelik in kennis stel van die bedrag belastingskuld wat 'afgeskryf' is.

Belastingskuld regtens oninvorderbaar

- 198.** (1) 'n Belastingskuld is regtens oninvorderbaar indien— 20
- (a) dit nie verhaal kan word deur 'n regsaksie of vonnis van 'n hof nie; of
 - (b) dit verskuldig is deur 'n 'skuldenaar' wat gelikwieder of gesekwestreer word en dit verteenwoordig die saldo uitstaande nadat kennis deur die likwidateur of trustee gegee is dat geen verdere dividend betaal sal word nie of dat 'n finale dividend reeds aan die krediteure van die boedel betaal is; of 25
 - (c) dit verskuldig is deur 'n 'skuldenaar' wat onderhewig is aan 'n ondernemingsreddingsplan bedoel in Deel D van Hoofstuk 6 van die 'Maatskappywet', in die mate waarin dit nie afdwingbaar is ingevolge artikel 154 van daardie Wet nie.
- (2) 'n Belastingskuld is nie regtens oninvorderbaar nie indien SAID nie eers aksie teen of verhaling van die persoonlike 'bates' van die persone wat ingevolge Deel D van Hoofstuk 11 vir die skuld aanspreeklik kan wees, oorweeg het nie.

Prosedure vir afskrywing van belastingskuld

- 199.** (1) Voordat besluit word om 'n belastingskuld 'af te skryf', moet 'n senior SAID-amptenaar— 35
- (a) vasstel of daar enige ander belastingskulde deur die 'skuldenaar' aan SAID verskuldig is;
 - (b) bedrae verskuldig deur of aan die 'skuldenaar', ingesluit boetes, rente en koste rekonsilieer;
 - (c) 'n uiteensetting van die belastingskuld en die tydperke waarop die uitstaande bedrae betrekking het verkry; en 40
 - (d) die geskiedenis van die invorderingsproses en die redes vir die besluit om die belastingskuld 'af te skryf', dokumenteer.
- (2) In die besluit om 'n ondernemingsreddingsplan bedoel in Deel D van Hoofstuk 6 van die 'Maatskappywet' of 'toegewing' gemaak aan krediteure kragtens artikel 155 van die 'Maatskappywet' te ondersteun, moet 'n senior SAID-amptenaar, buiten die inligting wat in ag geneem moet word soos bedoel in artikel 150 of 155 van daardie Wet, die inligting en aspekte gedek in die bepalinge van artikels 200, 201(1), 202 en 203, met die nodige veranderinge, in ag neem. 45

Deel D**Toegewing van belastingskuld****Toegewing van belastingskuld**

200. 'n Senior SAID-amptenaar kan die 'toegewing' van 'n gedeelte van 'n belastingskuld magtig op 'n versoek van 'n 'skuldenaar' wat voldoen aan die vereistes van artikel 201, indien— 5

- (a) die doel van die 'toegewing' is om die hoogste netto opbrengs van die invordering van die belastingskuld te verseker; en
- (b) die 'toegewing' in ooreenstemming is met oorwegings van goeie bestuur van die belastingstelsel en administratiewe doeltreffendheid. 10

Versoek deur skuldenaar om belastingskuld toe te gee

201. (1) 'n Versoek deur 'n 'skuldenaar' vir die 'toegewing' van 'n belastingskuld moet deur die 'skuldenaar' onderteken word en ondersteun word deur 'n gedetailleerde staat wat 'n uiteensetting gee van—

- (a) die 'bates' en laste van die 'skuldenaar' wat die huidige billike markwaarde van daardie bates weergee; 15
- (b) die bedrae ontvang deur of toegeval aan en uitgawes aangegaan deur die 'skuldenaar' gedurende die 12 maande wat die versoek onmiddellik voorafgaan;
- (c) die 'bates' wat van die hand gesit is gedurende die voorafgaande drie jaar, of die langer tydperk wat 'n senior SAID-amptenaar nodig ag, saam met hulle waarde, die vergoeding ontvang of toegeval, die identiteit van die persoon wat die 'bates' verkry het en die verwantskap tussen die 'skuldenaar' en die persoon wat die 'bates' verkry het, indien enige; 20
- (d) die 'skuldenaar' se toekomstige belange in enige 'bates', hetsy gevestig of voorwaardelik of onderhewig aan die uitoefening van 'n diskresionêre bevoegdheid deur 'n ander persoon; 25
- (e) die 'bates' waaroor die 'skuldenaar', óf alleen óf saam met ander persone, 'n direkte of indirekte bevoegdheid van aanstelling of vervreemding het, hetsy as trustee of andersins; 30
- (f) besonderhede van enige verbonde persoon met betrekking tot daardie 'skuldenaar';
- (g) die 'skuldenaar' se huidige bronne en stand van inkomste en die verwagte bronne en stand van inkomste vir die volgende drie jaar, tesame met 'n uiteensetting van die 'skuldenaar' se finansiële planne vir die toekoms; en 35
- (h) die 'skuldenaar' se redes vir die versoek om 'n 'toegewing'.

(2) Die versoek moet vergesel word deur bewyse ter ondersteuning van die 'skuldenaar' se beweringe van nie in staat wees om die volle bedrag van die belastingskuld te betaal nie.

(3) Die 'skuldenaar' moet waarborg dat die inligting voorsien in die aansoek akkuraat en volledig is. 40

(4) 'n Senior SAID-amptenaar kan versoek dat die aansoek aangevul moet word met die verdere inligting wat verlang word.

Oorweging van versoek om belastingskuld toe te gee

202. (1) 'n Senior SAID-amptenaar moet, met die oorweging van 'n versoek vir 'n 'toegewing', in ag neem die mate wat die 'toegewing' kan lei tot— 45

- (a) 'n besparing in die koste van invordering;
- (b) invordering op 'n vroeër datum as wat andersins die geval sou wees sonder die 'toegewing';
- (c) invordering van 'n groter bedrag as wat andersins ingevorder sou word; of 50
- (d) die afstanddoening deur die 'skuldenaar' van enige eis of reg, wat 'n geldelike waarde het, wat ontstaan kragtens 'n Belastingwet, ingesluit bestaande of toekomstige belastingvoordele, soos die oordrag van verliese, aftrekkings, krediete en kortings.

(2) Ten einde die posisie sonder die 'toegewing' te bepaal, moet 'n senior SAID-amptenaar in aanmerking neem— 55

- (a) die waarde van die 'skuldenaar' se huidige 'bates';
- (b) toekomstige vooruitsigte van die 'skuldenaar', ingesluit reëlings wat in werking gestel is of voorgestel word wat die uitwerking kan hê om inkomste of 'bates' af te lei, wat andersins aan die 'skuldenaar' sou toeval of deur die 'skuldenaar' of 'n verbonde persoon met betrekking tot die 'skuldenaar' verkry kan word;
- (c) vorige transaksies van die 'skuldenaar'; en
- (d) die posisie van 'n verbonde persoon met betrekking tot die 'skuldenaar'.

Omstandighede waar toeweging van belastingskuld nie toepaslik is nie

203. 'n Senior SAID-amptenaar mag nie 'n 'toeweging' maak van enige bedrag belastingskuld kragtens artikel 200 nie indien—

- (a) die 'skuldenaar', binne die tydperk van drie jaar onmiddellik voor die versoek vir die 'toeweging', 'n party was tot 'n ooreenkoms met SAID vir die 'toeweging' van 'n bedrag van belastingskuld;
- (b) die belastingsake van die 'skuldenaar' (behalwe die uitstaande belastingskuld) nie op datum is nie;
- (c) 'n ander krediteur sy voorneme gekommunikeer het om likwidasië- of sekwestrasiestappe in te stel of alreeds ingestel het;
- (d) die 'toeweging' ander krediteure (tensy die krediteure wat geraak word tot die 'toeweging' toestem) sal benadeel of indien ander krediteure in 'n voordelige posisie met betrekking tot SAID geplaas sou word;
- (e) dit die breë nakomingsplig van belastingpligtiges negatief kan beïnvloed; of
- (f) die 'skuldenaar' 'n maatskappy of 'n trust is en SAID nie eers aksie teen of verhaling van die persoonlike 'bates' van die persone wat kragtens Deel D van Hoofstuk 11 vir die skuld aanspreeklik kan wees, oorweeg het nie.

Prosedure vir toeweging van belastingskuld

204. (1) Om 'n 'toeweging' van 'n belastingskuld te maak, moet 'n senior SAID-amptenaar en die 'skuldenaar' 'n ooreenkoms onderteken wat 'n uiteensetting gee van—

- (a) die bedrag deur die 'skuldenaar' betaalbaar ter volle vereffening van die skuld;
 - (b) die onderneming deur SAID om nie die invordering van die balans van die belastingskuld voort te sit nie; en
 - (c) die voorwaardes onderworpe waaraan die belastingskuld deur SAID 'toegegee' word.
- (2) Die voorwaardes in subartikel (1)(c) kan 'n vereiste insluit dat die 'skuldenaar'—
- (a) moet voldoen aan daaropvolgende verpligtinge opgelê ingevolge 'n Belastingwet;
 - (b) die belastingskuld moet betaal op die wyse deur SAID bepaal; of
 - (c) moet afstand doen van vermelde bestaande of toekomstige belastingvoordele, soos die oordrag van verliese, aftrekkings, krediete en kortings.

SAID nie gebonde deur toeweging van belastingskuld

205. SAID is nie gebonde aan 'n 'toeweging' nie indien—

- (a) die 'skuldenaar' nalaat om 'n wesenlike feit waarop die 'toeweging' betrekking het, te openbaar;
- (b) die 'skuldenaar' wesenlike foutiewe inligting verskaf wat op die 'toeweging' betrekking het;
- (c) die 'skuldenaar' versuim om 'n bepaling of voorwaarde verval in die ooreenkoms bedoel in artikel 204 na te kom; of
- (d) die 'skuldenaar' gelikwideer word of die 'skuldenaar' se boedel gesekwestreer word voordat die 'skuldenaar' die voorwaardes vervat in die ooreenkoms bedoel in artikel 204 ten volle nagekom het.

*Deel E**Rekords en verslagdoening***Register van belastingskulde afgeskryf of toegegee**

- 206.** (1) SAID moet 'n register van die belastingskulde 'afgeskryf' of 'toegegee' ingevolge hierdie Hoofstuk byhou. 5
- (2) Die register bedoel in subartikel (1) moet—
- (a) die besonderhede van die 'skuldenaar', ingesluit die naam, adres en belastingpligtige-verwysingsnommer bevat;
 - (b) die bedrag van die belastingskuld 'afgeskryf' of 'toegegee' en die tydperke waarop die belastingskuld betrekking het bevat; en 10
 - (c) die rede vir die 'afskrywing' of 'toegewing' van die belastingskuld bevat.

Verslagdoening deur Kommissaris oor belastingskulde afgeskryf of toegegee

- 207.** (1) Die bedrag aan belastingskulde gedurende 'n finansiële jaar 'afgeskryf' of 'toegegee' moet geopenbaar word in die jaarlikse finansiële state van SAID met betrekking tot geadministreerde inkomste vir daardie jaar. 15
- (2) Die Kommissaris moet op 'n jaarlikse grondslag die Ouditeur-generaal en die Minister voorsien van 'n opsomming van die belastingskulde wat in geheel of gedeeltelik 'afgeskryf' of 'toegegee' is gedurende die tydperk wat deur die opsomming gedek word, wat—
- (a) in 'n formaat moet wees wat, behoudens artikel 70(5), nie die identiteit van die betrokke 'skuldenaar' openbaar maak nie; 20
 - (b) voorgelê moet word teen die einde van die maand wat volg op die einde van die fiskale jaar; en
 - (c) besonderhede moet bevat van die getal belastingskulde 'afgeskryf' of 'toegegee', die bedrag aan inkomste verbeur en die beraamde bedrag van besparing in koste van invordering wat aangetoon moet word ten opsigte van hoofklasse belastingpligtiges of gedeeltes van die publiek. 25

HOOFSTUK 15**ADMINISTRATIEWE NIENAKOMINGSBOETES***Deel A* 30*Algemeen***Woordomskrywing**

- 208.** In hierdie Hoofstuk, tensy dit uit die konteks anders blyk, en indien in enkel aanhalingstekens, beteken—
- 'administratiewe nienakomingsboete'** of **'boete'** beteken 'n 'boete' ingevolge hierdie Hoofstuk deur SAID opgelê, en dit sluit 'n onderstellingsboete na verwys in Hoofstuk 16 uit; 35
- 'boete-aanslag'** 'n aanslag met betrekking tot—
- (a) 'n 'boete' alleenlik; of
 - (b) belasting en 'n 'boete' wat op dieselfde tydstip aangeslaan word; 40
- 'eerste geval'** 'n geval van nienakoming deur 'n persoon indien geen 'boete-aanslag' kragtens hierdie Hoofstuk gedurende die voorafgaande 36 maande uitgereik is nie, hetsy met betrekking tot 'n geval van nienakoming van dieselfde of verskillende aard, en vir die doeleindes van hierdie omskrywing moet 'n 'boete-aanslag' wat ten volle kragtens artikel 218 kwytgeskeld is, verontagsaam word; 45
- 'kwytskeldingsversoek'** 'n versoek vir kwytskelding van 'n 'boete' ingevolge artikel 215 ingedien; en
- 'voorafgaande jaar'** die jaar van aanslag wat die jaar van aanslag waartydens 'n boete aangeslaan word, onmiddellik voorafgaan. 50

Doel van Hoofstuk

209. Die doel van hierdie Hoofstuk is om—

- (a) die wydste moontlike nakoming van die bepalings van 'n Belastingwet en die effektiewe administrasie van Belastingwette te verseker; en
- (b) te verseker dat 'n 'administratiewe nienakomingsboete' onpartydig, 5
konsekwent en in verhouding tot die ernstigheid en tydsduur van die nienakoming opgelê word.

Deel B**Vastebedragboetes****Nienakoming onderhewig aan boete** 10

210. (1) Indien SAID oortuig is dat nienakoming deur 'n persoon bedoel in subartikel (2) bestaan, uitgesluit die nienakoming bedoel in artikel 213, moet SAID die toepaslike 'boete' oplê ooreenkomstig die Tabel in artikel 211.

(2) Nienakoming is versuim om 'n verpligting na te kom wat deur of kragtens 'n Belastingwet opgelê word en gelys word in 'n openbare kennisgewing deur die 15
Kommissaris uitgereik, anders as—

- (a) versuim om belasting onderhewig aan 'n persentasie gebaseerde boete kragtens Deel C, te betaal; of
- (b) nienakoming onderhewig aan 'n onderstellingsboete kragtens Hoofstuk 16.

Vastebedragboetetabel 20

211. (1) Vir die nienakoming bedoel in artikel 210 moet SAID 'n 'boete' ooreenkomstig die volgende Tabel oplê:

Tabel: Bedrag van administratiewe nienakomingsboete

1 Item	2 Vasgestelde verlies of belasbare inkomste vir 'voorafgaande jaar'	3 'Boete'	
(i)	Vasgestelde verlies	R250	25
(ii)	R0-R250 000	R250	30
(iii)	R250 001-R500 000	R500	
(iv)	R500 001-R1 000 000	R1 000	
(v)	R1 000 001-R5 000 000	R2 000	
(vi)	R5 000 001-R10 000 000	R4 000	35
(vii)	R10 000 001-R50 000 000	R8 000	
(viii)	Bo R50 000 000	R16 000	

(2) Die bedrag van die 'boete' in kolom 3 sal outomaties verhoog word deur dieselfde bedrag vir elke maand, of gedeelte daarvan, wat die persoon versuim om die nienakoming reg te stel binne een maand na— 40

- (a) die datum van die lewering van die 'boete-aanslag', indien SAID in besit is van die huidige adres van die persoon en in staat is om die aanslag te lewer, maar beperk tot 35 maande na die datum van lewering; of
- (b) die datum van die nienakoming, indien SAID nie in besit is van die huidige adres van die persoon en nie in staat is om die 'boete-aanslag' te lewer nie, 45
maar beperk tot 47 maande na die datum van nienakoming.

(3) Die volgende persone, behalwe diegene wat onder item (viii) van die Tabel val of diegene wat nie gedurende die jaar van aanslag handel gedryf het nie, word behandel asof hulle onder item (vii) van die Tabel val:

- (a) 'n maatskappy genoteer op 'n erkende beurs soos bedoel in paragraaf 1 van 50
die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet;
- (b) 'n maatskappy waarvan die bruto ontvangste of toevallings vir die 'voorafgaande jaar' R500 miljoen oorskry;
- (c) 'n maatskappy wat deel vorm van 'n 'groep van maatskappye' soos omskryf 55
in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, welke groep 'n maatskappy beskryf in item (a) of (b) insluit; of

- (d) 'n persoon of entiteit, vrygestel van inkomstebelasting kragtens die Inkomstebelastingwet, maar aanspreeklik vir belasting kragtens 'n ander Belastingwet, waarvan die bruto ontvangste of toevallings R30 miljoen oorskry.

(4) SAID kan, behalwe in die geval van persone bedoel in subartikels (3)(a) tot (c), 5 indien die belasbare inkomste van die betrokke persoon vir die 'voorafgaande jaar' onbekend is of daardie persoon nie gedurende daardie jaar 'n belastingpligtige was nie—

(a) 'n 'boete' ooreenkomstig item (ii) van kolom 1 van die Tabel oplê; of

(b) die bedrag aan belasbare inkomste van die betrokke persoon vir die 10 voorafgaande jaar beraam, gebaseer op beskikbare tersaaklike materiaal en 'n 'boete' ooreenkomstig die toepaslike item in kolom 1 van die Tabel oplê.

(5) Indien, by die vasstelling van die werklike belasbare inkomste of vasgestelde verlies van die persoon ten opsigte van wie 'n 'boete' kragtens subartikel (4) opgelê is, blyk dat die persoon onder 'n ander item in kolom 1 van die Tabel val, moet die 'boete' aangepas word in ooreenstemming met die toepaslike item in daardie kolom met 15 van die datum van die oplegging van die 'boete' uitgereik kragtens subartikel (4).

Rapporteerbare reëling boete

212. (1) 'n 'Deelnemer' wat versuim om die inligting ten opsigte van 'n rapporteerbare reëling, soos ingevolge artikel 37 vereis, te openbaar, is aanspreeklik vir 'n 'boete', vir elke maand wat die versuim voortduur (tot en met 12 maande), ten bedrae 20 van—

(a) R50 000, in die geval van 'n 'deelnemer' anders as die 'promotor'; of

(b) R100 000, in die geval van die 'promotor'.

(2) Die bedrag van 'boete' kragtens subartikel (1) bepaal, word verdubbel indien die 25 bedrag van die verwagte 'belastingvoordeel' vir die 'deelnemer' op grond van die reëling (binne die betekenis van artikel 35) R5 000 000 oorskry, en word verdriedubbel indien die voordeel R10 000 000 oorskry.

Deel C

Persentasiegebaseerde boete

Oplegging van persentasiegebaseerde boete 30

213. (1) Indien SAID oortuig is dat 'n bedrag belasting nie betaal is soos en wanneer kragtens 'n Belastingwet vereis nie, moet SAID, bykomend tot enige ander 'boete' of rente waarvoor 'n persoon kragtens hierdie Hoofstuk aanspreeklik is, 'n 'boete' oplê gelyk aan die persentasie van die bedrag onbetaalde belasting soos in die Belastingwet voorgeskryf. 35

(2) In die geval van 'n verandering in die bedrag belasting ten opsigte waarvan 'n 'boete' kragtens subartikel (1) opgelê is, moet die 'boete' diensooreenkomstig aangepas word met effek van die datum van die oplê van die 'boete'.

Deel D

Prosedure 40

Prosedures vir oplegging van boete

214. (1) 'n 'Boete' kragtens Deel B of C opgelê, word opgelê, by wyse van 'n 'boete-aanslag', en indien 'n 'boete-aanslag' gemaak word, moet SAID kennis van die aanslag aan die persoon gee, in die formaat wat SAID mag besluit, ingesluit die 45 volgende:

(a) die nienakoming ten opsigte waarvan die 'boete' aangeslaan word en tydsduur daarvan;

(b) die bedrag van die 'boete' opgelê;

(c) die datum vir die betaling van die 'boete';

(d) die outomatiese verhoging van die 'boete'; en 50

(e) 'n opsomming van prosedures om kwytskelding van die 'boete' te versoek.

(2) 'n 'Boete' is verskuldig met aanslag en moet betaal word—

(a) voor of op die datum vir betaling, soos vermeld in die kennisgewing van die 'boete-aanslag'; of

- (b) indien die 'boete-aanslag' tesame met 'n aanslag vir belasting gemaak word, voor of op die vervalddag vir betaling, soos vermeld in die kennisgewing van aanslag vir belasting.
- (3) SAID moet die belastingpligtige kennis gee van 'n wysiging van die 'boete' in ooreenstemming met artikel 211(2) of 213(2). 5

Prosedure vir versoek om kwytskelding van boete

- 215.** (1) 'n Persoon veronreg deur 'n kennisgewing van 'boete-aanslag' kan, op of voor die datum vir betaling in die 'boete-aanslag', in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse, SAID versoek om die 'boete' ooreenkomstig Deel E kwyt te skeld. 10
- (2) Die 'kwytskeldingsversoek' moet insluit—
- (a) 'n beskrywing van die omstandighede wat die persoon verhinder het om die tersaaklike verpligting kragtens 'n Belastingwet, ten opsigte waarvan die 'boete' opgelê is, na te kom; en
- (b) die stawende dokumente en inligting wat deur SAID in die voorgeskrewe vorm vereis word. 15
- (3) Gedurende die tydperk wat begin op die dag waarop SAID die 'kwytskeldingsversoek' ontvang en wat eindig 21 besigheidsdae nadat van SAID se besluit kennis gegee is, mag geen invorderingstappe met betrekking tot die 'boete'-bedrag geneem word nie tensy SAID redelikerwys glo dat daar—
- (a) 'n risiko bestaan dat die betrokke persoon bates sal verkwis; of 20
- (b) bedrog betrokke is by die ontstaan van die nienakoming of die gronde vir kwytskelding.
- (4) SAID kan die tydperk bedoel in subartikel (1) verleng indien SAID oortuig is dat—
- (a) die nienakoming ter sprake 'n geval van nienakoming is bedoel in artikel 216 of 217 en daar redelike gronde bestaan vir die laat ontvangs van die 'kwytskeldingsversoek'; of 25
- (b) 'n omstandigheid bedoel in artikel 218(2) die persoon onbevoeg gemaak het om 'n versoek betyds in te dien.

Deel E 30

Regsmiddels

Kwytskelding van boete vir versuim om te registreer

- 216.** Indien 'n 'boete' op 'n persoon opgelê word vir versuim om te registreer soos en wanneer kragtens hierdie Wet vereis word, kan SAID die 'boete' in die geheel of gedeeltelik kwytskeld indien— 35
- (a) die versuim om te registreer aan die lig gebring is omdat die persoon SAID vrywillig genader het; en
- (b) die persoon alle opgawes ingedien het wat kragtens 'n Belastingwet vereis word.

Kwytskelding van boete vir geringe of eerste geval van nienakoming 40

- 217.** (1) Indien 'n 'boete' opgelê is met betrekking tot—
- (a) 'n 'eerste geval' van die nienakoming beskryf in artikel 210, 212 of 213; of
- (b) 'n geval van nienakoming beskryf in artikel 210, indien die tydsduur van die nienakoming korter as vyf besigheidsdae is,
- kan SAID, ten opsigte van 'n 'boete' kragtens artikel 210 of 212 opgelê, die 'boete' of, 45 indien vanpas, 'n gedeelte daarvan kwytskeld, tot en met 'n bedrag van R2 000, indien SAID oortuig is dat—
- (i) redelike gronde vir die nienakoming bestaan; en
- (ii) die betrokke nienakoming reggestel is.
- (2) In die geval van 'n 'boete' kragtens artikel 212 opgelê, word die R2 000 limiet 50 bedoel in subartikel (1), na R100 000 verander.
- (3) In die geval van 'n 'boete' kragtens artikel 213 opgelê, kan SAID die 'boete' of 'n gedeelte daarvan kwytskeld, indien SAID oortuig is dat—

- (a) die boete opgelê is ten opsigte van 'n 'eerste geval' van die nienakoming in artikel 210, 212 of 213 beskryf, of 'n bedrag van minder as R2 000 behels;
- (b) redelike gronde vir die nienakoming bestaan; en
- (c) die betrokke nienakoming reggestel is.

Kwytskelding van boete in buitengewone omstandighede 5

218. (1) SAID moet, by ontvangs van 'n 'kwytskeldingsversoek', die 'boete' kwytskeld of indien van toepassing 'n gedeelte daarvan, indien SAID oortuig is dat een of meer van die omstandighede bedoel in subartikel (2) die persoon op wie die 'boete' opgelê is onbevoeg gemaak het om die tersaaklike verpligting kragtens die tersaaklike Belastingwet na te kom. 10

(2) Die omstandighede bedoel in subartikel (1) is beperk tot—

- (a) 'n natuurlike of mensgemaakte ramp;
- (b) 'n openbare oproer of onderbreking van dienste;
- (c) 'n ernstige siekte of ongeluk;
- (d) ernstige emosionele- of geestesversteuring; 15
- (e) enige van die volgende handeling deur SAID:
 - (i) 'n datavasleggingsfout;
 - (ii) 'n verwerkingsvertraging;
 - (iii) verskaffing van foutiewe inligting in 'n amptelike publikasie of mediaverklaring deur die Kommissaris uitgereik; 20
 - (iv) vertraging met die verskaffing van inligting aan enige persoon; of
 - (v) versuim deur SAID om genoeg geleentheid te gee vir 'n gepaste reaksie op 'n versoek om inligting deur SAID;
- (f) ernstige finansiële ontbering, soos—
 - (i) in die geval van 'n individu, 'n gebrek aan basiese lewensbehoefte; of 25
 - (ii) in die geval van 'n besigheid, 'n onmiddellike gevaar dat die deurlopendheid van besigheidsbedrywighede en die volgehoue indiensneming van die besigheid se werknemers in gedrang is; of
- (g) enige ander omstandigheid van soortgelyke erns.

Boete foutiewelik aangeslaan 30

219. Indien SAID oortuig is dat 'n 'boete' nie ooreenkomstig hierdie Hoofstuk aangeslaan is nie, kan SAID, binne drie jaar vanaf die 'boete-aanslag', dienooreenkomstig 'n gewysigde aanslag uitreik.

Beswaar en appèl teen besluit om boete nie kwyt te skeld nie

220. 'n Besluit deur SAID om nie 'n 'boete' in geheel of gedeeltelik kwyt te skeld nie is onderhewig aan beswaar en appèl kragtens Hoofstuk 9. 35

HOOFSTUK 16

ONDERSTELLINGSBOETE

Deel A

Oplegging van onderstellingsboete 40

Woordomskrywing

221. In hierdie Hoofstuk, tensy uit die konteks andersins blyk, en indien in enkel aanhalingstekens, beteken—

- '**belasting**' belasting in artikel 1 omskryf, uitgesluit 'n boete en rente;
- '**belastingposisie**' 'n veronderstelling wat onderliggend is aan een of meer aspekte van 'n belastingopgawe, ingesluit ongeag of— 45
 - (a) 'n bedrag, transaksie, gebeurtenis of item belasbaar is;
 - (b) 'n bedrag of item aftrekbaar is of verreken mag word;
 - (c) 'n laer koers van belasting as die maksimum van toepassing op daardie klas van belastingpligtige, transaksie, gebeurtenis of item van toepassing is; of 50
 - (d) 'n bedrag kwalifiseer as 'n vermindering van belasting betaalbaar;

‘herhalende geval’ ’n tweede of verdere geval van enige van die optredes gelys onder items (i) tot (v) van die onderstellingsboete persentasietabel aangetoon in artikel 223 binne vyf jaar vanaf die vorige geval;

‘onderstelling’ enige benadeling van SAID of die *fiscus* ten opsigte van ’n belastingtydperk as gevolg van— 5

(a) ’n versuim om ’n opgawe in te dien;

(b) ’n weglating uit ’n opgawe;

(c) ’n foutiewe verklaring in ’n opgawe; of

(d) indien geen opgawe vereis word nie, die versuim om die korrekte bedrag ‘belasting’ te betaal; en 10

‘wesentliche onderstelling’ ’n geval waar die benadeling van SAID of die *fiscus* vyf persent van die bedrag van ‘belasting’ behoorlik hefbaar of terugbetaalbaar ingevolge ’n Belastingwet vir die tersaaklike belastingtydperk, of R1 000 000 welke ook al die grootste is, oorskry. 15

Onderstellingsboete

222. (1) In die geval van ’n ‘onderstelling’ deur ’n belastingpligtige, moet die belastingpligtige, bykomend tot die ‘belasting’ vir die tersaaklike belastingtydperk betaalbaar, die onderstellingsboete bepaal kragtens subartikel (2), betaal. 20

(2) Die onderstellingsboete is die bedrag wat voortspruit uit die toepassing van die hoogste toepaslike onderstellingsboete persentasie in ooreenstemming met die tabel in artikel 223 op die tekort kragtens subartikels (3) en (4) bepaal.

(3) Die tekort is die som van— 25

(a) die verskil tussen die bedrag van ‘belasting’ behoorlik hefbaar vir die belastingtydperk en die bedrag ‘belasting’ wat gehef sou word indien die ‘onderstelling’ aanvaar is;

(b) die verskil tussen die bedrag behoorlik terugbetaalbaar vir die belastingtydperk en die bedrag wat terugbetaalbaar sou wees indien die ‘onderstelling’ aanvaar is; en 30

(c) die verskil tussen die bedrag van ’n vasgestelde verlies of enige ander voordeel vir die belastingpligtige behoorlik oorgedra vanaf die belastingtydperk na ’n daaropvolgende belastingtydperk en die bedrag wat oorgedra sou word, indien die ‘onderstelling’ aanvaar is, vermenigvuldig met die belastingkoers kragtens subartikel (5) bepaal. 35

(4) Indien ’n ‘onderstelling’ ’n verskil kragtens beide paragrawe (a) en (b) van subartikel (3) tot gevolg het, moet die tekort verminder word met die bedrag van enige verdubbeling tussen die paragrawe.

(5) Die belastingkoers is die maksimum belastingkoers op die belastingpligtige van toepassing, sonder om ’n vasgestelde verlies of enige ander voordeel vorentoe gebring vanaf ’n voorafgaande belastingtydperk na die belastingtydperk, in ag te neem. 40

Onderstellingsboete persentasietabel

223. (1) Die onderstellingsboete persentasietabel is soos volg: 45

1 Item	2 Gedrag	3 Standaard geval	4 Indien belemmer- end, of indien ’n ‘herhalende geval’ is	5 Vrywillige blootleg- ging na kennis- gewing van oudit	6 Vrywillige blootleg- ging voor kennis- gewing van oudit
(i)	‘Wesentliche onderstelling’	25%	50%	5%	0%
(ii)	Redelike sorg nie aan die dag gelê met voltooiing van opgawe nie	50%	75%	25%	0%
(iii)	Geen redelike gronde vir ‘belastingposisie’ geneem	75%	100%	35%	0%

1 Item	2 Gedrag	3 Standaard geval	4 Indien belemmer- end, of indien 'n 'herhalende geval' is	5 Vrywillige blootleg- ging na kennis- gewing van oudit	6 Vrywillige blootleg- ging voor kennis- gewing van oudit	
(iv)	Growwe nalatigheid	100%	125%	50%	5%	5
(v)	Opsetlike belastingontduiking	150%	200%	75%	10%	10

(2) 'n Onderstellingsboete waarvoor voorsiening gemaak word kragtens hierdie Hoofstuk is ook hefbaar in gevalle waar—

- (a) 'n aanslag gebaseer op 'n beraming kragtens artikel 95 gemaak word; of
(b) 'n aanslag waaroor met die belastingpligtige ooreengekom is kragtens artikel 95(3) uitgereik word. 15

(3) SAID moet 'n 'boete' opgelê vir 'n 'wesentliche onderstelling' kwyt skeld indien SAID tevrede is dat die belastingpligtige—

- (a) die reëling ten volle openbaar gemaak het, soos kragtens artikel 34 omskryf, wat aanleiding gegee het tot die benadeling van SAID of die *fiscus* teen nie later nie as die datum waarop die tersaaklike opgawe verskuldig was; en 20
(b) in besit was van 'n mening van 'n geregistreerde belastingpraktisyn, soos in artikel 239 omskryf, wat—
(i) nie later nie as die datum waarop die tersaaklike opgawe verskuldig was, uitgereik is nie; 25
(ii) die spesifieke feite en omstandighede van die reëling in ag geneem het; en
(iii) bevestig het dat die belastingpligtige se standpunt waarskynlik gehandhaaf sal word, indien die aangeleentheid voor 'n hof sou kom. 30

Beswaar en appèl teen besluit om onderstellingsboete nie kwyt te skeld nie

224. 'n Besluit deur SAID om nie 'n onderstellingsboete kwyt te skeld nie is onderhewig aan beswaar en appèl kragtens Hoofstuk 9. 35

Deel B

Vrywillige blootleggingsprogram

Woordomskrywing 40

225. In hierdie Deel, tensy dit uit die konteks anders blyk, en indien in enkel aanhalingstekens, beteken—

- 'nienakoming' die verskaffing van foutiewe of onvolledige inligting aan SAID, of die versuim om inligting te verskaf of die aanvaarding van 'n 'belastingposisie', waar sodanige verskaffing, versuim om te verskaf of aanvaarding van 'n 'belastingposisie' tot gevolg gehad het dat— 45
(a) die belastingpligtige nie vir die korrekte bedrag belasting aangeslaan is nie;
(b) die korrekte bedrag belasting nie deur die belastingpligtige betaal is nie; of 50
(c) 'n foutiewe terugbetaling deur SAID gemaak is.

Kwalifiserende persoon vir vrywillige blootlegging

226. (1) 'n Persoon kan in 'n persoonlike, verteenwoordigende, terughoudings- of ander hoedanigheid om vrywillige blootleggingsverligting aansoek doen, tensy daardie persoon bewus is van— 55

- (a) 'n hangende oudit of ondersoek na die sake van die persoon wat verligting verlang; of
(b) 'n oudit of ondersoek wat begin het, maar nog nie afgehandel is nie. 60

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1) kan 'n senior SAID-amptenaar bepaal dat 'n persoon kan aansoek doen vir vrywillige blootleggingsverligting, indien die amptenaar, met inagneming van die omstandighede en omvang van die oudit of ondersoek, van mening is dat—

- (a) die 'nienakoming' ten opsigte waarvan die persoon om vrywillige blootleggingsverligting aansoek wil doen, nie andersins gedurende die oudit of ondersoek ontdek sou word nie; en
 - (b) die aansoek in die belang van die goeie bestuur van die belastingstelsel en die beste aanwending van SAID se hulpbronne sal wees. 5
- (3) 'n Persoon word geag bewus te wees van 'n hangende oudit of ondersoek, of dat die oudit of ondersoek begin het, indien—
- (a) 'n verteenwoordiger van die persoon;
 - (b) 'n beampte, aandeelhouer of lid van die persoon, indien die persoon 'n maatskappy is; 10
 - (c) 'n vennoot in vennootskap met die persoon;
 - (d) 'n trustee of begunstigde van die persoon, indien die persoon 'n trust is; of
 - (e) 'n persoon wat vir of namens of as agent of *fiduciarius* van die persoon optree, van die hangende oudit of ondersoek bewus geword het, of dat die oudit of ondersoek begin het. 15

Vereistes vir geldige vrywillige blootlegging

- 227.** Die vereistes vir 'n geldige vrywillige blootlegging is dat die blootlegging—
- (a) vrywillig moet wees;
 - (b) 'n 'nienakoming' moet behels wat nie voorheen openbaar gemaak is deur die aansoeker of 'n persoon bedoel in artikel 226(3) nie; 20
 - (c) ten volle en volledig in alle wesenlike opsigte moet wees;
 - (d) die moontlike oplegging van 'n onderstellingsboete met betrekking tot die 'nienakoming' moet behels;
 - (e) nie 'n terugbetaling deur SAID verskuldig tot gevolg mag hê nie; en
 - (f) in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse gemaak moet word. 25

Naamlose vrywillige blootlegging

- 228.** 'n Senior SAID-amptenaar kan 'n nie-bindende privaatmening, soos in artikel 75 omskryf, ten opsigte van 'n persoon se geskiktheid vir verligting kragtens hierdie Deel uitreik, indien die persoon voldoende inligting om so te maak, verskaf, welke inligting nie die identiteit van enige party tot die 'nienakoming' hoef in te sluit nie. 30

Vrywillige blootleggingsverligting

- 229.** Ondanks die bepalings van 'n Belastingwet, moet SAID, ooreenkomstig 'n geldige vrywillige blootlegging deur die aansoeker en die sluit van die vrywillige blootleggingsooreenkoms kragtens artikel 230—
- (a) nie strafregtelike vervolging vir 'n statutêre misdryf kragtens 'n Belastingwet wat uit die 'nienakoming' voortspruit of 'n verwante gemeenregtelike misdryf, voortsit nie; 35
 - (b) die verligting ten aansien van enige onderstellingsboete toestaan, in die mate in kolom 5 of 6 van die onderstellingsboete persentasietabel in artikel 223 bedoel; en 40
 - (c) 100 persent verligting ten opsigte van 'n administratiewe nienakomingsboete wat opgelê is of wat opgelê kan word kragtens Hoofstuk 15 of 'n boete opgelê kragtens 'n Belastingwet, uitgesluit 'n boete opgelê ingevolge daardie Hoofstuk of ingevolge 'n Belastingwet vir die laat indiening van 'n opgawe of 'n laat betaling van belasting. 45

Vrywillige blootleggingsooreenkoms

- 230.** Die goedkeuring deur 'n senior SAID-amptenaar van 'n vrywillige blootleggingsaansoek en toestaan van verligting kragtens artikel 229, moet gestaaf word deur 'n geskrewe ooreenkoms in die voorgeskrewe formaat tussen SAID en die kwalifiserende persoon wat vir die uitstaande belasting aanspreeklik is, en moet besonderhede bevat van—
- (a) die wesenlike feite van die 'nienakoming' waarop die vrywillige blootleggingsverligting gebaseer is;
 - (b) die bedrag deur die persoon betaalbaar, welke bedrag die onderstellingsboete apart moet aandui; 55

- (c) die reëlings en datums vir betaling; en
- (d) tersaaklike ondernemings deur die partye.

Terugtrek van vrywillige blootleggingsverligting

231. (1) In die geval dat, na die aangaan van 'n vrywillige blootleggingssooreenkoms kragtens artikel 230, dit aan die lig kom dat die aansoeker nagelaat het om 'n aangeleentheid bloot te lê wat wesenlik was vir doeleindes van die maak van 'n geldige vrywillige blootlegging ingevolge artikel 227, kan 'n senior SAID-amptenaar—

- (a) enige verligting toegestaan kragtens artikel 229 terugtrek;
- (b) enige bedrag ingevolge die vrywillige blootleggingssooreenkoms betaal, as gedeeltelike betaling van enige verdere uitstaande belasting met betrekking tot die tersaaklike 'nienakoming' beskou; en
- (c) strafregtelike vervolging voort te sit vir 'n statutêre misdryf kragtens 'n Belastingwet of 'n verwante gemeenregtelike misdryf.

(2) Enige besluit deur die senior SAID-amptenaar kragtens subartikel (1) is aan beswaar en appèl onderhewig.

Aanslag of beslissing om uitvoering aan ooreenkoms te gee

232. (1) Indien 'n vrywillige blootleggingssooreenkoms kragtens artikel 230 aangegaan is, kan SAID, ondanks enige andersluidende bepalings in 'n Belastingwet, 'n aanslag uitreik of 'n beslissing maak ten einde aan die ooreenkoms uitvoering te gee.

(2) 'n Aanslag uitgereik of beslissing gemaak ten einde aan 'n ooreenkoms ingevolge artikel 230 uitvoering te gee, is nie aan beswaar en appèl onderhewig nie.

Verslagdoening oor vrywillige blootleggingssooreenkomste

233. (1) Die Kommissaris moet jaarliks aan die Ouditeur-generaal en aan die Minister 'n opsomming verskaf van alle vrywillige blootleggingssooreenkomste aangegaan ten opsigte van aansoeke gedurende die tydperk ontvang.

(2) Die opsomming moet—

- (a) behoudens artikel 70(5), nie die identiteit van die aansoeker openbaar nie, en moet voorgelê word op die tyd soos ooreengekom deur die Kommissaris en die Ouditeur-generaal of Minister, na gelang van die geval; en
- (b) besonderhede bevat van die aantal vrywillige blootleggingssooreenkomste en die bedrag belasting aangeslaan, wat ten opsigte van hoofklasse van belastingpligtiges of gedeeltes van die publiek aangetoon moet word.

HOOFSTUK 17

STRAFREGTELIKE MISDRYWE

Strafregtelike misdrywe betreffende nienakoming van Belastingwette

234. 'n Persoon wat opsetlik en sonder goeie rede—

- (a) versuim of nalaat om te registreer of om SAID van 'n verandering in geregistreerde besonderhede soos vereis ingevolge Hoofstuk 3 in kennis te stel;
- (b) versuim of nalaat om 'n verteenwoordigende belastingpligtige aan te stel of SAID van die aanstelling of verandering van 'n verteenwoordigende belastingpligtige soos vereis kragtens artikel 153 of 249 in kennis te stel;
- (c) versuim of nalaat om as 'n belastingpraktisyn te registreer soos kragtens artikel 240 vereis;
- (d) versuim of nalaat om 'n opgawe of dokument aan SAID te verskaf of 'n dokument aan 'n persoon te uit te reik soos kragtens 'n Belastingwet vereis;
- (e) versuim of nalaat om rekords soos vereis kragtens hierdie Wet te behou;
- (f) 'n vals sertifikaat of verklaring kragtens Hoofstuk 4 verskaf;
- (g) 'n foutiewe, onvolledige of vals dokument soos vereis word kragtens 'n Belastingwet, aan 'n ander persoon uitreik;
- (h) weier of nalaat om—

- (i) enige inligting, dokument of goed, uitgesluit inligting kragtens artikel 46(8) aangevra, te verstrek, produseer of beskikbaar te maak;
 - (ii) te antwoord of eerlik en volledig te antwoord op enige vrae deur 'n SAID-amptenaar aan die persoon gestel;
 - (iii) om 'n eed of plegtige verklaring af te lê; of 5
 - (iv) teenwoordig te wees en getuienis af te lê, soos en wanneer ingevolge hierdie Wet vereis word;
 - (i) versuim om 'n aanwysing of instruksie aan 'n persoon na te kom wat kragtens 'n Belastingwet deur SAID uitgereik word;
 - (j) versuim of nalaat om enige wesenlike feite aan SAID te openbaar wat kragtens hierdie Wet geopenbaar moes gewees het of om SAID in kennis te stel van enigiets waaroor die persoon SAID kragtens 'n Belastingwet oor in kennis moet stel; 10
 - (k) 'n SAID-amptenaar belemmer of verhinder in die uitvoer van die amptenaar se pligte; 15
 - (l) weier om bystand te verskaf soos vereis ingevolge artikel 49(1);
 - (m) homself of haarself voordoen as 'n SAID-amptenaar wie die bepalings van hierdie Wet uitvoer;
 - (n) versuim of nalaat om die bepalings van artikels 179 tot 182 na te kom, indien daardie persoon deur SAID kennis gegee is om die bates oor te dra of die bedrae aan SAID te betaal soos bedoel in daardie artikels; of 20
 - (o) daardie persoon se bates verkwis of 'n ander persoon bystaan om daardie ander persoon se bates te verkwis ten einde die invordering van enige belastings, boetes of rente te belemmer, 25
- is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

Strafregtelike misdrywe betreffende belastingvermyding

- 235.** (1) 'n Persoon wie met die opset om belasting te ontduik of om 'n onregmatige terugbetaling kragtens 'n Belastingwet te verkry of om 'n ander persoon by te staan met die ontduiking van belasting of om so 'n onregmatige terugbetaling te verkry— 30
- (a) 'n valse verklaring of inskrywing in 'n opgawe of ander dokument doen of laat doen of toelaat dat dit gedoen word of 'n verklaring, opgawe of ander dokument aldus ingedien te teken, sonder om op redelike gronde te glo dat dit waar is;
 - (b) 'n valse antwoord, hetsy mondelings of skriftelik, op 'n versoek om inligting kragtens hierdie Wet te gee; 35
 - (c) valse rekeningkundige rekeninge of ander rekords voorberei, byhou of die voorbereiding of byhou daarvan goedkeur of rekeningkundige rekeninge of ander rekords vervals of die vervalsing daarvan goedkeur;
 - (d) bedrog of versinsel aanwend of magtiging verleen vir die aanwending van sodanige bedrog of versinsel; of 40
 - (e) 'n valse verklaring maak vir die doeleindes van verkryging van 'n terugbetaling van of vrystelling van belasting, 45
- is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar.
- (2) Enige persoon wat 'n verklaring maak op die wyse bedoel in subartikel (1) moet, tensy die persoon bewys dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat hy of sy nie geweet het van die valsheid van die verklaring nie en dat die onwetendheid nie aan nalatigheid aan sy of haar kant toegeskryf kan word nie, beskou word skuldig te wees aan die misdryf bedoel in subartikel (1). 50
- (3) 'n Senior SAID-amptenaar kan 'n klag lê by die Suid-Afrikaanse Polisie diens of die Nasionale Vervolgingsgesag aangaande 'n misdryf beoog in subartikel (1).

Strafregtelike misdrywe betreffende geheimhoudingsbepalings

- 236.** 'n Persoon wat die bepalings van artikel 67(2) of (3), 68(2), 69(1) of (6) of 70(5) oortree is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar. 55

Strafregtelike misdrywe betreffende indiening van opgawe sonder magtiging

237. 'n Persoon wie—

- (a) 'n opgawe of ander dokument aan SAID verskaf onder 'n vervalste handtekening;
- (b) 'n elektroniese of digitale handtekening van 'n ander persoon in 'n elektroniese kommunikasie aan SAID gebruik; of
- (c) andersins aan SAID 'n kommunikasie namens 'n ander persoon verskaf, sonder die persoon se toestemming en goedkeuring, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens twee jaar.

Jurisdiksie van howe in strafregtelike aangeleenthede 10

238. 'n Persoon wat weens 'n belastingmisdryf aangekla word, kan, bykomend tot jurisdiksie deur enige ander wetsbepaling aan 'n hof verleen, ten opsigte van daardie misdryf verhoor word deur 'n hof wat regsbevoegdheid het binne enige gebied waarin daardie persoon woon of besigheid bedryf.

HOOFSTUK 18 15**RAPPORTERING VAN ONPROFESSIONELE GEDRAG****Woordomskrywing**

239. In hierdie Hoofstuk, tensy dit uit die konteks andersins blyk, en indien in enkel aanhalingstekens, beteken—

- 'beheerliggaam' 'n liggaam wat ingestel is, hetsy vrywillig of kragtens 'n wet, met die bevoegdheid om tugstappe te doen teen 'n persoon wie in die beoefening van 'n profesie, die tersaaklike reëls of gedragskode vir die profesie oortree; en
- 'geregistreerde belastingpraktisyn' 'n praktisyn kragtens artikel 240 geregistreer.

Registrasie van belastingpraktisyns 25

240. (1) Elke natuurlik persoon wat—

- (a) advies aan 'n ander persoon gee ten opsigte van die toepassing van 'n Belastingwet; of
- (b) 'n dokument voltooi of bystand verleen om dit te voltooi waar die dokument deur 'n ander persoon ingevolge 'n Belastingwet by SAID ingedien moet word,

moet by SAID as 'n belastingpraktisyn registreer, in die vorm wat die Kommissaris bepaal, binne 30 dae na die datum waarop daardie persoon vir die eerste keer advies gee of enige sodanige dokument voltooi of bystand verleen om dit te voltooi.

(2) Die bepalinge van hierdie artikel is nie van toepassing nie ten opsigte van 'n persoon wat—

- (a) advies gee of 'n dokument voltooi of bystand verleen om dit te voltooi, alleenlik vir geen vergoeding aan daardie persoon of sy of haar werkgewer of 'n verbonde persoon met betrekking tot daardie werkgewer of daardie persoon;
- (b) advies gee alleenlik met die vooruitsig of in die verloop van enige regsgeeding waartoe die Kommissaris 'n party is of waar die Kommissaris 'n klaer is;
- (c) advies gee alleenlik as 'n toevallige of ondergeskikte deel van die verskaffing van goed of ander dienste aan 'n ander persoon;
- (d) advies gee of 'n dokument voltooi of bystand verleen om dit te voltooi alleenlik—
 - (i) aan of ten opsigte van die werkgewer by wie daardie persoon op 'n voltydse grondslag in diens is of aan of ten opsigte van daardie werkgewer en verbonde persone met betrekking tot daardie werkgewer; of
 - (ii) onder die direkte toesig van 'n persoon wie ingevolge subartikel (1) as 'n belastingpraktisyn geregistreer is.

- (3) 'n Persoon mag nie kragtens subartikel (1) as 'n belastingpraktisyn registreer nie, indien die persoon—
- (a) gedurende die voorafgaande vyf jaar uit 'n verwante beroep verwyder is; en
 - (b) gedurende die voorafgaande vyf jaar skuldig bevind is (hetsy in die Republiek of elders) aan—
 - (i) diefstal, bedrog, vervalsing of uitgifte van 'n vervalste dokument, hoogverraad of 'n misdryf kragtens die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004); of
 - (ii) enige ander misdryf wat oneerlikheid behels, waarvoor die persoon gevonnissen is tot 'n tydperk van gevangenisstraf wat twee jaar oorskry sonder die keuse van 'n boete of tot 'n boete wat die bedrag in die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991 (Wet No. 101 van 1991), oorskry.

Klagte aan beheerliggaam van belastingpraktisyn

- 241.** 'n Senior SAID-amptenaar kan 'n klagte indien by 'n 'beheerliggaam' waar 'n 'geregisteerde belastingpraktisyn' of persoon wie 'n beroep beoefen wat deur 'n 'beheerliggaam' beheer word, met betrekking tot die sake van 'n belastingpligtige, ingesluit daardie persoon se sake, iets doen of versuim om iets te doen wat na die mening van die amptenaar—
- (a) bedoel was om die belastingpligtige te help om die nakoming van 'n verpligting te vermy of onbehoorlik uit te stel, wat kragtens 'n Belastingwet op die belastingpligtige gelê word;
 - (b) vanweë die nalatigheid van die persoon gelei het tot die vermyding of onbehoorlike uitstel van die nakoming van 'n verpligting wat kragtens 'n Belastingwet op die belastingpligtige gelê is; of
 - (c) 'n oortreding uitmaak van 'n reël of gedragskode van die beroep wat kan lei tot tugstappe deur die liggaam teen die 'geregisteerde belastingpraktisyn' of persoon.

Openbaarmaking van inligting aangaande klagte en regsmiddels van belastingpligtige

- 242.** (1) Ondanks artikel 69 kan die senior SAID-amptenaar wat 'n klagte kragtens artikel 241 indien, die inligting met betrekking tot die persoon se belasting sake bekend maak wat na die mening van die amptenaar nodig is om voorgelê te word aan die 'beheerliggaam' by wie die klagte ingedien word.
- (2) Voordat 'n klagte ingedien word of inligting openbaar gemaak word, moet SAID aan die belastingpligtige en die persoon teen wie die klagte beoog word, kennis gee van die voorgenome klagte en inligting wat openbaar gemaak sal word.
- (3) Die belastingpligtige of daardie persoon kan, binne 21 besigheidsdae na die datum van die kennisgewing, 'n beswaar by SAID indien teen die indiening van die klagte of openbaarmaking van die inligting.
- (4) Indien, teen die verstryking van daardie tydperk van 21 besigheidsdae, geen beswaar ingedien is nie of, indien 'n beswaar ingedien is en SAID nie oortuig is dat die beswaar gehandhaaf moet word nie, kan 'n senior SAID-amptenaar daarna die klagte indien soos bedoel in artikel 241.

Oorweging van klagte deur beheerliggaam

- 243.** (1) Die klagte moet deur die 'beheerliggaam' oorweeg word ooreenkomstig sy reëls.
- (2) 'n Verhoor van die aangeleentheid waar besonderhede van 'n persoon se belasting sake openbaar gemaak gaan word, mag slegs bygewoon word deur persone wie se bywoning na die mening van die 'beheerliggaam' nodig is vir die behoorlike oorweging van die klagte.
- (3) Die 'beheerliggaam' en sy lede moet geheimhouding bewaar met betrekking tot inligting aangaande die sake van 'n persoon wat deur SAID aan hulle oorgedra word of wat andersins met die ondersoek van die klagte onder hulle aandag mag kom, en mag nie die inligting medeel aan 'n persoon anders as die betrokke persoon of die persoon teen wie die klagte ingedien is nie, tensy die mededeling van die inligting deur 'n bevoegde geregshof beveel word.

HOOFTUK 19

ALGEMENE BEPALINGS

Spertye

- 244.** (1) Indien—
- (a) 'n dag deur SAID bekend gemaak of in 'n Belastingwet bepaal vir betaling, indiening of ander optrede; of 5
 - (b) die laaste dag van 'n tydperk waarbinne betaling, indiening of ander optrede kragtens 'n Belastingwet moet plaasvind, op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag val, moet die optrede nie later as die laaste besigheidsdag voor die Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag voltooi word nie. 10
- (2) Die Kommissaris kan die tyd van die dag voor wanneer 'n betaling, indiening of ander optrede moet plaasvind, voorskryf, en indien dit na daardie tyd op die dag plaasvind, word daar geag dat dit op die eerste besigheidsdag wat volg op die vermelde dag. 15
- (3) Indien SAID gemagtig word om 'n spertyd uit te stel, moet die aansoek om uitstel in die voorgeskrywe vorm aan SAID verskaf word voor die spertyd verstryk, tensy—
- (a) redelike gronde vir die vertraging bestaan en die aansoek binne 21 dae na die spertyd ingedien word; of
 - (b) die vertraging toegeskryf kan word aan omstandighede bedoel in artikel 218(2)(a) tot (e) of enige ander omstandighede van soortgelyke erns en die aansoek binne drie jaar na die spertyd ingedien word. 20

Bevoegdheid van Minister om datum vir indien van opgawes en betaling van belasting te bepaal

- 245.** (1) Ondanks enige ander bepaling van 'n Belastingwet, indien die datum vir die indiening van 'n opgawe of die betaling van belasting die laaste dag van die Regering se boekjaar is, kan die Minister by openbare kennisgewing enige ander datum vir indiening van die opgawe of betaling van die belasting voorskryf, welke datum nie op 'n dag mag val wat meer is as twee besigheidsdae voor die laaste dag van daardie jaar nie. 25
- (2) Die kennisgewing in subartikel (1) beoog, moet gepubliseer word ten minste 21 besigheidsdae voor die datum aldus deur die Minister voorgeskryf. 30

Openbare amptenare van maatskappye

- 246.** (1) Elke maatskappy wat in die Republiek besigheid bedryf of 'n kantoor in die Republiek het moet te alle tye verteenwoordig word deur 'n individu in die Republiek woonagtig. 35
- (2) Die individuele verteenwoordiger kragtens subartikel (1) moet—
- (a) 'n persoon wees wat 'n senior amptenaar van die maatskappy is en deur SAID goedgekeur is;
 - (b) deur die maatskappy aangestel word of deur 'n agent of prokureur wie magtiging het om so 'n verteenwoordiger vir die doeleindes van 'n Belastingwet aan te stel; 40
 - (c) die openbare amptenaar van die maatskappy genoem word; en
 - (d) aangestel word binne een maand nadat die maatskappy in die Republiek begin besigheid bedryf of 'n kantoor in die Republiek verkry.
- (3) Indien 'n openbare amptenaar nie aangestel word soos kragtens hierdie artikel vereis word nie, is die openbare amptenaar die besturende direkteur, direkteur, sekretaris of ander amptenaar van die maatskappy wat SAID vir daardie doel aanwys. 45
- (4) 'n Maatskappy wat deur hierdie artikel gedek word en wat nie 'n openbare amptenaar aangestel het nie, is op dieselfde wyse onderhewig aan 'n Belastingwet asof 'n Belastingwet nie die aanstelling van 'n openbare amptenaar vereis het nie. 50
- (5) 'n Openbare amptenaar is verantwoordelik vir al die handeling, aangeleentheid of sake wat kragtens 'n Belastingwet deur die openbare amptenaar se maatskappy verrig moet word, en in die geval van versuim is die openbare amptenaar onderhewig aan boetes weens die maatskappy se versuim.

(6) Daar word geag dat 'n openbare amptenaar se maatskappy alles gedoen het wat die openbare amptenaar in die amptenaar se verteenwoordigende hoedanigheid gedoen het.

(7) Indien SAID van mening is dat 'n persoon nie langer geskik is om die maatskappy as openbare amptenaar te verteenwoordig nie kan SAID die goedkeuring kragtens subartikel (2)(a) terugtrek. 5

Maatskappyadres vir kennisgewings en dokumente

247. (1) 'n Maatskappy bedoel in artikel 246(1) moet binne die tydperk bedoel in artikel 246(2)(d) 'n plek in die Republiek aanwys deur SAID goedgekeur waar SAID aan 'n maatskappy 'n kennisgewing of ander dokument waarvoor kragtens 'n Belastingwet voorsiening gemaak word aan die maatskappy kan bestel, aflewer of stuur. 10

(2) Elke kennisgewing, proses of geding wat kragtens 'n Belastingwet gegee of bedien kan word aan of geneem kan word teen 'n maatskappy bedoel in artikel 246(1) kan gegee of bedien word aan of geneem word teen sy openbare amptenaar, of indien daar op enige tydstip geen openbare amptenaar is nie, enige amptenaar of persoon wat die bestuur van die besigheid of sake van die maatskappy waarneem of blyk waar te neem of wat as agent vir die maatskappy optree of blyk op te tree. 15

Openbare amptenaar in geval van likwidasie of beëindiging

248. Indien 'n maatskappy bedoel in artikel 246(1) in vrywillige of verpligte likwidasie geplaas word, word van die behoorlik aangestelde likwidateur of likwidateurs vereis om, terwyl die likwidasie voortduur, ten opsigte van die maatskappy al die wersaamhede verrig en al die verantwoordelikhede te aanvaar van 'n openbare amptenaar kragtens 'n Belastingwet. 20

Versuim om openbare amptenaar aan te stel of adres vir kennisgewings of dokumente te verskaf 25

249. (1) Geen aanstelling word geag kragtens artikel 246(2) gemaak te gewees het nie totdat kennis daarvan wat die naam van die openbare amptenaar en 'n adres vir die bediening of aflewering van kennisgewings en dokumente vermeld, aan SAID gegee is.

(2) 'n Maatskappy moet—

(a) die amp van openbare amptenaar deurlopend gevul hou en te alle tye 'n plek in stand hou vir die bediening of aflewering van kennisgewings ooreenkomstig artikel 247(1); en 30

(b) SAID in kennis stel van elke verandering van openbare amptenaar of van die plek vir die bediening of aflewering van kennisgewings binne 21 besigheidsdae nadat die verandering van krag word. 35

Waarmerk van dokumente

250. (1) 'n Vorm, kennisgewing, aanmaning of ander dokument uitgereik of gegee deur of namens SAID of 'n SAID-amptenaar kragtens 'n Belastingwet, is voldoende gewaarmerk indien die naam van SAID of die naam of amptelike titel van die SAID-amptenaar daarop gestempel of gedruk is. 40

(2) 'n Opgawe gemaak of wat voorgee gemaak te wees of geteken is deur of namens 'n persoon word beskou as behoorlik deur die betrokke persoon gemaak of geteken wees, tensy die persoon bewys dat die opgawe nie deur die persoon of namens die persoon gemaak of geteken is nie.

(3) Subartikel (2) is van toepassing op ander dokumente deur of namens 'n persoon by SAID ingedien. 45

Lewering van dokumente aan persone anders as maatskappye

251. Indien 'n Belastingwet van SAID vereis of SAID magtig om 'n kennisgewing, dokument of ander kommunikasie aan 'n persoon (anders as 'n maatskappy) uit te reik, te gee, te stuur of te bestel, word SAID beskou as die kommunikasie aan die persoon uit te gereik, gegee, gestuur of bestel het indien— 50

(a) aan die persoon oorhandig;

- (b) gelaat by 'n ander persoon ouer as 16 jaar wat oënskynlik by die persoon se laaste bekende woonplek, kantoor of besigheidsplek woon of in diens is;
- (c) per pos aan die persoon gestuur na die persoon se laaste bekende adres, wat insluit—
 - (i) 'n woonplek, kantoor of besigheidsplek bedoel in paragraaf (b); of 5
 - (ii) die persoon se laaste bekende posbusnommer of dié van die persoon se werkgever; of
- (d) na die persoon se laaste bekende elektroniese adres versend, wat insluit—
 - (i) die persoon se laaste bekende e-posadres; of
 - (ii) die persoon se laaste bekende telefaksnommer. 10

Lewering van dokumente aan maatskappye

- 252.** Indien 'n Belastingwet van SAID vereis of SAID magtig om 'n kennisgewing, dokument of ander kommunikasie aan 'n maatskappy uit te reik, te gee, te stuur of te bestel, word SAID beskou as die kommunikasie aan die maatskappy uit te gereik, gegee, gestuur of bestel het indien— 15
- (a) aan die openbare amptenaar van die maatskappy afgelewer; of
 - (b) gelaat by 'n persoon ouer as 16 jaar wat oënskynlik woon of in diens is—
 - (i) by die plek deur die maatskappy kragtens artikel 247 aangewys; of
 - (ii) waar geen sodanige plek deur die maatskappy aangewys is nie, die laaste bekende kantoor of plek van besigheid van die maatskappy; 20
 - (c) per pos gestuur wat aan die maatskappy of sy openbare amptenaar geadresseer is na die maatskappy of die openbare amptenaar se laaste bekende adres, wat insluit—
 - (i) 'n kantoor of plek bedoel in paragraaf (b); of
 - (ii) die maatskappy of openbare amptenaar se laaste bekende posbusnommer of dié van die openbare amptenaar se werkgever; of 25
 - (d) aan die maatskappy of openbare amptenaar se laaste bekende elektroniese adres versend is, wat insluit die—
 - (i) laaste bekende e-posadres; of
 - (ii) laaste bekende telefaksnommer. 30

Dokumente gelewer geag ontvang te wees

- 253.** (1) 'n Kennisgewing, dokument of ander kommunikasie wat op die wyse bedoel in artikel 251 of 252 uitgereik, gegee, gestuur of bestel is, word beskou as ontvang te gewees het deur die persoon aan wie dit afgelewer is of by wie dit gelaat is, of indien gepos word dit beskou as ontvang te gewees het deur die persoon aan wie dit geadresseer is op die tydstip waarop dit in die gewone loop van die posdiens sou uitkom by die geadresseerde plek. 35
- (2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie indien—
 - (a) SAID oortuig is dat die kennisgewing, dokument of ander kommunikasie nie ontvang is nie of op 'n ander tyd ontvang is; of 40
 - (b) 'n hof beslis dat die kennisgewing, dokument of ander kommunikasie nie ontvang is nie of op 'n ander tyd ontvang is.
 - (3) Indien SAID oortuig is dat—
 - (a) 'n kennisgewing, dokument of ander kommunikasie (behalwe 'n kennisgewing van aanslag) wat uitgereik, gegee, gestuur of bestel is op 'n wyse bedoel in artikel 251 of 252 (uitgesluit paragrawe (a) en (b) daarvan)—
 - (i) nie deur die geadresseerde ontvang is nie; of
 - (ii) heelwat later deur daardie persoon ontvang is as wat dit ontvang behoort te gewees het; en
 - (b) die persoon gevolglik wesenlik benadeel is, 50
moet die kennisgewing, dokument of ander kommunikasie teruggetrek word en opnuut uitgereik, gegee, gestuur of bestel word.

Fout beïnvloed nie geldigheid

- 254.** (1) 'n Kennisgewing van aanslag of ander kennisgewing of dokument uitgereik aan 'n persoon kragtens 'n Belastingwet word nie beskou as ongeldig of nie van krag te wees as gevolg van 'n versuim om die vereistes van artikel 251 of 252 na te kom nie, 55

indien die persoon afdoende kennis gedra het van die feit van die kennisgewing of dokument en die inhoud daarvan.

(2) 'n Kennisgewing van aanslag of ander kennisgewing of dokument uitgereik kragtens 'n Belastingwet word nie beskou as ongeldig of nie van krag te wees vanweë gebreke nie, indien dit in wese en uitwerking in ooreenstemming is met hierdie Wet, en die persoon aangeslaan of deur die kennisgewing of dokument geraak behoorlik daarin aangewys is in ooreenstemming met algemene verstandhouding. 5

Reëls vir elektroniese kommunikasie

255. (1) Die Kommissaris kan by openbare kennisgewing reëls uitvaardig wat—
 (a) prosedures voorskryf vir die indiening van 'n opgawe in elektroniese formaat, en vir ander elektroniese kommunikasie tussen SAID en ander persone; en
 (b) vereistes voorskryf vir 'n elektroniese of digitale handtekening van 'n opgawe of kommunikasie. 10

(2) SAID kan, in die geval van 'n opgawe of ander dokument in elektroniese formaat ingedien, 'n elektroniese of digitale handtekening as 'n geldige handtekening vir die doeleindes van 'n Belastingwet aanvaar, indien 'n handtekening vereis word. 15

(3) Indien in enige regstappe kragtens 'n Belastingwet, die vraag ontstaan of 'n elektroniese of digitale handtekening van 'n persoon bedoel in subartikel (2) gebruik is met die magtiging van die persoon, word daar veronderstel, in die afwesigheid van bewyse tot die teendeel, dat die handtekening aldus gebruik is. 20

Belastingklaringsertifikaat

256. (1) 'n Belastingpligtige kan, in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse, by SAID aansoek doen om 'n belastingklaringsertifikaat.

(2) SAID moet die sertifikaat binne 21 besigheidsdae vanaf die datum waarop die aansoek behoorlik ingedien is, uitreik of afkeur. 25

(3) 'n Senior SAID-amptenaar kan 'n belastingpligtige van 'n belastingklaringsertifikaat voorsien slegs indien oortuig dat die belastingpligtige vir belasting geregistreer is en nie enige—

(a) uitstaande belastingskuld het nie, uitgesluit 'n belastingskuld in artikel 167 of 204 beoog, of 'n belastingskuld wat kragtens artikel 164 opgeskort is, of nie die bedrag bedoel in artikel 169(4) oorskry nie; of 30

(b) uitstaande opgawe het nie, tensy 'n reëling wat vir SAID aanvaarbaar is vir die indien van die opgawe getref is.

(4) 'n Belastingklaringsertifikaat moet in die voorgeskrewe vorm wees en ten minste insluit— 35

(a) die verwysingsnommer van die belastingklaringsertifikaat aan die sertifikaat toegeken en in die rekords van SAID aangetoon;

(b) die naam, belastingpligtige-verwysingsnommer, adres en identiteitsnommer of maatskappyregistrasienumer van die belastingpligtige;

(c) die datum van die aansoek om 'n sertifikaat; 40

(d) 'n verklaring dat die belastingpligtige geen uitstaande belastingskulde soos op die datum van die sertifikaat het nie; en

(e) die vervaldatum van die sertifikaat.

(5) Ondanks die bepalinge van Hoofstuk 6 kan SAID die geldigheid en vervaldatum van die sertifikaat bevestig op versoek van 'n regeringsfeer of parastatale liggaam. 45

(6) SAID kan 'n sertifikaat, met ingang van die datum van die uitreiking daarvan terugtrek, indien die sertifikaat—

(a) foutiewelik uitgereik is; of

(b) op die grondslag van bedrog, wanvoorstelling of nie-openbaarmaking van wesenlike feite verkry is. 50

Regulasies deur Minister

257. (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig aangaande—

(a) enige bykomende of toevallige administratiewe of prosedure aangeleentheid wat nodig is om voor te skryf vir die behoorlike inwerkingstelling of administrasie van hierdie Wet; en 55

- (b) enige aangeleentheid wat kragtens hierdie Wet vereis word of toegelaat word om voorgeskryf te word.
- (2) Die Minister kan, na oorleg met die Belastingombud, regulasies uitvaardig aangaande—
- (a) die verrigtinge van die Belastingombud; en 5
- (b) die beperkings op die regsbevoegdheid van die Belastingombud, met inagneming van—
- (i) die feitelike en regsingewikkeldheid van enige klagte gehanteer deur die Belastingombud;
- (ii) die aard van die belastingpligtige wie se klagte deur die Belastingombud gehanteer word; en 10
- (iii) die maksimum bedrag betrokke by die geskil tussen die belastingpligtige en SAID.
- (3) Vir die doeleindes van die regulasies bedoel in paragraaf (e) van die omskrywing van “biometriese inligting” in artikel 1, moet die Minister die konsepregulasies in die *Staatskoerant* vir openbare kommentaar publiseer, en die konsepregulasies aan die Parlement voorlê vir noukeurige parlementêre ondersoek minstens 30 dae voor die konsepregulasies afgekondig word. 15

HOOFSTUK 20

OORGANGSBEPALINGS 20

Nuwe belastingpligtige-verwysingsnommer

258. Indien ’n belastingpligtige-, belasting- of ander verwysingsnommer vir die doeleindes van ’n Belastingwet aan ’n persoon toegeken is, voordat hierdie Wet afgekondig is, bly die nommer geldig tot wanneer SAID ’n belastingpligtige-verwysingsnommer aan die persoon kragtens artikel 24 toeken vir doeleindes van die tersaaklike belastingtipe. 25

Aanstelling van Belastingombud

259. (1) Die Minister moet ’n persoon as Belastingombud aanstel kragtens artikel 14 binne een jaar vanaf die inwerkingtreddingsdatum van hierdie Wet.

(2) Die eerste Belastingombud aangestel kragtens hierdie Wet mag nie ’n aangeleentheid oorweeg wat meer as een jaar voor die dag waarop die Belastingombud aangestel is, ontstaan het nie, tensy die Minister die Belastingombud versoek om dit te doen. 30

Bepalings rakende geheimhouding

260. ’n Persoon wie ’n eed of plegtige verklaring van geheimhouding kragtens ’n Belastingwet afgelê het voor die inwerkingtreddingsdatum van hierdie Wet word beskou as die eed of plegtige verklaring kragtens artikel 67(2) af te gelê het. 35

Openbare amptenaar voorheen aangestel

261. ’n Openbare amptenaar aangestel of beskou as aangestel te wees kragtens ’n Belastingwet, en wie die amp onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet beklee het, word beskou as ’n openbare amptenaar aangestel kragtens hierdie Wet. 40

Aanstelling van voorsitters van belastingraad

262. ’n Prokureur of advokaat aangestel op die paneel van persone wat as voorsitters van die belastingraad kragtens ’n Belastingwet kan optree, wat onmiddellik voor die inwerkingtreddingsdatum van hierdie Wet op die paneel is, word beskou as aangestel te wees ingevolge die bepalinge van artikel 111, tot—

(a) die verstryking van die prokureur of advokaat se aanstelling kragtens die bepalinge voorheen van krag; of

(b) die beëindiging van die prokureur of advokaat se aanstelling kragtens artikel 111(3), 50

wat ook al die vroegste is.

Aanstelling van lede van belastinghof

263. 'n Lid van die belastinghof aangestel kragtens 'n Belastingwet wat onmiddellik voor die inwerkingtreedingsdatum van hierdie Wet 'n lid is, word beskou as aangestel te wees kragtens die bepalings van artikel 120(1), tot die verstryking van sy of haar ampstermyn ingevolge die bepalings voorheen van krag of totdat sy of haar aanstelling ingevolge artikel 120(4) beëindig word of verstryk. 5

Voortdoring van belastingraad, belastinghof en hofreëls

264. (1) 'n Belastingraad of belastinghof wat kragtens 'n Belastingwet ingestel is en onmiddellik voor die inwerkingtreedingsdatum van hierdie Wet bestaan, word beskou as ingestel te wees ingevolge artikel 108 of 116, onderskeidelik, van hierdie Wet. 10

(2) Reëls van die hof uitgereik deur die Minister kragtens 'n Belastingwet wat onmiddellik voor die inwerkingtreedingsdatum van hierdie Wet geld, hou aan om te geld asof dit kragtens artikel 103 uitgereik is.

Voortdoring van aanstelling in 'n pos of amp of delegasie deur Kommissaris

265. (1) 'n Persoon in 'n pos of amp aangestel of gedelegeer deur die Kommissaris kragtens die SAID-Wet of 'n Belastingwet, welke aanstelling of delegasie onmiddellik voor die inwerkingtreedingsdatum van hierdie Wet van krag is, word beskou as aangestel of gedelegeer te wees kragtens hierdie Wet. 15

(2) Subartikel (1) is van toepassing totdat die persoon aldus kragtens hierdie Wet aangestel of gedelegeer word, of die aanstelling of delegasie teruggetrek word. 20

Voortdoring van magtiging om te oudit

266. Indien 'n skrywe van magtiging om te oudit kragtens 'n Belastingwet aan 'n SAID-amptenaar uitgereik is, en die skrywe onmiddellik voor die inwerkingtreedingsdatum van hierdie Wet van krag is, word die skrywe beskou as kragtens artikel 41 aan die amptenaar uitgereik te wees. 25

Uitvoer van ondervraging en deursoek- en beslagleggingslasbriewe

267. (1) Indien die Kommissaris 'n ondervraging kragtens 'n Belastingwet gemagtig het en 'n regter 'n bevel gemaak het wat 'n persoon aanwys om as voorsitter van die ondervraging op te tree, voor die inwerkingtreedingsdatum van hierdie Wet, word die ondervraging beskou as kragtens artikels 50 en 51 gemagtig te wees. 30

(2) Indien 'n regter 'n deursoek- en beslagleggingslasbrief kragtens 'n Belastingwet uitgereik het wat nie uitgevoer is voor die inwerkingtreedingsdatum van hierdie Wet nie, word die lasbrief beskou as kragtens artikel 60 uitgereik te wees.

Toepassing van Hoofstuk 15

268. Hoofstuk 15 is van toepassing op nienakoming wat voortspruit uit die voortgesette versuim deur 'n persoon om 'n verpligting na te kom wat bestaan op die datum waarop 'n kennisgewing bedoel in artikel 210(2) in werking tree, in welke geval die datum waarop die nienakoming plaasgevind het, beskou word as die datum te wees waarop die kennisgewing in werking getree het. 35

Voortdoring van magtiging, regte en verpligtinge 40

269. (1) Reëls en regulasies uitgereik kragtens die bepalings van 'n Belastingwet deur hierdie Wet herroep, wat onmiddellik voor die inwerkingtreedingsdatum van hierdie Wet van krag is, bly van krag asof hulle kragtens artikel 103 of 257, onderskeidelik, uitgereik is, in die mate waarin dit met hierdie Wet bestaanbaar is.

(2) Vorms voorgeskryf kragtens die magtiging in 'n Belastingwet verleen, voor die inwerkingtreedingsdatum van hierdie Wet, en in gebruik onmiddellik voor die inwerkingtreedingsdatum van hierdie Wet, word beskou as voorgeskryf te gewees het kragtens die magtiging in hierdie Wet verleen, in die mate waarin dit met hierdie Wet bestaanbaar is. 45

(3) Beslissings en menings uitgereik kragtens die bepalings van 'n Belastingwet deur hierdie Wet herroep, en van krag is onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet, wat nie teruggetrek is nie, word beskou as uitgereik te gewees het kragtens die magtiging in hierdie Wet verleen in die mate toepaslik en bestaanbaar met hierdie Wet. 5

(4) 'n Hofbevel kragtens die magtiging van 'n Belastingwet en van krag onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet, hou aan om dieselfde krag en uitwerking te hê asof die bepalings nie herroep of gewysig is nie, behoudens enige verdere bevel van die hof.

(5) 'n Reg of aanspraak geniet deur, of 'n verpligting opgelê op 'n persoon kragtens die herroep of gewysigde bepalings van 'n Belastingwet, wat nie uitgeoefen of nagekom is voor die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet nie, is 'n geldige reg of aanspraak van, of verpligting opgelê op, daardie persoon ingevolge enige vergelykbare bepaling van hierdie Wet, vanaf die datum wat die reg, aanspraak of verpligting die eerste keer tot stand gekom het, behoudens die bepalings van hierdie Wet. 15

(6) Die pleeg van 'n misdryf voor die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet, wat 'n statutêre misdryf is kragtens die bepalings van 'n Belastingwet deur hierdie Wet herroep, kan deur SAID ondersoek word, op die wyse bedoel in Hoofstuk 5, en vervolg word asof die statutêre misdryf van krag gebly het.

Toepassing van Wet op vorige of voortgesette handeling 20

270. (1) Behoudens hierdie Hoofstuk, is hierdie Wet van toepassing op 'n handeling of versuim wat plassgevind het, of stappe wat geneem of verrigtinge wat ingestel is voor die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet, maar sonder benadeling van die stappe wat gedoen of verrigtinge wat ingestel is voor die inwerkingtredingsdatum van die vergelykbare bepalings van hierdie Wet. 25

(2) Die volgende handelinge gedoen of stappe geneem of verrigtinge ingestel kragtens die bepalings van 'n Belastingwet deur hierdie Wet herroep, maar nie afgehandel teen die inwerkingtredingsdatum van die vergelykbare bepalings van hierdie Wet nie, moet voortgesit en afgehandel word kragtens die bepalings van hierdie Wet asof kragtens hierdie Wet gedoen of ingestel: 30

- (a) 'n beslissing deur 'n SAID-amptenaar ingevolge 'n statutêre bevoegdheid om dit te doen;
- (b) 'n versoek deur 'n persoon vir die terugtrek of wysiging van 'n beslissing of kennisgewing deur SAID, registrasie vir belasting, vorm van rekordhouding, inligting, belastingpligtigerekord, voorafbeslissing, terugbetaling, verminderde aanslag, opskorting van 'n betwiste belastingskuld, uitstel, afskrywing, toeweging of kwytstelling van 'n belastingskuld en die kwytstelling van rente of 'n boete; 35
- (c) 'n inspeksie, verifikasie, versoek om inligting, oudit, strafregtelike ondersoek, ondervraging of ondersoek en beslaglegging; 40
- (d) 'n beswaar, appèl tot die belastingraad, belastinghof of hoër hof, alternatiewe geskilbeslegting, skikkingsamesprekings of ander tersaaklike aansoek by die Hoë Hof ;
- (e) opskorting van 'n betwiste belastingskuld;
- (f) 'n uitstel, afskrywing of toeweging van 'n belastingskuld; of 45
- (g) invordering van 'n belastingskuld, ingesluit die aanstelling van 'n agent om die belastingskuld te betaal, uitvoer van 'n siviele vonnis of sekwestrasie, likwidasië of deregistrasie deur SAID ingestel, of enige ander tersaaklike hofaansoek.

(3) 'n Vorm, kennisgewing, aanmaning of ander dokument uitgereik, gegee of ontvang deur 'n persoon of SAID kragtens die bepalings van 'n Belastingwet deur hierdie Wet herroep, moet beskou word as uitgereik, gegee of ontvang te wees ingevolge van enige vergelykbare bepaling van hierdie Wet, vanaf die datum waarop die vorm, kennisgewing, aanmaning of ander dokument uitgereik, gegee of ontvang is kragtens die herroepte bepalings. 55

(4) 'n Rekord gehou of bewaar deur 'n persoon soos vereis kragtens die bepalings van 'n Belastingwet deur hierdie Wet herroep, moet beskou as gehou of bewaar te gewees het kragtens die vergelykbare bepalings van hierdie Wet vanaf die datum wat daardie rekord gehou of bewaar is kragtens die herroepte bepalings van die Belastingwet.

(5) Indien die tydperk vir 'n aansoek, beswaar, appèl of vervolging voor die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet verstryk het, mag niks in hierdie Wet vertolk word om dit moontlik te maak vir die aansoek, beswaar, appèl of vervolging kragtens

hierdie Wet gedoen kan word, alleenlik vanweë die feit dat daar 'n langer tydperk in hierdie Wet vermeld word nie.

(6) Addisionele belasting, boete of rente wat, as dit nie was vir die herroeping van die wetgewing in Bylae 1 nie, opgelê, gehef, aangeslaan of ingevorder kon word teen die inwerkingtreedingsdatum van hierdie Wet, en wat nie opgelê, gehef, aangeslaan of ingevorder is teen die inwerkingtreedingsdatum van hierdie Wet nie, kan— 5

- (a) opgelê of gehef word asof die herroeping nie in werking gestel is nie; en
- (b) aangeslaan en ingevorder word kragtens hierdie Wet.

(7) Rente wat voor die inwerkingtreedingsdatum van hierdie Wet ontstaan het moet—

- (a) tot die inwerkingtreedingsdatum in ooreenstemming met die tersaaklike Belastingwet bereken word; en 10
- (b) beskou word as rente kragtens hierdie Wet verskuldig te wees vanaf die inwerkingtreedingsdatum van die vergelykbare bepalings van hierdie Wet.

(8) Rente wat op of na die inwerkingtreedingsdatum van hierdie Wet ontstaan maar voor die datum deur die Kommissaris kragtens artikel 187(2) voorgeskryf, moet— 15

- (a) bereken word kragtens die tersaaklike Belastingwet tot op die datum deur die Kommissaris voorgeskryf; en
- (b) geag word rente kragtens hierdie Wet verskuldig te wees.

Wysiging van wetgewing

271. Die Wette in Bylae 1 gelys word gewysig, in die mate in daardie Bylae 20 uiteengesit.

Kort titel en inwerkingtreding

272. (1) Hierdie Wet heet die Wet op Belastingadministrasie, 2011, en tree in werking op 'n datum deur die President van die Republiek by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal. 25

(2) Die President kan verskillende datums vir verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal vir inwerkingtreding.

(3) Subparagraawe (g), (h), (i) en (j) van paragraaf 60 van Bylae 1 tree in werking op die datum waarop Deel VIII van Hoofstuk II van die Inkomstebelastingwet, 1962, in werking tree. 30

(4) Paragraaf 78 van Bylae 1 word geag in werking te getree het op 1 Januarie 2011 en is van toepassing op premies wat op of na daardie datum aangegaan word.

(5) Paragraaf 184 van Bylae 1 word geag op 1 Maart 2010 in werking te getree het en is van toepassing op 'n "mineral resource" op of na daardie datum oorgedra.

BYLAE 1

ARTIKEL 271

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
Wet No. 40 van 1949	Hereregtewet, 1949	Wysiging van artikel 1
		<p>1. Artikel 1 van die Wet op Hereregte, 1949, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die omskrywing van “Kommissaris” deur die volgende omskrywing te vervang:</p> <p>“ ‘Kommissaris’ die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens <u>ingevolge artikel 6 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 1997 (Wet No. 34 van 1997) aangestel, of die Waarnemende Kommissaris ingevolge artikel 7 van daardie Wet aangewys;</u>”;</p> <p>(b) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “verklaarde waarde” in te voeg:</p> <p>“ ‘Wet op Belastingadministrasie’ die Wet op Belastingadministrasie, 2011;”;</p> <p>(c) deur artikel 1 tot artikel 1(1) te hernoem; en</p> <p>(d) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:</p> <p>“(2) Tensy uit die konteks anders blyk, dra ’n woord of uitdrukking waaraan ’n betekenis ingevolge die Wet op Belastingadministrasie geheg is, sodanige betekenis vir doeleindes van hierdie Wet.”.</p>
		Wysiging van artikel 3
		<p>2. Artikel 3 van die Wet op Hereregte, 1949, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1A) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1A) Waar ’n persoon wat enige eiendom in paragraaf (d), (e) of (g) van die omskrywing van “eiendom” bedoel verkry, versuim om die hereregte binne die tydperk in subartikel (1) bedoel te betaal, is die openbare amptenaar [soos omskryf in artikel 101 van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962),] van daardie maatskappy en die persoon van wie die aandele of ledebelang verkry word, gesamentlik en afsonderlik vir die hereregte aanspreeklik: Met dien verstande dat die openbare</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>amptenaar of persoon van wie die aandele of ledebelang verkry word, enige bedrag aan hereregte ingevolge hierdie subartikel [deur hom of haar] betaal, mag verhaal[—</p> <p>(a) van die persoon wat aldus die eiendom verkry het; of</p> <p>(b) in die geval van 'n openbare amptenaar, van daardie maatskappy] <u>in ooreenstemming met artikel 160 van die Wet op Belastingadministrasie.</u>”;</p> <p>(b) deur subartikel (1B) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1B) Waar 'n persoon wat enige eiendom in paragraaf (f) van die omskrywing van “eiendom” bedoel verkry, versuim om die hereregte binne die tydperk in subartikel (1) bedoel te betaal, is die trust en [die trustee] <u>verteenwoordigende belastingpligtige</u> van die trust gesamentlik en afsonderlik vir daardie hereregte aanspreeklik: Met dien verstande dat die trust of [trustee] <u>verteenwoordigende belastingpligtige</u> enige bedrag aan hereregte ingevolge hierdie subartikel deur die trust of [trustee] <u>verteenwoordigende belastingpligtige</u> betaal, na gelang van die geval, mag verhaal[—</p> <p>(a) van die persoon wat sodoende die eiendom verkry het; of</p> <p>(b) in die geval van 'n trustee, van daardie trust] <u>in ooreenstemming met artikel 160 van die Wet op Belastingadministrasie.</u>”; en</p> <p>(c) deur subartikel (3) te herroep.</p>
		<p>Wysiging van artikel 4</p>
		<p>3. Artikel 4 van die Wet op Hereregte, 1949, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:</p> <p>“Boete [en rente] op laat betalings van hereregte”;</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(b) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) Indien hereregte op enige transaksie wat aangegaan is voor 1 Maart 2005, onbetaal bly na die datum van verstryking van die in artikel 3 bedoelde tydperk, [is daar, behoudens die bepalings van subartikel (3), benewens die onbetaalde hereregte,] moet die Kommissaris ingevolge Hoofstuk 15 van die Wet op Belasting-administrasie, ’n boete [betaalbaar] teen die skaal van 10 persent per jaar op die bedrag van die onbetaalde hereregte, bereken ten opsigte van elke volle maand in die tydperk vanaf daardie datum tot die datum van betaling, hef[: Met dien verstande dat indien in die een of ander geval die in artikel 3 bedoelde tydperk vóór 1 Julie 1982 geëindig het en die genoemde boete betaalbaar is of gedeeltelik betaalbaar is ten opsigte van ’n volle maand wat voor 1 Julie 1982 begin, die boete betaalbaar ten opsigte van bedoelde volle maand en enige vroeër volle maand of maande, die bedrag aan boete is wat ingevolge hierdie subartikel voor die wysiging daarvan deur die Wysigingswet op Inkomstewette, 1982, betaalbaar sou gewees het indien die onbetaalde bedrag van bedoelde hereregte op die dag na die einde van die enigste of laaste bedoelde volle maande betaal was].”;</p> <p>(c) deur subartikel (1A) te herroep.</p>
		<p>Wysiging van artikel 10</p>
		<p>4. Artikel 10 van die Wet op Hereregte, 1949, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(2) Die bevoegdhede en pligte by hierdie Wet aan die Kommissaris verleen en opgelê, kan deur die Kommissaris [self] of deur ’n SAID-amptenaar [in opdrag of] onder beheer, [of] leiding of toesig van die Kommissaris, uitgeoefen of verrig word.”; en</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(b) deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:</p> <p>“(3) Administratiewe vereistes en prosedures vir doeleindes van die uitvoering van enige plig, mag of verpligting of die uitoefening van enige reg ingevolge hierdie Wet, word tot die mate nie ingevolge hierdie Wet gereguleer nie, deur die Wet op Belasting-administrasie gereguleer.”.</p>
		<p>Wysiging van artikel 11</p>
		<p>5. Artikel 11 van die Wet op Hereregte, 1949, word hierby gewysig deur paragraaf (a) in subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:</p> <p>“(a) Waar daar ingevolge [subartikel (2) van artikel drie] artikel 3(2) ’n deposito teen hereregte wat deur enigiemand betaalbaar is, inbetaal word hangende die bepaling deur die Kommissaris van die billike waarde van die betrokke eiendom, van ’n bedrag wat gelykstaan aan die hereregte bereken op die vergoeding betaal of betaalbaar ten opsigte van die verkryging van die eiendom, of op die verklaarde waarde daarvan, na gelang van die geval, en daar aan die Kommissaris sekerheid tot sy genoeë gestel word vir die betaling van enige saldo hereregte [of seëlregte] wat nog betaalbaar mag wees, kan die Kommissaris, na sy <u>of haar</u> goeddunke, aan die persoon wat vir die betaling van die hereregte aanspreeklik is, ’n sertifikaat uitreik dat bedoelde deposito inbetaal is en dat bedoelde sekerheid gestel is.”.</p>
		<p>Herroeping van artikels 11A, 11B, 11C, 11D en 11E</p>
		<p>6. Die Wet op Hereregte, 1949, word hierby gewysig deur artikels 11A, 11B, 11C, 11D en 11E te herroep.</p>
		<p>Wysiging van artikel 13</p>
		<p>7. Artikel 13 van die Wet op Hereregte, 1949, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) Wanneer die Kommissaris oortuig is dat die volgens hierdie Wet betaalbare hereregte ten opsigte van die verkryging van enige eiendom of die afstanddoening van ’n belang in of beperking op die gebruik van of beskikking oor</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>enige eiendom nie ten volle betaal is nie, moet die Kommissaris, al is die verkryging reeds in 'n registrasiekantoor geregistreer, die verskil tussen die bedrag aan hereregte betaalbaar en die betaalde bedrag <u>ingevolge Hoofstuk 11 van die Wet op Belastingadministrasie</u>, invorder.”; en</p> <p>(b) deur subartikel (2) te skrap.</p>
		<p>Herroeping van artikels 13A, 13B en 13C</p>
		<p>8. Die Wet op Hereregte, 1949, word hierby gewysig deur artikels 13A, 13B en 13C te herroep.</p>
		<p>Wysiging van artikel 14</p>
		<p>9. Artikel 14 van die Wet op Hereregte, 1949, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) [Gepaste verklarings] ’n <u>Opgawe</u> volgens die wyse van verkryging van eiendom in enige besondere geval moet [in elektroniese formaat voltooi en] verstrekk word deur die partye by die transaksie waarby die eiendom verkry is [in die vorm en wyse en insluitende sodanige inligting soos deur die Kommissaris voorgeskryf mag word] en indien die Kommissaris dit gelas, ook deur die agent, afslaer, makelaar of ander persoon wat namens of ten behoeve van enigeen van die partye by die transaksie opgetree het of, indien die eiendom op ’n ander wyse dan by wyse van ’n transaksie verkry is, deur die persoon wat die eiendom verkry het.”; en</p> <p>(b) deur subartikels (4), (6), (7) en (8) te skrap.</p>
		<p>Wysiging van artikel 15</p>
		<p>10. Artikel 15 van die Wet op Hereregte, 1949, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) [Elke] <u>Bykomend tot die vereistes van toepassing op ’n belastingpligtige in artikel 29, 30, 32 en 33 van die Wet op Belatingadministrasie</u> vervat, moet <u>elke afslaer of ander persoon wat ’n</u></p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>verkoop van eiendom ten behoeve van 'n ander deurgesit het, [moet] vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum waarop die koop deurgesit is, 'n aantekening van die verkoping hou met inbegrip van 'n beskrywing van die verkoopte eiendom, die persoon deur wie en die persoon aan wie die eiendom verkoop is en die prys wat vir die eiendom betaal is.”; en (b) deur subartikels (2) en (3) te skrap.</p>
		<p>Herroeping van artikels 17, 17A, 17B, 18, 20, 20A, 20C en 20D</p>
		<p>11. Die Wet op Hereregte, 1949, word hierby gewysig deur artikels 17, 17A, 17B, 18, 20, 20A, 20C en 20D te herroep.</p>
<p>Wet No. 45 van 1955</p>	<p>Boedelbelastingwet</p>	<p>Wysiging van artikel 1</p>
		<p>12. Artikel 1 van die Boedelbelastingwet, 1955, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die omskrywing van “Kommissaris” deur die volgende omskrywing te vervang:</p> <p>“ ‘Kommissaris’ die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens <u>ingevolge artikel 6 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 1997 (Wet No. 34 van 1997) aangestel, of die Waarnemende Kommissaris ingevolge artikel 7 van daardie Wet aangewys;</u>”;</p> <p>(b) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “Suid-Afrikaanse Inkomstediens” in te voeg:</p> <p>“ ‘Wet op Belastingadministrasie’, die <u>Wet op Belastingadministrasie, 2011</u>”;</p> <p>(c) deur artikel een tot artikel 1(1) te hernoem; en</p> <p>(d) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:</p> <p>“(2) Tensy uit die konteks anders blyk, dra 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis ingevolge die <u>Wet op Belastingadministrasie</u> geheg is, sodanige betekenis vir doeleindes van hierdie Wet.”.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>Wysiging van artikel 6</p> <p>13. Artikel 6 van die Boedelbelastingwet, 1955, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(2) Die bevoegdhede aan die Kommissaris verleen en die pligte aan hom opgelê deur hierdie Wet, kan deur die Kommissaris [persoonlik] of deur ’n SAID-amptenaar wat [uit hoofde van ’n delegering of] onder die beheer, [of] voorskrifte <u>of toesig</u> van die Kommissaris optree, uitgeoefen of nagekom word.”; en</p> <p>(b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(3) Administratiewe vereistes en prosedures vir doeleindes van <u>die uitvoering van enige plig, mag of verpligting of die uitoefening van enige reg ingevolge hierdie Wet, word tot die mate nie ingevolge hierdie Wet gereguleer nie, deur die Wet op Belasting-administrasie gereguleer.</u>”.</p>
		<p>Wysiging van artikel 7</p> <p>14. Artikel 7 van die Boedelbelastingwet, 1955, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“Tedere eksekuteur of, indien hy deur die Kommissaris daartoe aangesê word, enige persoon wat die beheer het oor, of ’n belang het in enige eiendom in die boedel ingesluit, moet aan die Kommissaris [op ’n in deur hom voorgeskrewe vorm] ’n opgawe voorlê, waarin die bedrag aangegee word wat na bewering van die persoon wat die opgawe voorlê, die belastbare bedrag van die boedel weergee, saam met volle besonderhede betreffende—”; en</p> <p>(b) deur subartikel (2) te skrap.</p>
		<p>Herroeping van artikels 8, 8A, 8B, 8C, 8D en 8E</p>
		<p>15. Die Boedelbelastingwet, 1955, word hierby gewysig deur artikels 8, 8A, 8B, 8C, 8D en 8E te herroep.</p>
		<p>Wysiging van artikel 9</p>
		<p>16. Artikel 9 van die Boedelbelastingwet, 1955, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>“(1A) Indien die Kommissaris, voor die uitreik van ’n kennisgewing van aanslag ingevolge subartikel (1)— <u>(a) ontevrede is met die waarde van enige eiendom in enige opgawe getoon; of</u> <u>(b) van mening is dat die bedrag geëis om die belasbare bedrag te verteenwoordig, soos in die opgawe geopenbaar, nie die korrekte belasbare bedrag weergee nie,</u> moet die Kommissaris sodanige waarde of bedrag aanpas en die belasbare bedrag waarop sodanige aanslag gehef moet word, diensooreenkomstig bepaal.”; en (b) deur ’n nuwe subartikel (5) na subartikel (4) in te voeg: “(5) ’n Aanslag in subartikel (4)(a) en (b) bedoel, word geag ’n aanslag by wyse van self-aanslag te wees.”.</p>
		<p>Herroeping van artikels 9A en 9B</p>
		<p>17. Die Boedelbelastingwet, 1955, word hierby gewysig deur artikels 9A en 9B te herroep.</p>
		<p>Wysiging van artikel 10</p>
		<p>18. Artikel 10 van die Boedelbelastingwet, 1955, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: “(1) Indien [enige belasting onbetaal bly na die verstryking van ’n tydperk van dertig dae vanaf die datum wat ooreenkomstig subartikel (2) van artikel nege vir betaling voorgeskryf is, is daar, benewens die onbetaalde belasting, rente betaalbaar teen die koers van ses persent per jaar op die bedrag van die onbetaalde belasting, bereken vanaf die datum van verstryking van bedoelde tydperk tot die datum van betaling: Met dien verstande dat waar] die belastingaanslag vir ’n langer tydperk as twaalf maande vanaf die datum van oorlye vertraag word, <u>is</u> rente teen die <u>voorgeskrewe</u> koers [van ses persent per jaar] betaalbaar [is] vanaf ’n datum twaalf maande na die datum van oorlye op die verskil (indien daar is) tussen die belasting wat aangeslaan is en enige deposito’s (indien daar is) wat binne bedoelde tydperk van twaalf maande teen die betaalbare belasting gestort is.”.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Wysiging van artikel 12
		<p>19. Die Boedelbelastingwet, 1955, word hierby gewysig deur artikel 12 deur die volgende artikel te vervang:</p> <p>“Belasting is deur eksekuteur betaalbaar</p> <p>12. Ondanks andersluidende bepalings van artikel [elf] 11, is ingevolge hierdie Wet betaalbare belasting, betaalbaar deur en verhaalbaar op die eksekuteur van die boedel wat aan die belasting onderhewig is, tot die mate in Hoofstuk 10 van die Wet of Belastingadministrasie, beoog[: Met dien verstande dat die aanspreeklikheid ingevolge hierdie artikel van ’n eksekuteur ’n aanspreeklikheid slegs in sy of haar hoedanigheid van eksekuteur is en vir ’n bedrag van hoogstens die beskikbare bates in die boedel, tensy die aanspreeklikheid met bedrog verband hou.”.</p>
		Herroeping van artikels 12A, 12B, 23, 23bis, 24, 25, 25A, 26 en 27
		<p>20. Die Boedelbelastingwet, 1955, word hierby gewysig deur artikels 12A, 12B, 23, 23bis, 24, 25, 25A, 26 en 27 te herroep.</p>
		Wysiging van artikel 28
		<p>21. Artikel 28 van die Boedelbelastingwet, 1955, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die opskrif in die Engelse weergawe deur die volgende opskrif te vervang:</p> <p>“[PENALTIES] OFFENCES”;</p> <p>(b) deur subartikel (1) te skrap; en</p> <p>(c) deur paragrawe (b) en (b)bis in subartikel (2) te skrap.</p>
		Herroeping van artikels 28A en 30
		<p>22. Die Boedelbelastingwet, 1955, word hierby gewysig deur artikels 28A en 30 te herroep.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
Wet No. 58 van 1962	Inkomste-belastingwet, 1962	Wysiging van artikel 1
		<p>23. Artikel 1 van die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die omskrywing van “aanslag” deur die volgende omskrywing te vervang:</p> <p>“‘aanslag’ die betekenis ingevolge artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie daaraan geheg, en ook, ’n [die] vasstelling deur die Kommissaris—[, by wyse van ’n kennisgewing van aanslag (waarby ingesluit ’n kennisgewing van aanslag in elektroniese formaat) bestel op ’n wyse beoog in artikel 106(2)—</p> <p>(a) van ’n bedrag waarop ’n ingevolge hierdie Wet hefbare belasting opgelê kan word; of</p> <p>(b) van die bedrag van so ’n belasting; of]</p> <p>(c) van ’n verlies wat in vergelyking gebring kan word; [of]</p> <p>(d) van enige vasgestelde kapitaalverlies ingevolge paragraaf 9 van die Agtste Bylae bepaal[,]; of</p> <p>(e) van enige bedrae wat in berekening gebring moet word in die vasstelling van belasting betaalbaar op inkomste in toekomstige jare</p> <p>[en by die toepassing van Deel III van Hoofstuk III, ook ’n vasstelling deur die Kommissaris ten opsigte van ’n korting in artikel 6 bedoel en enige beslissing van die Kommissaris wat kragtens hierdie Wet aan beswaar en appèl onderhewig is];”;</p> <p>(b) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “agent” in te voeg:</p> <p>“‘ampenaar’ waar gebruik in die konteks van ’n persoon deur die Kommissaris gelas met die uitvoering van die bepalings van hierdie Wet, ’n SAID-ampenaar soos in artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie omskryf;”;</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(c) deur die omskrywing van “belasting” deur die volgende omskrywing te vervang: “‘belasting’ belasting of ’n boete ingevolge hierdie Wet opgelê;”;</p> <p>(d) deur die omskrywing van “belastingpligtige” deur die volgende omskrywing te vervang: “‘belastingpligtige’ ’n persoon belasbaar met ’n belasting hefbaar ingevolge hierdie Wet[, en sluit in elke persoon wat ingevolge hierdie Wet enige opgawe moet verstrek];”;</p> <p>(e) deur die omskrywing van “besigheidsgedag” te skrap;</p> <p>(f) deur die omskrywing van “datum van aanslag” te skrap;</p> <p>(g) deur die omskrywing van “Kommissaris” deur die volgende omskrywing te vervang: “‘Kommissaris’ die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ingevolge artikel 6 van die <u>Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 1997 (Wet No. 34 van 1997) aangestel, of die Waarnemende Kommissaris ingevolge artikel 7 van daardie Wet aangewys</u>;”;</p> <p>(h) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “nominale waarde” in te voeg: “‘normale belasting’ inkomstebelasting in artikel 5(1) bedoel;”;</p> <p>(i) deur na die omskrywing van “onthaalkoste” die volgende omskrywing in te voeg: “‘opgawe’ ’n opgawe soos ingevolge artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie omskryf;”;</p> <p>(j) deur in die omskrywing van “verteenwoordigende belastingpligtige” die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang: “‘verteenwoordigende belastingpligtige’ ’n natuurlike persoon wat in die Republiek woonagtig is en—”;</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(k) deur paragraaf (b) van die omskrywing van “verteenwoordigende belastingpligtige” deur die volgende paragraaf te vervang: “(b) ten opsigte van die inkomste onder sy <u>of haar</u> bestuur, tot sy <u>of haar</u> beskikking of onder sy <u>of haar</u> beheer, die agent van ’n persoon[, met inbegrip van ’n agent ingevolge die bepalings van artikel nege-en-negentig daartoe aangestel, en vir die doeleindes van hierdie paragraaf omvat die uitdrukking „agent” ook elke persoon in die Republiek wat inkomste ontvang, bestuur of onder sy beheer het ten behoeve van ’n persoon permanent of tydelik uit die Republiek afwesig, of wat inkomste aan so ’n persoon remitteer of betaal of geld vir so ’n persoon ontvang];”;</p> <p>(l) deur in die omskrywing van “verteenwoordigende belastingpligtige” die woorde wat volg op paragraaf (f) maar die voorbehoudsbepaling voorafgaan te skrap;</p> <p>(m) deur die omskrywing van “voorgeskrewe koers” deur die volgende omskrywing te vervang: “‘voorgeskrewe koers’, <u>die koers in artikel 189(3) van die Wet op Belastingadministrasie, beoog;</u>”.</p> <p>(n) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “voorsorgfonds” in te voeg: “‘Wet op Belastingadministrasie’ die Wet op Belastingadministrasie, 2011;”;</p> <p>(o) deur die omskrywing van “belastingpligtige” deur die volgende omskrywing te vervang: “‘belastingpligtige’ ’n persoon belasbaar met ’n belasting hefbaar ingevolge hierdie Wet[, en sluit in elke persoon wat ingevolge hierdie Wet enige opgawe moet vertrek;”;</p> <p>(p) deur artikel 1 tot artikel 1(1) te hernoem; en</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(q) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:</p> <p>“(2) Tensy uit die konteks anders blyk, dra ’n woord of uitdrukking waaraan ’n betekenis ingevolge die Wet op Belastingadministrasie geheg is sodanige betekenis vir doeleindes van hierdie Wet.”.</p>
		<p>Wysiging van artikel 2</p> <p>24. Die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur artikel 2 deur die volgende artikel te vervang:</p> <p>“[Wet word deur Kommissaris uitgevoer] <u>Administrasie van Wet</u></p> <p>2. (1) Die Kommissaris is verantwoordelik vir die uitvoering van die bepalings van hierdie Wet.</p> <p>(2) <u>Administratiewe vereistes en prosedures vir doeleindes van die uitvoering van enige plig, mag of verpligting of die uitoefening van enige reg ingevolge hierdie Wet, word tot die mate nie ingevolge hierdie Wet gereguleer nie, deur die Wet op Belastingadministrasie gereguleer.</u>”.</p>
		<p>Wysiging van artikel 3</p> <p>25. Artikel 3 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) Die bevoegdhede aan die Kommissaris verleen en die pligte hom <u>of haar</u> opgelê deur of ingevolge die bepalings van hierdie Wet kan deur die Kommissaris [persoonlik] of deur ’n amptenaar [of persoon wat bedoelde bepalings] onder die beheer, leiding of toesig van die Kommissaris [uitvoer,] uitgeoefen of uitgevoer word.”;</p> <p>(b) deur subartikels (2) en (3) te skrap;</p> <p>(c) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(4) Enige beslissing van die Kommissaris kragtens die volgende bepalings van hierdie Wet is aan beswaar en appèl onderhewig <u>ooreenkomstig Hoofstuk 9 van die Wet op Belastingadministrasie, naamlik—</u></p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(a) die omskrywings van “bystandsfonds”, “gade”, “pensioenfondse”, “pensioenbewaringsfondse”, “uittreding-annuïteitsfondse”, “voorsorgfondse” en “voorsorgbewaringsfondse” in artikel 1;</p> <p>(b) [artikel 6, artikel 8(4)(b), (c), (d) en (e),] artikel 8(5)(b) en (bA), [artikel 9D,] artikel 10(1)(cA), [(e)] (e)(i)(cc), [(iA),] (j) en (nB), artikel 10A(8), artikel 11(e), (f), (g), (gA), (j) [,] (bf) en (l), [(t), (u) en (w),] artikel 12B(6), artikel 12C, artikel 12E, artikel 12G, artikel 12J(6), (6A) en (7), artikel 13, artikel 14, artikel 15, artikel 22(1)[,] en (3) [en (5)], artikel 23H(2), artikel 23K, artikel 24(2), artikel 24A(6), artikel 24C, artikel 24D, artikel 24I(1) en (7), artikel 24J(9), artikel 25A [artikel 25D], artikel 27, artikel [28(2)(cA)] 28(9), artikel 30, artikel 30A, artikel 30B, artikel 31, artikel 35(2), artikel 37A, artikel 37H, artikel [38(4)] 38(2)(a) en (b) en (4), artikel 44(13)(a), artikel 47(6)(c)(i), artikel 57(2), artikel 62(1)(c)(iii) en (d) en (2)(a) en (4), [artikel 76A,] artikel 80B en artikel [80S] 103(2);</p> <p>(c) paragrawe 6, 7, 9, 13, 13A, 14, 19 en 20 van die Eerste Bylae;</p> <p>(d) paragraaf 4 van die Tweede Bylae;</p> <p>(e) paragrawe 14(6), 18, [19(1),] 20(1)(a) en (2), 20 A(1) en (2), 21, 24 en 27 van die Vierde Bylae;</p> <p>(f) paragrawe 10(3) en (4), 11(2) en (7), 12(1) en 13 van die Sesde Bylae;</p> <p>(g) paragrawe 2(h), 3, 6(4)(b), 7(6), (7) en (8), [9 en] 11 en 12A(3) van die Sewende Bylae;</p> <p>(h) paragrawe 12(5)(c)(i), 29(2A), 29(7), 31(2), 65(1)(d) en 66(1)(e) van die Agtste Bylae.”; en</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(d) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(6) ’n Persoon wat veronreg voel deur ’n beslissing van die uitvoerende beampte om ’n fonds goed te keur of ’n goedkeuring van ’n fonds in te trek ingevolge subartikel (5) moet, ondanks artikel 26(2) van die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, 1990, sy of haar beswaar by die Kommissaris indien [op die wyse in Deel III van Hoofstuk III van hierdie Wet beoog] ooreenkomstig die bepalinge van Hoofstuk 9 van die Wet op Belastingadministrasie.”.</p>
		Herroeping van artikel 4
		<p>26. Die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur artikel 4 te herroep.</p>
		Wysiging van artikel 4A
		<p>27. Die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur artikel 4A deur die volgende artikel te vervang:</p> <p>“Uitoefening van bevoegdhede en uitvoering van pligte deur Minister</p> <p>4A. Die bevoegdhede verleen en die pligte opgelê aan die Minister deur of kragtens die bepalinge van hierdie Wet kan uitgeoefen of uitgevoer word deur die Minister persoonlik of, behalwe vir die mag om kennisgewings en regulasies uit te reik, deur die Minister aan die Direkteur-generaal van die Nasionale Tesourie gedelegeer word en die Direkteur-generaal mag op sy of haar beurt die bevoegdhede en pligte aldus aan hom of haar gedelegeer verder deleger aan enige beampte of persoon onder sy of haar beheer, leiding of toesig.”.</p>
		Wysiging van artikel 5
		<p>28. Artikel 5 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(7) Behoudens die bepalinge van [artikels 79 en 102 en die bepalinge van] die Vierde Bylae, waar ’n belastingpligtige vir normale belasting ten opsigte van ’n jaar van aanslag aangeslaan is, en die skaal van die</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>belasting wat deur [hom] die <u>belastingpligtige</u> betaalbaar is, daarna vasgestel of verander is, word [sy] die <u>belastingpligtige</u> se aanslag vir daardie jaar reggestel, terwyl enige oorbetalings aan [hom] die <u>belastingpligtige</u> terugbetaal word en enige tekort van [hom] die <u>belastingpligtige</u> gevorder word.”.</p>
		<p>Wysiging van artikel 6quat</p>
		<p>29. Artikel 6quat van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(5) Ondanks [artikels 79 en 81(5)] artikels 93, 99 of 100 van die Wet op Belastingadministrasie, kan ’n addisionele of verminderde aanslag ten opsigte van ’n jaar van aanslag om aan subartikels (1) en (1A) uitvoering te gee, binne ses jaar vanaf die datum van die oorspronklike aanslag ten opsigte van daardie jaar gemaak word.”.</p>
		<p>Wysiging van artikel 8</p>
		<p>30. Artikel 8 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur paragraaf (bC) in subartikel (5) deur die volgende paragraaf te vervang:</p> <p>“(bC) Iemand wat as voormalige verhuurder van eiendom in paragraaf (bA) bedoel of as eienaar daarvan, na beëindiging van die huur van bedoelde eiendom toestemming verleen het dat die voormalige huurder daarvan bedoelde eiendom gebruik, geniet of daarmee handel soos in genoemde paragraaf beoog, of wat ingevolge die bepalinge van paragraaf (bB)(ii) geag word aldus toestemming te verleen het, moet nie later nie as 14 dae na die einde van drie maande na die beëindiging van die betrokke huur die voormalige huurder in kennis stel van die billike markwaarde van bedoelde eiendom ooreenkomstig paragraaf (bA) vasgestel[, en die Kommissaris van ’n afskrif van bedoelde kennisgewing voorsien].”; en</p> <p>(b) deur paragraaf (c) in subartikel (5) te skrap.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Wysiging van artikel 10
		<p>31. Artikel 10 van die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig deur paragraaf (c) van die verdere voorbehoudsbepaling tot subartikel (1)(cA), te skrap.</p>
		Wysiging van artikel 10A
		<p>32. Artikel 10A van die Inkomste-belastingwet, 1962, word is hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (9) te skrap; en</p> <p>(b) deur subartikel (10) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(10) Behoudens die bepalings van artikel [79] 99 van die <u>Wet op Belastingadministrasie</u>, is die finale berekening of herberekening van die kapitaal-element, soos dit met betrekking tot die in subartikel (8) bedoelde jaar van aanslag gemaak is, behoudens die bepalings van subartikel (6)(b), finaal en afdoende en is dit van toepassing ten opsigte van al die paslike jaargeldbedrae wat ingevolge die betrokke jaargeldkontrak aan iemand verskuldig word in enige daaropvolgende jare van aanslag.”.</p>
		Wysiging van artikel 11
		<p>33. Artikel 11 van die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in paragraaf (l) paragraaf (vi) van die voorbehoudsbepaling te skrap.</p>
		Wysiging van artikel 11D
		<p>34. Artikel 11D van die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (14) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(14) Ondanks [artikel 4] Hoofstuk 6 van die <u>Wet op Belastingadministrasie</u> kan die Kommissaris aan die Minister van Wetenskap en Tegnologie inligting in verband met navorsing en ontwikkeling openbaar soos vereis mag word deur daardie Minister ten einde ’n verslag ingevolge subartikel (17) aan Parlement voor te lê.”</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(b) deur die volgende artikel na artikel 18 in te voeg:</p> <p>“(19) By die toepassing van subartikel (1), kan die Kommissaris, ongeag die bepalings van artikels 99 en 100 van die Wet op Belastingadministrasie, ’n addisionele aanslag vir enige jaar van aanslag uitreik, met betrekking tot ’n aftrekking ten opsigte van navorsing en ontwikkeling wat toegelaat is, waar goedkeuring ingevolge subartikel (10) ingetrek is.”.</p>
		<p>Wysiging van artikel 12G</p> <p>35. Artikel 12G van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (11) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(11) By die toepassing van subartikels (9) en (10), kan die Kommissaris, ondanks die bepalings van artikels [79, 81(5) en 83(18)] 99 en 100 van die Wet op Belastingadministrasie, ’n addisionele aanslag vir enige jaar van aanslag uitreik waar ’n addisionele nywerheidsbeleggingstoelae wat in enige vorige jaar van aanslag toegelaat is, ingevolge subartikel (9) of (10) afgewys moet word.”; en</p> <p>(b) deur subartikel (12) te skrap.</p>
		<p>Wysiging van artikel 12I</p> <p>36. Artikel 12I van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die woorde wat paragraaf (a) in subartikel (13) voorafgaan deur die volgende woorde vervang:</p> <p>“Die Kommissaris kan, ondanks die bepalings van [artikel 4] Hoofstuk 6 van die Wet op Belastingadministrasie—”;</p> <p>(b) deur subartikel (14) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(14) Die Kommissaris kan, ondanks die bepalings van artikels [79, 81(5) en 83(18)] 99 en 100 van die Wet op Belastingadministrasie, ’n addisionele aanslag vir enige jaar van aanslag uitreik waar ’n addisionele beleggingstoelae wat in enige vorige jaar toegelaat is ingevolge subartikel (12) of (13) afgewys moet word.”;</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(c) deur subartikel (15) te skrap; en (d) deur subartikel (21) deur die volgende subartikel te vervang: “(21) Ondanks die bepalings van [artikel 4] Hoofstuk 6 van die Wet op Belastingadministrasie moet die Kommissaris aan die Minister van Handel en Nywerheid en die beoordelingskomitee, insluitend enige persoon wie se bystand deur daardie komitee verkry is, die inligting met betrekking tot die sake van enige maatskappy wat ’n nywerheidsbeleidprojek beoefen, verstrek wat nodig is om die Minister van Handel en Nywerheid en die beoordelingskomitee in staat te stel om hul funksies ingevolge hierdie artikel te verrig.”.</p>
		Wysiging van artikel 12J
		<p>37. Artikel 12J van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikel (9) te skrap.</p>
		Wysiging van artikel 23
		<p>38. Artikel 23 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang: “(d) enige belasting[, reg, heffing, rente of boete] kragtens hierdie Wet, gehef[, enige addisionele belasting kragtens artikel 60 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991 (Wet No. 89 van 1991), gehefen] of enige rente of boete [betaalbaar ten gevolge van die laat betaling van enige belasting, reg, heffing of bydrae wat betaalbaar is] <u>gehef</u> kragtens enige <u>ander</u> Wet wat deur die Kommissaris geadministreer word[, die Wet op Streeksdiensterade, 1985 (Wet No. 109 van 1985), die Wet op Gesamentlike Dienste vir KwaZulu en Natal, 1990 (Wet No. 84 van 1990), die Skills Development Levies Act, 1999 (Wet No. 9 van 1999), en die Unemployment Insurance Contributions Act, 2002 (Wet No. 4 van 2002)];”.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Wysiging van artikel 23H
		39. Artikel 23H van die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikel (4) te skrap.
		Wysiging van artikel 24J
		40. Artikel 24J van die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikel (11) te skrap.
		Wysiging van artikel 25A
		41. Artikel 25A van die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikel (2) te skrap.
		Wysiging van artikel 35
		<p>42. Artikel 35 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die woorde in subartikel (2)(a) wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“ ’n Persoon wat ’n verpligting oploop om aan ’n ander persoon wat nie ’n inwoner is nie ’n bedrag in subartikel (1) bedoel, te betaal, of wat betaling van so ’n bedrag ten behoeve van daardie ander persoon ontvang, moet binne 14 dae na die end van die maand waartydens hy dié verpligting oploop of dié betaling ontvang, na gelang van die geval, of binne die verdere tydperk wat die Kommissaris mag goedkeur, ’n bedrag (wat ’n finale betaling ten behoeve van daardie ander persoon is) aan die Kommissaris betaal ten opsigte van daardie ander persoon se aanspreeklikheid vir belasting ingevolge subartikel (1) en moet ten tyde van bedoelde belastingbetaling aan die Kommissaris ’n [verklaring] opgawe verstrek [in die vorm wat die Kommissaris mag voorskryf]”;</p> <p>(b) deur paragraaf (b) in subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:</p> <p>“(b) ’n Persoon wat ingevolge paragraaf (a) ’n betaling aan die Kommissaris maak, is ondanks enige andersluidende ooreenkoms geregtig om van die bedrag wat [hy] daardie persoon aan bedoelde ander persoon verskuldig is die bedrag van bedoelde betaling af te trek of terug te hou, of om die</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>aldus betaalde bedrag op bedoelde ander persoon te verhaal of om 'n bedrag gelyk aan die aldus betaalde bedrag terug te hou uit gelde wat in sy hoedanigheid van agent van bedoelde ander persoon in sy besit mag wees of kom].”;</p> <p>(c) deur paragrawe (d) en (e) in subartikel (2) te skrap; en</p> <p>(d) deur subartikel (3) te skrap.</p>
		<p>Wysiging van artikel 35A</p>
		<p>43. Artikel 35A van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(6) Die koper moet, tesame met die betaling in subartikel (4) bedoel, 'n [verklaring in die vorm en met die inligting wat die Kommissaris mag bepaal,] op-gawe aan die Kommissaris verstrek.”;</p> <p>(b) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(7) [Indien 'n] 'n Koper is <u>persoonlik aanspreeklik ingevolge die omstandighede in artikel 157 van die Wet op Belastingadministrasie, beoog, vir die bedrag wat ingevolge subartikel (1) teruggehou moes word, slegs waar die koper weet of rederlikerwys behoort te geweet het dat die verkoper nie 'n inwoner is nie en [nalaat om enige bedrag soos deur subartikel (1) vereis, terug te hou—</u></p> <p>(a) is daardie koper persoonlik aanspreeklik vir die betaling van die bedrag wat hy of sy nagelaat het om terug te hou; en</p> <p>(b) moet] daardie koper <u>moet</u> daardie bedrag aan die Kommissaris betaal nie later nie as die datum waarop betaling gemaak moes word indien die bedrag wel teruggehou was.”;</p> <p>(c) deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(9) Indien 'n koper nalaat om enige bedrag in subartikel (1) bedoel aan die Kommissaris te betaal binne die tydperk ingevolge subartikel (4) daarvoor toegelaat[—</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(a) is daardie koper vir rente aanspreeklik teen die voorgeskrewe rentekoers op enige uitstaande bedrag, gereken vanaf die dag wat volg op die laaste dag vir betaling tot die datum waarop die bedrag deur die Kommissaris ontvang is; en</p> <p>(b)] moet daardie koper, bykomend tot enige ander boete of heffing waarvoor hy of sy ingevolge hierdie Wet aanspreeklik mag wees, 'n boete gelykstaande aan tien persent van [daardie] <u>die</u> bedrag betaal.”;</p> <p>(d) deur subartikel (10) te skrap; en</p> <p>(e) deur subartikel (13) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(13) Die [koper,] eiendomsagent of transportbesorger[, na gelang van die geval, kan die bedrag ingevolge subartikel (7) of (12) betaal van die verkoper verhaal] wat 'n bedrag ingevolge subartikel (12) betaal het, word geag 'n terughoudingsagent vir doeleindes van die Wet op Belastingadministrasie te wees.”.</p>
		Wysiging van artikel 37H
		<p>44. Artikel 37H van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur in subartikel (21) die woorde wat volg op paragraaf (b) deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“kan die Kommissaris, ondanks die bepalinge van artikel [79] <u>99</u> van die Wet op Belastingadministrasie, aanslae ten opsigte van die maatskappy hef asof die maatskappy nie 'n kwalifiserende maatskappy was nie.”; en</p> <p>(b) deur subartikel (22) te skrap.</p>
		Herroeping van artikel 40
		<p>45. Die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur artikel 40 te herroep.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Herroeping van artikel 47C
		<p>46. Artikel 47C van die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig deur artikel (2) deur die volgende artikel te vervang:</p> <p>“(2) Hierdie artikel is nie van toepassing nie ten opsigte van enige bedrae ontvang deur of toegeval aan die belastingpligtige—</p> <p>(a) waarvan die volle bedrag van belasting deur ’n inwoner kragtens artikel 47D teruggehou is; of</p> <p>(b) [ten opsigte waarvan die belasting kragtens artikel 47G(1) wat van ’n inwoner [in sy persoonlike hoedanigheid] wat kragtens artikel 47G(1) persoonlik aanspreeklik is vir die bedrag, gevorder is [nie].”.</p>
		Wysiging van artikel 47F
		<p>47. Artikel 47F van die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikel (1) en (2) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) ’n Belastingpligtige moet, tesame met die betaling in subartikel 47C(1) beoog, ’n opgawe [op die wyse en in die vorm en bevattende die inligting as wat die Kommissaris mag voorskryf,] by die Kommissaris indien.</p> <p>(2) ’n Inwoner wat enige bedrag kragtens artikel 47E aan die Kommissaris betaal, moet tesame met daardie betaling ’n opgawe [op die wyse en in die vorm en bevattende die inligting wat die Kommissaris mag voorskryf,] by die Kommissaris indien.”.</p>
		Wysiging van artikel 47G
		<p>48. Artikel 47G van die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur in subartikel (1) die woorde wat volg op paragraaf (b) deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“is persoonlik aanspreeklik vir betaling van daardie bedrag van belasting[, wat kragtens hierdie Wet van daardie inwoner verhaal kan word asof dit ’n belasting deur daardie inwoner verskuldig is] ooreenkomstig Deel A van Hoofstuk 10 van die Wet op Belastingadministrasie.”; en</p> <p>(b) deur subartikel (2) te skrap.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Herroeping van artikels 47H en 47I
		49. Die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur artikels 47H en 47I te herroep.
		Wysiging van artikel 60
		<p>50. Artikel 60 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) Belasting op geskenke word aan die Kommissaris betaal [binne drie maande] teen die einde van die maand wat volg op die maand waarin die skenking in werking tree, of so ’n langer tydperk as wat die Kommissaris mag toestaan, vanaf die datum waarop die betrokke skenking in werking tree.”; en</p> <p>(b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(4) Die betaling van die belasting ingevolge subartikel (1) moet vergesel gaan van ’n opgawe [in die vorm van die Kommissaris voorskryf].”.</p>
		Wysiging van artikel 61
		<p>51. Artikel 61 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:</p> <p>“(a) word enige verwysing in [subartikel (1) of (2) van artikel vier-en-sewentig, paragraaf (c) of (d) van subartikel (1) van artikel vyf-en-sewentig of] paragraaf (a) of (e) van die omskrywing van “verteenwoordigende belastingpligtige” in artikel [een] 1, na die inkomste van enige persoon of na die bruto inkomste ontvang deur of toegeval aan of ten gunste van enige persoon, geag ’n verwysing in te sluit na eiendom waaroor deur enige persoon ingevolge ’n skenking beskik is of na die waarde van sodanige eiendom, al na die samehang vereis;”; en</p> <p>(b) deur paragrawe (b), (c), (e), (f) en (h) te skrap.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Wysiging van artikel 62
		<p>52. Artikel 62 van die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(4) Indien die Kommissaris van oordeel is dat die bedrag in ’n opgawe aangegee as die billike markwaarde van eiendom minder is as die billike markwaarde van daardie eiendom, kan hy of sy die billike markwaarde van daardie eiendom vasstel, en die aldus vasgestelde waarde word[, behoudens die bepalings van artikel 63,] vir die doeleindes van hierdie Deel geag die billike markwaarde van bedoelde eiendom te wees.”.</p>
		Herroeping van artikel 63
		<p>53. Die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig deur artikel 63 te herroep.</p>
		Wysiging van artikel 64B
		<p>54. Artikel 64B van die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikels (9) en (11) te skrap.</p>
		Wysiging van artikel 64K
		<p>55. Artikel 64K van die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikels (3), (5), (6), (7) en (8) te skrap.</p>
		Wysiging van artikel 64L
		<p>56. Artikel 64L van die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“(1) [Indien] Ondanks die bepalings van Hoofstuk 13 van die Wet op Belastingadministrasie, indien—”.</p>
		Wysiging van artikel 64M
		<p>57. Artikel 64M van die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“(1) [If] Notwithstanding die provisions van Chapter 13 van die Tax Administration Act, if—”.</p>
		Wysiging van artikel 64R
		<p>58. Artikel 64R van die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikels (3), (4) en (5) te skrap.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Herroep van artikel 65
		<p>59. Die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur artikel 65 te herroep.</p>
		Wysiging van artikel 66
		<p>60. Artikel 66 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:</p> <p style="padding-left: 40px;">“Kennisgewing deur Kommissaris waarin opgawes vereis word vir aanslag van [belastings] normale belasting ingevolge hierdie Wet [en wyse van verstrekking van opgawes en tussentydse opgawes]”;</p> <p>(b) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p style="padding-left: 40px;">“(1) Die Kommissaris gee jaarliks openbare kennis [dat alle] van die persone wat [persoonlik of in ’n verteenwoordigende hoedanigheid ingevolge hierdie Wet belastingpligtig is of van wie daar] deur die Kommissaris vereis word om opgawes vir die aanslag van normale belasting te verstrek, binne die tydperk in daardie kennisgewing voorgeskryf[, of binne die verdere tydperk wat die Kommissaris mag toestaan, opgawes moet verstrek vir die doeleindes van aanslae ten opsigte van die jare van aanslag in daardie kennisgewing vermeld].”;</p> <p>(c) deur subartikels (1A), (2), (3) en (5) te skrap;</p> <p>(d) deur subartikel (5A) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p style="padding-left: 40px;">“(5A) ’n Persoon wat nie ingevolge hierdie artikel verplig is om ’n opgawe ten opsigte van ’n jaar van aanslag te verstrek nie, kan, ten einde [sy] daardie persoon se aanspreeklikheid vir normale belasting op aanslag te laat vasstel, so ’n opgawe binne drie jaar na die einde van bedoelde jaar van aanslag indien.”;</p> <p>(e) deur subartikels (6), (7), (7A), (7B), (7C), (7D), (7E), (8), (9), (10) en (11) te skrap;</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(f) deur in subartikel (13) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang: “(13) Die opgawe [van inkomste] vir normale belasting wat ten opsigte van enige jaar van aanslag deur ’n persoon gedoen moet word, moet ’n [volledige en juiste] opgawe wees—”;</p> <p>(g) deur in die voorbehoudsbepaling tot subartikel (13)(a) die woord “of” aan die einde van paragraaf (b)(ii) te skrap;</p> <p>(h) deur die volgende paragraaf tot die voorbehoudsbepaling tot subartikel (13)(a) te voeg: “(c) ’n persoon ophou om ’n inwoner te wees, moet ’n opgawe <u>verstrek word vir die tydperk vanaf die eerste dag wat daardie jaar van aanslag in aanvang neem en eindig op die dag onmiddellik voordat die persoon ophou om ’n inwoner te wees; of</u>”;</p> <p>(i) deur die volgende voorbehoudsbepaling tot subartikel (13)(b) by te voeg: “: <u>Met dien verstande dat waar ’n maatskappy ophou om ’n inwoner te wees, ’n opgawe verstrek moet word vir die tydperk wat ’n aanvang neem op die eerste dag van daardie jaar van aanslag en eindig op die dag onmiddellik voor die datum waarop die maatskappy ophou om ’n inwoner te wees</u>”;</p> <p>(j) deur subartikel (13B) deur die volgende subartikel te vervang: “(13B) By die toepassing van subartikels [(13),] (13A)[,] <u>en (13C) [en (14)],</u> word die woord “inkomste” so uitgelê om enige totale kapitaalwins of totale kapitaalverlies in te sluit.”; en</p> <p>(k) deur subartikels (14) en (15) te skrap.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Wysiging van artikel 67
		<p>61. Artikel 67 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p style="padding-left: 40px;">“(1) Elke persoon wat op enige tydstip aanspreeklik word vir enige normale belasting of wie verplig word om ’n opgawe in artikel 66 bedoel in te dien, moet [binne 60 dae na daardie persoon aldus ’n belastingpligtige word,] ooreenkomstig Hoofstuk 3 van die <u>Wet op Belastingadministrasie</u> by die Kommissaris registreer as belastingpligtige.”; en</p> <p>(b) deur subartikels (1A) en (2) te skrap.</p>
		Herroeping van artikels 67A, 69, 70, 70A, 70B en 71
		<p>62. Artikels 67A, 69, 70, 70A, 70B en 71 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby herroep.</p>
		Wysiging van artikel 72A
		<p>63. Artikel 72A van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p style="padding-left: 40px;">“(1) Elke inwoner wat op die laaste dag van die buitelandse belastingjaar van ’n beheerde buitelandse maatskappy of onmiddellik voor ’n buitelandse maatskappy ophou om ’n beheerde buitelandse maatskappy te wees direk of indirek, tesame met enige verbonde persoon met betrekking tot daardie inwoner, minstens 10 persent van die deelnemende regte in enige beheerde buitelandse maatskappy hou (andersins as indirek deur ’n maatskappy wat ’n inwoner is), moet aan die Kommissaris ’n opgawe indien [soos deur die Kommissaris voorgeskryf].”.</p>
		Herroeping van artikels 73 tot 80
		<p>64. Artikels 73, 73A, 73B, 73C, 74, 74A, 74B, 74C, 74D, 75, 75A, 75B, 76, 76B, 76C, 76D, 76E, 76F, 76G, 76H, 76I, 76J, 76K, 76L, 76M, 76N, 76O, 76P, 76Q, 76R, 76S, 77, 78, 79, 79A, 79B en 80 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby herroep.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Wysiging van artikel 80B
		<p>65. Artikel 80B van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(2) Behoudens die tydsbeperkings deur [artikel 79, 79A(2)(a) en 81(2)(b)] artikels 99, 100 en 104(5)(b) van die <u>Wet op Belastingadministrasie</u>, opgelê, moet die Kommissaris balanserende aanpassings maak wat hy of sy tevrede is nodig en gepas is om die konsekwente hantering van alle partye tot die ontoelaatbare vermydingsreëling te verseker.”.</p>
		Herroeping van artikels 80K en 80M tot 89sept
		<p>66. Artikels 80K, 80M, 80N, 80O, 80P, 80Q, 80R, 80S, 80T, 81, 82, 83, 83A, 84, 85, 86A, 87, 88, 88A, 88B, 88C, 88D, 88E, 88F, 88G, 88H, 89, 89bis, 89ter, 89quat, 89quin, 89sex en 89sept van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby herroep.</p>
		Wysiging van artikel 90
		<p>67. Artikel 90 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“Behoudens die bepalings van hierdie <u>Wet en die Wet op Belastingadministrasie</u>, is enige <u>normale belasting [(behalwe belasting op geskenke) en enige ingevolge artikel 89(2) of 89quat verskuldigde rente]</u> betaalbaar[—</p> <p>(a) deur ’n verteenwoordigende belastingpligtige wat ingevolge hierdie Wet of ingevolge ’n vorige Inkomstebelastingwet aan aanslag onderhewig of vir die betaling van so ’n belasting of rente aanspreeklik is;</p> <p>(c) ten opsigte van ander inkomste en in alle ander gevalle,] deur die persoon deur wie <u>[die] enige belasbare inkomste</u> ontvang word of aan of ten gunste van wie dit toeval of wat volgens wet op die ontvangs daarvan geregtig is”.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Wysiging van artikel 91
		<p>68. Artikel 91 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikels (1) en (2) te skrap; en</p> <p>(b) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(5) Soveel van enige rente betaalbaar ingevolge [artikel nege-en-tagtig] Hoofstuk 12 van die <u>Wet op Belastingadministrasie</u>, as wat betrekking het op ’n gedeelte van ’n belasting wat ingevolge sub-artikel (4) verhaalbaar is uit die bates in daardie sub-artikel bedoel, kan ook uit bedoelde bates verhaal word.”.</p>
		Herroeping van artikels 91A tot 101
		<p>69. Artikels 91A, 92, 93, 94, 95, 96, 97, 98, 99, 100 en 101 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby herroep.</p>
		Wysiging van artikel 102
		<p>70. Artikel 102 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) te skrap;</p> <p>(b) deur subartikel (1A) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1A) Die Kommissaris magtig nie ’n terugbetaling ingevolge [subartikel (1)] artikel 190 van die <u>Wet op Belastingadministrasie</u> nie waar [daardie persoon]—</p> <p>(a) <u>daardie persoon</u> nagelaat het om ’n opgawe soos [deur] ingevolge hierdie Wet vereis [vir enige jaar van aanslag] in te dien, totdat daardie persoon bedoelde opgawe ingedien het soos vereis; of</p> <p>(b) [versuim het om die Kommissaris skriftelik te voorsien van besonderhede van daardie persoon se bankrekening of rekening by ’n soortgelyke instelling ten einde die Kommissaris in staat te stel om ’n terugbetaling, indien enige, na daardie rekening te maak] die terugbetaling deur daardie <u>persoon geëis word na ’n tydperk van drie jaar na die einde van die jaar van aanslag, in die geval waar daardie</u></p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>persoon nie deur enige bepalings van hierdie Wet vereis was om 'n opgawe van inkomste te verstrek vir daardie jaar van aanslag nie, en nie sodanige opgawe gedurende die tydperk van drie jaar vanaf die einde van daardie jaar van aanslag verstrek het nie.”; en (c) deur subartikel (2), (3) en (4) te skrap.</p>
		Herroeping van artikel 102A
		<p>71. Artikel 102A van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby herroep.</p>
		Wysiging van artikel 103
		<p>72. Artikel 103 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig— (a) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang: “(4) [n Beslissing van die Kommissaris ingevolge subartikel (2) is aan beswaar en appèl onderhewig, en wanneer by verrigtings] Waar, in enige beswaar en appèlverrigtings wat [daarop] op 'n besluit ingevolge ingevolge subartikel (2) betrekking het, bewys word dat die onderhawige ooreenkoms of verandering in aandelesbesit of ledebelange of trustees of begunstigdes van die trust, die vermyding of die uitstel van aanspreeklikheid vir betaling van enige belasting of heffing wat opgelê is deur hierdie Wet of 'n vorige Inkomstebelastingwet of 'n ander wet deur die Kommissaris uitgevoer, of die vermindering van die bedrag daarvan, ten gevolg sou hê, word vermoed, totdat die teendeel bewys word in die geval van so 'n ooreenkoms of verandering in aandelesbesit of ledebelange of trustees of begunstigdes van daardie trust, dat dit aangegaan of teweeggebring is uitsluitlik of hoofsaaklik met die oogmerk om die onderhawige vasgestelde verlies, balans van vasgestelde verlies, kapitaalverlies of vasgestelde kapitaalverlies aan te wend ten einde bedoelde aanspreeklikheid te vermy of uit te stel of die bedrag daarvan te verminder.”; en (b) deur subartikel (6) te skrap.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Herroeping van artikels 104, 105, 105A, 106, 107A en 110
		73. Artikels 104, 105, 105A, 106, 107A en 110 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby herroep.
		Wysiging van paragraaf 13 van Eerste Bylae
		<p>74. Paragraaf 13 van die Eerste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subparagraaf (3) deur die volgende subparagraaf te vervang:</p> <p>“(3) Elke boer wat ’n aftrekking kragtens subparagraaf (1) wil eis, moet [by verstrekking van sy opgawe van inkomste] vir die jaar van aanslag waarin hy lewende hawe weens droogte-toestande of veesiekte of uit hoofde van sy deelname aan ’n veevermindering-skema deur die Regering georganiseer, verkoop het, [of binne die tydperk wat die Kommissaris toelaat,] dienooreenkomstig aan die Kommissaris kennis gee en volledige besonderhede [verstrekk] verkry en hou aangaande die lewende hawe wat aldus verkoop is.”.</p>
		Wysiging van paragraaf 19 van Eerste Bylae
		<p>75. Paragraaf 19 van die Eerste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subparagraaf (3) deur die volgende subparagraaf (3) te vervang:</p> <p>“(3) Waar die belastingpligtige se aanslag vir ’n toepaslike tydperk ingevolge artikel [81(5) van hierdie Wet] 100 van die <u>Wet op Belastingadministrasie</u> finaal en afdoende geword het, word daar nie, slegs uit hoofde van die feit dat die bedrag wat as die belastingpligtige se jaarlikse gemiddelde belasbare inkomste uit boerdery ingevolge subparagraaf (2)(a) met betrekking tot bedoelde tydperk vasgestel is, verkeerd is, vereis dat die Kommissaris ingevolge artikel [79 van hierdie Wet] 99 van daardie Wet ’n verdere aanslag vir die belastingpligtige vir bedoelde tydperk doen nie of ingevolge artikel [102 van hierdie Wet] 190 van daardie Wet ’n terugbetaling van enige belasting wat ten opsigte van bedoelde tydperk te veel betaal is, magtig nie, tensy dit blyk dat bedoelde jaarlikse gemiddelde belasbare inkomste uit boerdery met minstens seshonderd rand vermeerder of verminder moet word.”.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>Wysiging van paragraaf 20 van Eerste Bylae</p> <p>76. Paragraaf 20 van die Eerste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die woorde in subparagraaf (1) wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“Indien ’n belastingpligtige (behalwe ’n maatskappy) wat inkomste uit boerderybedrywighede verkry [by die Kommissaris aansoek doen] ’n keuse uitoefen volgens voorskrif van subparagraaf (6) en indien aldus vereis tot bevrediging van die Kommissaris bewys—”;</p> <p>(b) deur item (a) in subparagraaf (6) deur die volgende item te vervang:</p> <p>“(a) ’n Belastingpligtige (behalwe ’n maatskappy) kan, na sy keuse, ’n skriftelike aansoek by die Kommissaris indien] ’n keuse uitoefen vir die vasstelling ingevolge hierdie paragraaf van die normale belasting wat deur [hom] die belastingpligtige betaalbaar is.”; en</p> <p>(c) deur in subparagraaf (6)(b) die woorde wat subitem (i) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“[So ’n aansoek word by die Kommissaris ingedien en word vergesel van] Vir doeleindes van sodanige keuse moet die volgende rekords verkry en gehou word—”.</p>
		<p>Wysiging van paragraaf 1 van Vierde Bylae</p>
		<p>77. Paragraaf 1 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur item (b) in die omskrywing van “verteenwoordigende werkgewer” deur die volgende item te vervang:</p> <p>“(b) in die geval van ’n [afdelingsraad, munisipale raad, dorpsbestuur of dergelike gesag] munisipaliteit of ’n liggaam van persone (behalwe ’n maatskappy of ’n vennootskap), hetsy met regspersoonlikheid bekleed al dan nie, ’n bestuurder, sekretaris, ampsbekleër of ander persoon wat vir die betaling van besoldiging namens bedoelde [raad, bestuur, gesag] munisipaliteit of liggaam verantwoordelik is; [of]”; en</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(b) deur die woorde wat volg op paragraaf (d) van die omskrywing van “verteenwoordigende werkgewer” deur die volgende woorde te vervang: “wat [’n inwoner is] in die <u>Republiek woon</u>, maar die bepalings van hierdie omskrywing word nie so uitgelê dat dit ’n persoon onthef van aanspreeklikheid, verantwoordelikheid of ’n verpligting hom deur hierdie Bylae opgelê nie;”.</p>
		<p>Wysiging van paragraaf 2 van Vierde Bylae</p>
		<p>78. Paragraaf 2 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur die volgende item na item (c) in subparagraaf (4) in te voeg: “(cA) enige premie direk of indirek deur ’n werkgewer van die <u>belastingpligtige, ten behoeve of namens die belastingpligtige betaal, tot die mate wat die versekeringspolis ten opsigte waarvan die premie betaal word die belastingpligtige teen verlies aan inkomste as gevolg van siekte, besering, ongeskiktheid of werkloosheid beskerm; en</u>”.</p>
		<p>Wysiging van paragraaf 5 van Vierde Bylae</p>
		<p>79. Paragraaf 5 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subparagraaf (1) deur die volgende subparagraaf te vervang: “(1) Behoudens die bepalings van subparagraaf (6), [is] waar ’n werkgewer [wat versuim om die volle bedrag van die werknemersbelasting volgens voorskrif van paragraaf 2 af te trek of terug te hou,] persoonlik aanspreeklik <u>is</u> vir betaling [aan die Kommissaris van die bedrag] van die werknemersbelasting <u>ingevolge Hoofstuk 10 van die Wet op Belastingadministrasie</u> [wat hy of sy versuim om af te trek of terug te hou, en moet hy,] sal die werkgewer [behoudens die bepalings van sub-paragraaf (2),] daardie bedrag aan die Kommissaris betaal nie later nie as die datum waarop betaling sou moes geskied het indien die werknemersbelasting wel ingevolge paragraaf 2 afgetrek of teruggehou was.”.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Wysiging van paragraaf 6 van Vierde Bylae
		<p>80. Paragraaf 6 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subparagraaf (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:</p> <p style="padding-left: 40px;">“(1) Indien ’n werkgewer versuim om ’n bedrag aan werknemersbelasting waarvoor hy aanspreeklik is te betaal binne die tydperk ingevolge paragraaf 2 vir die betaling daarvan toegelaat, moet [hy benewens enige ander boete of heffing waaraan hy ingevolge hierdie Wet onderhewig mag wees,] SAID ooreenkomstig Hoofstuk 15 van die Wet op Belastingadministrasie, ’n boete gelyk aan tien persent van bedoelde bedrag [betaal] oplê.”; en</p> <p>(b) deur subparagrafe (2), (2A), (2B), (3) en (4) te skrap.</p>
		Herroep van paragraaf 8 van Vierde Bylae
		<p>81. Die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur paragraaf 8 te herroep.</p>
		Wysiging van paragraaf 11B van Vierde Bylae
		<p>82. Paragraaf 11B van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subparagraaf (4A) te skrap.</p>
		Wysiging van paragraaf 11C van Vierde Bylae
		<p>83. Paragraaf 11C van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subparagraaf (2) deur die volgende subparagraaf te vervang:</p> <p style="padding-left: 40px;">“(2) Behoudens subparagraaf (6), moet elke privaatmaatskappy op ’n maandelikse basis, ten opsigte van elke direkteur van daardie maatskappy ’n bedrag vasgestel ingevolge subparagraaf (3) aan die Kommissaris betaal, wat by die toepassing van [artikels 79, 89bis, 89ter, 89quat,] artikel 90[, 102 en 102A] van die Wet, [en] paragrawe 1, 4, 6, 11[, 12], 13 en 14 en Dele III en IV van hierdie Bylae en Hoofstukke 8, 12 en 13 van die Wet op Belastingadministrasie, geag word ’n bedrag van werknemersbelasting te</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		wees wat deur die maatskappy as werkgewer ingevolge paragraaf 2 van hierdie Bylae afgetrek of teruggehou moes word.”.
		Herroeping van paragraaf 12 van Vierde Bylae
		84. Die Vierde Bylae by die Inkomste-belastingwet, 1962, word hierby gewysig deur paragraaf 12 te herroep.
		Wysiging van paragraaf 14 van Vierde Bylae
		<p>85. Paragraaf 14 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur in subparagraaf (1) die woorde wat item (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“[Elke] Bykomend tot die rekords wat ooreenkomstig Deel A van Hoofstuk 4 van die Wet op Belastingadministrasie vereis word, moet elke werkgewer [moet] ten opsigte van elke werknemer ’n aantekening hou aantoonende—”;</p> <p>(b) deur subparagraaf (2) deur die volgende subparagraaf te vervang:</p> <p>“(2) Elke werkgewer moet wanneer daardie werkgewer ’n bedrag by wyse van werknemersbelasting betaal, aan die Kommissaris [die verklaring met die inligting verstrekk wat die Kommissaris voorskryf] ’n opgawe verstrekk.”;</p> <p>(c) deur in subparagraaf (3) die woorde wat op item (b) volg deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“of binne so ’n langer tyd as wat die Kommissaris goedkeur, [die] ’n opgawe aan die Kommissaris indien [wat die Kommissaris voorskryf].”;</p> <p>(d) deur subparagraaf (4) te skrap; en</p> <p>(e) deur subparagraaf (6) deur die volgende subparagraaf te vervang:</p> <p>“(6) Indien ’n werkgewer nalaat om ’n opgawe bedoel in subparagraaf (3) aan die Kommissaris te lewer binne die tydperk in daardie subparagraaf voorgeskryf, kan die Kommissaris ingevolge Hoofstuk 15 van die Wet op Belastingadministrasie op daardie [moet daardie] werkgewer ’n</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>persentasie gebaseerdeboete [be- taal] oplê vir elke maand wat die werkgewer versuim om 'n volledige opgawe in te dien, wat in totaal hoogstens [gelykstaande aan] 10 persent van die totale bedrag aan werkgewerbelasting afgetrek of weerhou of wat afgetrek of weerhou moes wees van die besoldiging van werknemers vir die tydperk [wat met die opgawe soos ingevolge] in daardie subparagraaf [vereis] beskryf[, verband hou: Met dien verstande dat die Kommissaris daardie boete of gedeelte daarvan kan kwytskeld indien hy of sy tevrede is dat die omstandighede dit regverdig.”.</p>
		<p>Wysiging van paragraaf 15 van Vierde Bylae</p>
		<p>86. Paragraaf 15 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subparagraaf (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:</p> <p>“(1) Elke persoon wat 'n werkgewer is, moet [in die vorm wat die Kommissaris voorskryf] ooreenkomstig Hoofstuk 3 van die Wet op Belastingadministrasie by die Kommissaris aansoek doen om registrasie as 'n werkgewer [binne 14 dae nadat hy 'n werkgewer word, of binne 'n verdere tydperk wat die Kommissaris goedkeur]: Met dien verstande dat waar geneen van bedoelde werkgewer se werknemers vir normale belasting aanspreeklik is nie, die bepalinge van hierdie paragraaf nie op bedoelde werkgewer van toepassing is nie.”;</p> <p>(b) deur subparagraaf (2) te skrap;</p> <p>(c) deur subparagraaf (3) deur die volgende subparagraaf te vervang:</p> <p>“(3) Elke persoon wat [ingevolge sub-paragraaf (1) om registrasie aansoek gedoen het of geag word aansoek te gedoen het,] as werkgewer geregistreer is, moet binne veertien dae nadat [hy van adres verander of] die werkgewer ophou om 'n werkgewer te wees, die Kommissaris skriftelik in kennis stel van [sy nuwe adres of van] die feit dat [hy] die werkgewer opgehou het om 'n werkgewer te wees[, na gelang van die geval].”;</p> <p>(d) deur subparagraaf (4) te skrap.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Herroeping van paragraaf 16 van Vierde Bylae
		87. Paragraaf 16 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby herroep.
		Wysiging van paragraaf 17 van Vierde Bylae
		<p>88. Paragraaf 17 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subparagraaf (5) deur die volgende subparagraaf te vervang:</p> <p>“(5) Die Kommissaris kan, met inagneming van die skale van die normale belasting soos deur die Parlement vasgestel of deur die Minister in sy begrotingsrede in die vooruitsig gestel of soos deur die Minister ingevolge artikel 5(3) van hierdie Wet verander, die kortings wat ingevolge artikel 6(2) en (3)(a) en artikel 6^{quat} van hierdie Wet van toepassing is, en enige ander faktore wat met die waarskynlike aanspreeklikheid van belastingpligtiges vir normale belasting in verband staan, van tyd tot tyd tabelle voorskryf vir opsionele gebruik deur voorlopige belastingpligtiges wat in ’n kategorie val wat deur die Kommissaris aangedui word, of deur alle voorlopige belastingpligtiges, ten einde skattings te maak van die aanspreeklikheid van bedoelde belastingpligtiges vir normale belasting, en die Kommissaris kan die wyse voorskryf waarop sodanige tabelle toegepas moet word, <u>tesame met die tydperk waarvoor sodanige tabelle sal geld.</u>”;</p> <p>(b) deur subparagraaf (6) te skrap; en</p> <p>(c) deur subparagraaf (8) deur die volgende subparagraaf te vervang:</p> <p>“(8) Elke persoon wat ’n voorlopige belastingpligtige is, moet [binne 30 dae na die datum waarop hy ’n voorlopige belastingpligtige word, by die Kommissaris aansoek doen om registrasie as ’n voorlopige belastingpligtige <u>ooreenkomstig met Hoofstuk 3 van die Wet op Belastingadministrasie.</u>”.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>Wysiging van paragraaf 18 van Vierde Bylae</p>
		<p>89. Paragraaf 18 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in subparagraaf (1)(d) die woorde wat subitem (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“ ’n natuurlike persoon [(behalwe ’n direkteur van ’n private maatskappy)] wat op die laaste dag van die jaar van aanslag [oor die ouderdom van] 65 jaar <u>of ouer</u> sal wees, indien die Kommissaris oortuig is dat bedoelde persoon se belasbare inkomste vir daardie jaar—”.</p>
		<p>Wysiging van paragraaf 19 van Vierde Bylae</p>
		<p>90. Paragraaf 19 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur item (a) in subparagraaf (1) deur die volgende item te vervang:</p> <p>“(a) Elke voorlopige belastingpligtige (behalwe ’n maatskappy) [of ’n persoon in paragraaf 18 bedoel] moet gedurende elke tydperk waarin voorlopige belasting deur [hom] <u>die voorlopige belastingpligtige</u> volgens voorskrif van hierdie Deel betaalbaar is of mag wees[, of gedurende ’n verlenging van die tydperk ingevolge paragraaf 25 (2) toegestaan,] aan die Kommissaris [in ’n vorm wat die Kommissaris voorskryf,] (<u>sou die Kommissaris so vereis</u>) ’n opgawe van ’n skatting verstrek van die totale belasbare inkomste wat ten opsigte van die jaar van aanslag ten opsigte waarvan voorlopige belasting deur [hom] <u>die belastingpligtige</u> betaalbaar is of mag wees, deur die belastingpligtige verkry sal word.”;</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(b) deur item (b) in subparagraaf (1) deur die volgende item te vervang:</p> <p>“(b) Elke maatskappy wat ’n voorlopige belastingpligtige is, moet, gedurende elke tydperk waarin voorlopige belasting deur [hom] dit volgens voorskrif van hierdie Deel betaalbaar is of mag wees[, of gedurende ’n verlenging van die tydperk ingevolge paragraaf 25(2) toegestaan,] aan die Kommissaris [in ’n vorm wat die Kommissaris voorskryf,] (sou die Kommissaris so vereis) ’n opgawe van ’n skatting verstrek van die totale belasbare inkomste wat deur die maatskappy verkry sal word ten opsigte van die jaar van aanslag ten opsigte waarvan voorlopige belasting deur die maatskappy betaalbaar is of mag wees.”;</p> <p>(c) deur item (c) in subparagraaf (1) deur die volgende item te vervang:</p> <p>“(c) Tensy die Kommissaris met inagneming van die omstandighede van die geval instem om ’n skatting van ’n laer bedrag te aanvaar, mag die bedrag van ’n skatting wat aldus verstrek word deur ’n voorlopige belastingpligtige (behalwe ’n maatskappy) gedurende die tydperk in paragraaf 21(1)(a) bedoel [of gedurende ’n verlenging van sodanige tydperk ingevolge paragraaf 25(2) toegestaan], of deur ’n maatskappy (as ’n voorlopige belastingpligtige) gedurende die tydperk in paragraaf 23(a) bedoel [of enige verlenging van sodanige tydperk kragtens paragraaf 25(2) toegestaan], nie minder wees nie as die basiese bedrag van toepassing op die betrokke skatting, soos in item (d) beoog.”;</p> <p>(d) deur in subparagraaf (1) subsubitem (bb) van item (d)(i) deur die volgende subsubitem te vervang:</p> <p>“(bb) [die belasbare gedeelte van enige enkelbedrag] enige bedrag in [artikel 7A4A) en] paragraaf (d) van die omskrywing van ‘bruto inkomste’ in artikel 1 bedoel; en”;</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(e) deur die voorbehoudsbepaling in item (d) van subparagraaf (1) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:</p> <p>“Met dien verstande dat, indien ’n skatting ingevolge item (a) of (b) <u>gemaak moet word—</u></p> <p>(a) <u>vir meer as 18 maande; en</u></p> <p>(b) <u>met betrekking tot ’n tydperk wat einding meer as een jaar, [ten aansien waarvan daardie skatting gemaak word, gemaak moet word ten aansien van ’n jaar van aanslag wat einding meer as een jaar]</u> na die einde van die onmiddellik voorafgaande jaar <u>van aanslag [waarvoor daar ’n aanslag gemaak is]</u>, sal die basiese bedrag ingevolge sub-items (i) en (ii) bepaal met ’n bedrag gelykstaande aan agt persent per jaar van daardie bedrag, vanaf die einde van sodanige jaar tot die einde van die jaar van aanslag ten aansien waarvan daardie skatting gemaak word, verhoog word.”;</p> <p>(f) deur subitem (ii) van item (e) in subparagraaf (1) deur die volgende subitem te vervang:</p> <p>“(ii) ten opsigte waarvan ’n aanslagkennisgewing, wat op die skatting ter sake dienend is, deur die Kommissaris uitgereik is nie minder nie as [60] <u>14</u> dae voor die datum waarop die skatting aan die Kommissaris verstrekk word: Met dien verstande dat waar die Kommissaris met betrekking tot ’n skatting wat ’n voorlopige belastingpligtige moet verstrekk ’n opgawe vir die betaling van voorlopige belasting aan die belastingpligtige uitgereik het waarop die Kommissaris die belastingpligtige se belasbare inkomste vir die jongste voorafgaande jaar van aanslag, ten opsigte waarvan ’n aanslagkennisgewing voor die datum van uitreiking van bedoelde opgawe uitgereik is, aangedui het, word bedoelde [belasbare inkomste] <u>jaar van aanslag</u> na die keuse van die belastingpligtige geag die [basiese bedrag van toepassing op bedoelde skatting te wees] <u>die jongste jaar van aanslag, te wees.</u>”;</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(g) deur subparagraaf (2) deur die volgende subparagraaf te vervang: “(2) Indien ’n voorlopige belastingpligtige versuim om ’n skatting volgens voorskrif van subparagraaf (1) te verstrek, kan die Kommissaris die belasbare inkomste wat geskat moet word, skat[, en so ’n skatting is finaal en afdoende].”;</p> <p>en</p> <p>(h) deur subparagraaf (3) deur die volgende subparagraaf te vervang: “(3) Die Kommissaris kan ’n voorlopige belastingpligtige aansê om ’n skatting wat hy ingevolge subparagraaf (1) gemaak het te staaf of om besonderhede van sy inkomste en uitgawes of enige ander verlangde besonderhede te verstrek, en indien die Kommissaris nie met die betrokke skatting tevrede is nie, kan hy die bedrag daarvan verhoog tot ’n bedrag wat hy redelik ag[, en die verhoogde skatting is finaal en afdoende].”.</p>
		<p>Wysiging van paragraaf 20 van Vierde Bylae</p>
		<p>91. Paragraaf 20 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang: “[ADDISIONELE BELASTING] BOETE IN GEVAL VAN ONDESKATTING VAN BELASBARE INKOMSTE”;</p> <p>(b) deur items (a) en (b) in subparagraaf (1) deur die volgende items te vervang: “(a) meer as R1 miljoen is en sodanige geskatte bedrag minder is as 80 persent van die bedrag van die werklike belasbare inkomste kan die Kommissaris, indien hy of sy nie oortuig is dat die bedrag van die skatting in erns bereken is met inagneming van die faktore wat daarop betrekking het of nie opsetlik of uit nalatigheid te min geskat is nie, behoudens die bepalinge van subparagraaf (3), [by wyse van addisionele belasting] bo en</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>behalwe die normale belasting wat ten opsigte van die belastingpligtige se belasbare inkomste vir bedoelde jaar van aanslag hefbaar is, 'n [bedrag] boete gelyk aan [tot en met] 20 persent van die verskil tussen die bedrag aan normale belasting ten opsigte van die sodanige skatting bereken en die bedrag aan normale belasting bereken, teen die toepaslike skale ten opsigte van sodanige jaar van aanslag, ten opsigte van 'n belasbare inkomste gelyk aan 80 persent van sodanige werklike belasbare inkomste; en</p> <p>(b) in enige ander geval, minder is as 90 persent van die bedrag van die sodanige werklike belasbare inkomste en ook minder as die basiese bedrag van toepasing op die sodanige skatting, soos in paragraaf 19(1)(d) beoog, moet die belastingpligtige, behoudens die bepalings van subparagrafe (2) en (3), [by wyse van addisionele belasting] bo en behalwe die normale belasting wat ten opsigte van sy belasbare inkomste vir bedoelde jaar van aanslag hefbaar is, 'n [bedrag] boete aan die Kommissaris betaal gelyk aan 20 persent van die verskil tussen die bedrag aan normale belasting ten opsigte van sodanige geskatte bedrag bereken en die minste van die volgende bedrae, naamlik—</p> <p>(i) die bedrag van normale belasting bereken, teen die toepaslike skale ten opsigte van bedoelde jaar van aanslag, ten opsigte van 'n belasbare inkomste gelykstaande aan 90 persent van bedoelde werklike belasbare inkomste; en</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(ii) die bedrag van normale belasting bereken ten opsigte van 'n belasbare inkomste gelykstaande aan bedoelde basiese bedrag, teen die toepaslike skale ten opsigte van die bedoelde jaar van aanslag.”;</p> <p>(c) deur subparagraaf (2) deur die volgende subparagraaf te vervang: “(2) Waar die Kommissaris oortuig is dat die bedrag van 'n skatting bedoel in subparagraaf (1)(b) in erns bereken is met behoorlike inagneming van die faktore wat daarop betrekking het, en nie opsetlik of uit nalatigheid te min geskat is nie, of indien die Kommissaris ten dele aldus oortuig is, kan die Kommissaris na goeëddunke die [addisionele belasting] boete of 'n gedeelte daarvan kwytsteld.”; en</p> <p>(d) deur subparagraaf (4) te skrap.</p>
		<p>Wysiging van paragraaf 20A van Vierde Bylae</p>
		<p>92. Paragraaf 20A van die Vierde Bylaag by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang: “[ADDISIONELE BELASTING] BOETE IN GEVAL VAN VERSUIM OM SKATTING VAN BELASBARE INKOMSTE BETYDS TE VERSTREK”;</p> <p>(b) deur subparagraaf (1) deur die volgende subparagraaf te vervang: “(1) Behoudens die bepalings van subparagraawe (2) en (3), waar 'n voorlopige belastingpligtige aanspreeklik is vir die betaling van normale belasting ten opsigte van 'n bedrag van belasbare inkomste wat daardie voorlopige belastingpligtige gedurende 'n jaar van aanslag verkry het en die skatting van sy of haar belasbare inkomste vir daardie jaar wat volgens voorskrif van paragraaf 19(1) gedurende die in paragraaf 2 (1)(b), 22(1) of 23(b) beoogde tydperk, na gelang van die geval, verstrek moes gewees het, nie op of voor die laaste dag van daardie jaar [of, waar die tydperk vir die</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>betaling van voorlopige belasting ten opsigte van bedoelde tydperk deur hom verskuldig, ingevolge paragraaf 25(2) tot 'n datum na die end van bedoelde jaar verleng is, op of voor dié datum, deur hom of haar verstrek is nie,] moet die belastingpligtige, tensy die Kommissaris bedoelde belasbare inkomste ingevolge paragraaf 19(2) geskat het of die bedrag daarvan ingevolge paragraaf 19(3) verhoog het, [by wyse van addisionele belasting] bo en behalwe die normale belasting wat ten opsigte van bedoelde belasbare inkomste hefbaar is, 'n [bedrag] boete aan die Kommissaris betaal gelyk aan 20 persent van die bedrag waarmee die normale belasting wat deur hom of haar betaalbaar is ten opsigte van bedoelde belasbare inkomste deur hom of haar betaal binne 'n tydperk wat vir die betaling van daardie voorlopige belasting ingevolge hierdie Deel toegelaat word [of binne 'n verlenging van daardie tydperk ingevolge paragraaf 25(2)] en enige bedrae aan werknemersbelasting wat deur sy of haar werkgewer gedurende bedoelde jaar van sy of haar besoldiging afgetrek of teruggehou is, te bowe gaan.”;</p> <p>(c) deur subparagraaf (2) deur die volgende subparagraaf te vervang:</p> <p>“(2) Die Kommissaris kan, indien hy <u>of sy</u> oortuig is dat die voorlopige belastingpligtige se versuim om so 'n skatting betyds te verstrek nie te wyte is aan 'n bedoeling om die betaling van voorlopige belasting of normale belasting te ontduik of uit te stel nie, die [addisionele belasting] boete by subparagraaf (1) opgelê geheel of ten dele kwytskeld.”; en</p> <p>(d) deur subparagraaf (3) te skrap.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Wysiging van paragraaf 23A van Vierde Bylae
		<p>93. Paragraaf 23A van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subparagraaf (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:</p> <p style="padding-left: 40px;">“(1) ’n Voorlopige belastingpligtige kan met die doel om enige rente te vermy of verminder wat ingevolge [artikel 89quat] Hoofstuk 12 van die <u>Wet op Belastingadministrasie</u>, ten opsigte van ’n jaar van aanslag deur hom betaalbaar mag word, kies om ’n addisionele betaling van voorlopige belasting ten opsigte van bedoelde jaar te maak.”; en</p> <p>(b) deur subparagraaf (2) te skrap.</p>
		Wysiging van paragraaf 25 van Vierde Bylae
		<p>94. Paragraaf 25 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subparagraaf (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:</p> <p style="padding-left: 40px;">“(1) Indien na die einde van ’n tydperk waarin volgens voorskrif van hierdie Bylae voorlopige belasting betaalbaar is die Kommissaris ingevolge die bepalings van sub-paragraaf (3) van paragraaf 19 die bedrag van ’n skatting van belasbare inkomste deur ’n voorlopige belastingpligtige gedurende bedoelde tydperk verstrek, verhoog het, word enige bykomende voorlopige belasting betaalbaar as gevolg van die verhoging deur die Kommissaris gemaak, ondanks die bepalings van paragrawe 21[, 22] en 23, binne die tydperk betaal wat die Kommissaris bepaal.”; en</p> <p>(b) deur subparagraaf (2) te skrap.</p>
		Wysiging van paragraaf 27 van Vierde Bylae
		<p>95. Paragraaf 27 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subparagraaf (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:</p> <p style="padding-left: 40px;">“(1) Indien ’n voorlopige belastingpligtige versuim om enige bedrag aan voorlopige belasting waarvoor hy of sy aanspreeklik is</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>te betaal binne die tydperk ingevolge paragraaf 21 of 23 of paragraaf 25(1) vir die betaling daarvan toegelaat, [of binne ’n langer tydperk wat die Kommissaris ingevolge paragraaf 25(2) mag toelaat, moet hy of sy, afgesien van enige ander boete of heffing wat hy of sy ingevolge hierdie Wet oploop, aan die Kommissaris ’n boete betaal] moet die Kommissaris, <u>kragtens Hoofstuk 15 van die Wet op Belastingadministrasie ’n boete gelyk aan tien persent van die bedrag wat nie betaal is nie, oplê.</u>”; en (b) deur subparagraaf (2) te skrap.</p>
		<p>Invoeging van paragraaf 28A in Vierde Bylae</p>
		<p>96. Die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur die volgende paragraaf na paragraaf 28 in te voeg:</p> <p>“28A. <u>Betalings by wyse van werknemersbelasting en voorlopige belasting moet, vir die doel van hierdie Wet en onderhewig aan die bepalings van paragraaf 28, geag word gemaak te wees ten opsigte van die belastingpligtige se aanspreeklikheid vir belasting ongeag of die aanspreeklik bepaal of vasgestel is op die datum van enige betaling.</u>”.</p>
		<p>Wysiging van paragraaf 30 van Vierde Bylae</p>
		<p>97. Paragraaf 30 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die woorde wat subparagraaf (a) in paragraaf (1) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“Iemand wat <u>opsetlik en sonder goeie rede—</u>”;</p> <p>(b) deur items (c), (d), (e) en (i) in subparagraaf (1) te skrap;</p> <p>(c) deur item (j) in subparagraaf (1) deur die volgende item te vervang:</p> <p>“(j) [versuim of nalaat om volgens voorskrif van subparagraaf (1) van paragraaf 15 by die Kommissaris aansoek te doen om as ’n werkgewer geregistreer te word of waar hy aldus</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>aansoek gedoen het,]as geregistreerde werkgewer ingevolge paragraaf 15(1), versuim of nalaat om die Kommissaris, soos deur paragraaf 15(3) vereis, [ooreenkomstig sub-paragraaf (3) van daardie paragraaf van enige verandering van sy adres of] van die feit dat hy opgehou het om 'n werkgewer te wees, in kennis te stel; en</p> <p>(d) deur item (k) in subparagraaf (1) te skrap.</p>
		<p>Herroeping van paragrawe 31 en 32 van Vierde Bylae</p>
		<p>98. Paragrawe 31 en 32 van die Vierde Bylae van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby herroep.</p>
		<p>Wysiging van paragraaf 11 van Sesde Bylae</p>
		<p>99. Paragraaf 11 van die Sesde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subparagraaf (3) te skrap;</p> <p>(b) deur subparagraaf (6) deur die volgende subparagraaf te vervang:</p> <p>“(6) Waar die raming beskryf in subparagraaf 4(a) minder is as 80 persent van die belasbare omset vir die jaar van aanslag, moet [addisionele belasting]’n boete gehef word gelyk aan 20 persent van die verskil tussen die belasting betaalbaar op 80 persent van die belasbare omset vir die jaar van aanslag en die belasting wat op daardie raming betaalbaar is.”; en</p> <p>(c) deur subparagraaf (8) deur die volgende subparagraaf te vervang:</p> <p>“(9) Waar die Kommissaris ’n aanslag ten opsigte van die betaling vereis ingevolge subparagraaf (4) uitgereik het, moet ’n boete nie ingevolge subparagraaf (4) opgelê word nie.”.</p>
		<p>Herroep van paragraaf 12 van Sesde Bylae</p>
		<p>100. Paragraaf 12 van die Sesde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby herroep.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Wysiging van paragraaf 14 van Sesde Bylaag
		<p>101. Paragraaf 14 van die Sesde Bylaag by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur die woorde wat subparagraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“14. [<u>n Geregistreeerde</u>] Ondanks die bepalings van Deel A van Hoofstuk 4 van die Wet op Belastingadministrasie, moet ’n geregistreeerde mikrobesigheid [<u>moet</u>]slegs rekord hou van—”.</p>
		Herroeping van paragraaf 15 van Sesde Bylae
		<p>102. Paragraaf 15 van die Sesde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby herroep.</p>
		Wysiging van paragraaf 12A van Sewende Bylae
		<p>103. Paragraaf 12A van die Sewende Bylae by die Inkomstebelastingwet 1962, word hierby gewysig deur subparagraaf (4) te skap.</p>
		Wysiging van paragraaf 17 van Sewende Bylae
		<p>104. Paragraaf 17 van die Sewende Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die voorbehoudsbepaling tot subparagraaf (4) te skrap; en</p> <p>(b) deur subparagraaf (5) te skrap.</p>
		Wysiging van paragraaf 18 van Sewende Bylae
		<p>105. Paragraaf 18 van die Sewende Bylae by die Inkomstebelastingwet 1962, word hierby gewysig deur subparagraaf (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:</p> <p>“(1) Elke werkgewer moet op die opgawe soos bedoel in paragraaf 14 van die Vierde Bylae verklaar dat alle belasbare voordele wat werknemers van daardie werkgewer geniet het gedurende die tydperk ten opsigte waarvan bedoelde opgawe verstrek is, op die werknemersbelastingstifikate wat aan bedoelde werknemers uitgereik is of op [<u>die</u>]enige ander opgawe [<u>wat verstrek moet word ingevolge artikel 69</u>]soos wat deur die Kommissaris vereis kan word, verklaar is.”.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Herroeping van paragraaf 19 van Sewende Bylae
		106. Paragraaf 19 van die Sewende Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby herroep.
Wet No. 89 van 1991	Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991	Wysiging van Wet 89 van 1991
		107. Die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur die uitdrukking ‘beampte’, waar gebruik in die konteks van ’n persoon wat deur die Kommissaris met die uitvoering van die bepalings van daardie Wet belas is, deur die uitdrukking ‘SAID-amptenaar’ te vervang.
		Wysiging van artikel 1
		<p>108. Artikel 1 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die omskrywing van “belastingtydperk” te skrap;</p> <p>(b) deur die omskrywing van “besigheidsgedag” te skrap;</p> <p>(c) deur die omskrywing van “BTW-registrasienuommer” deur die volgende omskrywing te vervang:</p> <p>“‘BTW-registrasienuommer’, met betrekking tot ’n ondernemer, die nommer wat deur die Kommissaris [vir die doeleindes van hierdie Wet]ingevolge artikel 24 van die Wet op Belastingadministrasie aan daardie ondernemer toegewys word;”;</p> <p>(d) deur die omskrywing van “Kommissaris” deur die volgende omskrywing te vervang:</p> <p>“‘Kommissaris’ die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ingevolge artikel 6 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 1997 (Wet No. 34 van 1997) aangestel, of die Waarnemende Kommissaris ingevolge artikel 7 van daardie Wet aangewys;”;</p> <p>(e) deur die omskrywing van “voorgeskrewe koers” deur die volgende omskrywing te vervang:</p> <p>“‘voorgeskrewe koers’ die koers in artikel 189(3) van die Wet op Belastingadministrasie, beoog;”;</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(f) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “werknemers-organisasie” in te voeg: “Wet op Belastingadministrasie’ die Wet op Belastingadministrasie, 2011;”;</p> <p>(g) deur artikel 1 tot artikel 1(1) te hernoem; en</p> <p>(h) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg: “(2) Tensy uit die konteks anders blyk, dra ’n woord of uitdrukking waaraan ’n betekenis ingevolge die Wet op Belastingadministrasie geheg is, sodanige betekenis vir doeleindes van hierdie Wet.”.</p>
		Wysiging van artikel 4
		<p>109. Die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur artikel 4 deur die volgende artikel te vervang:</p> <p>“[Wet word deur Kommissaris uitgevoer.]Administrasie van Wet</p> <p>4. (1) Die Kommissaris is verantwoordelik vir die uitvoering van die bepalings van hierdie Wet.</p> <p>(2) Administratiewe vereistes en prosedures vir doeleindes van die uitvoering van enige plig, mag of verpligting of die uitoefening van enige reg ingevolge hierdie Wet, word tot die mate nie ingevolge hierdie Wet gereguleer nie, deur die Wet op Belastingadministrasie gereguleer.”.</p>
		Wysiging van artikel 5
		<p>110. Artikel 5 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: “(1) Die bevoegdhede aan die Kommissaris verleen en die pligte hom opgelê deur of ingevolge die bepalings van hierdie Wet of ’n wysiging daarvan kan deur die Kommissaris [persoonlik] of deur ’n [beampte wat bedoelde bepalings onder die beheer, leiding of toesig van die Kommissaris uitvoer, uitgeoefen of] SAID-amptenaar verrig word.”; en</p> <p>(b) deur subartikel (2) te skrap.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Herroeping van artikel 6
		111. Artikel 6 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby herroep.
		Wysiging van artikel 13
		<p>112. Artikel 13 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur paragraaf (a) in subartikel (5) deur die volgende paragraaf te vervang:</p> <p>“(a) vir die invordering (op die wyse wat die Kommissaris mag bepaal) deur ’n SAID-amptenaar, of—</p> <p>[(i) ’n beampte wat sy pligte onder die beheer, leiding of toesig van die Kommissaris uitvoer; of</p> <p>(ii)] die Besturende Direkteur van die Suid-Afrikaanse Poskantoor Beperk ten behoeve van die Kommissaris[.] van die belasting betaalbaar ingevolge hierdie Wet ten opsigte van die invoer van goed in die Republiek; en”.</p>
		Wysiging van artikel 14
		<p>113. Artikel 14 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur paragraaf (a) in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:</p> <p>“(a) ’n [verklaring (in die vorm deur die Kommissaris voorgeskryf)] <u>opgawe</u> aan die Kommissaris verstrek [wat die inligting bevat wat benodig mag word]; en”.</p>
		Wysiging van artikel 15
		<p>114. Artikel 15 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(8) Indien, met betrekking tot besonderhede wat ingevolge subartikel (4) verstrek moet word[.]—</p> <p><u>(a)</u> die bedrag bedoel in subartikel (6)(b) die bedrag bedoel in subartikel 6(a) te bowe gaan; of</p> <p><u>(b)</u> die bedrag bedoel in subartikel (7)(b) die bedrag bedoel in subartikel (7)(a) te bowe gaan,</p> <p>is die oorskot deur die Kommissaris aan die ondernemer terugbetaalbaar ten opsigte van die oorgangstydperk soos bepaal in [artikel 44(1)]Hoofstuk 13 van die Wet op Belastingadministrasie, saamgelees met artikel 16(5).”.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p data-bbox="805 241 1252 277">Wysiging van artikel 16</p> <p data-bbox="805 277 1252 371">115. Artikel 16 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—</p> <p data-bbox="805 371 1252 465">(a) deur die voorbehoudsbepaling tot subartikel (2) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang: “Met dien verstande dat waar ’n belastingfaktuur of debietnota of kredietnota met betrekking tot bedoelde lewering ooreenkomstig hierdie Wet verstrekk is, of ’n klaringsbrief of ander dokument ooreenkomstig die Doeane- en Aksynswet gelewer is, na gelang van die geval, die Kommissaris kan bepaal dat geen aftrekking vir insetbelasting met betrekking tot daardie lewering of invoer gedoen word nie tensy die belastingfaktuur of debietnota of kredietnota of die klaringsbrief of ander dokument behou is ooreenkomstig die bepalings van artikel 55[3] en Deel A van Hoofstuk 4 van die Wet op Belastingadministrasie.”; en</p> <p data-bbox="805 1010 1252 1104">(b) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang: “(5) Indien, met betrekking tot ’n belastingtydperk van ’n ondernemer, die totaalbedrag van die bedrae wat ingevolge subartikel (3) van die in daardie subartikel bedoelde totaal aftrekbaar is, die bedrag (as daar is) wat aan die ondernemer ingevolge artikel 15(8) terugbetaalbaar is, [die bedrag (as daar is) wat volgens voorskrif van paragraaf (ii) van die voorbehoudsbepaling by artikel 44(1) oorgebring is van die belastingtydperk wat eersbedoelde belastingtydperk voorafgaan, en die bedrag (as daar is) wat ingevolge artikel 44(4) aan die ondernemer se rekening gedurende eersbedoelde tydperk gekrediteer is,] en enige ander bedrag ingevolge Hoofstuk 13 van die Wet op Belastingadministrasie terugbetaalbaar, meer is as bedoelde totaal, is die oorskot, behoudens die bepalings van hierdie Wet, deur die Kommissaris aan die ondernemer volgens voorskrif van [artikel 44(1)] Hoofstuk 13 van die Wet op Belastingadministrasie terugbetaalbaar.”.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p data-bbox="805 241 1082 271">Wysiging van artikel 17</p> <p data-bbox="805 280 1259 371">116. Artikel 17 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—</p> <p data-bbox="805 376 1259 499">(a) deur die woorde wat die voorbehoudsbepaling tot subartikel (1) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:</p> <p data-bbox="874 504 1259 1581">“Waar goed of dienste deur ’n ondermemer verkry of ingevoer word gedeeltelik vir verbruik, gebruik of lewering (hieronder die voorgenome gebruik genoem) in die loop van die doen van belasbare lewerings en gedeeltelik vir ’n ander voorgenome gebruik, is die mate waarin enige belasting wat betaalbaar geword het ten opsigte van die lewering aan die ondernemer of die invoer deur die ondernemer, na gelang van die geval, van bedoelde goed of dienste of ten opsigte van bedoelde goed ingevolge artikel 7(3) of enige bedrag vasgestel ooreenkomstig paragraaf (b) of (c) van die omskrywing van „insetbelasting” in artikel 1 insetbelasting is, ’n bedrag wat, tot die volle bedrag van bedoelde belasting of bedrag, na gelang van die geval, in dieselfde verhouding staan as die verhouding (vasgestel deur die Kommissaris ooreenkomstig ’n beslissing soos beoog in Hoofstuk 7 van die Wet op <u>Belastingadministrasie</u> of artikel [41A of] 41B) waarin die voorgenome gebruik van bedoelde goed of dienste in die loop van die doen van belasbare lewerings tot die totale voorgenome gebruik van bedoelde goed of dienste, staan”; en</p> <p data-bbox="805 1585 1259 1677">(b) deur paragraaf (iii) in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:</p> <p data-bbox="874 1682 1259 2020">“(iii) waar ’n metode vir die vasstelling van die verhouding in hierdie subartikel bedoel deur die Kommissaris goedgekeur is, mag daardie metode slegs met ingang van ’n toekomstige belastingtydperk verander word, of van die ander datum wat die Kommissaris billik ag, en daardie <u>ander datum moet val—</u></p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p><u>(aa) in die geval van 'n ondernemer wat 'n belastingpligtige soos omskryf in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet is, binne die jaar van aanslag in daardie Wet omskryf; of</u></p> <p><u>(bb) in die geval van 'n ondernemer wat nie 'n belastingpligtige soos omskryf in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet is nie, binne die tydperk van twaalf maande wat eindig op die laaste dag van Februarie, of waar daardie ondernemer jaarlikse finansiële state optrek met betrekking tot 'n jaar wat anders as op die laaste dag van Februarie eindig, binne daardie jaar,</u></p> <p><u>waartydens die aansoek vir die voormelde metode deur die ondernemer gemaak is.”.</u></p>
		<p>Wysiging van artikel 23</p>
		<p>117. Artikel 23 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(2) Elke persoon wat <u>nie 'n inwoner van die Republiek is nie, en wat ingevolge subartikel (1) of artikel 50A aanspreeklik word om geregistreer te wees</u>[, moet nie later nie as 21 dae nadat hy aldus aanspreeklik word by die Kommissaris aansoek doen om registrasie in die vorm wat die Kommissaris beveel en aan die Kommissaris die nadere besonderhede en enige dokumentasie verstrek wat die Kommissaris in daardie vorm vereis ten einde daardie persoon te registreer: Met dien verstande dat waar—</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(i) 'n persoon wat ingevolge hierdie subartikel om registrasie aansoek doen, nie alle besonderhede en dokumentasie verstrekket wat deur die Kommissaris vereis word nie, daardie persoon geag word nie om registrasie aansoek te doen het nie totdat hy alle sodanige besonderhede en dokumentasie aan die Kommissaris verstrekket het;</p> <p>(ii) bedoelde persoon nie 'n inwoner van die Republiek is nie, bedoelde persoon]word geag nie ooreenkomstig met Hoofstuk 3 van die Wet op Belastingadministrasie[, word geag nie] om registrasie aansoek te doen het nie totdat hy—</p> <p>[(aa)](a) 'n verteenwoordigende ondernemer soos beoog in artikel[48(1)]46 in die Republiek aangestel het en die Kommissaris van die besonderhede van bedoelde verteenwoordigende ondernemer voorsien het;</p> <p>[(bb)](b) 'n bankrekening by 'n bank, onderlinge bank of ander soortgelyke instelling, geregistreer ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990), geopen het vir die doeleindes van die onderneming deur hom in die Republiek bedryf en die besonderhede van bedoelde bankrekening aan die Kommissaris voorsien het.”;</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(b) deur in subartikel (3) die woorde wat volg op paragraaf (d) deur die volgende woorde te vervang: “by die Kommissaris aansoek doen[, in die vorm deur die Kommissaris bepaal,] om registrasie [ingevolge hierdie Wet, en die verdere besonderhede en enige dokumentasie verstrek wat die Kommissaris in daardie vorm vereis ten einde daardie persoon te registreer.”]; en</p> <p>(c) deur paragraawe (a) en (b) in subartikel (4) deur die volgende paragraawe te vervang: “(4) Waar ’n persoon—</p> <p>(a) aansoek om registrasie gedoen het ooreenkomstig <u>Hoofstuk 3 van die Wet op Belastingadministrasie</u> of subartikel (2) of (3) en die Kommissaris oortuig is dat daardie persoon kwalifiseer om ingevolge hierdie Wet geregistreer te wees, is daardie persoon by die toepassing van hierdie Wet ’n ondernemer met ingang van ’n datum deur die Kommissaris bepaal; of</p> <p>(b) nie ingevolge [subartikel (2)]<u>Hoofstuk 3 van die Wet op Belastingadministrasie</u> aansoek om registrasie gedoen het nie en die Kommissaris oortuig is dat daardie persoon aanspreeklik is om ingevolge hierdie Wet geregistreer te wees, is daardie persoon by die toepassing van hierdie Wet ’n ondernemer met ingang van die datum waarop daardie persoon vir die eerste maal aanspreeklik geword het om ingevolge hierdie Wet geregistreer te wees: Met dien verstande dat die Kommissaris, met inagneming van die omstandighede van die geval, kan bepaal dat daardie persoon ’n ondernemer is vanaf die latere datum wat die Kommissaris redelik ag”.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>Wysiging van artikel 25</p> <p>118. Artikel 25 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“[Behoudens die bepalings van hierdie Wet]Bykomend tot enige vereiste ingevolge die <u>Wet op Belastingadministrasie</u>, moet elke ondernemer binne 21 dae die Kommissaris [in die vorm wat die Kommissaris voorskryf,] skriftelik in kennis stel van—”;</p> <p>(b) deur paragraaf (a) deur die volgende subparagraaf te vervang:</p> <p>“(a) enige verandering van die [naam, adres,] konstitusie of aard van die hoofonderneming of -ondernemings van daardie ondernemer;”;</p> <p>(c) deur paragraaf (f) te skrap;</p> <p>(d) deur die volgende paragraaf na paragraaf (g) in te voeg:</p> <p>“(h) enige veranderinge in die <u>meerderheideienaarskap van enige maatskappy</u>”; en</p> <p>(e) deur die voorbehoudsbepaling te skrap.</p>
		<p>Wysiging van artikel 26</p> <p>119. Die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur artikel 26 deur die volgende artikel te vervang:</p> <p>“Aanspreeklikhede nie geraak waar persoon ophou om ondernemer te wees nie</p> <p>26. Die verpligtinge en aanspreeklikhede ingevolge hierdie Wet <u>of die Wet op Belastingadministrasie</u> van enige persoon ten opsigte van enigiets gedoen of die versuim om enigiets te doen deur daardie persoon terwyl hy ’n ondernemer is, word nie geraak nie deur die feit dat daardie persoon ophou om ’n ondernemer te wees of deur die feit dat, terwyl hy ’n ondernemer is, die Kommissaris daardie persoon se registrasie as ’n ondernemer kanselleer.”.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>Wysiging van artikel 27</p> <p>120. Artikel 27 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(6) Die belastingtydperke wat ingevolge hierdie Wet op ’n ondernemer van toepassing is, is die belastingtydperke wat van toepassing is op die Kategorie waarin die ondernemer val soos in hierdie artikel beoog: Met dien verstande dat—</p> <p>(i) die eerste bedoelde tydperk op die aanvangsdatum begin, of waar ’n persoon ’n ondernemer op ’n latere datum word, daardie latere datum;</p> <p>(ii) ’n belastingtydperk wat op die laaste dag van ’n maand eindig, soos van toepassing ten opsigte van die betrokke Kategorie, instelle dat dit op daardie laaste dag eindig, op ’n vasgestelde dag wat deur die Kommissaris goedgekeur is, welke dag binne 10 dae voor of na daardie laaste dag moet val, kan eindig: Met dien verstande dat die toekomstige belastingtydperk aldus deur die Kommissaris goedgekeur deur die ondernemer gebruik moet word vir ’n minimum tydperk van <u>12 maande</u> wat vanaf die belastingtydperk wat die verandering gemaak word, ’n aanvang neem;</p> <p>(iii) die eerste dag van enige belastingtydperk van ’n ondernemer wat volg op die ondernemer se eerste belastingtydperk die eerste dag na—</p> <p>(a) die laaste dag van die ondernemer se voorafgaande belastingtydperk is;</p> <p>(b) die vasgestelde dag soos deur die Kommissaris goedgekeur ingevolge paragraaf (ii).”.</p>
		<p>Wysiging van artikel 28</p> <p>121. Artikel 28 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur in subartikel (1) paragraaf (i) van die voorbehoudsbepaling te skrap;</p> <p>(b) deur in subartikel (1) paragraaf (iii) van die voorbehoudsbepaling deur die volgende paragraaf te vervang:</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>“(iii) ’n ondernemer wat by die Kommissaris geregistreer is om opgawes [en betalings] elektronies [(anders as by wyse van ’n debietorder)] te doen, [moet die opgawe verstrekk] word geag betaling te <u>gemaak het binne die tydperk in subartikel (1) beoog, indien die ondernemer [en] volle betaling van die belasting maak binne die tydperk wat eindig op die laaste besigheidsdag van die maand waarin genoemde vyf-en-twintigste dag val;</u>”;</p> <p>(c) deur in subartikel (1) paragrawe (iv) en (v) van die voorbehoudsbepaling te skap; en</p> <p>(d) deur subartikels (3), (4), (5), (6), (7), (8) en (9) te skrap.</p>
		Wysiging van artikel 29
		<p>122. Artikel 29 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur in paragraaf (a) die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“aan die Kommissaris ’n opgawe [(in die vorm wat die Kommissaris voorskryf)] verstrekk, waarin aangetoon word—”.</p>
		Herroeping van artikel 30
		<p>123. Artikel 30 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby herroep.</p>
		Wysiging van artikel 31
		<p>124. Artikel 31 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) [Waar] Die Kommissaris kan ’n aanslag maak vir die bedrag van die belasting betaalbaar, waar—</p> <p>[(a) ’n persoon versuim om enige opgawe te verstrekk soos deur artikel 28, 29 of 30 vereis of versuim om ’n verklaring te verstrekk soos deur artikel 14 vereis; of</p> <p>(b) die Kommissaris nie tevrede is nie met enige opgawe of verklaring wat ingevolge ’n in paragraaf (a) bedoelde artikel deur ’n persoon verstrekk moet word; of</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(c) die Kommissaris rede het om te glo dat 'n persoon vir die betaling van enige bedrag aan belasting aanspreeklik geword het, maar bedoelde bedrag nie betaal het nie; of]</p> <p>(d) 'n persoon wat nie 'n ondernemer is nie <u>wat</u> goed of dienste lewer en voorgee dat belasting op daardie lewering gehef word; of</p> <p>(e) 'n ondernemer <u>wat</u> goed of dienste lewer en daardie lewering nie 'n belasbare lewering is of daardie lewering 'n belasbare lewering is ten opsigte waarvan belasting teen 'n koers van nul persent gehef word, en in die een of die ander geval daardie ondernemer voorgee dat belasting op daardie lewering teen 'n koers hoër as nul persent gehef word;</p> <p>(f) enige persoon wat homself as 'n persoon voordoen wat geregtig is op 'n terugbetaling of wat 'n belastingfaktuur of dokument of debetnota produseer, uitreik, goedkeur, of van gebruik maak ten einde 'n onbehoorlike belastingvoordeel kragtens die bepaling van die uitvoeraanspingskema bedoel in paragraaf (d) van die omskrywing van "uitgevoer" in artikel 1 te verkry, waarop sodanige persoon nie geregtig is nie[kan die Kommissaris, ondanks die bepaling van artikel 32(5) van hierdie Wet en artikel 83(18) en 83A(12) van die Inkomstebelastingwet, 'n aanslag maak van die bedrag aan belasting betaalbaar deur die persoon wat aanspreeklik is vir die betaling van daardie bedrag aan belasting, en word die bedrag van belasting aldus aangeslaan deur die betrokke persoon aan die Kommissaris betaal.]";</p> <p>(b) deur paragraaf (a) in subartikel (2) te skrap;</p> <p>(c) deur subartikel (3) te skrap;</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(d) deur die woorde in subartikel (4) wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang: “(4) Die Kommissaris [moet die betrokke persoon skriftelike kennis van bedoelde aanslag gee, met vermelding van die bedrag waarop belasting betaalbaar is, die bedrag aan belasting betaalbaar, die bedrag van enige addisionele belasting wat betaalbaar is ingevolge artikel 60 en die belastingtydperk (as daar is) met betrekking waartoe die aanslag gemaak word, en-]moet ’n kennisgewing van aanslag uitreik.”; en</p> <p>(e) deur subartikels (5) en (5A) te skrap.</p>
		<p>Herroeping van artikel 31A en 31B</p>
		<p>125. Artikels 31A en 31B van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby herroep.</p>
		<p>Wysiging van artikel 32</p>
		<p>126. Artikel 32 van Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, is hierby gewysig by—</p> <p>(a) deur die opskrif met die volgende opskrif te vervang: “Besware teen sekere beslissings [of aanslae]”;</p> <p>(b) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: “(1) [Iemand wat ontevrede is met—]Die volgende beslissings van die Kommissaris is aan beswaar en appèl onderhewig:</p> <p>(a) enige skriftelike beslissing deur die Kommissaris—</p> <p>(i) ingevolge artikel 23 (7) waarin daardie persoon verwittig word van die Kommissaris se weiering om daardie persoon ingevolge hierdie Wet te registreer; [of]</p> <p>(ii) ingevolge artikel 24 (6) en (7) waarin daardie persoon verwittig word van die Kommissaris se besluit om ’n registrasie van daardie persoon ingevolge hierdie Wet te kanselleer of van die Kommissaris se weiering om bedoelde registrasie te kanselleer; of</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>[(iii) van die Kommissaris se weiering kragtens artikel 44 (8) om 'n terugbetaling te doen; of]</p> <p>(iv) van 'n weiering om 'n metode vir die vasstelling van die verhouding beoog in artikel 17 (1) goed te keur; of</p> <p>[(v) ingevolge artikel 43 (5) en (6) waarin 'n lid, aandeelhouer of trustee van 'n ondernemer verwittig word dat van hom vereis word om borg te staan met betrekking tot die ondernemer se belastingaanspreeklikheid van tyd tot tyd; of</p> <p>(vi) van 'n weiering om rente of boete ingevolge artikel 39 (7) in geheel of gedeeltelik kwyt te skeld; of</p> <p>(b) 'n aanslag wat vir hom ingevolge die bepaling van artikel 31 of 60 of 61 gedoen is; of]</p> <p>(c) enige [bevel of aanvullende bevel]beslissing deur die Kommissaris gegee en aan daardie persoon beteken ingevolge artikel 50A(3) of (4), kan 'n beswaar by die Kommissaris indien]."; en</p> <p>(c) deur subartikels (2), (2A), (3), (4) en (5) te skrap.</p>
		Herroeping van artikels 33 to 37
		<p>127. Artikels 33, 33A, 34, 35, 36 en 37 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby herroep.</p>
		Wysiging van artikel 39
		<p>128. Artikel 39 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991 word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die opskrif met die volgende opskrif te vervang:</p> <p>“Boete [en rente] weens versuim om belasting te betaal wanneer verskuldig”</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(b) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) [(a)] Indien ’n persoon wat vir die betaling van belasting aanspreeklik is en daardie betaling [volgens voorskrif van]ooreen- komstig die bepalings van artikel 14, 28(1) of 29 moet doen, versuim om enige bedrag van daardie belasting te betaal binne die tydperk wat ingevolge bedoelde [bepaling]bepalings vir die betaling van daardie belasting voorgeskryf word, moet [hy]die Kommissaris, [benewens bedoelde bedrag van belasting—</p> <p>(i) ’n boete betaal gelyk aan 10 persent van genoemde bedrag van belasting[; en</p> <p>(ii) waar betaling van bedoelde bedrag van belasting gedoen word op of na die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die tydperk wat vir betaling van die belasting toegelaat word, geëindig het, rente betaal op bedoelde bedrag van belasting, bereken teen die voorgeskrewe koers (maar behoudens die bepalings van artikel 45A) vir elke maand of gedeelte van ’n maand in die tydperk gereken vanaf daardie eerste dag.</p> <p>(b) Waar ’n bedrag van belasting met betrekking tot ’n belastingtydperk van ’n ondernemer ingevolge die bepalings van artikel 44(1), saamgelees met artikel 16(5), aan die ondernemer terugbetaal is of met betrekking tot daardie tydperk ingevolge die bepalings van artikel 44(6) verreken is teen onbetaalde belasting, en daardie bedrag as geheel of ten dele nie behoorlik ingevolge artikel 16(5) aan die ondernemer terugbetaalbaar was nie, word soveel van bedoelde bedrag as wat nie aldus behoorlik terugbetaalbaar was nie, geag by die toepassing van paragraaf (a)(i) ’n bedrag van belasting te wees wat die ondernemer binne bedoelde tydperk</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>moes betaal het, en by die toepassing van paragraaf (a)(ii), 'n bedrag van belasting te wees wat die ondernemer binne die tydperk waarin die terugbetaling gedoen is, moes betaal het].”;</p> <p>(c) deur subartikel (2) te skrap;</p> <p>(d) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(4) Waar enige invoerder van goed wat geklaar moet word onder die Doeane- en Aksynswet, nalaat om enige bedrag van belasting ten opsigte van die invoer van die goed te betaal op die datum waarop die goed geklaar word onder die bedoelde Wet vir binnelandse verbruik in die Republiek of die datum waarop doeane reg betaalbaar is ingevolge die bedoelde Wet ten opsigte van die invoer daarvan, indien so 'n reg nie betaalbaar is nie, die datum waarop dit betaalbaar moes gewees het indien dit betaalbaar was, welke datum ook al die laaste is, <u>moet die Kommissaris, ooreenkomstig Hoofstuk 15 van die Wet op Belastingadministrasie, [sal die invoerder, addisioneel tot so 'n bedrag van belasting betaal—</u></p> <p>(a) 'n boete gelyk aan 10 persent van die bedoelde bedrag van belasting <u>ten aansien van die invoerder oplê</u>]; en</p> <p>(b) waar betaling van bedoelde bedrag van belasting gedoen is op of na die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die tydperk toegelaat vir betaling van die belasting eindig, rente betaal op bedoelde bedrag van belasting, bereken teen die voorgeskrewe koers (maar behoudens die bepalinge van artikel 45A) vir elke maand of gedeelte van 'n maand in die tydperk gereken vanaf daardie eerste dag].”;</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(e) deur subartikl (5) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(5) Indien enige persoon wat vir die betaling van belasting aanspreeklik is, versuim om enige bedrag van daardie belasting te betaal op die datum waarop aanspreeklikheid ingevolge die Doeane- en Aksynswet ontstaan vir die betaling van die aksynsreg of omgewingsheffing in artikel 7(3)(a) bedoel, moet die <u>Kommissaris ooreenkomstig Hoofstuk 15 van die Wet op Belastingadministrasie, ten opsigte van daardie persoon</u>[, benewens bedoelde bedrag van belasting—</p> <p>(a)] ’n boete betaal gelyk aan 10 persent van bedoelde bedrag van belasting, <u>oplê</u>]; en</p> <p>(b) waar betaling van bedoelde bedrag van belasting gedoen word op of na die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die tydperk wat vir betaling van die belasting toegelaat word geëindig het, rente betaal op daardie bedrag van belasting, bereken teen die voorgeskrewe koers (maar behoudens die bepalinge van artikel 45A) vir elke maand of gedeelte van ’n maand in die tydperk gereken vanaf vermelde eerste dag.”;</p> <p>en</p> <p>(f) deur subartikels (6), (6A), (7) en (8) te skrap.</p>
		Herroeping van artikel 40
		129. Artikel 40 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby herroep.
		Herroeping van artikel 41A
		130. Artikel 41A van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, herroep.
		Wysiging van artikel 41B
		<p>131. Artikel 41B van die Wet op Belasting van Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) Die Kommissaris kan ’n BTW-klasbeslissing of ’n BTW-beslissing uitreik en by die toepassing van die</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>bepalings [wat verband hou met Deel IA van Hoofstuk III van die Inkomstebelastingwet,]van Hoofstuk 7 van die <u>Wet op Belastingadministrasie</u>, moet 'n BTW-klasbeslissing of 'n BTW-beslissing gehanteer word asof dit onderskeidelik 'n bindende klasbeslissing of 'n bindende privaat beslissing is: Met dien verstande dat—</p> <p>(i) die bepalinge van [subartikels (2)(k), (2)(l) en (5) van artikel 76E en artikel 76F van die Inkomstebelastingwet]artikel 79(4)(f) en (k) en (6) van die <u>Wet op Belastingadministrasie</u> nie van toepassing is op enige BTW-klasbeslissing of BTW-beslissing nie;</p> <p>(ii) 'n aansoek om 'n BTW-klasbeslissing of 'n BTW-beslissing ingevolge hierdie artikel nie deur die Kommissaris aanvaar sal word nie indien die aansoek—</p> <p>(aa) om 'n [vooruit] voorafbeslissing [belastingbeslissing] is wat kwalifiseer vir aanvaarding ingevolge [artikel 41A]Hoofstuk 7 van die <u>Wet op Belastingadministrasie</u>; en</p> <p>(bb) binne die kategorie van beslissings val wat deur die Minister by regulasie voorgeskryf word waarvoor aansoeke vir beslissings ingevolge hierdie artikel nie aan-vaar mag word nie.”.</p>
		Herroeping van artikels 42 en 43
		132. Artikels 42 en 43 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, herroep.
		Wysiging van artikel 44
		<p>133. Artikel 44 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikels (1) en (2) te skrap;</p> <p>(b) deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“(3) Die Kommissaris doen nie 'n terugbetaling ingevolge [subartikel (2)]Hoofstuk 13 van die <u>Wet op Belastingadministrasie</u> nie, tensy—”;</p> <p>(c) deur paragraawe (a) en (b) in subartikel (3) te skrap;</p> <p>(d) deur subartikels (4), (5) en (6) te skrap;</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(e) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(7) Waar ’n ondernemer versuim het om ’n opgawe vir ’n belastingtydperk te verstrek volgens die voorskrifte van hierdie Wet, kan die Kommissaris betaling van ’n bedrag wat ingevolge [subartikel (1)]artikel 190 van die <u>Wet op Belastingadministrasie</u> aan die ondernemer terugbetaalbaar is [of enige bedrag aan rente wat ingevolge artikel 45 aan die ondernemer terugbetaalbaar is], terughou totdat die ondernemer bedoelde opgawe verstrek het volgens bedoelde voorskrifte.”;</p> <p>(f) deur subartikel (8) te skrap; en</p> <p>(g) deur die volgende subartikel na subartikel (9) in te voeg:</p> <p>“(10) <u>Die bedrag ingevolge artikel 191(3) van die Wet op Belastingadministrasie vasgestel, moet ter boek gestel word soos in artikel 16(5) bepaal, maar enige terugbetaalbare bedrag (ongeach die quantum daarvan) is ten volle aan die ondernemer terugbetaalbaar ten opsigte van die ondernemer se finale belastingtydperk by die kansellasië van die ondernemer se registrasie as ondernemer.</u>”.</p>
		<p>Wysiging van artikel 45</p>
		<p>134. Die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur artikel 45 deur die volgende artikel te vervang:</p> <p>“Rente op vertraagde terugbetalings</p> <p>45. (1) Waar die Kommissaris nie binne die tydperk van 21 besigheidsdae na die datum waarop ’n ondernemer se opgawe ten opsigte van ’n belastingtydperk deur ’n kantoor van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, ontvang word, ’n terugbetaling maak nie van ’n bedrag wat ingevolge die Wet op Belastingadministrasie terugbetaalbaar is, word rente op dié bedrag betaal ingevolge Hoofstuk 12 van daardie Wet.</p> <p>(2) Ondanks die bepalinge van Hoofstuk 12 van die Wet op Belastingadministrasie, waar ’n persoon versuim om—</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p><u>(a) sonder grondige rede tersaaklik materiaal, deur SAID vir die doel van verifikasie, inspeksie of oudit van 'n terugbetaling ingevolge Hoofstuk 5 van die Wet op Belastingadministrasie, vereis; of</u></p> <p><u>(b) SAID skriftelik te voorsien van besonderhede van die rekening ingevolge artikel 44(3)(d) benodig, ten einde SAID in staat te stel om 'n oordrag van 'n terugbetaling na daardie rekening te maak,</u></p> <p><u>sal geen rente op die bedrag terugbetaalbaar ontvang word vir die tydperk van die datum wat—</u></p> <p><u>(i) ten opsigte van subparagraaf (a), die tersaaklik materiaal vereis was om ingedien te word; of</u></p> <p><u>(ii) ten opsigte van subparagraaf (b), die terugbetaling gemagtig word, tot en met die datum wat die persoon die tersaaklike materiaal of bankrekening besonderhede indien of verskaf.”.</u></p>
		Herroep van artikel 45A
		<p>135. Artikel 45A van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby herroep.</p>
		Wysiging van artikel 46
		<p>136. Artikel 46 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“Die natuurlike persoon wat [n inwoner van die]in die Republiek woonagtig is, is verantwoordelik vir die nakoming van die pligte deur hierdie Wet opgelê—”;</p> <p>(b) deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:</p> <p>“(a) op 'n maatskappy is die openbare amptenaar daarvan [beoog in artikel 101 van die Inkomstebelastingwet], of, in die geval van 'n maatskappy wat in likwidasie geplaas is, die likwidateur daarvan;” en</p> <p>(c) deur die voorbehoudsbepaling te skrap.</p>
		Herroeping van artikels 47, 48 en 49
		<p>137. Artikels 47, 48 en 49 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby herroep.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>Wysiging van artikel 50</p> <p>138. Artikel 50 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(6) Ondanks die voorgaande bepalings van hierdie artikel is ’n [opdrag]besluit of bepaling van die Kommissaris kragtens artikel 15 of 27 wat ten opsigte van ’n ondernemer bedoel in subartikel (1) van hierdie artikel gemaak is, by die toepassing van hierdie Wet gelykmatig van toepassing op elke afsonderlike onderneming, tak of afdeling van die ondernemer wat afsonderlik ingevolge hierdie artikel geregistreer is: Met dien verstande dat waar ’n [opdrag]besluit of bepaling deur die Kommissaris kragtens subartikel (2) van artikel 27 gegee of gemaak is wat van toepassing is ten opsigte van ’n bedoelde afsonderlike onderneming, tak of afdeling, hierdie subartikel nie uitgelê word asof dit die Kommissaris belet om ’n afsonderlike [opdrag]besluit of bepaling ingevolge subartikel (4) van genoemde artikel te gee of te maak nie in die omstandighede in daardie subartikel beoog ten opsigte van ’n ander afsonderlike onderneming, tak of afdeling van bedoelde ondernemer.”.</p>
		<p>Wysiging van artikel 50A</p> <p>139. Artikel 50A van die Wet op Belasting van Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) Ondanks die bepalings van artikel 23, indien ’n [bevel]besluit deur die Kommissaris kragtens hierdie artikel gegee word, word die persone in die [bevel]besluit genoem, geag ’n enkele persoon te wees wat die bedrywighede van ’n onderneming beoefen soos in die [bevel]besluit beskryf en is bedoelde persoon aanspreeklik om geregistreer te wees ingevolge artikel 23 met ingang van die datum van die [bevel]besluit of, indien die [bevel]besluit aldus bepaal, vanaf die datum daarin vermeld.”;</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(b) deur die woorde wat paragraaf (c) in subartikel (2) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang: “Die Kommissaris [gee]maak nie ’n [bevel]besluit waarin ’n persoon genoem word kragtens hierdie artikel nie, tensy hy oortuig is—”;</p> <p>(c) deur paragraaf (b) in subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang: “(b) dat die bedrywighede in die loop waarvan hy daardie belasbare lewerings doen of gedoen het slegs ’n deel uitmaak van sekere bedrywighede wat behoorlik as dié van die onderneming wat in die [bevel]besluit beskryf word, beskou moet word, terwyl die ander bedrywighede van daardie onderneming op daardie tydstip of voorheen deur een of meer ander persone bedryf word of is; en”;</p> <p>(d) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: “(3) ’n [Bevel]Besluit kragtens hierdie artikel [gegee]gemaak, word aan elkeen van die persone daarin genoem, beteken.”;</p> <p>(e) deur subartikels (5) en (6), onderskeidelik, deur die volgende subartikels te vervang: “(5) Indien, onmiddellik voordat ’n [bevel]besluit (met inbegrip van ’n aanvullende bevel) kragtens hierdie artikel, [gegee]gemaak word, ’n persoon wat in die [bevel]besluit genoem word, geregistreer word ten opsigte van die belasbare lewerings deur hom gedoen soos in subartikel (2) of (4) beoog, hou hy op om aanspreeklik te wees om aldus geregistreer te wees met ingang vanaf— (a) die datum met ingang waarvan die betrokke enkele persoon aanspreeklik geword het om geregistreer te wees; of (b) die datum van die [bevel]besluit, watter datum ook al die laatste is.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(6) Met betrekking tot 'n onderneming vermeld in 'n [bevel]besluit (met inbegrip van 'n aanvullende [bevel]besluit) kragtens hierdie artikel, word in subartikels (7) en (8) na die persone wat in die [bevel]besluit genoem word, wat gesamentlik geag word die aanspreeklike persoon te wees, verwys as die lede.”;</p> <p>(f) deur die woorde wat paragraaf (a) in subartikel (7) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang: “By die toepassing van hierdie Wet, waar 'n [bevel]besluit kragtens hierdie artikel [gegee]gemaak is—”; en</p> <p>(g) deur paragraaf (a) in subartikel (7) deur die volgende paragraaf te vervang: “(a) is die persoon wat die onderneming bedryf wat in die [bevel]besluit vermeld word, registreerbaar in die naam wat die lede gesamentlik kan nomineer by die nakoming van die bepalings van artikel 23(2);”.</p>
		<p>Wysiging van artikel 55</p>
		<p>140. Artikel 55 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die woorde wat paragraaf (a) in subartikel (1) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang: “[Elke ondernemer moet die rekeningboeke (welke rekeningboeke, waar deur middel van 'n rekenaar gegenereer, in die vorm van 'n rekenaardrukstuk, gehou moet word) of ander aantekeninge hou wat hom in staat stel om die vereistes van hierdie Wet na te kom en die Kommissaris in staat stel om homself te oortuig dat die ondernemer genoemde vereistes nagekom het, en]Bykomend tot die rekords ingevolge Deel A van Hoofstuk 4 van die Wet op Belastingadministrasie vereis, <u>moet</u> elke ondernemer [moet], in die besonder, die volgende aantekeninge en stukke hou, naamlik— ”; en</p> <p>(b) deur subartikels (2), (3) en (4) te skrap.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Herroeping van artikels 57 tot 57D
		141. Artikels 57, 57A, 57B, 57C en 57D van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby herroep.
		Wysiging van artikel 58
		<p>142. Artikel 58 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang: “Iemand wat <u>opsetlik en sonder goeie rede</u>—”;</p> <p>(b) deur paragrawe (a), (b) en (c) te skrap;</p> <p>(c) deur paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang: “(d) versuim om die bepalings van artikel 14, [of artikel]28(1) of (2)[, artikel]of 29 [of artikel 30], na te kom; of”;</p> <p>(d) deur paragrawe (f) tot (i) te skrap;</p> <p>(e) deur subparagrawe (ii) en (iii) in paragrawe (j) deur die volgende paragrawe te vervang: “(ii) [wetens en sonder wettige verskoning (waarvan die bewyslas op hom rus)] belasting insluit in of byvoeg by die prys of bedrag gevorder van die ontvanger met betrekking tot bedoelde lewering, waar in werklikheid geen belasting ingevolge hierdie Wet betaalbaar is nie; of (iii) [wetens en sonder wettige verskoning (waarvan die bewyslas op hom rus)] belasting insluit in of byvoeg by die prys of bedrag gevorder van die ontvanger met betrekking tot bedoelde lewering wat die belasting wat kragtens hierdie Wet ten opsigte van die waarde van bedoelde lewering behoorlik hefbaar is, oorskry; of”;</p> <p>(f) deur paragraaf (k) deur die volgende paragraaf te vervang: “(k) [wetens en sonder wettige verskoning (waarvan die bewyslas op hom rus)] versuim om aan die bepalings van paragraaf (i) van die voorbehoudsbepaling by artikel 20(1) of paragraaf (A) van die voorbehoudsbepaling by artikel 21(3) te voldoen; of”;</p> <p>(g) deur paragrawe (l), (n), (o), (p) en (q) te skrap.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Herroeping van artikel 59 en 60
		143. Artikels 59 en 60 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby herroep.
		Wysiging van artikel 61
		<p>144. Artikel 61 van die Wet op Belasting van Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) Waar ten opsigte van ’n lewering deur ’n ondernemer gemaak, die ondernemer, as gevolg van bedrieglike optrede of ’n wanvoorstelling deur die ontvanger van die lewering, verkeerdelik ’n koers van nul persent toegepas het of sodanige lewering as vrygestel van belasting behandel het, kan die Kommissaris, ondanks enige andersluidende bepaling van hierdie Wet, ’n aanslag op die ontvanger maak vir die bedrag aan belasting wat betaalbaar is, tesame met enige <u>rente en boete [of rente wat ingevolge artikel 39] wat ingevolge Hoofstuk 12, 15 of 16 van die Wet op Belastingadministrasie</u> ten opsigte van so ’n bedrag betaalbaar geword het[, en, by die maak van so ’n aanslag, kan die Kommissaris die bedrag waarop die belasting betaalbaar is, beraam].”; en</p> <p>(b) deur subartikel (2) te skrap.</p>
		Herroep van artikels 62, 63, 70 en 71
		145. Die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur artikels 62, 63, 70 en 71 te herroep.
		Wysiging van artikel 72
		<p>146. Die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur artikel 72 deur die volgende artikel te vervang:</p> <p>“Reëlings en [opdragte]besluite om probleme, anomalieë of ongerymdhede te bowe te kom</p> <p>72. Indien die Kommissaris in enige geval oortuig is dat as gevolg van die wyse waarop ’n ondernemer of klas ondernemers sy, <u>haar</u> of hulle besigheid, bedryf of beroep beoefen,</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>probleme, anomalieë of ongerymdhede ontstaan het of mag ontstaan met betrekking tot die toepassing van enige van die bepalings van hierdie Wet, kan die Kommissaris 'n reëling tref of [opdrag gee]besluit maak oor—</p> <p>(a) die wyse waarop bedoelde bepalings toegepas moet word; of</p> <p>(b) die berekening of betaling van belasting of die toepassing van 'n koers van nul persent of 'n vrystelling van belasting waarvoor in hierdie Wet voorsiening gemaak word,</p> <p>in die geval van bedoelde ondernemer of klas ondernemers of 'n persoon wat met daardie ondernemer of klas ondernemers sake doen wat na verwagting bedoelde probleme, anomalieë of ongerymdhede sal oorkom: Met dien verstande dat bedoelde [opdrag]besluit of reëlings nie die uitwerking mag hê dat die uiteindelijke aanspreeklikheid vir belasting gehef ingevolge hierdie Wet wesentlik verminder of verhoog word nie.”.</p>
Wet No. 34 van 1997	Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 1997	Wysiging van artikel 1
		<p>147. Artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 1997, word hierby gewysig deur die omskrywing van “belastinginkomste” deur die volgende omskrywing te vervang:</p> <p>“ ‘belastinginkomste’ inkomste verkry uit belastings, regte, heffings, fooie[, tariewe, addisionele belasting] en enige ander gelde ingevolge wetgewing gehef, en ook boetes en rente in verband met sodanige gelde;”.</p>
Wet No. 9 van 1999	Die “soMthetho weZibizontela wokuThuthukisa aMakhono”, 1999	Wysiging van artikel 1
		<p>148. Artikel 1 van die “soMthetho weZibizontela wokuThuthukisa aMakhono”, 1999, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die omskrywing van “Khomishinali” deur die volgende omskrywing te vervang:</p> <p>“ ‘uKhomishinali’ kusho uKhomishinali weNkonzo yeMali yaseNingizimu Afrika, <u>omiswe ngokwesigaba 6 soMthetho weNkonzo</u></p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>yeMali yaseNingizimu Afrika, 1997 (uMthetho No. 34 we- 1997), kwebamba likaKhomishinali oju-tshwe ngokwesigaba 7 solowo Mthetho;”;</p> <p>(b) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “uMthetho weZibizontela wokuThuthukisa aMakhono” in te voeg: <u>“ ‘uMthetho Wobuphathiswa Bentela’, kuchaza uMthetho Wobuphathiswa Bentela, 2011;”</u>;</p> <p>(c) deur artikel 1 na artikel 1(1) te her-nommer; en</p> <p>(d) deur die volgende artikel na sub-artikel (1) in te voeg: <u>“(2) Ngaphandle uma ingqikithi ikhomba okunye, igama noma ukusho okuye kwanikezwa inca-zelo kuMthetho Wobuphathiswa Bentela, kuzohlala kunaleyo nca-zelo ngokwezinhloso zalo Mthe-tho.”</u>.</p>
		Wysiging van artikel 2
		<p>149. Artikel 2 van die “soMthetho weZibizontela wokuThuthukisa aMakhono”, 1999, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: <u>“(2) uKhomishinali makaphathe izihlinzeko zoMthetho njengokuba ziphatelene nokuqoqwa kwentela ekhokhwa kuye uKhomishinali ngokwalo Mthetho, ngokuhambi-sana nezihlinzeko zoMthetho Wobuphathiswa Bentela.”</u>; en</p> <p>(b) deur die volgende subartikel na sub-artikel (2) in te voeg: <u>“(2A) Izimfuno nezinqubo zobuphathiswa ngokwenziwa kwanoma imuphi umsebenzi kumbe ukusetshenziswa kwanoma iliphi ilungelo ngaphansi kwalo Mthetho, uma lo Mthetho ungakuhlinzeke-langa lokho, zilawulwa uMthetho Wobuphathiswa Bentela.”</u>.</p>
		Wysiging van artikel 6
		<p>150. Artikel 6 van die “soMthetho weZibizontela wokuThuthukisa aMakhono”, 1999, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: <u>“(1) Kuye ngesigaba 7, wonke umqashi kufanele, zingakapheli izinsuku ezisikhombisa, kume leso sikhathi eside ngangokunqunye uKhomishinali, emveni kokuphela</u></p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>kwaleyo naleyo nyanga okudingeka ukuba kukhokhwe isibizontela ngayo, makakhokhe isibizontela kuKhomishinali [ngendlela futhi] ngesikhathi esinqunywe yilo Mthetho.”; en</p> <p>(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(2) Umqashi kufanele[, zingakapheli izinsuku eziyisikhombisa, noma isikhathi eside ngangokunquma kukaKhomishinali, emva kokuphela kwaleyo naleyo nyanga okukhokhwa ngayo isibizontela, akhokhe isibizontela kuKhomishinali futhi] kanye nenkokhelo [enjalalo] yesibizontela ngokwesigatshana (1), alethe [isititimende]iritheni[—</p> <p>(a) ngendlela uKhomishinali azoyifuna ngaso; futhi</p> <p>(b) siveze isamba sesibizontela esikweletwa yilowo mqashi sibe siqukethe neminye iminingwane engase ifunwe uKhomishinali].”.</p>
		Herroeping van artikel 7A
		<p>151. Artikel 7A van “soMthetho weZibizontela wokuThuthukisa aMakhono”, 1999, word hierby herroep.</p>
		Wysiging van artikel 11
		<p>152. Artikel 11 van die “soMthetho weZibizontela wokuThuthukisa aMakhono”, 1999 word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) Uma umqashi ehluleka ukukhokha isibizontela noma isiphi isigamu sayo ngosuku lokucina lokukhokha sona, njengoba kucatshangwe kusigaba 6(2) no 7(4), inzuzo iyakhokhwa esambeni esingakhokhiwe [ngesilinganiso esicatshangwe kundima (b) yencazelo, yesilinganiso esinqunyiwe kusigaba 1 soMthetho weNtela wemali eNgenayo, sibalwe kusukela kulolo suku lokucina lokukhokha kuya osukwini mhla kwakukelwa inkokhelo ngalo uKhomishinali, iSETA noma umgwamanda ovunyelwe, kuye ngesimo] ngokuhamisana nezihlinzeko zeSahluko 12 soMthetho Wobuphathiswa Bentela.”; en</p> <p>(b) deur subartikel (2) te skrap.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Wysiging van artikel 12
		<p>153. Artikel 12 van die “soMthetho weZibizontela wokuThuthukisa aMakhono”, 1999, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) Ngokwesigatshana (2), uma kusala isibizontela singakhokhwanga emva kosuku lokugcina olubekelwe inkokhelo njegokucatsangelwe kusigaba 6(2) noma 7(4), <u>uKhomishinali kufanele, ngaphansi kweSahluko 15 soMthetho Wobuphathiswa Bentela, afake, inhlawulo yamaphesenti ali-10 kusamba esingakhokhiwe [kufanele ikhokhwe ngaphezu kwezalo eshiwo kusigaba 11].</u>”;</p> <p>(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(2) uKhomishinali kumbe isiphathimandla esiphethe i- SETA noma uhlaka oluginyaziwe, noma ikuphi kwalokhu[, kube kubhekkelwe ngokufanele izimo zodaba,] angakhokha inhlawulo noma ingxenye yayo ebekwe isigatshana (1) <u>ngokuhambisana nezihlinzeko zeSahluko 15 soMthetho Wobuphathiswa Bentela.</u>”;</p> <p>(c) deur subartikels (3), (4) en (5) te skrap.</p>
		Herroeping van artikel 13
		<p>154. Artikel 13 van die “soMthetho weZibizontela wokuThuthukisa aMakhono”, 1999, word hierby herroep.</p>
		Wysiging van artikel 15
		<p>155. Artikel 15 van die “soMthetho weZibizontela wokuThuthukisa aMakhono”, 1999, word hierby gewysig deur die volgende artikel na subartikel (2) in te voeg:</p> <p>“(3) uMhloli unalawo mandla afana <u>nesiphathimandla esiphakeme sakwa-SARS, isiphathimandla sakwa-SARS noma u-SARS ngaphansi kweSahluko 5 soMthetho Wobuphathiswa Bentela.</u>”.</p>
		Herroeping van artikels 16, 17, 20, 20A en 21
		<p>156. Artikels 16, 17, 20, 20A en 21 van die “soMthetho weZibizontela wokuThuthukisa aMakhono”, 1999, word hierby herroep.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
Wet No. 4 van 2002	Die “Mulayowa Zwibviswa zwaNdinda khomboya u ShayaMushumo”, 2002	Wysiging van artikel 1
		<p>157. Artikel 1 van die “Mulayo wa Zwibviswa zwa Ndindakhombo ya u Shaya Mushumo”, 2002 word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die omskrywing van “Khomishinari” deur die volgende omskrywing te vervang:</p> <p>“‘Khomishinari’ zwi amba Khomishinari wa Tshumelo ya Mbueloy a Afrika Tshipembe o tholwa u ya nga khethekanyo 6 ya <u>Mulayo wa Tshumelo ya Mbuelo ya Afrika Tshipembe, 1997 (Mulayo wa. 34 wa 1997), kana Khomishinari Pfareli o tholwaho u yanga khethekanyo 7 ya wonoyo mulayo;</u>”;</p> <p>(b) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “mushumi wa khalanwaha” in te voeg:</p> <p>“‘Mulayo wa Ndaulo ya Muthelo’ zwi amba <u>Mulayo wa Ndaulo ya Muthelo, 2011;</u>”;</p> <p>(c) deur artikel 1 tot artikel 1(1) te hernoem; en</p> <p>(d) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:</p> <p>“(2) <u>Nga nndani ha musi zwo sumbedziswa nga inwe ndila, ipfi kana zwine ja buliswa zwone he thalutshedzo ya neshedzwa kha Mulayo wa Ndaulo ya Muthelo, lihwala thalutshedzo yenyeno hu tshiitelwa uyu Mulayo.</u>”.</p>
		Wysiging van artikel 3
		<p>158. Artikel 3 van die “Mulayo wa Zwibviswa zwa Ndindakhombo ya u Shaya Mushumo”, 2002, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) <u>Mulayo uyu u fanela u langulwa nga Khomishinari, u yanga mbetshelwa ya Mulayo wa Ndaulo ya Muthelo.</u>”;</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(b) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:</p> <p>“(1A) <u>Thodea dza Ndaulo na matshimbidzele hu tshi itelwa mashumele a mushumo muñwe na muñwe, maanḁa kana pfanelo kana u shumiswa ha pfanelo inwe na inwe u yanga uyu Mulayo, u sa langulwanga uyu Mulayo, u langulwa nga Mulayo wa Ndaulo ya Muthelo.</u>”; en</p> <p>(c) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(2) U ḁadzisa kha khethekanyo 9 ya Mulayo wa Ndaulo ya Muthelo, na u ya nga khethekanyo 10 ya uyo Mulayo, Khomishinari a nga ḁekedza maanḁa mañwe na mañwe kana a ḁea mushumo muñwe na muñwe wa u kuvhanganya—</p> <p>(a) zwibviswa zwi badelwa kha Khomishinari wa Ndindakhombo ya u Shaya mushumo hu tshi tevhelwa khethekanyo 9; na</p> <p>(b) mafhungo mañwe na mañwe a ḁetshedzwa hongā vhatholi hu tshi tevhelwa Mulayo uyu, kha Khomishinari wa Ndindakhombo ya u Shaya Mushumo.”.</p>
		<p>Wysiging van artikel 8</p>
		<p>159. Artikel 8 van die “Mulayo wa Zwibviswa zwa Ndindakhombo ya u Shaya Mushumo”, 2002, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(2) Mutholi u fanela uri a ise muvhigo khathihi na mbadelo sa zwezwa [buliwa] livhiswa kha khethekanyo<thuku(1), [<b="">kha fomo iyi yo tiwaho nga Khomishinari] muthelo une wa na u sumbedza tshedele ya mbadelo na dziñwe thodea sa zwe zwa laedzwa nga[‘regulesheni’] dza Minisiṁa”; en</thuku(1),></p> <p>(b) deur subartikel (3) te skrap.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>Wysiging van artikel 9A</p> <p>160. Artikel 9A van die “Mulayo wa Zwibviswa zwa Ndindakhombo ya u Shaya Mushumo”, 2002, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“9A. (1) Hune mutholi ane a tea u badela mutengo wa lweṭolweṭo lwa mutholwa na lweṭolweṭo lwoṭhe lwa mutholi u ya nga mutholwa muṅwe na muṅwe kha mushumo wa mutholi kha [Khomishinari u ya nga khethekanyo 8 kana kha] Khomishinari wa Ndindakhombo ya u Shaya Mushumo u ya nga khethekanyo 9—</p> <p>(a) o kundelwa u ṅetshedza tshitamennde sa zwine zwa ṭodea u yanga [khethekanyo 8(2) kana khethekanyo 9(2)];</p> <p>(b) o ḡadza fomo sa zwine zwaṭodea u ya nga [khethekanyo 8(2A) kana khethekanyo 9(2A)]9(2) fhedzi Khomishinari ha ngo fushea nga zwibviswa;</p> <p>(c) o kundelwa u ṭusa kana u fara lweṭolweṭo lwa mutholwa; kana</p> <p>(d) o kundelwa u badela lweṭolweṭo luṅwe na luṅwe lune lwa ṭuswa kanau farwa,</p> <p>Mutholi onoyo ha ngo vhoḥhololwa kha zwikolodo zwawe u yanga uṅetshe-dzwa ha uyu Mulayo, [Khomishinari kana] Khomishinari wa Ndindakhombo ya u Shaya Mushumo, [u yanga ṅḡila ine zwa vḥisa ṅgayo], a nga ita u anganyela hune ha pḡadza ha mutengo wa lweṭolweṭo lune lwa tea u badelwa u yanga khethekanyo 6 na u bvisela mutholi ṅḡivhadzo ya asesimennde ya mutengo u sa athu u badelwa.”.</p>
		<p>Wysiging van artikel 10</p> <p>161. Artikel 10 van die “Mulayo wa Zwibviswa zwa Ndindakhombo ya u Shaya Mushumo”, 2002, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) Mutholi ane Mulayo uyu wa shuma khaye u fanela u ḡinwalisa kha Khomishinari, u yanga <u>Ndima ya 3 ya Mulayo wa Ndaulo ya Muthelo</u>, kana Khomishinari wa Ndindakhombo ya u Shaya, [u ya nga hune nzulele ya zwithu ya vha</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>zwone zwi tshi ya nga ndila niwe na inwe ine ya shuma kha mutholi uyo hu tshi tevhelwa khethekanyo 8 kana 9,]nga ndila na nga tshifhinga tsho tiwaho nga[Khomishinari kana]Ndindakhombo ya u Shaya Mushumo[, nga u tevhekana].”; en (b) deur subartikel (2) te skrap.</p>
		Herroeping van artikel 12
		<p>162. Artikel 12 van die “Mulayo wa Zwibviswa zwa Ndindakhombo ya u Shaya Mushumo”, 2002, word hierby herroep.</p>
		Wysiging van artikel 13
		<p>163. Artikel 13 van die “Mulayo wa Zwibviswa zwa Ndindakhombo ya u Shaya Mushumo”, 2002, word hierby gewysig— (a) deur subartikel (1) deur die volgende artikel te vervang: “(1) Arali zwibviswa zwine zwa sala zwi songo badelwa nga murahu ha duvha la u fhedza la u badela sa zwe zwa lavhelelwa kha khethekanyo 8(1) kana 9(1), <u>Khomishinari u fanela, nga fhasi ha Ndima ya 15 ya Mulayo wa Ndaulo ya Muthelo, u ta ndatiso ya fumitshadana (10%) ya tshelede i songo badelwaho</u>[i badelwa u inga ndha ha nzwalelo yo lavhelelwaho kha khethekanyo 12,] Fhedzi Khomishinari wa Ndindakhombo ya u Shaya Mushumo, sa zwine zwa nga vha ngaho [a nga ri musi o sedza zwiitisi na nyimele ya zwithu], a humisa ndatiso kana tshipida tsha ndatiso i yo u ya nga mbetshelwa <u>ya Ndima ya 15 ya Mulayo wa Ndaulo ya Muthelo.</u>”; en (b) deur subartikels (2), (3) en (4) te skrap.</p>
		Herroeping van artikel 14
		<p>164. Artikel 14 van die “Mulayo wa Zwibviswa zwa Ndindakhombo ya u Shaya Mushumo”, 2002, word hierby herroep.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Wysiging van artikel 15
		<p>165. Artikel 15 van die “Mulayo wa Zwibviswa zwa Ndindakhombo ya u Shaya Mushumo”, 2002, word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:</p> <p>“(2) <u>Tshipikitere tshi na maanda ane a fana na a muofisiri muhulwane wa SARS. Muofisiri wa SARS kana SARS nga fhasi ha Ndima ya 5 ya Mulayo wa Ndaulo ya Muthelo.</u>”.</p>
		Herroeping van artikel 17
		<p>166. Artikel 17 van die “Mulayo wa Zwibviswa zwa Ndindakhombo ya u Shaya Mushumo”, 2002, word hierby herroep.</p>
Wet No. 14 van 2007	Die “Molao wa Lekgethwana la Thomkelontle (Tsamaiso) ya Taemane wa”, 2007	Wysiging van artikel 1
		<p>167. Artikel 1 van die “Molao wa Lekgethwana la Thomkelontle (Tsamaiso) ya Taemane wa”, 2007, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die omskrywing van “Mokomisenara” deur die volgende omskrywing te vervang:</p> <p>“‘Mokomisenara’e kaya Mokomisenara wa Tirelo ya Letseno la Aforika Borwa; <u>yo o thapilweng go ya ka karalo 6 ya Molao wa Ditirelo tsa Letseno la Aforika Borwa, 1997 (Molao wa No. 34 wa 1997), kgotsa Mokomisenara wa Namaotshwere yo o tlhopilweng go ya ka karolo 7 ya Molao oo;</u>”;</p> <p>(b) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “Motho yo a kwadisitsweng” in te voeg:</p> <p>“‘Molao wa Tsamaiso ya Lekgetho’ e kaya Molao wa Tsamaiso ya Lekgetho, 2011.”;</p> <p>(c) deur artikel 1 tot artikel 1(1) te hernoem; en</p> <p>(d) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:</p> <p>“(2) <u>Ntle ga go re bokao bo supe se sengwe, lefoko lengwe le lengwe kgotsa tlhagiso le le filweng thaloso mo Molaong wa Tsamaiso ya Lekgetho, le rwala bokao boo mo mabakeng a Molao o.</u>”.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Wysiging van artikel 7
		<p>168. Artikel 7 van die “Molao wa Lekgethwana la Thomkelontle (Tsamaiso) ya Taemane wa”, 2007 word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die woorde wat paragraaf (a) in subartikel (1) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“(1)[<u>Mongwe le mongwe</u>]Go tlaletsa direkoto tse di tlhokegang ka fa tlase ga Molao wa Tsamaiso ya Lekgetho, motho mogwe le mongwe yo o kwadisitsweng o tshwanetse go tshola[<u>direkoto tse di tlhokegang go ela tlhoko ditlhokego tsa Molao ono le Molao wa Lekgethwana, go akaretswa</u>]direkoto tse di latelang—”; en</p> <p>(b) deur subartikels (2) en (3) te skrap.</p>
		Herroeping van artikels 10 tot 15
		<p>169. Artikels 10, 11, 12, 13, 14 en 15 van die “Molao wa Lekgethwana la Thomkelontle (Tsamaiso) ya Taemane wa”, 2007 word hierby herroep.</p>
		Wysiging van artikel 16
		<p>170. Artikel 16 van die “Molao wa Lekgethwana la Thomkelontle (Tsamaiso) ya Taemane wa, 2007”, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) Mokomisenara o tla rwala maikarabelo a tsamaiso ya Molao o le Molao wa Lekgethwana <u>go ya ka ditlamelo tsa Molao wa Tsamaiso ya Lekgetho mmogo le ka thuso ya Molaodi jaaka go ilhalosiwa mo karolwaneng ya (2).</u>”;</p> <p>(b) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:</p> <p>“(1A) <u>Ditlhokego tsa botsamaisi le ditiragalo tsa go diragatsa tiro epe, maatla kgotsa kgapeletso kgotsa go tsenngwa tirisong ga tshiamelo epe go ya ka Molao o, mo gongwe ga di laolwe mo Molaong ono, fela di laolwa ke Molao wa Tsamaiso ya Lekgetho.</u>”;</p> <p>(c) deur subartikel (3) te skrap.</p>
		Herroeping van artikel 17
		<p>171. Artikel 17 van die “Molao wa Lekgethwana la Thomkelontle (Tsamaiso) ya Taemane wa”, 2007 word hierby herroep.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
Wet No. 26 van 2007	Wet op die Administrasie van Belasting op Oordrag van Sekuriteite, 2007	Wysiging van artikel 1
		<p>172. Artikel 1 van die Wet op die Administrasie van Belasting op Oordrag van Sekuriteite, 2007, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p style="padding-left: 40px;">“(1) Die Kommissaris moet hierdie Wet en die Wet op Belasting op Oordrag van Sekuriteite, 2007, ooreenkomstig die bepalinge van die <u>Wet op Belastingadministrasie, 2011, administreer.</u>”;</p> <p>(b) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:</p> <p style="padding-left: 40px;">“(1A) Administratiewe vereistes en prosedures vir doeleindes van <u>die uitvoering van enige plig, mag of verpligting of die uitoefening van enige reg ingevolge hierdie Wet, is tot die mate nie ingevolge hierdie Wet gereguleer nie, gereguleer deur die Wet op Belastingadministrasie.</u>”;</p> <p>(c) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p style="padding-left: 40px;">“(2) Tensy die [samehang] konteks anders aandui, het ’n woord of uitdrukking waaraan ’n betekenis in die <u>Wet op Belastingadministrasie, 2011, toegeskryf is, en</u> het ’n woord of uitdrukking waaraan ’n betekenis toegeskryf is in die Wet op Belasting op Oordrag van Sekuriteite, 2007, die betekenis aldus daaraan toegeskryf by die toepassing van hierdie Wet.”; en</p> <p>(d) deur subartikel (3) te skrap.</p>
		Wysiging van artikel 3
		<p>173. Artikel 3 van die Wet op die Administrasie van Belasting op Oordrag van Sekuriteite, 2007, word hierby gewysig deur subartikel (4) te skrap.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		Wysiging van artikel 4
		<p>174. Artikel 4 van die Wet op die Administrasie van Belasting op Oordrag van Sekuriteite, 2007, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p style="padding-left: 40px;">“(1) Die Kommissaris moet die bedrag van enige oorbetaling van belasting of van enige rente of boete wat na behore ten opsigte van die oordrag van ’n sekuriteit hefbaar is, terugbetaal [indien aansoek om die terugbetaling binne twee jaar na die datum van daardie oorbetaling gedoen word]ooreenkomstig artikels 190 en 191 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011.”; en</p> <p>(b) deur subartikels (2) en (4) te herroep.</p>
		Herroeping van artikels 5, 6 en 7
		<p>175. Artikels 5, 6 en 7 van die Wet op die Administrasie van Belasting op Oordrag van Sekuriteite, 2007, word hierby herroep.</p>
		Wysiging van artikel 8
		<p>176. Artikel 8 van die Wet op die Administrasie van Belasting op Oordrag van Sekuriteite, 2007, word hierby gewysig deur artikel 8 deur die volgende artikel te vervang:</p> <p>“8. Rente op agterstallige betalings en boete by versuim verhaalbaar van persoon aan wie sekuriteit oorgedra word</p> <p>(1) In die geval van ’n genoteerde sekuriteit, kan ’n lid of deelnemer die bedrag [van die] rente [bedoel in artikel 5, boete by versuim bedoel in artikel 6 of die]of boete [in die geval van ontduiking bedoel in artikel 7] wat deur daardie lid of deelnemer [ingevolge hierdie Wet]ingevolge die Wet op Belastingadministrasie betaalbaar is, verhaal van die persoon—</p> <p>(a) aan wie ’n genoteerde sekuriteit oorgedra word; of</p> <p>(b) wat ’n genoteerde sekuriteit kanselleer of aflos,</p> <p>in die mate dat die doen of nalate van daardie persoon die rente of boete tot gevolg gehad het.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(2) In die geval van 'n ongenoteerde sekuriteit, kan die maatskappy wat daardie sekuriteit uitgereik het die bedrag [van die] rente [bedoel in artikel 5, boete by versuim bedoel in artikel 6 of die] of boete [in die geval van ontduiking bedoel in artikel 7] wat deur daardie maatskappy [ingevolge hierdie Wet] ingevolge die Wet op Belastingadministrasie betaalbaar is, verhaal van die persoon aan wie daardie sekuriteit oorgedra is, in die mate dat die doen of nalate van daardie persoon die rente of boete tot gevolg gehad het.”.</p>
		<p>Herroeping van artikels 9, 10, 11, 12, 14, 15, 16, 17, 18 en 19</p>
		<p>177. Artikels 9, 10, 11, 12, 14, 15, 16, 17, 18 en 19 van die Wet op die Administrasie van Belasting op Oordrag van Sekuriteite, 2007, word hierby herroep.</p>
		<p>Wysiging van artikel 20</p>
		<p>178. Die Wet op die Administrasie van Belasting op Oordrag van Sekuriteite, 2007, word hierby gewysig deur subartikel 20 deur die volgende artikel te vervang:</p> <p>“20. Oortredings [en boetes].— [Enige] Bykomend tot die oortredings in artikel 235 en 236 van die Wet op Belastingadministrasie bevat, enige persoon wat[—</p> <ul style="list-style-type: none"> (a) versuim of nalaat om 'n verklaring of dokument te verskaf, in te dien of voor te lê soos en wanneer by of kragtens hierdie Wet vereis; (b) sonder om goeie redes aan te toon, weier of nalaat om enige inligting, dokument of ding bedoel in artikel 12 te verskaf; (c) nalaat om enige wesentlike feit in die verklaring bedoel in artikel 2 of 3 te openbaar; (d) 'n persoon by die uitvoering van sy of haar werksaamhede kragtens of ingevolge hierdie Wet dwarsboom of belemmer; (e) 'n valse sertifikaat of verklaring voorlê of verstrek; of

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		(f) 'n ongenoteerde sekuriteit verkry en versuim om die maatskappy binne die tydperk in artikel 2 bedoel van die oordrag in kennis te stel, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens [12 maande]twee jaar.”.
		Herroeping van artikel 21
		179. Artikel 21 van die Wet op die Administrasie van Belasting op Oordrag van Sekuriteite, 2007, word hierby herroep.
Wet No. 36 van 2007	Tweede Wysigingswet op Inkomstewette, 2007	Herroeping van artikels 33 en 36
		180. Artikels 33 en 36 van die Tweede Wysigingswet op Inkomstewette, 2007, word hierby herroep.
Wet No. 4 van 2008	Tweede Wysigingswet op Belastingwette, 2008	Herroeping van artikels 16 en 18
		181. Artikels 16 en 18 van die Tweede Wysigingswet op Belastingwette, 2008, word hierby herroep.
		Wysiging van artikel 23
		182. Artikel 23 van die Tweede Wysigingswet op Belastingwette, 2008, word hierby gewysig deur subartikel (1) te skrap.
Wet No. 29 van 2008	Die “Molao wa Royalithi (Tshepedišo) ya Methopo ya Diminerale le Petroliamo”, 2008	Wysiging van artikel 1
		183. Artikel 1 van die “Molao wa Royalithi (Tshepedišo) ya Methopo ya Diminerale le Petroliamo”, 2008, hierby gewysig— (a) deur die omskrywing van “Mokomišenare” deur die volgende omskrywing te vervang: “ ‘Mokomišenare’ e ra Mokomišenare wa Tirelo ya Metšhelo ya Afrika Borwa <u>ye e thwetšwego go ya ka karolo 6 ya Molao wa Tirelo ya Metšhelo ya Afrika Borwa, 1997 (Molao 34 wa 1997), goba Mokomešinaremotšwaoswere yo a kgethilwego go ya ka karolo 7 ya Molao woo;</u> ”;

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(b) deur die omskrywing van “kgopolo ya poraefete yeo e sa tlamego” te skrap;</p> <p>(c) deur die omskrywing van “tsebišo ya tekolo“ deur die volgende omskrywing te vervang: “tsebišo ya tekolo’ e ra tsebiso ya tekolo [ye e boletšwego ka yona go karolo 9]bjalo ka ge e hlalošwa ka go karolo 96 ya Molao wa Taolo ya Motšhelo, 2011;”;</p> <p>(d) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “Molao wa Royalithi” in te voeg: “‘Molao wa Taolo ya Motšhelo’ e ra Molao wa Taolo ya Motšhelo, 2011;”;</p> <p>(e) deur artikel 1 na artikel 1(1) te hernommer; en</p> <p>(f) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg: “(2) Ge fela maemo a laetša ka tsela ye nngwe, lentšu goba mmolelo oo tlhalošo e filwego ka go Molao wa Taolo ya Motšhelo, o ba le tlhalošo yeo mabapi le Molao wo.”.</p>
		Wysiging van artikel 4
		<p>184. Artikel 4 van die “Molao wa Royalithi (Tshepedišo) ya Methopo ya Diminerale le Petroliamo”, 2008, deur paragraaf (a) in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: “(b) wo o leng gore o tee goba go feta wa maloko [a lekgotla leo e se go la koperasi] a na le tokelo ya go lekola diminerale nageng, phemiti ya go b among wa moepo, tokelo ya go utolla diminerale, tokelo ya go rafa diminerale moepong, phemiti ya go rafa diminerale moepong goba tokelo ya tšweletšo tše di filwego go latela Molao wa Tlhabollo ya Methopo ya Diminerale le Petroliamo (goba go hiriša goba go hirišetša ba bangwe ba ka fasana mo go boletšwego ka gona karolong ya 11 ya [Molao wa Tlhabollo ya methopo ya Diminerale le Petroliamo]Molao woo wa mabapi le tokelo yeo);”.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>Wysiging van artikel 5</p> <p>185. Artikel 5 van die “Molao wa Royalithi (Tshepedišo) ya Methopo ya Diminerale le Petroliamo”, 2008, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) motho yo a ngwadišitšwego o swanetše go[—</p> <p>(a) romela kakanyo ya tšhelete ya royalithi yeo e swanetšego go lefša ya mabapi le ngwaga wa tekolo [ge e le gore motho yoo o ngwadišitšwe] mo [ka fase ga] dikgwedi tše tšhelela [pele ga la mafelele]morago ga letšatši la <u>mathomo</u> la ngwaga woo[;] le</p> <p>(b) o swanetše go lefela tšhelete [ya go lekana le—</p> <p>(i) seripa se tee sa tšhelete ya royalithi ye e akantšwego; goba</p> <p>(ii) ge palo ya dikgwedi mo ngwageng woo e le ka fase ga 12, tšhelete ye e swanetšego go lefša e lekana le tšhelete ye e akantšwego karolo ya go swana le palo ya dikgwedi tše di fetilego mo ngwageng woo e lekana le palomoka ya dikgwedi ka ngwaga woo,]</p> <p>(gammogo le pampiri [ye bjalo]ya tefo [ka ge Mokomišenara a ka laela bjalo])tšhelete ye e lekanago <u>le seripa se tee ya royalithi ye e akantšwego.</u>”; en</p> <p>(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(2) Motho yo a ngwadišitšwego o swanetše go romela kakanyo ya tšhelete ya royalithi yeo e swanetšego go lefša ya mabapi le ngwaga wa tekolo pele letšatši la mafelelo la ngwaga woo le dikela gomme o swanetše go romela tefo (gammogo le pampiri ya tefo [yeo][ka ge Mokomišenara a ka laela bjalo]) tšhelete yeo e lekanago le tšhelete ya</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		royalithi yeo e akantšwego gomme e le ka fase ga tšhelete yeo e lefilwego yeo go boletšwego ka yona karolwaneng ya (1).”.
		Herroeping van artikel 7
		186. Die “Molao wa Royalithi (Tshepedišo) ya Methopo ya Diminerale le Petroliamo”, 2008, word hierby deur artikel 7 te herroep.
		Wysiging van artikel 8
		<p>187. Artikel 8 van die “Molao wa Royalithi (Tshepedišo) ya Methopo ya Diminerale le Petroliamo”, 2008, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur die woorde in subartikel (1) wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“(1) [A] Ka tlaletšo go dipego tše di nyakegago ka fase ga Molao wa Taolo ya Motšhelo, motho yo a ngwadišitšwego o swanetše go boloka [dipego tšeo bjalo ka ge di le maleba go phethagatša dinyakwa tša Molao wo le Molao wa Royalithi, go akaretšwa—]dipego tše di latelago:”; en</p> <p>(b) deur subartikel (2) te skrap.</p>
		Wysiging van artikel 9
		188. Artikel 9 van die “Molao wa Royalithi (Tshepedišo) ya Methopo ya Diminerale le Petroliamo”, 2008, word hierby gewysig deur subartikels (1), (2), (3) en (5) te skrap.
		Herroeping van artikels 10, 11, 12, 13 en 16
		189. Artikels 10, 11, 12, 13 en 16 van die “Molao wa Royalithi (Tshepedišo) ya Methopo ya Diminerale le Petroliamo”, 2008, word hierby herroep.
		Wysiging van artikel 17
		<p>190. Artikel 17 van die “Molao wa Royalithi (Tshepedišo) ya Methopo ya Diminerale le Petroliamo”, 2008, word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) Mokomišenare o na le maikarabelo a go phethagatša Molao wo le Molao wa Royalithi, ka tšhepelelano le ditaolelo tša Molao wa Taolo ya Motšhelo.”; en</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
		<p>(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(2) <u>Dinyakwa tša taolo le ditshepedišo mabapi le phethagatšo ya mošomo ofe goba ofe, maatla goba maikarabelo goba tirišo ya tokelo efe goba efe go ya ka Molao wo, gannyane ga di a bewa molaong ka go Molao wo, di laolwa ke Molao wa Taolo ya Motšhelo.</u>”.</p>
		Herroeping van artikel 18
		<p>191. Artikel 18 van die “Molao wa Royalithi (Tshepedišo) ya Methopo ya Diminerale le Petroliamo”, 2008, word hierby herroep.</p>
		Wysiging van artikel 18A
		<p>192. Artikel 18A van die “Molao wa Royalithi (Tshepedišo) ya Methopo ya Diminerale le Petroliamo”, 2008 word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) [Mo] Mabapi le Molao wo, Mokomišenare a ka ntšha <u>fela kgopolo ya poraefete yeo e sa tlamego go ya ka Kgaolo 7 ya Molao wa Taolo ya Motšhelo</u>[go motho mabapi le go šomana le motšhelo ya sete ya dintlha tše di rilego le mabaka goba kgwebišano ye itšego]<u>go ya ka Kgaolo 7 ya Molao wa Taolo ya Motšhelo.</u>”;</p> <p>en</p> <p>(b) deur subartikels (2) en (3) te skrap.</p>
Wet No. 61 van 2008	Tweede Wysigingswet op Inkomstewette, 2008	Herroeping van artikels 3, 13 en 14
		<p>193. Artikels 3, 13 en 14 van die Tweede Wysigingwet op Inkomstewette, 2008, word hierby herroep.</p>
		Wysiging van artikel 16
		<p>194. Artikel 16 van die Tweede Wysigingwet op Inkomstewette, 2008, word hierby gewysig deur paragraaf (b) in subartikel (1) te skrap.</p>
		Herroeping van artikel 20
		<p>195. Artikel 20 van die Tweede Wysigingswet op Inkomstewette, 2008, word hierby herroep.</p>

No. en jaar	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
Wet No. 18 van 2009	Tweede Wysigingswet op Belastingwette, 2009	Herroeping van artikels 12, 13, 14, 33, 34 en 38
		196. Artikels 12, 13, 14, 33, 34 en 38 van die Tweede Wysigingswet op Belastingwette, 2009, word hierby herroep.